# KOMMERSIËLE

## POLIS



Fair and fast
No call centres
Access to decision makers
Proven track record
Expert advice

Korttermynversekeraars, langtermyn vennote.

Reg Nr: 2000/027673/06
'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer [FSP Nr: 2092]

SAFIRE INSURANCE

SINCE 87



# Simbiose is in ons bloed

Ons Safire handelsmerk en reklameveldtog volg deurlopend die tema van simbiotiese verhoudings, met 'vennote' uit die diereryk wat **WEDERSYDS VOORDELIGE INTERAKSIE** het, as fokus. Hierdie wen-wen vennootskappe verteenwoordig ons slagspreuk van "Korttermynversekeraars, langtermyn vennote" en ons **ONWRIKBARE TOEWYDING** aan omgewingsbewustheid en -sensitiwiteit.




SAFIRE INSURANCE

SINCE 87

# BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE

## Safire

Safire Insurance Company Limited [FDV Nommer: 2092]

| Kontakbesonderhede | | Posadres |
|---|---|---|
| Telefoon | (033) 264 8500 | Posbus 11475 |
| Faks | (033) 264 8501 | Dorpspruit |
| Epos | admin@safirensurance.com | 3206 |
| Webtuiste | www.safireinsurance.com | |

## Ombudsman vir Kort-termynversekering (OSTI)

Indien jy 'n klagte rakende 'n produk of diens of 'n eis mag hê, kan jy jou klagte na die Ombudsman vir Kort-termynversekering verwys:

| Kontakbesonderhede | |
|---|---|
| Telefoon | (011) 726 8900 |
| Faks | (011) 726 5501 |
| Epos | info@osti.co.za |
| Webtuiste | www.osti.co.za |
| Sharecall | 0860 726 890 |

## FAIS Ombudsman

Indien jy 'n klagte rakende advies of behandeling vanaf 'n makelaar mag hê, kan jy jou klagte na die FAIS Ombudsman verwys:

| Kontakbesonderhede | |
|---|---|
| Telefoon | (012) 762 5000 |
| Faks | (012) 348 3447 |
| Epos | info@faisombud.co.za |
| Webtuiste | www.faisombud.co.za |

## SASRIA

SASRIA SOC Ltd

Maatskappy registrasienommer: 1979/000287/06

| Kontakbesonderhede | | Posadres |
|---|---|---|
| Telefoon | (011) 214 0800 | Posbus 653367 |
| Faks | (011) 447 8630 | Benmore |
| Epos | contactus@sasria.co.za | 2010 |
| Webtuiste | www.sasria.co.za | |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# INHOUDSOPGAWE


Belangrike kontakbesonderhede 2
ALGEMEEN 4

HUISHOUDELIKE AFDELINGS (nie-motor)
D01: HUISEIENAARS 16
D02: HUISBEWONERS 24
D03: PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S 32
D04: PERSOONLIKE ONGEVALLE (dekking is beskikbaar onder C17 GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE) 37
D05: ELEKTRONIESE TOERUSTING(dekking is beskikbaar onder C13 ELEKTRONIESE TOERUSTING) 37
D06: WATERVAARTUIG 38

KOMMERSIËLE AFDELINGS
C01: BRAND 46
C02: GEBOUE OMVATTEND 58
C03: KANTOORINHOUD 68
C04: SAKE-ONDERBREKING 75
C05: REKENINGE ONTVANGBAAR 84
C06: DIEFSTAL 87
C07: GELD 90
C08: GLAS 96
C09: EERLIKHEIDSWAARBORG 99
C10: GOEDERE IN TRANSITO 104
C11: SAKE ALLE RISIKO'S 108
C12: TOEVALLIGE SKADE 112
C13: ELEKTRONIESE TOERUSTING 117
C14: MASJINERIE ONKLAARRAKING 125
C15: MASJINERIE ONKLAARRAKING (VERLIES AAN WINS) 128
C16: AANGEGEWE VOORDELE 135
C17: GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE 138
C18: AANLEG ALLE RISIKO'S (toekomstige afdeling) 141

AANSPREEKLIKHEIDS-AFDELINGS
LD01: PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID 143
LC01: GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID (KOMMERSIEEL) 146

MOTOR AFDELING
MC01: MOTOR (KOMMERSIEEL) 156

AANHANGSEL A: BYBETALINGS 169
AANHANGSEL B: PERKE 176
AANHANGSEL C: ONGESKIKTHEIDSTABEL 185
AANHANGSEL D: VERSEKERINGSTERME 186




Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# ALGEMEEN

# 1.

## INLEIDING

‘n Kort inleiding tot hierdie polis.

| | |
|---|---|
| **Hierdie polis** | **1. Hierdie polis**<br>Hierdie polis, tesame met die skedule, die aansoek vir versekering / voorstellingsvorm en verklaring (waarvan alles skriftelik uitgereik is) vorm die ooreenkoms van versekering tussen die versekeraar Safire Insurance Company Limited (ons) en die versekerde (jy / jou).<br><br>Hierdie polis en die skedule moet dus as een ooreenkoms gelees word en woorde en uitdrukkings waaraan bepaalde betekenisse in enige deel van die polis toegeken mag word, sal daardie betekenisse dra soos toegeken in elke sodanige afdeling van hierdie polis.<br><br>Ons stem toe om versekeringsdekking aan jou te verleen in terme van hierdie polis gedurende enige versekeringstydperk, of enige daaropvolgende tydperk waarvoor ons onderneem om hierdie versekering te hernieu, en waarvoor ‘n premie betaal is.<br><br>Ons stem toe om jou te vergoed vir enige verlies wat jy gelei het deur jou óf te betaal óf op ons diskresie deur herstel of herinstelling óf deur vergoeding te betaal vir die gebeurtenisse waarvoor in die afdelings van die polis voorsiening gemaak is, maar nie meer as die versekerde waarde, limiet van aanspreeklikheid, vergoedingsbedrag of enige ander bedrag gespesifiseer nie. |
| **Weergawe en effektiewe datum** | **2. Polis weergawe en effektiewe datum**<br>A) Polis weergawe: Safire Kommersiële polis bewoording 2020-03.<br>B) Effektiewe datum: 1 Maart 2020.<br>C) Hierdie polisbewoording vervang ‘Safire Kommersiële polis 2019-07’ en sluit die volgende endossement in:<br>a) Endossement DS2001 eff 2020-03. |

# 2.

## SASRIA

Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko’s Assosiasie (SASRIA)

| | |
|---|---|
| **Wat is SASRIA?** | SASRIA SOC Ltd (Maatskappy registrasienommer: 1979/000287/06)<br><br>Indien in die skedule gemeld, sal dekking soos verskaf deur SASRIA in jou polis ingesluit word.<br><br>SASRIA verskaf dekking vir versekerde gebeurtenisse wat in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) voorkom en dek jou vir verlies of skade, insluitende kwaadwillige skade, wat veroorsaak is deur enige persoon of groep wat deelneem aan ‘n oproer, staking, uitsluiting, burgerlike optrede of enige ander daad met ‘n politieke, sosiale of ekonomiese doel of oorsaak, of in protes teen enige staat of regering.<br><br>Dekking geld ten opsigte van die volgende afdelings in hierdie polisbewoording:<br>Brand, Geboue omvattend, Kantoorinhoud;<br>Sake-onderbreking (Vaste onkoste);<br>Geld, Glas, Goedere in transito, Sake alle risiko’s, Elektroniese toerusting;<br>Motor.<br><br>Indien jy nie SASRIA dekking verlang nie, rus die onus op jou om aan te vra dat die dekking gekanselleer word en dienooreenkomstig in die skedule genoteer word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# 3.

# OPENBAARMAKING VAN INLIGTING

Magtiging om inligting te openbaar.

| | |
|---|---|
| **Openbaarmaking van inligting** | **1. Openbaarmaking van inligting**<br>A) Die openbaarmaking en deel van eise- en onderskrywingsinligting (insluitend inligting rakende krediet / kredietwaardigheid) deur versekeraars is noodsaaklik omdat dit ons in staat stel om polisse korrek te onderskryf, risiko's regverdig te evalueer en te bepaal, asook om versekeringsbedrog / bedrieglike eise te bekamp.<br>B) Ons verstaan dat jou reg op privaadieid in ag geneem moet word, maar bring dit onder jou aandag dat dié reg onder sekere omstandighede beperk mag word. Dit sluit omstandighede in waar die partye 'n regsgeldige belang het in daardie inligting. Ingevolge Suid-Afrikaanse reg, mag ons inligting bekend maak of ontvang as ons van plan is om dit te gebruik om bedrog te bekamp en risiko's regverdig te onderskryf. |
| **In terme van hierdie polis** | **2. In terme van hierdie polis**<br>A) Erken jy dat die openbaarmaking en deel van inligting vir onderskrywings- en eisedoeleindes in die openbare belang is, omrede dit versekeraars in staat stel om polisse en risiko's regverdig te onderskryf, asook om versekeringsbedrog / bedrieglike eise te bekamp. Dít help om premies so laag as moontlik te hou.<br>B) Doen jy afstand van jou reg op privaadieid van enige eise- en onderskrywingsinligting van 'n versekeringspolis of eis wat deur jou, of namens jou, ingestel word.<br>C) Gee jy toestemming dat:<br>a) hierdie tipe inligting gebruik mag word soos hierbo uiteengesit is;<br>b) hierdie tipe inligting aan enige versekeraar of sy agent gegee mag word; en<br>c) onderskrywingsinligting teen erkende regsbronne of databasisse bevestig word en dat hierdie inligting met hulle gedeel mag word. |

# 4.

# ALGEMENE BEPALINGS EN VOORWAARDES

Algemene bepalings en voorwaardes wat van toepassing is op elke afdeling van die polis.

| | |
|---|---|
| **Voorkoming van verlies of skade** | **1. Voorkoming / vermindering van verlies of skade**<br>A) Jy moet, te alle tye, redelike sorg aan die dag lê, sowel as die nodige en tydige stappe neem om verlies, skade, besering, siekte of aanspreeklikheid te voorkom of te verminder.<br>B) Hierdie verpligting sluit in, maar is nie daartoe beperk nie, dat jy moet voldoen aan enige wetgewing en regulasies wat op die risiko's onder hierdie polis van toepassing is of beïnvloed, ongeag of hierdie wette van krag is ten tyde van die uitreiking van hierdie polis of eers daarna van krag word. Indien jy versuim om aan enige sodanige wetgewing of regulasies te voldoen, sal ons geregtig daarop wees om enige eis af te keur, indien sodanige versuim 'n materiële effek op die eis het.<br>C) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eis of verlies of skade wat voortspruit uit enige doelbewuste, bewuste of opsetlike verontagsaming deur jou of jou werknemers van die noodsaaklikheid om alle redelike stappe te neem om 'n eis te voorkom nie.<br>D) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eis of verlies of skade wat ontstaan uit omstandighede waar daar growwe nalatigheid aan jou kant is nie. |
| **Premie aanpassing** | **2. Premie aanpassing**<br>Indien die premie rakende enige afdeling op geskatte waardes bereken is, sal jy ons, na die verstryking van elke 12 (twaalf) opeenvolgende maande vanaf die aanvangs of hernuwingsdatum, met sodanige besonderhede en inligting voorsien wat ons mag benodig ten einde die premie vir sodanige periode te herbereken. Enige verskil sal deur of aan jou betaal word, wat die geval ook mag wees. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Nie-nakoming van voorwaardes** | |

## 3. Nie-nakoming van voorwaardes

Die voorwaardes van hierdie polis en onderliggende afdelings sal apart tot elke versekerde risiko van toepassing wees, en nie gemeenskaplik nie, sodat enige nie-nakoming slegs daardie afdeling nietig sal maak waarop die nie-nakoming van toepassing is.

**Kansellasie & voortgesette dekking**

## 4. Kansellasie & voortgesette dekking

A) Kansellasie:

Hierdie polis, of enige afdeling hiervan, mag gekanselleer word:

a) deur jou onmiddellike skriftelike kennisgewing;

b) deur ons by wyse van 'n skriftelike kansellasiekennisgewing van 31 (een-en-dertig) dae. Die skriftelike kennisgewing sal aan jou gestuur word per geregistreerde pos of epos, welke na jou laaste bekende adres gestuur sal word.

Indien jy kanselleer sal ons geregtig wees om die gebruiklike *pro rata* of minimum premie (wat ookal van toepassing mag wees) te behou vir die periode waarvoor die polis of afdeling van krag was.

Indien ons kanselleer sal jy geregtig wees om die *pro rata* gedeelte van die premie vir die oorblywende versekeringstydperk terug te eis, onderhewig aan Algemene voorwaarde 2.

B) Voortgesette dekking:

a) Premie is op of voor die aanvangs- of hernuwingsdatum, soos die geval mag wees, betaalbaar Ons is nie verplig om premie te aanvaar wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum vir betaling aangebied word nie, maar kan op ons eie diskresie sodanige betaling aanvaar teen bepalings en voorwaardes soos deur ons bepaal.

b) Waar premie per debietorder betaalbaar is: Die premie is vooruit betaalbaar en indien dit nie teen die betaaldatum deur ons ontvang word nie, sal dit geag word dat hierdie versekering gekanselleer is vanaf middernag op die laaste dag wat die betaaldatum voorafgaan, tensy jy kan bewys dat jou bank of ander betaalagent versuim het om die premie teen die betaaldatum aan ons te betaal.

c) Waar die premie maandeliks betaalbaar is, sal die betaaldatum die eerste dag van elke kalendermaand wees, tensy anders deur ons ooreengekom. Indien enige premie later as die eerste dag van die kalendermaand betaalbaar is, soos deur ons goedgekeur, sal sodanige latere betaling van toepassing wees op die betrokke kalendermaand.

*(Voorbeeld: Jou premie is op die 1ste van elke maand betaalbaar, maar ons het ingestem om jou debietorder op die 10de van elke maand te vorder. Die debietorder wat op 10 Januarie gevorder is, sal dus van toepassing wees op die dekking verskaf vir die periode 1 tot 31 Januarie.)*

d) Waar die premie kwartaalliks of jaarliks betaalbaar is, is die betaaldatum die eerste dag van elke 3de (derde) of die eerste dag van elke 12de (twaalfde) kalendermaand onderskeidelik.

C) Rente:

a) Sonder benadeling van ons reg om hierdie polis te kanselleer of enige ander regte wat ons mag hê, sal ons geregtig wees om rente te hef op enige premie wat nie op die betaaldatum betaal is nie.

b) Sodanige rente sal gehef word teen die koers soos gepubliseer in die 'Prescribed Rate of Interest Act No. 55 of 1975', effektief vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot die datum waarop betaling gemaak is, beide datums ingesluit.

**Verandering van jou polis**

## 5. Verandering van jou polis

A) Jy mag ons skriftelik versoek om jou polis, of enige deel daarvan, te enige tyd te verander. Enige verandering soos deur ons ooreengekom op skrif, sal van toepassing wees vanaf die tyd en datum van ons ooreenkoms.

B) Ons mag die terme, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis verander deur jou en / of jou makelaar 31 (een-en-dertig) dae skriftelik kennis te gee van sodanige verandering.

**Eise**

## 6. Eise

A) **Prosedure om 'n eis te** rapporteer:

Wanneer enige gebeurtenis plaasvind wat tot 'n eis onder hierdie polis mag lei, moet jy op jou eie onkoste:

a) enige voorval rakende diefstal of enige ander kriminele daad, onmiddellik aan die polisie rapporteer, asook alle praktiese, redelike, nodige en tydige stappe neem ten einde die skuldige te identifiseer en die eiendom te verhaal;

b) binne 30 (dertig) dae na die gebeurtenis aan ons volledige besonderhede van die gebeurtenis verskaf, welke die volgende mag insluit (uitsluitlik na ons goeddunke):

1. eisvorm wat volledig voltooi en geteken is;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

2. afskrif van Ongeluksverslag / Saakdossiernommer en kontakbesonderhede van die polisiebeampte / polisiestasie;
3. besonderhede van enige ander versekering wat van toepassing mag wees;
4. bewys van waarde van versekerde eiendom / kwotasie;
5. besonderhede van enige ander eis wat teen jou ingestel is of ingestel mag word;
6. enige ander dokumentasie wat ons redelikerwys benodig.

c) ons onmiddellik skriftelik in kennis stel sodra jy bewus word van enige moontlike vervolging of regstappe of eis teen jou na aanleiding van 'n gebeurtenis. As jy van mening is dat jy skuldig is en sodanig glo dat 'n derde party 'n eis teen jou kan bring, is dit belangrik dat jy ons tydig in kennis stel aangesien dit ons sal toelaat om die aangeleentheid te ondersoek en bewyse bymekaar te maak kort na die gebeurtenis.

B) Basis waarop eise geskik word:

a) In die geval dat jy 'n geldige eis het, mag ons (uitsluitlik na ons goeddunke) besluit om jou te vergoed op een of meer van die volgende maniere:
1. deur te betaal vir die redelike en nodige herstelwerk by 'n hersteller van ons keuse; of
2. deur die item te vervang deur 'n verskaffer van ons keuse; of
3. in uitsonderlike gevalle kontant te betaal; of
4. enige kombinasie van bogenoemde.

b) Jy moet nie 'n item herstel of vervang of instruksies / magtiging gee vir die herstel of vervanging van 'n item nie, tensy dit deur ons gemagtig en goedgekeur word. Hierdie bepaling doen geensins afstand van jou verantwoordelikheid om alle redelike en tydige stappe te neem om verdere verlies of skade te voorkom of te verminder nie.

c) Ons mag vereis dat jy eers 'n Ooreenkoms van Verlies / Ooreenkoms van Skikking / Vrylating moet teken voordat ons enige eis sal afhandel of skik.

C) Bystand:

a) Indien bystand, inligting of dokumentasie redelikerwys deur ons benodig word, is jy verplig om sodanige bystand, inligting en dokumentasie aan ons te verskaf binne 30 (dertig) dae na ons versoek, asook gedurende die eiseprosedure en daarna, indien nodig.

b) Indien die eiendom wat in die eis ter sprake was, na die betaling van die eis in terme van hierdie polis vir verlore of gesteelde goedere, opgespoor word, sal jy alle nodige bystand verleen ten einde die eiendom te identifiseer en fisies te herwin, met dien verstande dat alle redelike koste deur jou aangegaan ten einde ons by te staan, deur ons aan jou terugbetaal sal word. Indien jy sou nalaat om die bystand, deur ons aangevra en volgens hierdie voorwaarde, te verleen, sal jou onmiddellik aanspreeklik wees om alle bedrae wat ongevolge die eis betaal is, aan ons terug te betaal.

D) Jou regte in geval van afwysing van eise:

a) In die geval dat ons 'n eis afwys en jou daarvan in kennis stel, of jy die bedrag van 'n eis betwis, mag jy, binne 90 (negentig) dae vanaf die datum van afwysing of die datum wanneer jy skriftelik in kennis gestel is van die eisbedrag, appèl teen die besluit aanteken deur skriftelike vertoë aan ons te rig by complaints@safireinsurance.com. Ons sal jou binne 45 (vyf-en-veertig) dae na ontvangs van jou appèl, skriftelik van ons verdere besluit in kennis stel.

b) Indien jy nie tevrede is met die uitkoms van jou appèl aan ons nie, mag jy binne 30 (dertig) dae na die datum van die skriftelike kennisgewing aan jou, jou klagte na die Ombudsman vir Korttermynverskering (OSTI) eskaleer.

c) Indien jy nie met die besluit geneem deur OSTI tevrede is nie, en jy van voorneme is om die saak in die Howe verder te voer, moet jy binne 180 (eenhonderd-en-tagtig) dae na die verstryking van die aanvanklike 90 (negentig) dae periode waarna in a) hierbo verwys word, regsaksie teen ons bring. Indien jy nie tot verdere stappe binne hierdie periode oorgaan nie, sal alle voordele ingevolge hierdie polis ten opsigte van daardie eis verbeur word. (*Let asseblief dat hierdie 180 dae periode onderbreek sal word vir die tydperk waartydens die saak deur OSTI oorweeg word.)*

E) Beperking van eise aanspreeklikheidsperiode:

a) Geen eis ingevolge hierdie polis sal betaalbaar wees (buiten eise onder die Sake-onderbreking, Getrouheidswaarbor, Voordele of Groep persoonlike ongevaale afdelings) na die verloop van 180 (honderd-en-tagtig) dae (of enige verdere tydperk wat ons mag toelaat en skriftelik aan jou oorgedra het) vanaf die datum van 'n gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis nie.

b) Hierdie beperking is nie van toepassing as die eis verband hou met hangende regsaksie wat deur 'n derde party teen jou aanhangig gemaak is vir die skadeloosstelling vir bedrae waarvoor jy wettiglik aanspreeklik kan wees om te betaal as gevolg van dood, liggaamlike besering, siekte, verlies of skade wat deur sodanige derde party gely is, nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Eisevoorbereiding-skoste

## 7. Eisevoorbereidingskoste

A) Die versekering wat deur elke afdeling van hierdie polis voorsien word, word uitgebrei om koste om jou eis te produseer, te sertifiseer of te staaf, wat redelikerwys deur jou aan 'n nie-verwante professionele persoon betaal is, in te sluit.

B) Ons aanspreeklikheid vir sodanige koste met betrekking tot enige enkele eis is beperk tot die bedrag genoteer in Addendum B of die aanspreeklikheidsperk van die betrokke item, watter ookal die laagste is, plus enige bedrag wat in die skedule genoteer is by elke afdeling vir eisevoorbereidingskoste.

C) Dekking sluit nie fooie in wat aan openbare assessore nie betaal is nie.

Ons regte ná 'n gebeurtenis

## 8. Ons regte ná **'n gebeurtenis**

Met die plaasvind van enige gebeurtenis waarvolgens 'n eis onder hierdie polis ingestel word, sonder om enige aanspreeklikheid te aanvaar en sonder om enige van ons regte ingevolge hierdie polis te benadeel / verminder:

A) Mag ons (insluitend enige persoon deur ons gemagtig):
   a) die gebou of perseel waar die gebeurtenis plaasgevind het, binnetree; en
   b) besit neem van enige beskadigde eiendom verseker in terme van hierdie polis; of
   c) vereis dat die beskadigde eiendom wat in terme van hierdie polis verseker is, aan ons gelewer word;

   sodat ons die eis op 'n redelike en toepaslike manier kan ondersoek. Hierdie voorwaarde sal as bewys dien van jou toestemming aan ons.

B) Jy mag nie enige eiendom aan ons prysgee nie, hetsy dit deur ons in besit geneem is óf nie. Die besitting van eiendom deur ons beteken nie dat ons aanspreeklikheid aanvaar of dat ons 'n eis wat deur jou ingedien is, aanvaar nie.

C) Jy sal, op ons onkoste, alle dinge doen, of toelaat om gedoen te word wat noodsaaklikerwys en redelik deur ons verlang word vir die doel om enige regte af te dwing wat ten tyde van jou vrystelling aan ons gesubrogeer word, of mag word, hetsy sulke dinge voor af na sodanige vrystelling benodig mag word.

D) Jy is verplig om bystand aan ons te verleen:
   a) om aksie te neem teen enige ander party ten einde die vergoeding wat ons aan jou verskaf het, te verhaal;
   b) om gesteelde / verlore items wat gevolglik gevind is, te identifiseer en te verhaal. In hierdie verband sal ons jou vergoed vir die redelike koste deur jou aangegaan.

E) Indien jy, of enigiemand wie namens jou optree, nie die nodige bystand aan ons verleen soos vereis in D) hierbo nie, of die aksie wat ons van plan is om te neem teen 'n ander party verhinder of belemmer, dan word alle voordeel ingevolge hierdie polis verbeur.

F) Ons kan in jou naam die verdediging, verhaling of skikking van enige eis oorneem en instel vir ons en / of jou voordeel. In dié verband sal ons algehele diskresie hê in die uitvoer van enige verrigtinge en / of skikking van enige eis. Hierdie bepaling sal geensins beskou word as 'n verpligting vir ons om enige eis te verdedig, te verhaal of te skik nie, tensy andersins in hierdie polis vermeld.

G) Jy mag nie aanspreeklikheid erken of 'n aanbod of belofte maak vir betaling (gedeeltelik of geheel) aan 'n ander party, of enige aanbod of belofte om te betaal (gedeeltelik of geheel) aanvaar vanaf 'n ander party vir vergoeding vir enige gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie polis kan lei nie.

H) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag ons met die plaasvind van enige gebeurtenis aan jou die skadeloosstellingsperk betaal wat en opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en ons is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

Kollektiewe versekering

## 9. Kollektiewe versekering

Indien hierdie versekering 'n kollektiewe versekering is, word Algemene voorwaarde 6. A)c) hierbo soos volg gewysig:

'die hoofversekeraar namens ons onmiddellik skriftelik in kennis stel sodra jy bewus word van enige moontlike vervolging of regstappe of eis teen jou na aanleiding van 'n gebeurtenis. As jy van mening is dat jy skuldig is en sodanig glo dat 'n derde party 'n eis teen jou kan bring, is dit belangrik dat jy die hoofversekeraar tydig in kennis stel aangesien dit hulle sal toelaat om die aangeleentheid te ondersoek en bewyse bymekaar te maak kort na die gebeurtenis';


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

en Algemene voorwaarde 8. hierbo word met die volgende vervang:

'Met die plaasvind van enige gebeurtenis waarvolgens 'n eis onder hierdie polis ingestel word, sonder om enige aanspreeklikheid te aanvaar en sonder om enige van ons regte ingevolge hierdie polis te benadeel / verminder:

A) Mag die hoofversekeraar (insluitend enige persoon deur hulle gemagtig):
   a) die gebou of perseel waar die gebeurtenis plaasgevind het, binnetree; en
   b) besit neem van enige beskadigde eiendom verseker in terme van hierdie polis; of
   c) vereis dat die beskadigde eiendom wat in terme van hierdie polis verseker is, aan ons gelewer word;

   sodat ons die eis op 'n redelike en toepaslike manier kan ondersoek.

B) Hierdie voorwaarde sal as bewys dien van jou toestemming aan die hoofversekeraar namens alle versekeraars.

C) Jy mag nie enige eiendom aan versekeraars prysgee nie, hetsy dit deur die hoofversekeraar in besit geneem is óf nie. Die besitting van eiendom deur versekeraars beteken nie dat versekeraars aanspreeklikheid aanvaar of dat 'n eis wat deur jou ingedien is, aanvaar word nie.

D) Jy sal, op versekeraars se onkoste, alle dinge doen, of toelaat om gedoen te word wat noodsaaklikerwys en redelik deur ons verlang word vir die doel om enige regte af te dwing wat ten tyde van jou vrystelling aan versekeraars gesubrogeer word, of mag word, hetsy sulke dinge voor af na sodanige vrystelling benodig mag word.

E) Jy is verplig om bystand aan versekeraars te verleen:
   a) om aksie te neem teen enige ander party ten einde die vergoeding wat versekeraars aan jou verskaf het, te verhaal;
   b) om gesteelde / verlore items wat gevolglik gevind is, te identifiseer en te verhaal. In hierdie verband sal ons jou vergoed vir die redelike koste deur jou aangegaan.

F) Indien jy, of enigiemand wie namens jou optree, nie die nodige bystand aan versekeraars verleen soos vereis in D) hierbo nie, of die aksie wat versekeraars van plan is om te neem teen 'n ander party verhinder of belemmer, dan word alle voordeel ingevolge hierdie polis verbeur

G) Die hoofversekeraar (insluitend enige persoon wat namens hulle optree) kan in jou naam die verdediging, verhaling of skikking van enige eis oorneem en instel vir hulle en / of jou voordeel. In dié verband sal versekeraars algehele diskresie hê in die uitvoer van enige verrigtinge en / of skikking van enige eis. Hierdie bepaling sal geensins beskou word as 'n verpligting vir versekeraars om enige eis te verdedig, te verhaal of te skik nie, tensy andersins in hierdie polis vermeld.

H) Jy mag nie aanspreeklikheid erken of 'n aanbod of belofte maak vir betaling (gedeeltelik of geheel) aan 'n ander party, of enige aanbod of belofte om te betaal (gedeeltelik of geheel) aanvaar vanaf 'n ander party vir vergoeding vir enige gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie polis kan lei, sonder die skriftelike toestemming van die hoofversekeraar nie.

I) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag versekeraars met die plaasvind van enige gebeurtenis aan jou die skadeloosstellingsperk betaal wat en opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en versekeraars is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

**Nakoming van polis**

## 10. Nakoming van polis

A) Ons sal jou slegs vergoed in ooreenstemming met hierdie polis as:
   a) jy al die bepalings en voorwaardes van hierdie polis, insluitend enige en alle endossemente uitgereik rakende hierdie polis, nakom;
   b) die antwoorde en verklarings verskaf in die aansoek vir versekering / voorstellingsvorm of enige ander vertoë wat aan ons gemaak is, eerlik en omvattend was.

**Geldeenheid**

## 11. Geldeenheid

Enige premie wat betaalbaar is en enige eis wat deur ons betaal moet word, sal in die amptelike geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika betaal word.

**Eerste bedrag betaalbaar**

## 12. Eerste bedrag betaalbaar

Tensy spesifiek in enige afdeling van hierdie polis daarvoor voorsiening gemaak is, sal die bedrag wat betaalbaar is ingevolge hierdie polis / afdeling vir ieder en elke verlies, skade of aanspreeklikheid, deur die bybetaling verminder word, soos aangedui in Aanhangsel A vir die betrokke versekerde gebeurtenis.

**Dekking gehou**

## 13. Dekking gehou

Indien ons dekking op 'n risiko hou, sal ons nie die eis afkeur op grond daarvan dat die premie nog nie ooreengekom is nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Belang in die polis | **14. Belang in die polis**<br>A) Hierdie polis verleen nie aan enige persoon (behalwe jouself) enige regte of reg om teen ons te eis nie, tensy anders per endossement ooreengekom.<br>B) Enige uitbreiding wat skadeloosstelling aan enige persoon, anders as jy, bied, sal nie enige eisregte aan sodanige persoon gee nie, die intensie synde dat jy namens sodanige persoon sal eis. Ontvangs deur jou sal in elke geval volle afstanddoening deur ons wees.<br>C) Jy mag nie enige regte of verantwoordelikhede in terme van hierdie polis aan 'n ander persoon sedeer of toewys nie.<br>D) Ons sal nie gebind word deur enige oordrag van jou belange, regte of verantwoordelikhede in terme van hierdie polis nie, tensy anders bepaal word deur jou dood of deur die werking van wetgewing. |
| Jurisdiksie | **15. Jurisdiksie**<br>Tensy spesifiek andersins vermeld in enige van die afdelings, is hierdie polis onderhewig aan die eksklusiewe jurisdiksie van die Howe van die Republiek van Suid-Afrika. |
| Aanspreeklik onder meer as 1 (een) afdeling | **16. Aanspreeklik onder meer as 1 (een) afdeling**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees onder meer as 1 (een) afdeling van hierdie polis met betrekking tot aanspreeklikheid, verlies of skade wat voortspruit uit dieselfde gebeurtenis met betrekking tot dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade nie. |
| Wesenlike inligting | **17. Wesenlike inligting wat ons benodig**<br>A) Jy is verplig om:<br>a) ons van alle wesenlike inligting, om ons in staat te stel om jou risiko's behoorlik te evalueer, te voorsien;<br>b) ons onmiddellik in kennis te stel as enige inligting wat ons van jou en jou versekerde items het, nie volledig en korrek is nie;<br>c) ons onmiddellik in kennis te stel as die inligting wat ons van jou of jou versekerde items het, soos uiteengesit in die skedule, verander het.<br>B) Hierdie verpligting is van toepassing wanneer daar 'n wesenlike verandering is ten opsigte van die inligting in a), b) en c) hierbo en nie net by die aanvang of vernuwing van hierdie polis nie.<br>C) Jy stem in om enige addisionele inligting wat ons mag benodig op enige stadium na die intreedatum of hernuwingsdatum van hierdie polis aan ons te voorsien. |
| Betekenis van woorde | **18. Betekenis van woorde**<br>Die skedules en enige endossemente daartoe en die polisbewoording sal saam gelees word en enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis toegeken is in enige gedeelte daarvan, sal sodanige betekenis dra waar dit ook al mag verskyn. |
| Lede | **19. Lede**<br>Waar ook al die woord 'direkteure' gebruik word, word dit geag 'lede' in te sluit indien die entiteit 'n beslote korporasie is. |
| Ander versekering | **20. Ander versekering**<br>A) Indien jy enige ander versekering het wat dekking verskaf vir 'n gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis gemaak word, sal ons jou slegs vir ons eweredige deel van die eis vergoed.<br>B) Indien die ander versekering onderworpe is aan enige Voorwaarde van Awery, sal hierdie polis (indien nie reeds onderhewig aan die Voorwaarde van Awery nie) op dieselfde wyse onderhewig wees aan Awery.<br>C) Indien die ander versekering enige van die gebeurtenisse dek wat deur hierdie polis verseker word, maar onderhewig is aan enige bepaling ingevolge waarvan dit uitgesluit word van gelyklopende status met hierdie polis (hetsy geheel of gedeeltelik), of daarvan uitgesluit word om tot die verlies, skade of aanspreeklikheid by te dra, sal ons nie meer betaal as ons eweredige gedeelte van enige verlies of skade in verhouding met die versekerde bedrag van die eiendom, of ons eweredige gedeelte van enige aanspreeklikheid nie. |
| Interim betalings | **21. Interim betalings**<br>Met betrekking tot enige afdeling waar betaling van enige bedrae wat deur ons aan jou verskuldig is, vertraag word in afwagting op die afhandeling van enige eis, mag interim betalings, indien benodig en na ons goeddunke, aan jou gemaak word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Herinstelling** | ## 22. Herinstelling van dekking na verlies<br>A) Met inagneming dat versekerde waardes nie verminder word waar toepaslik deur die bedrag van enige eis nie, sal jy die bykomdende premie op die bedrag van die eis betaal vanaf die datum van die verlies of vanaf die datum van herinstelling of vervanging (watter ook al die laaste is) tot die vervaldatum van die versekeringsperiode.<br>B) Hierdie voorwaarde is nie van toepassing op voorwaarde op handelsvoorraad op 'n deklarasie grondslag nie, asook op enige afdeling waar dit as nie van toepassing genoteer is nie. |
| **Blanko versekerde waardes** | ## 23. Blanko versekerde waardes in skedule<br>A) Indien, in 'n skedule van hierdie polis, the versekerde waarde, skadeloosstellingsperk of vergoeding:<br>a) blanko gelaat is of geen monetêre bedrag daarteen genoteer is nie; of<br>b) as nul reflekteer of nie van toepassing of nie gedek of geen skadeloossteling ingesluit;<br>dan is die versekerde gebeurtenis of omstandighede in die skedule aangetoon nie ingevolge hierdie polis verseker nie. |
| **Sekuriteitsfirmas** | ## 24. Sekuriteitsfirmas<br>A) Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur jou indiens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem ons in, indien jy ingevolge die genoemde kontrak nie teen die sekuriteitsfirma kan eis nie, om nie ons regte om teen die betrokke firma te verhaal, uit te oefen nie.<br>B) Ons sal nie as verdediging aanvoer, op enige geldige eis wat ingevolge enige afdeling van hierdie polis ingestel is, dat ons regte benadeel is deur die bepalings van enige kontrak aangegaan tussen jou en enige sekuriteitsverskaffer wat verband hou met die beskerming van jou eiendom nie. |
| **Bepalings per afdeling** | ## 25. Bepalings en voorwaardes per afdeling<br>Daar is ook bepalings, voorwaardes en uitsluitings wat op spesifieke afdelings van die polis van toepassing is. Verseker asseblief dat jy alle relevante afdelings hierin deeglik verstaan. |
| **BTW** | ## 26. Belasting op Toegevoegde Waarde<br>A) Alle versekerde waardes, aanspreeklikheidsperke, bybetalings en jaarlikse somtotaal aftrekkings sluit Belasting op Toegevoegde Waarde teen die standaard koers in.<br>B) Hierdie polis sal jou nie vergoed vir enige BTW wat deur jou betaalbaar mag wees in terme van seksie 8(8) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde nr 89 van 1991, soos gewysig, nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# 5.

# ALGEMENE UITSLUITINGS

Jy is nie gedek vir die volgende algemene uitsluitings nie, tensy anders vermeld in enige van die afdelings.

| | |
|---|---|
| **Bewyslas** | Indien ons beweer dat verlies of skade nie deur hierdie polis gedek word nie, weens Algemene Uitsluiting 1 tot 16 hieronder, sal die bewyslas vir die teendeel by jou berus. |
| **Asbes** | **1. Asbes**<br>Wettige aanspreeklikheid, verlies, skade, koste of onkoste hoegenaamd, of enige gevolglike verlies wat direk of indirek veroorsaak is deur, of op enige wyse betrokke was by, of as gevolg van, of tot die mate bygedra het, deur asbes of enige materiaal wat asbes bevat in enige vorm of maat, is uitgesluit. |
| **Rekenaartoerusting** | **2. Rekenaartoerusting**<br>A) Hierdie polis dek nie die volgende nie:<br>a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitend rekenaar toerusting) of enige ander verlies of uitgawe hoegenaamd wat daaruit voortspruit;<br>b) enige regsaanspreeklikheid van watter aard ookal; of<br>c) enige gevolglike verlies;<br>B) wat direk of indirek veroorsaak word deur, of waartoe bygedra word deur, of wat voortspruit uit die onvermoë of mislukking van enige rekenaar om, korrek of hoegenaamd:<br>a) enige datum as die korrekte datum of ware kalenderdatum te behandel, of enige data of inligting op gepaste wyse te herken, manipuleer, interpreteer, prosesseer, berg, ontvang of daarop te reageer, of om enige bevel of instruksie met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum uit te voer; of<br>b) enige inligting of kode vas te lê, te bêre, te behou of te prosesseer as gevolg van die werking van enige bevel wat in die rekenaar in geprogrammeer is om die verlies van data te veroorsaak, of die onvermoë om sodanige data vas te lê, te bêre, te behou, of korrek te prosesseer met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum, te veroorsaak; of<br>c) enige inligting of kode vas te lê, te bêre, te behou of te prosesseer weens programmeringsfoute, inkorrekte inskrywings of die onbedoelde kansellasie of korrupsie van data en / of programme. |
| **Kontraktuele aanspreeklikheid** | **3. Kontraktuele aanspreeklikheid / aanspreeklikheid per ooreenkoms**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies wat voortspruit uit enige kontraktuele aanspreeklikheid of aanspreeklikheid wat per ooreenkoms aanvaar word nie, tensy sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige kontrakter sprake sou wees. |
| **Gevolglike verlies** | **4. Gevolglike verlies**<br>Ons dek nie gevolglike verlies van enige aard of voortspruitend uit enige oorsaak nie. |
| **Kubermisdaad** | **5. Kubermisdaad**<br>Ons dek nie verlies of skade van watter aard ookal wat direk of indirek voortspruit uit of in verband met die aksie van enige rekenaarvirus, Trojaanse perd, tyd- of logiese bom, wurms, losprys-ware, 'malware', of ander soortgelyke destruktiewe kode, media of enige vorm van kubermisdaad nie. |
| **Doelbewuste dade** | **6. Doelbewuste dade of sameswering**<br>Ons dek nie verlies of skade wat doelbewus veroorsaak word deur jou of enige persoon wat met jou saamsweer nie of wat volg uit die onnerlike handeling van enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers nie, hetsy hulle alleen handel of in sameswering met ander. |
| **Aanhouding** | **7. Aanhouding of beslaglegging**<br>Ons dek nie verlies, skade, koste of uitgawes (direk of indirek) wat voortspruit uit die aanhouding, beslaglegging, verbeuring, skut of rekwisisie wat wettiglik deur die doeane, die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Misdaadvoorkomingseenhede of ander amptenare of owerhede uitgevoer word nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Bedrieglike stellings** | **8. Bedrieglike stellings, oneerlikheid of voorbedagte rade**<br>A) Jy sal alle voordele ingevolge hierdie polis verbeur indien jy, of enige iemand wat namens jou optree:<br>a) 'n bedrieglike eis instel; of<br>b) enige inligting / dokumente / verklarings wat verband hou met 'n eis indien wat bedrieglik / vals / vergroot is; of<br>c) moedswilliglik 'n bedrieglike daad pleeg wat op enige manier met 'n eis verband hou of daarmee verbind is; of<br>d) moedswilliglik die waarde van 'n eis oordryf; of<br>e) moedswilliglik inligting of dokumentasie wat met 'n eis verband hou, weerhou. |
| **Wanvoorstelling of nie-openbaarmaking** | **9. Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking**<br>Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking van enige materiële inligting sal die betrokke item, afdeling of onder-afdeling van die polis wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking affekteer word, nietig maak. |
| **Kern** | **10. Kern materiaal en radio-aktiwiteit**<br>A) Hierdie polis dek nie:<br>a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom of enige verlies of uitgawe hoegenaamd wat daariut voortspruit of enige gevolglike skade;<br>b) enige regsaanspreeklikheid van watter aard ookal;<br>direk of indirek veroorsaak deur of bygedra tot of voortspruitend uit ioniserende bestralings of besmetting deur radio-aktiwiteit deur enige kern-brandstof of deur enige kern-afval vanaf die ontbranding van kern-brandstof of deur kern ontploffing of enige kern-wapens.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op die Eerlikheidswaarborg, Aangegewe voordele en Groep persoonlike ongevalle afdelings nie. |
| **Besoedeling** | **11. Besoedeling en besmetting**<br>A) Ons dek nie enige verlies of skade wat deur die volgende veroorsaak is nie:<br>a) besmetting, besoedeling, syfering;<br>b) roet, afsetting, inkorting met stof;<br>c) chemiese neerslag;<br>d) vergiftiging;<br>e) onreinheid;<br>f) epidemie en siekte; of<br>g) as gevolg van enige beperking of voorkoming van die gebruik van voorwerpe weens gesondheidsgevare.<br>B) Indien 'n versekerde gevaar direk ontstaan as gevolg van besoedeling en / of besmetting, sal enige verlies of skade wat 'n direkte gevolg is van sodanige gevaar, gedek wees. |
| **Strafskade** | **12. Strafskade**<br>Ons dek nie strafskade of boetes of strawwe waarvoor jy aanspreeklik gehou word nie. |
| **Bedrog** | **13. Swendelary of bedrog**<br>Ons dek nie verlies of skade wat voortspruit uit swendelary, bedrog of diefstal deur valse voorwendsels nie, of enige ander ooreenkoms waar jy vrywilliglik jou eiendom aan 'n derde party oorhandig nie. |
| **Oorlog, oproer en terrorisme** | **14. Oorlog, oproer en terrorisme**<br>Ons dek nie verlies van of skade aan eiendom, dood of liggaamlike besering, en / of aanspreeklikheid teenoor derde partye wat veroorsaak is deur of verband hou met of spruit uit oproer, oorlog, politiese dade, publieke wanorde, terrorisme of enige poging tot hierdie dade, insluitend:<br>A) Burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus, of enige daad of handeling wat daarop gemik of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak.<br>B) Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.<br>C) Muitery, militêre opstand of geüsurpeerde gesag, krygswet, of 'n staat van beleg, of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg, opstand, rebellie of revolusie bepaal.<br>D) Enige handeling (hetsy namens enige organisasie, liggaam of persoon of groep persone) wat daarop gemik of gerig is om enige staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang, of deur vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

E) Enige optrede wat daarop gemik of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring, of uit protes teen enige staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem.

F) Enige poging om enige aksie waarna in D) of E) hierbo verwys word, uit te voer.

G) Die handeling van enige wettig ingestelde owerheid om 'n gebeurtenis waarna in klousules A) tot F) hierbo verwys word, te beheer, te voorkom of te onderdruk, of om dit op 'n ander manier te hanteer.

H) Ondanks enige bepaling van hierdie polis, insluitend enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie en wat andersins 'n algemene bepaling sou oorheers, dek hierdie polis geen verlies of skade aan eiendom of uitgawe van watter aard ookal wat direk of indirek veroorsaak is deur, voortspruit uit, of verband hou met enige terrorisme daad, ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig daarmee of in enige sekwensie ten opsigte daarvan tot die verlies, skade of uitgawe bydra nie.

*Vir die doel van Algemene uitsluiting 14.H), sluit 'n daad van terrorisme die volgende sonder beperking in: die gebruik van geweld of dreigement daarvan, hetsy skadelik aan menslike gesondheid aldan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy hulle alleen handel of namens of in verband met enige organisasie of regering, gepleeg vir politiese, geloofs, persoonlike of ideologiese redes vir enige doel, insluitend enige daad gepleeg met die intensie om enige regering te beinvloed of met die doel om vrees in die publiek of enige gedeelte daarvan in te boesem.*

I) Verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds ingestel is ingevolge die Oorlogskadeversekerings- en Vergoedingswet (Wet Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke Wet in werking in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

**Slytasie**

## 15. Ander (insluitend slytasie en geleidelike agteruitgang)

A) Tensy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak is in enige afdeling van hierdie polis, dek ons nie verlies of skade as gevolg van of veroorsaak deur die volgende nie:
- a) enige data- of telekommunikasietoerusting of apparaat;
- b) enige geleidelike werkingsoorsaak;
- c) enige proses waar water gerbuik word;
- d) enige proses van kleuring, skoonmaak, herstel of renovering;
- e) waardevermindering;
- f) verwronging van jou eiendom, tensy veroorsaak deur 'n ongeluk of ander gebeurtenis wat nie uitgesluit is nie;
- g) foutiewe ontwerp of vakmanskap;
- h) foute of defekte in die spesifikasie, konstruksie of materiaal;
- i) geleidelike agteruitgang;
- j) onvoldoende onderhoud;
- k) meganiese / elektriese / elektroniese onklaarraking;
- l) motte, insekte, termiete, plae (insluitend knaagdiere), larwes;
- m) roes, muf, vog, korrosie en verrotting;
- n) krap, kou, skeur en bevuiling deur huishoudelike troeteldiere;
- o) krapmerke, induiking, afsplintering of krake wat nie die werking van enige item beïnvloed nie;
- p) die gevolg van lig of atmosferiese toestande;
- q) slytasie;
- r) onkruid of wortels.

B) Nieteenstaande die voorsienings onder l) en n) hierbo, sal verlies of skade aan voertuie wat onder die Motor afdeling van hierdie polis gespesifieer is en omvattend verseker is, en wat deur knaagdiere en huishoudelike troeteldiere veroorsaak word, wel ingesluit wees.

**Biologiese of chemiese materiale**

## 16. Biologiese of chemiese materiale

Hierdie versekering sluit verlies, skade, koste of uitgawe van watter aard ookal uit, direk of indirek veroorsaak deur, as gevolg van of in verband met die werklike of dreigende kwaadwillige gebruik van patogeniese of giftige biologiese of chemiese materiale, ongeag van enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig bydra of in enige ander orde daartoe.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# HUISHOUDELIKE AFDELINGS

Bladsye 16 tot 43 hieronder detailleer die dekking wat met die nie-motor huishoudelike afdelings van hierdie polis verband hou.

| | |
|---|---|
| **Afdelingss** | Die afdelings is maklik uitkenbaar deur die **'D'** voorvoegsel, soos volg:<br>D01: Huiseienaars<br>D02: Huisbewoners<br>D03: Persoonlike alle risiko's<br>D04: Persoonlike ongevalle<br>D05: Elektroniese toerusting<br>D06: Watervaartuig |
| **Nota** | Ten einde duplisering van bewoording te vermy, is die dekking wat verband hou met D04 en D05 hierbo verkrygbaar onder afdelings C17 Groep persoonlike ongevalle en C13 Elektroniese toerusting onderskeidelik. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING D01
# HUISEIENAARS

## D1.1
## HUISEIENAARS DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule en enige lid van sy / haar familie wat normaalweg by hom / haar woon (insluitend kinders wat finansieel van hom / haar afhanklik is). Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Geboue** | Die geboue en / of buitegeboue by die perseel (nl. risiko-adres gespesifiseer in die skedule). Tensy anders aangeteken in die skedule, moet die geboue van steen, klip of sement gebou wees, en die dak moet bestaan uit leiklip, teel, metaal, sement of asbes. Die versekerde waardes moet, toevoeglik tot die geboue, die volgende (indien van toepassing), insluit:<br>o alle vaste uitrusting en toebehore;<br>o opritte en stoepe;<br>o tennisbane;<br>o spa baddens en saunas;<br>o swembaddens;<br>o spa-, sauna- en swembadtoerusting (uitgesluit outomatiese swembadsuiers);<br>o boorgat toerusting;<br>o septiese- en opgaartenks;<br>o mure, hekke en heinings (uitgesluit geplante heinings);<br>alles geleë op die perseel. |
| **Noodnommer**<br>Safire Assist | Die amptelike Safire Assist noodnommer is 0861 723 473 (0861 SAFIRE). Indien jy enige bystand na 'n noodgeval by jou huis verlang, kontak asseblief die inbelsentrum om die nodige bystanddienste reël. (Verwys na ons Safire Assist bewoording vir verdere inligting, bepalings en voorwaardes) |
| **Kwaadwillige skade** | Verlies of skade direk veroorsaak deur, of as gevolg van, die doelbewuste, opsetlike of baldadige aksie van enige persoon met die intensie om die verlies of skade aan te rig, uitgesluit:<br>o Verlies of skade veroorsaak deur, of voortspruitend uit, diefstal of enige poging tot diefstal;<br>o Gevolglike of indirekte verlies of skade van enige aard, behalwe verlies van huurinkomste wat spesifiek verseker is;<br>o Verlies of skade veroorsaak deur algehele of gedeeltelike staking van enige proses of werking;<br>o Verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike onteiening voortspruitend uit beslaglegging, kommandering of rekwisisie deur enige wettige owerheid;<br>o Verlies of skade verwant aan of veroorsaak deur enige gebeurtenis na verwys in <u>Algemene Uitsluiting 14. Oorlog, opstanding en terrorisme</u>, of die aksie van enige wettige owerheid in 'n poging om die gebeurtenis op enige manier te beheer, te voorkom of te onderdruk.<br><br>Indien ons beweer dat die verlies of skade vanweë die bogenoemde uitsluitings nie gedek is nie, sal die onus om die teendeel te bewys, by jou lê. |
| **Perseel** | Die grond waarop die geboue geleë is. |
| **Insakking, grond-verskuiwing en opwelling** | 1. Insakking: die afwaartse beweging van grond wat die geboue ondersteun.<br>2. Grondverskuiwing: die afwaartse gly van 'n massa grond.<br>3. Opwelling: die opwaartse beweging van die grond wat die geboue ondersteun. |
| **Huurder** | Iemand, anders as jy, wie per mondelingse of skriftelike ooreenkoms, toestemming het om jou geboue vir langer as 30 (dertig) opeenvolgende dae te beset. Dit sluit egter nie 'n korttermyn betalende gas of loseerder wat die gebou vir minder as 30 (dertig) opeenvolgende dae beset, in nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D1.2

# HUISEIENAARS ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| Onderversekering | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| Awery | Indien die vervangingskoste (insluitend slopingskoste, professionele fooie en vereistes van openbare owerhede) van die eiendom ten tyde van die verlies of skade meer is as die kollektiewe versekerde waarde, sal jy verantwoordelik wees vir die verskil en sal jy jou eweredige deel van die verlies of skade moet dra. Elke item van hierdie afdeling, indien meer as 1 (een), is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe. |

# D1.3

# HUISEIENAARS BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer, minus enige bybetaling. Ook bekend as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys na die skedule en Aanhangsel A. |

# D1.4

# HUISEIENAARS DEKKING

Jy is gedek vir verlies of skade aan die geboue, veroorsaak deur die volgende versekerde gebeurtenisse wat by die perseel ontstaan of plaasvind.

**Versekerde gebeurtenisse**

## 1. Versekerde gebeurtenisse

A) Brand, weerlig en ontploffing.

B) Wind, water, hael, sneeu, storm of vloed, uitgesluit verlies of skade aan hekke, heinings of keerwalle.

C) Aardbewing.

D) Bars of oorloop van geisers, watertenks, -toerusting, -apparaat of -pype, insluitend skade aan sulke geisers, watertenks, -toerusting, -apparaat of -pype.

E) Toevallige impak teen die buitekant van die geboue veroorsaak deur vallende bome / takke, voertuie, diere, vliegtuie of enige iets wat daaruit val.

F) Diefstal of enige poging tot diefstal, onderhewig daaraan dat diefstal of poging daartoe uit:
- a) onbewoonde geboue; of
- b) geboue onder toesig van huisoppassers / werknemers; of
- c) geboue deur jou geleen of verhuur; of
- d) geboue in die proses van konstruksie, ombouing, opknapping, skoonmaak of herstel

gepaard gaan met sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue of geweld of dreigende geweld.

G) Toevallige lekkasie van olie, brandstof of smeermiddel vanuit 'n vaste olie, brandstof of smeermiddelhouer of vaste olie-aangedrewe verhittings of soortgelyke apparaat.

H) Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf).


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D1.5

# HUISEIENAARS UITBREIDINGS

Addisioneel tot die versekerde waarde, is jy ook outomaties gedek vir die volgende uitbreidings.

| | |
|---|---|
| **Toevallige brekasie van glas en sanitêre ware** | **1. Toevallige brekasie van glas en sanitêre ware**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige brekasie van sanitêre ware (insluitend wasbakke, baddens en toilette), vaste glas (insluitend spieëls en glas in sonverwarmers en stowe) wat deel van die gebou(e) vorm, onderhewig daaraan dat hierdie items in jou gebou(e) is, en dat die gebou(e) bewoon is.<br>B) Ons dek nie skade veroorsaak deur afsplintering, krapmerke, verkleuring, induiking of krake wat spruit uit slytasie nie. |
| **Toevallige skade aan gebou(e)** | **2. Toevallige skade aan gebou(e)**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige skade aan jou versekerde gebou(e) op die perseel.<br>B) Dekking vir toevallige skade aan vaste masjinerie geld slegs vir masjinerie vir huishoudelike gebruik, en is beperk tot:<br>a) pompe;<br>b) hekmotors en motorhuisdeurmotors;<br>c) ingeboude lugversoringseenhede;<br>d) alarmstelsels;<br>e) oorloopkleppe en termostate van geisers; en<br>f) foutiewe stroombane.<br>C) Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies van of skade aan windpompe nie.<br>D) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B of enige hoër perk soos ooreengekom en in die skedule gelys en waarvoor addisionele premie betaal is. |
| **Toevallige skade aan tuine** | **3. Toevallige skade aan tuine**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige skade aan tuine by die versekerde perseel (insluitend skade aan bome, struike en besproeiingstelsels) veroorsaak deur:<br>a) brand / ontploffing; of<br>b) enige persoon wat op die brand op jou perseel reageer; of<br>c) impak deur vliegtuie of voertuie.<br>B) Hierdie dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Toevallige skade – openbare toevoer** | **4. Toevallige skade aan openbare toevoer- of hoofverbindings**<br>Ons sal jou vergoed vir toevallige skade aan water-, riool-, gas-, olie-, elektrisiteit- of telefoonverbindings, of ander ondergrondse pype tussen die openbare toevoer of hoofverbindings en jou gebou(e). Die konneksie moet óf op jou eiendom óf jou wettige verantwoordelikheid wees. |
| **Kapitaaltoevoegings** | **5. Kapitaaltoevoegings**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die waarde van wysigings, aanbouings en verbeteringe aan die geboue, maar nie vir waardevermeerdering van meer as die versekerde bedrae nie.<br>B) Vergoeding is beperk tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B, op voorwaarde dat jy ons so spoedig moontlik van hierdie wysigings, aanbouings en verbeteringe in kennis stel en 'n gepaste addisionele premie betaal. |
| **Slopingskoste & professionele fooie** | **6. Slopingskoste en professionele fooie**<br>A) Na verlies of skade veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis, sal ons jou vergoed vir jou kostes redelikerwys en noodwendig met ons skriftelike instemming aangegaan:<br>a) vir argitekte, landmeters, ingenieurs en enige ander verwante fooie; en<br>b) om die gebou te sloop, slopingspuin van die perseel te verwyder en afskortings op te rig tydens boubedrywighede; en<br>c) om te voldoen aan bouregulasies, statute of ordonnansie van enige munisipaliteit of ander plaaslike owerheid.<br>B) Ons aanspreeklikheid vir die kumulatiewe bedrae onder A) sal nie die persentasie genoteer in Aanhangsel B oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Brandweerheffings** | **7. Brandweerheffings**<br>Ons sal jou vergoed vir die redelike kostes deur enige munisipaliteit of plaaslike owerheid gehef ten opsigte van die blus van 'n brand op die perseel. |
| **Verlies aan huurgeld** | **8. Verlies aan huurgeld**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die huur aan jou verskuldig en daadwerklik verloor vir die tydperk wat die geboue onbewoonbaar is na skade wat deur enige van die versekerde gebeurtenisse aan die geboue aangerig is.<br>B) Hierdie geld slegs vir die redelike tydperk benodig om die gebou in 'n verhuurbare toestand te plaas, en dekking is beperk tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B. |
| **Verlies van water** | **9. Verlies van water deur lekkasie**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die koste van water verloor uit lekkende pype in die gebou(e) en op die perseel, indien jy verantwoordelik is om hierdie kostes te betaal en op voorwaarde dat:<br>a) die waterlesing die gemiddeld van die voorafgaande 4 (vier) lesings met ten minste 50% (vyftig persent) oorskry;<br>b) sodra jy van die lekkasie bewus raak, jy onmiddellik stappe neem om die pype op jou onkoste te herstel.<br>B) Die dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.<br>C) Nieteenstaande die bogenoemde, sal ons jou nie vergoed vir water wat verloor is van:<br>a) lekkende krane, geisers of toilette;<br>b) swembaddens of lekkasies in hulle inlaat- of uitlaatpype;<br>c) lekkasies wat voorkom wanneer die gebou(e) vir meer as 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon is nie. |
| **Ape of bobbejane** | **10. Ape of bobbejane**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies of skade aan jou versekerde gebou veroorsaak deur wilde ape of bobbejane.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Kragstuwing** | **11. Kragstuwing**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies of skade aan vaste elektriese toebehore van enige versekerde geboue veroorsaak deur kragstuwing.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in die skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is. |
| **Beskerming van geboue** | **12. Beskerming van geboue teen verdere skade**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die koste wat redelikerwys en noodwendig aangegaan is ten einde die geboue tydelik te beskerm na verlies of skade veroorsaak deur enige van die versekerde gebeurtenisse.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, tensy andersins deur ons goedgekeur. |
| **Verwydering van omgevalle bome** | **13. Verwydering van omgevalle bome**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die kostes redelikerwys en noodwendig aangegaan om omgevalle bome, of dele daarvan, van die perseel te verwyder. Skriftelike toestemming moet egter vooraf deur ons gegee word.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Insakking en grondverskuiwing (Beperkte dekking)** | **14. Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking**<br>A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van die verspoeling van die grond wat die geboue ondersteun deur vloeiende oppervlakwater as 'n direkte gevolg van storm, vloed, hael of sneeu.<br>B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:<br>a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;<br>b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, sauna en spa-kamers / baddens, hekke, hekpale, grensmure, omheinings, keermure, tuinmure, opritte, paadjies, patios, terrasse, septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, tensy die gebou(e) gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;<br>c) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp-voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is; |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

d) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;

e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of spruit uit:

1. foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap;
2. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die perseel ondersteun;
3. werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e);
4. uitgrawings (bogronds of ondergronds), behalwe in die loop van mynbou-bedrywighede;
5. invulkompaksie;
6. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).

C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

**Rolstoel-vriendelike ombouings**

### 15. Rolstoel-vriendelike ombouings na liggaamlike besering

A) Indien jy 'n permanente liggaamlike ongeskiktheid opdoen, veroorsaak deur 'n skielike en onvoorsiene ongeluk wat daartoe lei dat jy op 'n rolstoel moet staatmaak om te beweeg, sal ons bydra tot die redelike koste wat noodsaaklik is om aanpassings aan jou primêre woning te maak, onderhewig daaraan dat die gebou ingevolge hierdie afdeling verseker is.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in <u>Aanhangsel B</u>.

# D1.6

# HUISEIENAARS OPSIONELE UITBREIDING

Jy sal slegs op hierdie opsionele uitbreiding geregtig wees indien in die skedule genoteer, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Insakking, grondverskuiwing of opwelling (Volle dekking)**

### 1. Insakking, grondverskuiwing of opwelling – volle dekking

Indien hierdie opsionele uitbreiding deur jou gekies is en jy die addisionele premie betaal het, word Uitbreiding D1.5.13 deur die volgende opsionele uitbreiding vervang:

A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking of opwelling van die grond wat die geboue ondersteun of grondverskuiwing.

B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:

a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;

b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, sauna en spa-kamers/baddens, hekke, hekpale, grensmure, omheinings, keermure, tuinmure, opritte, paadjies, patios, terrasse, septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, tensy die gebou(e) gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;

c) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerp voorsorgmaatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is;

d) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;

e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of spruit uit:

1. foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap;
2. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die perseel ondersteun;
3. werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e);
4. uitgrawings (bogronds of ondergronds), behalwe in die loop van mynbou-bedrywighede;
5. invulkompaksie;
6. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).

C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Afkoop van die bybetaling**

## 2. Afkoop van die basiese eerste bedrag betaalbaar

A) Die basiese eerste bedrag betaalbaar met betrekking tot geboue wat in terme van hierdie afdeling verseker is, word hiermee geskrap.

B) Hierdie kwytskelding sluit nie eise wat spruit uit weerlig of kragstuwing in nie.

# D1.7

# HUISEIENAARS VOORWAARDES

Die spesifieke voorwaardes van toepassing op hierdie afdeling.

**Outomatiese herinstelling**

## 1. Outomatiese herinstelling van die versekerde waarde

A) Ten einde die versekerde waarde genoem in die skedule te handhaaf, moet jy 'n addisionele premie op die bedrag van die verlies of skade betaal, vanaf die datum van die gebeurtenis tot die vervaldatum van jou versekeringstydperk.

B) In geval van 'n maandelikse polis, en ten einde die herinstellingspremie te bereken, sal die jaarlikse hernuwingsdatum van die polis as die vervaldatum van jou versekeringstydperk geag word.

C) Ons mag, in ons diskresie, die herinstellingspremie per premie-endossement tot jou polis hef, of die bedrag aftrek van die eis aflosbedrag.

**Strandhuis**

## 2. Strandhuis, vakansiewoning of enige woning gereeld onbewoon

Indien die strand-, naweek-, vakansiewoning onbewoon is, is verlies of skade deur diefstal onderhewig daaraan dat dit gepaardgaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou.

**Konstruksie risiko**

## 3. Konstruksie risiko

A) Terwyl die gebou strukturele veranderings en/of opknappings ondergaan en totdat sodanige werk finaal voltooi is en deur die kontrakteur oorhandig is, sal ons slegs aanspreeklik wees vir verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit:
   a) brand, weerlig en ontploffing;
   b) aardbewing.

B) Nieteenstaande die bogemelde, word dit ooreengekom met betrekking tot daardie gedeelte van die gebou wat nie strukturele veranderings of opknappings ondergaan nie, volle versekering soos van toepassing in die polis van krag sal wees.

**Bypassende boumateriaal**

## 4. Bypassende boumateriaal

A) Ons is nie verplig om jou gebou na presies die vorige toestand te herstel nie. Ons sal egter poog om dit so na as moontlik te herstel.

B) In omstandighede waar presiese bypassende materiale nie beskikbaar is nie, sal ons materiale gebruik, wat in ons opinie, so na as moontlik by die beskadigde materiale pas.

C) Hierdie sal net gedoen word in die gedeelte van die struktuur of vertrek waar die verlies of skade plaasgevind het.

D) Ons sal nie betaal vir bypassende boumateriaal ten einde 'n uniforme effek in jou gebou(e) te skep of te handhaaf nie.

**Verbandhouer**

## 5. Verbandhouer

A) Die belange van 'n verbandhouer (nl bank of finansiële instelling) betreffende die geboue en Verlies aan Huur sal nie ongeldig gemaak word deur:
   a) enige optrede of versuim deur die verbandgewer of eienaar van die versekerde eiendom;
   b) enige wanvoorstelling of nie-bekendmaking deur die verbandgewer of eienaar van die versekerde eiendom;
   c) die vervreemding van eiendom, soos gedefinieer in die betrokke Vervreemdings Wetgewing;
   d) die besetting van die eiendom vir doelwitte wat gevaarliker is as wat deur die polis toegelaat word;

   nie, op voorwaarde dat die bogenoemde sonder die medewete van die verbandhouer plaasgevind het.

B) Jy moet ons in kennis stel sodra jy bewus word van die bestaan van enige optrede, versuim, wanvoorstelling, nie-bekendmaking, vervreemding of besetting.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Herinstelling

## 6. Herinstelling

A) Indien jou eiendom deur enige van die versekerde gebeurtenisse beskadig word, sal ons die eiendom herinstel of vervang, op dieselfde perseel, met 'n eiendom van dieselfde soort of tipe, maar nie beter of meer omvattend as die eiendom wanneer nuut nie. Sodanige herinstelling / vervanging sal plaasvind op dieselfde perseel waarop die geboue is.

B) Ons is nie verplig om jou eiendom presies of volkome herin te stel nie, en mag, op ons diskresie, kies om jou eiendom te herstel of te vervang met eiendom wat substantief soortgelyk aan die eiendom is wat jy met die aanvang van die polis verseker het, onderhewig aan die bepalings, uitsluitings en voorwaardes vervat in hierdie polis, asook die volgende spesifieke voorwaardes:
- a) die herinstelling / vervanging moet plaasvind op dieselfde perseel;
- b) die herinstelling / vervanging moet sonder onredelike vertraging uitgevoer word. Indien ons sou vasstel, op ons diskresie, dat jy nagelaat het om die herinstelling / vervanging sonder onredelike vertraging uit te voer, sal geen betaling gemaak word wat hoër is as wat betaalbaar sou wees onder hierdie afdeling indien die voorwaarde nie ingesluit was nie (naamlik vergoedingsbasis);
- c) totdat jy die volle uitgawes aangegaan het in die vervanging of herinstelling van die beskadigde eiendom, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige betaling hoër as die bedrag wat betaalbaar sou wees onder hierdie afdeling indien die voorwaarde nie ingesluit was nie (naamlik vergoedingsbasis).

C) Indien, ten tyde van die herinstelling / vervanging, die totale koste wat sou aangegaan word om die eiendom te herstel / vervang, met aanname dat die hele eiendom vernietig is, meer is as die versekerde waarde op die datum wat die skade plaasgevind het, sal jy geag wees jou eie versekeraar te wees vir die verskil in hierdie twee bedrae en moet jy 'n eweredige proporsie van die verlies dra. Elke item, indien meer as een, van hierdie afdeling is afsonderlik onderhewig aan hierdie voorsiening.

D) Hierdie voorwaarde sal sonder krag of effek wees indien:
- a) jy versuim om ons binne 90 (negentig) dae vanaf die datum van skade in kennis te stel van jou voorneme om die beskadigde eiendom te vervang of her in te stel; en
- b) jy nie daartoe instaat of onwillig is om die eiendom her in te stel / vervang op dieselfde perseel waarop die geboue is nie.

Sekuriteit

## 7. Sekuriteit

A) Alarm waarborg (indien in die skedule genoteer)
- a) Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons slegs diefstal, of poging tot diefstal dek, indien:
  1. 'n alarmstelsel in die woning geïnstalleer en in volle werkende toestand is; en
  2. die alarmstelsel aangeskakel is wanneer die geboue onbewaak gelaat word; en
  3. die alarmstelsel in werkende toestand gehou word. Indien die alarmstelsel onderhou word volgens 'n kontrak met die verskaffers of onderhoudskontrakteurs, sal jy as ontslaan van jou aanspreeklikheid beskou word.
- b) Ons sal jou ook vergoed indien die sleutel / kode van die alarmstelsel verkry is deur aanranding, geweld of dreigement van geweld aan jou of enige ander sleutel / kodehouer.

B) Diefwering waarborg (indien in die skedule genoteer)
Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal uitgesluit wees, as toegang tot die gebou(e) deur 'n oopmaakbare venster verkry is wat nie deur diefwering beskerm is nie. Hierdie klousule is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.

C) Veiligheidshek waarborg (indien in die skedule genoteer)
Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal uitgesluit wees, as toegang tot die gebou(e) deur 'n buitedeur verkry is wat nie deur 'n geslote veiligheidshek beskerm is nie. Hierdie klousule is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.

Huurders

## 8. Huurders

A) Indien enige huurder van jou gebou(e) optree, of versuim om op te tree, wat veroorsaak dat hierdie polis ongeldig gemaak word, sal ons jou steeds vergoed indien:
- a) jy nie bewus was van, of saamgestem het met, die huurder se optrede of versuim nie;
- b) jy ons in kennis stel sodra jy bewus word van die huurder se optrede of versuim.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Grasdak** | **9. Grasdak**<br>A) Dekking vir verlies of skade as gevolg van brand aan gebou(e) met 'n gras / riet dak en veroorsaak deur weerlig of weerligstraal is onderhewig daaraan dat die eiendom deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerligafleier beskerm is.<br>B) In die geval van 'n brand in 'n gebou met 'n gras / riet dak, rus die onus om te bewys dat die brand nie die gevolg van weerlig is nie, op jou.<br>C) Hierdie uitsluiting geld nie as die verlies of skade veroorsaak is deur 'n brand wat vanaf 'n naburige eiendom versprei, waarvan die onmiddellike oorsaak van sodanige brand aan weerlig of weerligstaal toegeskryf kan word, nie. |
| **Onbewoonde geboue** | **10. Onbewoonde geboue**<br>Jy moet ons skriftelik in kennis stel indien jy van voorneme is om enige geboue vir langer as 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon te laat. |

# D1.8

# HUISEIENAARS UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Bouregulasies** | **1. Bouregulasies**<br>A) Ons dek nie verlies of skade veroorsaak deur die nie-nakoming van Nasionale Bouregulasies of enige ander wetgewing / regulasie wat van toepassing is op plaaslike boustandaarde tydens konstruksie of onderhoud van die gebou(e) nie.<br>B) Soortgelyk moet enige gasinstallasies aan die betrokke nasionale of munisipale regulasies voldoen. |
| **Vervaardiger waarborg** | **2. Vervaardiger waarborg**<br>Ons dek nie verlies of skade gedek deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING D02
# HUISBEWONERS

## D2.1
## HUISBEWONERS DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebuik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule en enige lid van sy / haar familie wat normaalweg by hom / haar woon (insluitend kinders wat finansieel op hom / haar afhanklik is). Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Geboue** | Die geboue en / of buitegeboue by die perseel (nl. risiko-adres gespesifiseer in die skedule). Tensy anders aangeteken in die skedule, moet die geboue vansteen, klip of sement gebou wees, en die dak moet bestaan uit leiklip, teël, metaal, sement of asbes, alles geleë op die perseel. |
| **Inhoud** | Huishoudelike goedere en persoonlike items van enige beskrywing, wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, en die toebehore en toerusting of los en vaste toebehore (nie die verhuurderse toebehore of aanhegtings nie) en wat normaalweg in die gebou(e) is. |
| **Noodnommer** Safire Assist | Die amptelike Safire Assist noodnommer is 0861 723 473 (0861 SAFIRE). Indien jy enige bystand ná 'n noodgeval by jou huis verlang, kontak asseblief die inbelsentrum om die nodige bystanddiens te reël. (Verwys na ons Safire Assist bewoording vir verdere inligting) |
| **Kwaadwillige beskadiging** | Verlies of skade direk veroorsaak deur, of as gevolg van, die doelbewuste, opsetlike of baldadige aksie van enige persoon met die intensie om die verlies of skade aan te rig, uitgesluit:<br>o Verlies of skade veroorsaak deur, of voortspruitend uit, diefstal of enige poging tot diefstal;<br>o Gevolglike of indirekte verlies of skade van enige aard, behalwe verlies van huurinkomste wat spesifiek verseker is;<br>o Verlies of skade veroorsaak deur algehele of gedeeltelike staking van enige proses of werking;<br>o Verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike onteiening voortspruitend uit beslaglegging, kommandering of rekwisisie deur enige wettige owerheid;<br>o Verlies of skade verwant aan of veroorsaak deur enige gebeurtenis na verwys in Algemene Uitsluiting 14. Oorlog, oproer en terrorisme, of die aksie van enige wettige owerheid in 'n poging om die gebeurtenis op enige manier te beheer, voorkom of onderdruk.<br><br>Indien ons beweer dat die verlies of skade vanweë die bogenoemde uitsluitings nie gedek is nie, sal die onus om die teendeel te bewys, by jou lê. |
| **Perseel** | Die grond waarop die geboue geleë is. |

## D2.2
## HUISBEWONERS ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| **Awery** | Indien die vervangingskoste van die inhoud ten tyde van die verlies of skade meer is as die kollektiewe versekerde waarde, sal jy verantwoordelik wees vir die verskil en sal jy jou eweredige deel van die verlies of skade moet dra. Elke item van hierdie afdeling, indien meer as 1 (een), is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D2.3

# HUISBEWONERS BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| **Bybetaling** | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer, minus enige bybetaling. Ook bekend as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

# D2.4

# HUISBEWONERS DEKKING

Jy is gedek vir verlies of skade aan die inhoud wat by die perseel ontstaan of plaasvind, veroorsaak deur die volgende.

**Versekerde gebeurtenisse**

## 1. Versekerde gebeurtenisse

A) Brand, weerlig en ontploffing.

B) Wind, water, hael, sneeu, storm of vloed, uitgesluit verlies of skade aan eiendom in 'n struktuur wat nie volkome deur 'n dak bedek is nie of eiendom in die buitelug, tensy die eiendom ontwerp is om in die buitelug te bestaan of te funksioneer.

C) Aardbewing.

D) Bars of oorloop van geisers, watertenks, -toerusting, -apparaat of -pype, uitgesluit skade aan sulke geisers, watertenks, -toerusting, -apparaat of -pype.

E) Toevallige impak teen die buitekant van die geboue veroorsaak deur vallende bome / takke, voertuie, diere, vliegtuie of enige iets wat daaruit val.

F) Diefstal of enige poging tot diefstal uit geboue, onderhewig daaraan dat diefstal of poging daartoe uit:
   a) onbewoonde geboue (insluitende buitegeboue); of
   b) geboue onder toesig van huisoppassers / werknemers; of
   c) geboue deur jou geleen of verhuur; of
   d) geboue in die proses van konstruksie, ombouing, opknapping, skoonmaak of herstel

   gepaard gaan met sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue of geweld of dreigende geweld.

G) Diefstal of enige poging tot diefstal uit enige gebou waarin jy tydelik woonagtig is of enige privaat woning waarin die inhoud tydelik gehuisves word, onderhewig aan a) tot d) hierbo. Tydelik in hierdie geval beteken 'n periode nie langer as 90 (negentig) opeenvolgende dae nie.

H) Diefstal of enige poging tot diefstal uit enige bankkluis, meubelstuk bewaarplek, kantoor of klub waar die inhoud vir veilige bewaring geberg of in bewaring gehou is.

I) Diefstal of poging tot diefstal:
   a) van wasgoed of buitelugmeubels en buitelugtoerusting, inlsuitend tuin en swembad-onderhoudtoerusting en outomatiese swembadskoonmakers van die perseel, beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B;
   b) terwyl in transito na of van enige plek van aankoop, herstel of opknapping na 'n ongeluk deur die karweivoertuig of diefstal na gedwonge en gewelddadige inbraak in die voertuig, beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B;
   c) terwyl in transito tydens die proses van verwydering genoodsaak deur jou permanente verhuising of na / van enige bankkluis, meubelstuk bewaarplek, kantoor of klub waar die inhoud vir veilige bewaring geberg of in bewaring gehou gaan word of was. Diefstal uit die karweivoertuig is onderhewig aan sigbare, gedwonge en gewelddadige inbraak in die voertuig in.

J) Toevallige lekkasie van olie, brandstof of smeermiddel vanuit 'n vaste olie, brandstof of smeermiddelhouer of olie-aangedrewe verhittings of soortgelyke apparaat.

K) Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf).


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D2.5

# HUISBEWONERS UITBREIDINGS

Addisioneel tot die versekerde waardes, is jy ook gedek vir die volgende uitbreidings.

| | |
|---|---|
| **Spieëls en glas** | **1. Toevallige brekasie van spieëls en glas**<br>Ons sal jou vergoed vir toevallige brekasie van spieëls en glasblaaie of vaste glas wat deel vorm van enige meubelstuk of stoof terwyl dit in die gebou is. |
| **Toevallige skade** | **2. Toevallige skade aan inhoud**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige skade aan jou versekerde inhoud, terwyl binne die geboue of op die eiendom.<br>B) Die dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër perk soos ooreengekom en in die skedule genoem en waarvoor addisionele premie betaal is.<br>C) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:<br>a) verlies of skade betaalbaar onder die versekerde gebeurtenisse of uitbreidings van die polis;<br>b) verlies van of beskadiging aan:<br>1. artikels van 'n breekbare aard;<br>2. sellulêre telefone;<br>3. vuurwapens;<br>4. tuinmeubels en –toerusting;<br>5. musiekinstrumente as gevolg van breekskade aan riete, velle of snare;<br>6. radiobeheerde voertuie (RBV), onbemande vlieënde tuie of hommeltuie;<br>7. sporttoerusting;<br>8. video of oudiokassette en laserskywe;<br>c) skade veroorsaak deur die oorwenning van horlosies of ander meganiese apparat;<br>d) die koste verbonde aan die herwinning van data.<br>D) Awery is nie op hierdie uitbreiding van toepassing nie. |
| **Besigheidsgoedere** | **3. Besigheidsgoedere**<br>A) Nieteenstaande enige teenstrydige bepaling in hierdie polis, sal ons jou vergoed vir verlies of skade aan besigheidsgoedere en toerusting veroorsaak deur enige van die versekerde gebeurtenisse terwyl dit binne die geboue is.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Debiet- en kredietkaarte** | **4. Debiet- en kredietkaarte**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies gely of aanspreeklikheid aangegaan (en nie elders verseker nie) as 'n direkte gevolg van die verlies of diefstal en die daaropvolgende ongemagtigde gebruik van enige kontant- of kredietkaart.<br>B) Dekking word verskaf met dien verstande dat jy die bepalings en voorwaardes van die kaartuitreikingsowerheid nagekom het.<br>C) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Vergoeding vir dood** | **5. Vergoeding vir jou dood**<br>A) Indien jy op die perseel deur diewe of tydens 'n brand noodlottig beseer word, sal ons die bedrag genoteer in Aanhangsel B betaal, met dien verstande dat dood binne 12 (twaalf) maande na die besering volg.<br>B) Betaling sal gemaak word aan jou regs- of andersins gevolmagtigde verteenwoordiger. |
| **Dokumente** | **6. Dokumente**<br>A) Ons sal jou vergoed vir onkostes en uitgawes redelikerwys en noodwendig aangegaan as direkte gevolg van verlies of skade veroorsaak deur enige van die versekerde gebeurtenisse aan jou persoonlike dokumente.<br>B) Ons sal slegs aanspreeklik wees vir die waarde van die materiale en die koste van arbeid vir die vervanging van die dokumente of ander onkostes om duplikaatafskrifte te bekom.<br>C) Die skadeloosstelling is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Brandweerheffings** | **7. Brandweerheffings**<br>Ons sal jou vergoed vir die kostes deur enige munisipaliteit of plaaslike owerheid gehef ten opsigte van die blus van 'n brand op die perseel. |
| **Voedsel** | **8. Voedsel**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies weens die verslegting van voedsel terwyl dit in enige yskas of vrieskas is en veroorsaak deur toevallige onderbreking van die kragtoevoer (gas en paraffien ingesluit) of deur die onklaarraking van die verkoelingseenheid of deur onderbreking van die kragtoevoer waar geen voorafkennis daarvan deur die verskaffer gegee is nie.<br>B) Ons sal nie aanspreeklik wees vir die verslegting van voedsel as gevolg van onderbreking in jou kragtoevoer deur wanbetaling van jou elektrisiteitsrekening of jou versuim om vooraf betaalde krag (insluitend brandstof, gas en paraffien) te koop nie.<br>C) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Kolhou** | **9. Kolhou of Perfekte Agt voordeel**<br>A) Indien 'n kolhou of perfekte agt aangeteken word terwyl jy ingevolge die reëls van enige erkende gholfklub of rolbalklub as amateur in 'n potjie gholf of rolbal speel, sal ons jou die bedrag genoteer in Aanhangsel B betaal.<br>B) Dekking is onderhewig aan skriftelike bevestiging van die Sekretaris van die betrokke klub. |
| **Slotte en sleutels** | **10. Slotte en sleutels**<br>A) Ons sal jou vergoed vir kostes en uitgawes redelikerwys en noodsaaklik aangegaan as 'n direkte gevolg van die verlies van of skade aan enige van die sleutels tot die gebou, insluitend die koste om slotte en afstandbeheertoestelle te wysig of te vervang.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Verlies aan geld** | **11. Verlies aan geld**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies aan geld veroorsaak deur enige van die versekerde gebeurtenisse terwyl dit in die gebou(e) is.<br>B) Diefstal is uitgesluit, tensy dit met sigbare, kragdadige of gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die gebou(e) of dreigement van geweld gepaard gaan.<br>C) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Huurgeld** | **12. Huurgeld**<br>A) Indien die gebou(e) sodanig deur enige versekerde gebeurtenis beskadig word dat hulle onbewoonbaar word, sal ons jou vergoed vir:<br>a) die werklike huurbedrag waarvoor jy as bewoner van die woning aanspreeklik is;<br>b) enige redelike addisionele uitgawes wat noodwending aangegaan word om alternatiewe huisvesting te voorsien;<br>c) nodige vervoer en bergingsuitgawes ten opsigte van die inhoud.<br>B) Hierdie is slegs van toepassing vir die tydperk benodig om die gebou weer bewoonbaar te maak, en is beperk tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B. |
| **Mediese uitgawes** | **13. Mediese uitgawes**<br>A) Ons sal jou vergoed vir mediese uitgawes nie andersins verseker nie en aangegaan as gevolg van toevallige liggaamsbesering opgedoen deur:<br>a) enige persoon (benewens jy of 'n lid van jou gesin of huishouding of in jou diens) wat direk veroorsaak word deur enige huisdier wat deur jou besit en op die perseel aangehou word;<br>b) enige gas of besoeker direk veroorsaak deur enige defek in die perseel;<br>c) enige huishoudelike werknemer voortspruitend uit en in die loop van sy / haar werk.<br>B) Die skadeloosstelling is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Ape en bobbejane** | **14. Ape en bobbejane**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies of skade aan jou versekerde inhoud veroorsaak deur wilde ape of bobbejane.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Kragstuwing** | **15. Kragstuwing**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies of skade aan die versekerde inhoud van die geboue veroorsaak deur kragstuwing.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in die skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Huishoudelike werknemers se eiendom** | **16. Huishoudelike werknemers se eiendom**<br>A) Ons sal jou voltydse huishoudelike werknemers vergoed vir verlies of skade aan hulle eiendom terwyl dit binne die geboue is en wat veroorsaak is deur enige van die versekerde gebeurtenisse, met dien verstande dat die eiendom nie andersins verseker is nie.<br>B) Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies of skade veroorsaak deur diefstal wat nie met sigbare, gedwonge en gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die geboue of dreigement van geweld gepaard gaan nie.<br>C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Gaste se eiendom** | **17. Gaste se eiendom**<br>A) Ons sal jou gaste, wat tydelik by jou woon, vergoed vir verlies of skade aan hulle eiendom terwyl dit binne die geboue is en wat veroorsaak is deur enige van die versekerde gebeurtenisse, met dien verstande dat die eiendom nie andersins verseker is nie.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Beskerming van inhoud** | **18. Beskerming van inhoud teen verdere skade**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die koste wat redelikerwys en noodwendig aangegaan is ten einde die inhoud tydelik te beskerm na verlies of skade veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, tensy skriftelik andersins deur ons goedgekeur. |
| **Studente behuising** | **19. Studente behuising**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies van of skade aan huishoudelike inhoud by 'n alternatiewe adres wat deur enige van jou biologiese, aangenome of stiefkinders, wat finansieel van jou afhanklik is, bewoon word terwyl hulle as voltydse studente ingeskryf is.<br>B) Diefstal is uitgesluit, tensy dit vergesel word met sigbare kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou of kamer wat deur jou kinders bewoon word, of dreigement van geweld.<br>C) Die vergoeding is beperk tot the bedrag genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is. |
| **Insakking of grondverskuiwing** | **20. Insakking, grondverskuiwing of opwelling**<br>A) Ons sal jou vergoed vir verlies van of skade aan die inhoud van die gebou(e), veroorsaak deur insakking of opheffing van die grond wat die gebou(e) ondersteun of grondverskuiwing.<br>B) Ons dek nie vernietiging veroorsaak deur of voortspruitend uit:<br>a) uitgrawings, anders as mynuitgrawings;<br>b) veranderings, aanbouings of herstel van die geboue;<br>c) invulkompaksie;<br>d) foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap;<br>e) normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die geboue nie. |
| **Huurderaanspreek-likheid** | **21. Huurderaanspreeklikheid**<br>A) Ons sal jou vergoed vir alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is as huurder en bewoner van enige privaatwoning ten opsigte van:<br>a) fisiese verlies van of skade aan die geboue van die privaatwoning direk deur enige van die versekerde gebeurtenisse veroorsaak;<br>b) fisiese brekasie van:<br>1. sanitêre ware, met uitsluiting van afsplintering en skrape;<br>2. vaste glas, insluitend spieëls en glas in sonverwarmers en stowe wat deel van die geboue van die privaatwoning vorm;<br>c) fisiese skade aan ondergrondse pype en kabels vanaf die geboue van die privaatwoning na die openbare hooftoevoer of na ondergrondse brandstof– of oliepype as gevolg van 'n ongeluk gedurende jou versekeringstydperk. |
| **Transito** | **22. Transito**<br>A) Ons sal jou vergoed vir skade aan jou huishoudelike goedere terwyl dit vervoer word na of van enige plek van aankoop, herstel of opknapping of permanente adresverandering, onderhewig daaraan dat die skade veroorsaak is deur brand, botsing of die omslaan van die voertuig wat die goedere vervoer.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die versekerde bedrag genoteer in die skedule oorskry nie. |
| **Traumadekking** | **23. Traumadekking**<br>A) Ons sal jou vergoed vir mediese uitgawes nie elders gedek nie, en wat volg op 'n brand of gewelddadige diefstal, aanhouding of kaping.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Veeaarts onkostes | **24. Veearts onkostes**<br>A) Ons sal jou vergoed vir besering of dood wat deur 'n padvoertuig veroorsaak word aan 'n hond of kat wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| Rolstoel | **25. Rolstoel**<br>A) Indien jy 'n permanente liggaamlike ongeskiktheid opdoen, veroorsaak deur 'n skielike en onvoorsiene ongeluk wat daartoe lei dat jy op 'n rolstoel moet staatmaak om te beweeg, sal ons bydra tot die redelike koste om 'n rolstoel aan te skaf, onderhewig daaraan dat die inhoud van jou primêre woning ingevolge hierdie afdeling verseker is.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |

'n Eis in verband met enige van die bogenoemde uitbreidings sal nie jou Geen-eis Bonus affekteer nie.

# D2.6

# HUISBEWONERS OPSIONELE UITBREIDING

Jy sal slegs op hierdie opsionele uitbreiding geregtig wees indien dit in die skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| Meganiese of elektriese onklaarraking | **1. Meganiese of elektriese onklaarraking**<br>A) Nieteenstaande die beperkings van Algemene Uitsluiting 15. Ander A)k), sal ons jou vergoed vir skade aan jou inhoud terwyl in die gebou(e) of op die perseel, wat veroorsaak is deur meganiese of elektriese onklaarraking.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër perk soos ooreengekom en in die skedule genoteer in jou versekeringstydperk.<br>C) Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies of skade gedek deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak nie.<br>D) Dekking word slegs verskaf vir 'n periode van 5 (vyf) jaar, watter periode bereken word vanaf die laaste van:<br>a) die vervaldatum van enige vervaardiger se waarborg wat op sodanige item van toepassing mag wees;<br>b) die vervaldatum van enige dienskontrak wat rakende die item aangegaan mag wees; of<br>c) die datum waarop die item aangekoop is indien a) of b) nie van toepassing is nie. |
| Afkoop van die bybetaling | **2. Afkoop van die basiese eerste bedrag betaalbaar**<br>A) Die basiese eerste bedrag betaalbaar met betrekking tot geboue wat in terme van hierdie afdeling verseker is, word hiermee geskrap.<br>B) Hierdie kwytskelding sluit nie eise wat spruit uit weerlig of kragstuwing in nie. |

# D2.7

# HUISBEWONERS VOORWAARDES

Die spesifieke voorwaardes van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| Outomatiese herinstelling | **1. Outomatiese herinstelling van die versekerde waarde**<br>A) Ten einde die versekerde waarde genoem in die skedule te handhaaf, moet jy 'n addisionele premie op die bedrag van die verlies of skade betaal, vanaf die datum van die gebeurtenis tot die vervaldatum van jou versekeringstydperk.<br>B) In geval van 'n maandelikse polis, en ten einde die herinstellingspremie te bereken, sal die jaarlikse hernuwingsdatum van die polis as die vervaldatum van jou versekeringstydperk geag word.<br>C) Ons mag, in ons diskresie, die herinstellingspremie per premie-endossement tot jou polis hef, of die bedrag aftrek van die eis aflosbedrag. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Strandhuis** | **2. Strand-, naweek-, vakansiewoning of enige soortgelyke woning wat gereeld onbewoon is**<br>Indien die strand-, naweek- of vakansiewoning onbewoon is, is dekking vir verlies of skade deur diefstal onderhewig aansigbare, kragdadige en gewelddadige ingang in of uitgang uit die gebou. |
| **Rekenaars** | **3. Rekenaars en skootrekenaars**<br>Dekking vir verlies of skade aan lessenaarrekenaars en draagbare rekenaars is beperk tot die bedrae genoteer in <u>Aanhangsel B</u>, insluitend sagteware en rekenaarbykomstighede. |
| **Konstruksie risiko** | **4. Konstruksie risiko**<br>A) Terwyl die gebou in die proses van strukturele verandering en / of opknapping is en tot die finale afhandeling en oorhandiging deur die kontrakteur aan jou, sal ons slegs aanspreeklik wees vir verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit:<br>a) brand, weerlig, ontploffing; en<br>b) aardbewing.<br>B) Nieteenstaande die bogenoemde, sal volle dekking soos uiteengesti in die polis ten opsigte van die gedeelte van die gebou wat nie struktureel verander of opgeknap word nie, gehandhaaf word. |
| **Goud en platinum** | **5. Goud, platinum, silwer en waardevolle en versamelbare items**<br>A) Die gesamentlike dekking vir:<br>a) pelse;<br>b) juwele en horlosies;<br>c) persiese matte en tapyte;<br>d) skilderye en kunswerke;<br>e) fotografietoerusting;<br>f) artikels uit platinum, goud en silwer; en<br>g) klanktoerusting<br>is beperk tot die persentasie genoteer in <u>Aanhangsel B</u>. |
| **Juwele en horlosies** | **6. Juweliersware en horlosies**<br>A) Alle juweliersware en horlosies met 'n waarde van R100 000 (eenhonderd duisend rand) of meer per item moet:<br>a) aan jou persoon gedra word; of<br>b) in 'n kluis toegesluit word wanneer dit nie aan jou persoon gedra word nie.<br>B) Ons sal nie dekking verskaf vir juweliersware en horlosies met 'n waarde van R100 000 (eenhonderd duisend rand) of meer per item indien die voorwaarde onder A) hierbo nie nagekom is ten tyde van die verlies nie.<br>C) Alle juweliersware en horlosies met 'n waarde van minder as R100 000 (eenhonderd duisend rand) per item moet:<br>a) aan jou persoon gedra word; of<br>b) aan jou persoon gedra word as deel van jou daaglikse roetine. Vir hiedie doel verwys 'daaglikse roetine' na juweliersware en horlosies wat elke dag gedra word, maar wat oornag van jou persoon verwyder en buite sig geplaas mag word (*byvoorbeeld in 'n bedkassie*); of<br>c) in 'n kluis toegesluit word wanneer dit nie aan jou persoon as deel van jou daaglikse roetine gedra word nie.<br>D) Indien jy nalaat om aan enige van die voorwaardes onder C) hierbo te voldoen, sal die bybetalings soos uiteengesit in <u>Aanhangsel A</u> op enige eis van toepassing wees.<br>E) Dekking vir diefstal uit 'n kluis is onderhewig aan die volgende voorwaardes:<br>a) die kluis moet ten tyde van die diefstal gesluit wees; en<br>b) die kluis moet buite sig wees, en moet stewig teen die vloer of muur vasgebout wees; en<br>c) sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot die kluis; of<br>d) sigbare, gewelddadige verwydering van die hele kluis; of<br>e) dreigement van geweld.<br>F) In die afwesigheid van 'n waardasiesertifikaat ten opsigte van juweliersware en horlosies, rus die onus op jou om bewys van eienaarskap en waarde te verskaf. Indien jy nie bewys van eienaarskap en waarde tot ons voldoening kan voorsien nie, sal die limiet soos genoteer in <u>Aanhangsel B</u> van toepassing wees. Die datum van die waardasiesertifikaat wat ter stawing van jou eis voorsien word, moet die verlies voorafgaan. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Pare en stelle | **7. Pare en stelle**<br>Ons sal jou nie vergoed vir enige addisionele of spesiale waarde wat 'n item mag hê op grond van die feit dat dit deel vorm van 'n paar of stel nie. Ons sal jou net vir die proporsionele, intrinsieke waarde van daardie gedeelte van die paar of stel wat verlore, gesteel of beskadig is, vergoed. |
| Sekuriteit | **8. Sekuriteit**<br>A) Alarm waarborg (indien in die skedule genoteer)<br>a) Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons slegs diefstal, of poging tot diefstal uit geboue dek, indien:<br>1. 'n alarmstelsel in die woning geïnstalleer en in volle werkende toestand is; en<br>2. die alarmstelsel aangeskakel is wanneer die geboue onbewaak gelaat word; en<br>3. die alarmstelsel in werkende toestand gehou word. Indien die alarmstelsel onderhou word volgens 'n kontrak met die verskaffers of onderhoudskontrakteurs, sal jy as ontslaan van jou aanspreeklikheid beskou word.<br>b) Ons sal jou ook vergoed indien die sleutel / kode van die alarmstelsel verkry is deur aanranding, geweld of dreigement van geweld.<br>B) Diefwering waarborg (indien in die skedule genoteer)<br>Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons jou nie dek vir verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal nie, as toegang tot die gebou(e) deur 'n oopmaakbare venster verkry is wat nie deur diefwering beskerm is nie. Hierdie klousule is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.<br>C) Veiligheidshek waarborg (indien in die skedule genoteer)<br>Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons jou nie dek vir verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal nie, as toegang tot die gebou(e) deur 'n buitedeur verkry is wat nie deur 'n geslote veiligheidshek beskerm is nie. Hierdie klousule is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was. |
| Grasdak | **9. Grasdak**<br>A) Verlies of skade as gevolg van brand aan gebou(e) met 'n gras / riet dak en veroorsaak deur weerlig of weerligstraal, is onderhewig daaraan dat die gebou(e) deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerligafleier beskerm is.<br>B) In die geval van 'n brand in 'n gebou met 'n gras / riet dak, rus die onus om te bewys dat die brand nie die gevolg van weerlig is nie, op jou.<br>C) Hierdie uitsluiting geld nie as die verlies of skade veroorsaak is deur 'n brand wat vanaf 'n naburige eiendom versprei, waarvan die onmiddellike oorsaak van sodanige brand aan weerlig of weerligstraal toegeskryf kan word nie. |
| Onbewoonde geboue | **10. Onbewoonde geboue**<br>Jy moet ons skriftelik in kennis stel indien jy van voorneme is om enige gebou(e) vir langer as 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon te laat. |

# D2.8

# HUISBEWONERS UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Lys van uitsluitings | **1. Lys van uitsluitings**<br>A) Verlies of skade buite die Republiek van Suid-Afrika<br>B) Verlies of skade aan:<br>a) motorvoertuig(e), sleepwa(ens), watertuig of toebehore terwyl dit in of op die tuig is;<br>b) lewende hawe;<br>c) aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbewyse, geld, tjeks, sekuriteite vir geld, seëls, lugtyd koeponne, dokumente, manuskrifte, medaljes of muntstukke, behalwe soos spesifiek bepaal; |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING D03

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S

## D3.1

## PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die versekerde** | Die polishouer wat in die skedule genoem word en sy / haar gade en onmiddellike familie wat normaalweg by hom / haar woon (insluitend sy / haar kinders wat finansieel van hom / haar afhanklik is). Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Eiendom** | Klerasie en persoonlike besittings sowel as die gespesifiseerde items in die skedule. |
| **Klerasie en persoonlike besittings** | Beteken:<br>o Klere, uitgesluit pelse;<br>o Bagasiehouers, handsakke en aktetasse;<br>o Sporttoerusting, uitgesluit trapfietse, motorvoertuie, sleepwaens, hangsweeftuie, lugvaartuie en watervaartuie;<br>o Horlosies, juweliersware, aandenkings en toiletware;<br>o Fotografiese toerusting, sakrekenaars en verkykers;<br>o Ander persoonlike besittings wat normaalweg deur 'n persoon gedra of gebruik word, uitgesluit kontaklense, radio's, klankreproduksie toerusting, vuurwapens, gehoortoestelle, selfone, skootrekenaars, draagbare rekenaars, notaboeke, globale posisionerings-toestelle ('GPS'), palmrekenaars / tablette en radio-beheerde voertuie (RBV), onbemande vliegtuie en hommeltuie. |

## D3.2

## PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S BYBETALING

Die bedrag wat deur jou betaalbaar is.

| | |
|---|---|
| **Bybetaling** | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook bekend as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## D3.3

## PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Algemene eiendom** | **1. Algemene eiendom dekking**<br>A) Toevallige verlies van of skade aan jou eiendom, terwyl dit in die Republiek van Suid-Afrika is, of wat jou tydelik vergesel na enige ander plek in die wêreld gedurende tydelike besoeke wat nie 6 (ses) agtereenvolgende maande per besoek oorskry nie.<br>B) Met betrekking tot klerasie en persoonlike besittings is ons aanspreeklikheid ten opsigte van enige artikel of stel (anders as klerasie, kruideniersware of huishoudelike goedere) beperk tot die limiete soos genoteer in Aanhangsel B, tensy toegelaat op die basis soos gedefinieer onder D3.6.1. Ooreengekome waarde. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D3.4

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S UITBREIDING

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Kruideniersware en huishoudelike goedere** | 1. Kruideniersware en huishoudelike goedere<br>A) As jou kruideniersware en huishoudelike goedere gesteel word terwyl jy dit direk vervoer vanaf enige plek van aankoop, herstel of opknapping, word sulke goedere geag binne die definisie van klerasie en persoonlike besittings te val.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |

# D3.5

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S OPSIONELE UITBREIDING

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreiding as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| **Afstandbeheertoestel blokkering** | 1. Afstandbeheertoestel blokkering<br>A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van eiendom as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, mits:<br>a) die gesteelde items in die skedule gespesifiseer was;<br>b) die items gestoor is in 'n geslote kattebak en gevolglik ten volle versteek, of versteek is in 'n ingeslote kompartement binne die voertuig ten tyde van die diefstal;<br>c) jy gepoog het om die voertuig te sluit voor die diefstal; en<br>d) die gebeurtenis aan die polisie gerapporteer is en die saaknommer aan ons verskaf is in die eisvorm.<br>B) Die vergoeding sal beperk word tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |

# D3.6

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S VOORWAARDES

Spesifieke voorwaardes van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Ooreengekome of Erkende waarde** | 1. Ooreengekome of Erkende waarde<br>A) Indien enige item vermeld in die skedule verklaar word as 'Ooreengekome of Erkende Waarde', word dit ooreengekom dat enige eis ten opsigte van daardie item geskik sal word op waarde van die item soos genoteer, gevolg deur die woorde 'Ooreengekome Waarde'.<br>B) As sodanige beskadigde item geag word 'n 'totale verlies' te wees, sal ons jou die waarde van daardie item betaal soos gespesifiseer, gevolg deur die woorde 'Ooreengekome of Erkende Waarde'. |
| **Outomatiese herinstelling** | 2. Outomatiese herinstelling<br>Waar toepaslik, sal die versekerde bedrag nie verminder word met die bedrag van enige verlies of skade nie, maar moet jy 'n addisionele premie betaal op die bedrag van die verlies of skade vanaf die datum van die gebeurtenis van die verlies of skade tot die verstryking van jou versekeringstydperk. |
| **Kampeertoerusting** | 3. Kampeertoerusting<br>A) Verlies of skade aan kampeertoerusting van enige aard is uitgesluit terwyl:<br>a) die toerusting in 'n oop voertuig of in 'n voertuig is wat nie gesluit is nie; of<br>b) nie versteek is in 'n geslote kattebak of ingeslote kompartement binne 'n geslote voertuig nie.<br>B) Kampeertoerusting wat onbewaak in die buitelug gelos word, sal slegs gedek wees indien dit binne 'n gekontroleerde reservaat of karavaanpark is. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Vuurwapens

## 4. Vuurwapens

A) Vuurwapens moet in 'n wapenkluis toegesluit wees indien dit nie gedra word nie, in ooreenstemming met wetlike en regulatoriese vereistes.

B) Dekking vir verlies van vuurwapens is beperk tot diefstal uit sodanige kluis en onderhewig aan:
   a) sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in die kluis; of
   b) die sigbare, gewelddadige verwydering van die hele kluis; of
   c) dreigement van geweld.

C) Ons dek nie verlies of skade veroorsaak as gevolg van die bars, of die verkeerde gebruik van, of die gebruik van foutiewe of oorlading van ammunisie in vuurwapens nie.

Juweliersware en horlosies

## 5. Juweliersware en horlosies

A) Juweliersware en horlosies wat in die skedule genoteer is met 'n waarde van R100 000 (eenhonderd duisend rand) of meer per item, moet:
   a) aan jou persoon gedra word; of
   b) in 'n kluis toegesluit word wanneer dit nie aan jou persoon gedra word nie.

B) Ons sal nie dekking verskaf vir juweliersware en horlosies met 'n waarde van R100 000 (eenhonderd duisend rand) of meer per item indien die voorwaarde onder A) hierbo nie nagekom is ten tyde van die verlies nie.

C) Alle juweliersware en horlosies wat in die skedule genoteer is met 'n waarde van minder as R100 000 (eenhonderd duisend rand) per item moet:
   a) aan jou persoon gedra word; of
   b) aan jou persoon gedra word as deel van jou daaglikse roetine. Vir hierdie doel verwys 'daaglikse roetine' na juweliersware en horlosies wat elke dag gedra word, maar wat oornag van jou persoon verwyder en buite sig geplaas mag word (*byvoorbeeld in 'n bedkassie*) of tydelik gedurende die dag verwyder mag word om take te vervul wat die dra van juweliersware onprakties maak (soos bv hande was, kook, skoonmaak); of
   c) in 'n kluis toegesluit word wanneer dit nie aan jou persoon as deel van jou daaglikse roetine, soos omskryf in b) hierbo, gedra word nie.

D) Indien jy nalaat om aan enige van die voorwaardes onder hierbo C) te voldoen, sal die bybetalings soos uiteengesit in Aanhangsel A op enige eis van toepassing wees.

E) Dekking vir diefstal uit 'n kluis is onderhewig aan die volgende voorwaardes:
   a) die kluis moet ten tyde van die diefstal gesluit wees; en
   b) die kluis moet buite sig wees, en moet stewig teen die vloer of muur vasgebout wees; en
   c) sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot die kluis; of
   d) sigbare, gewelddadige verwydering van die hele kluis; of
   e) dreigement van geweld.

F) Dekking is beperk tot die versekerde waarde genoteer in die skedule, of die waarde opgeneem in die waardasiesertifikaat, watter ook die laagste mag wees.

G) In die afwesigheid van 'n waardasiesertifikaat ten opsigte van juweliersware en horlosies, rus die onus op jou om bewys van eienaarskap en waarde te verskaf. Indien jy nie bewys van eienaarskap en waarde tot ons voldoening kan voorsien nie, sal die limiet soos genoteer in Aanhangsel B van toepassing wees. Die datum van die waardasiesertifikaat wat ter stawing van jou eis voorsien word, moet die verlies voorafgaan.

H) Juweliersware en horlosies met 'n waarde van R25 000 (vyf-en-twintigduisend rand) en meer, moet ten minste elke 36 (ses-en-dertig) maande op jou onkoste deur 'n bekwame juwelier, deur ons goedgekeur, ondersoek word. Die juwelier moet ons voor die verstryking van elk van die voormelde 36 (ses-en-dertig) maande periodes met skriftelike bevestiging verskaf dat alle hegtings in orde is en dat geen herstelwerk nodig is nie.

Musiekinstrumente

## 6. Musiekinstrumente

A) Jy moet alle musiekinstrumente in hul houers of enige ander geskikte houers bêre wanneer dit nie gebruik word nie.

B) Ons dek nie die volgende nie:
   a) breek van of skade aan snare of riete;
   b) verlies of skade terwyl die instrumente uitgeleen word;
   c) verlies of skade as gevolg van atmosferiese toestande;
   d) verlies of skade terwyl die instrumente in enige gebou anders as jou privaat woning gestoor word, tensy die instrumente aan die eienaar / bestuurder van die gebou oorhandig was vir veilige bewaring.

C) Diefstal sal slegs gedek wees indien dit gepaardgaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou, of as die sleutels van die gebou vanaf die gemagtigde sleutelhouer verkry is deur aanranding, geweld of 'n dreigement van geweld.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Pare en stelle** | **7. Pare en stelle**<br>Ons sal jou nie vergoed vir enige addisionele of spesiale waarde wat 'n item mag hê op grond van die feit dat dit deel vorm van 'n paar of stel nie. Ons sal jou net vir die proporsionele, intrinsieke waarde van daardie gedeelte van die paar of stel wat verlore, gesteel of beskadig is, vergoed. |
| **Trapfietse** | **8. Trapfietse**<br>A) Die vergoedingsbasis vir verlies of skade aan trapfietse wat in die skedule gespesifiseer is, sal bepaal word deur een van die volgende opsies wat deur jou gekies en in die skedule genoteer is:<br>a) die redelike markwaarde van die trapfiets op die datum van sodanige verlies of skade; of<br>b) die vervangingswaarde van sodanige trapfiets;<br>maar altyd beperk tot die versekerde bedrag genoteer in die skedule.<br>B) Ons sal jou vergoed vir verlies van jou trapfiets veroorsaak deur diefstal terwyl dit aan 'n onbewaakte voertuig vasgeheg is, met dien verstande dat:<br>a) die gesteelde trapfiets in die skedule genoteer is; en<br>b) die trapfiets aan 'n trapfiets-rak vasgeheg en veilig deur 'n sluitbare kabel of ketting met 'n goedgekeurde slot daaraan vasgesluit was; en<br>c) die trapfiets-rak veilig en behoorlik aan sodanige voertuig vasgebout was of met 'n goedgekeurde slot daaraan vasgesluit was; en<br>d) verwydering van die trapfiets vanaf die rak of die verwydering van die rak vanaf die voertuig met sigbare tekens van geweld en krag of dreigement van geweld gepaard gaan.<br>C) Ons sal jou vergoed vir verlies van jou trapfiets veroorsaak deur diefstal vanaf 'n openbare area met dien verstande dat:<br>a) die gesteelde trapfiets in die skedule genoteer is; en<br>b) die trapfiets aan 'n vaste voorwerp vasgeheg en veilig deur 'n sluitbare kabel of ketting met 'n goedgekeurde slot daaraan vasgesluit was; en<br>c) verwydering van die trapfiets met sigbare tekens van geweld en kragdadigheid of dreigement van geweld gepaard gaan.<br>D) Diefstal van wiele vanaf jou trapfiets terwyl die trapfiets aan 'n trapfiets-rak vasgeheg en vaslgesluit is, en die rak op sy beurt aan die voertuig, sal slegs gedek wees indien sodanige wiele deur 'n sluitbare kabel of ketting met 'n goedgekeurde slot, beveilig is.<br>E) Vir die doeleindes van B), C) en D) hierbo:<br>a) 'n 'goedgekeurde slot' beteken enige SABS-goedgekeurde geslote beugelslot;<br>b) 'n 'kabel' beteken trapfiets kabelslot; en<br>c) 'n 'ketting' beteken enige staal ketting met 'n minimum dikte van 10mm.<br>F) Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies van of skade aan bybehore nie, tensy die hele trapfiets verlore of beskadig is. |
| **Diefstal uit voertuie** | **9. Diefstal uit voertuie**<br>A) Verlies van of skade aan eiendom (buiten vaste radios en vaste klanktoerusting) as gevolg van diefstal vanuit 'n onbewaakte voertuig sal slegs ten volle gedek wees indien:<br>a) die eiendom gestoor was in 'n geslote kattebak en gevolglik ten volle versteek is, of versteek is in 'n ingeslote kompartement binne 'n geslote voertuig; of<br>b) die voertuig self in 'n veilige geslote gebou of in 'n geslote parkering gehuisves is.<br>B) Indien jy nalaat om aan enige voorwaardes onder A) hierbo te voldoen, sal dekking beperk word tot die bedrag genoteer in Addendum B.<br>C) Nieteenstaande die bepalings van A) en B) hierbo, sal verlies van of skade aan sporttoerusting wat in die skedule genoteer is, as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, slegs gedek wees indien die toerusting:<br>a) in 'n geslote kattebak gestoor is indien die voertuig 'n kattebak het; of<br>b) in 'n geslote voertuig gestoor is indien die voertuig nie 'n kattebak het nie; of<br>c) die voertuig self in 'n veilige geslote gebou of in 'n geslote parkering gehuisves is.<br>D) Toegang tot of uitgang vanuit die voertuig of gebou moet vergesel word deur sigbare kragdadigheid en geweld of deur dreigement van geweld. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D3.7

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Kontant | **1. Kontant**<br>Verlies aan kontant, banknote, geld, tjeks, effekte, koepons, seëls, lugtydbewyse, titelaktes, manuskripte, sekuriteite van enige aard, reiskaartjies of enige ander verhandelbare dokumente. |
| Glas | **2. Glas**<br>Breek van glas (anders as lense) wat nie veroorsaak is deur brand of diewe nie. |
| Onderhouds- ooreenkoms | **3. Onderhoudsooreenkoms of waarborg**<br>Verlies van of skade aan items gedek deur enige waarborg, dienskontrak, huurooreenkoms of koopooreenkoms deur jou of namens jou aangegaan. |
| Fotografie-toerusting | **4. Fotografie-toerusting**<br>A) Verlies van of skade aan fotografiese of optiese toerusting terwyl dit gebruik word vir:<br>a) kommersiële of professionele doeleindes; of<br>b) ekspedisies van ontdekking; of<br>c) navorsing; of<br>d) onderwaterfotografie. |
| Radiobeheerde voertuie | **5. Radiobeheerde voertuie**<br>Verlies van of skade aan radiobeheerde voertuie, onbemande vliegtuie en hommeltuie, behalwe deur brand of diefstal in terme van hierdie polis. |
| Klankopnemings- toerusting | **6. Klankopnemingstoerusting**<br>Verlies van of skade aan klank- of video-opname media anders as deur brand of diefstal en dan slegs vir hul waarde as ongebruikte materiaal. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING D04
# PERSOONLIKE ONGEVALLE

Dekking is beskikbaar onder Afdeling C17: Groep persoonlike ongevalle

# AFDELING D05
# ELEKTRONIESE TOERUSTING

Dekking is beskikbaar onder Afdeling C13: Elektroniese toerusting


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING D06
# WATERVAARTUIG

## D6.1
## WATERVAARTUIG DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die versekerde** | Die polishouer wat in die skedule genoem word en enige familielid wat normaalweg saam met hom / haar woon. Hierna verwys as 'jy / jou'. |
| **Elektroniese toerusting** | Elektroniese toerusting items wat normaalweg in / op 'n watervaartuig gebruik sou word. |
| **Hengelgereedskap** | Enige items wat normaalweg tydens hengel gebruik sou word en sluit visstokke, katrolle, visvangkaste en die inhoud daarvan, in. |
| **Watervaartuig** | 'n Plesierboot met 'n maksimum lengte van 10 (tien) meter en ontwerp met 'n maksimum spoed van 43 (drie-en-veertig) knope of 80 (tagtig) km/u en wat gespesifiseer is in die skedule. Die vaartuig bestaan uit die romp, bo-struktuur, toebehore, masjinerie, enjins, motore en toerusting wat normaalweg as een eenheid verkoop word, met uitsondering van die sleepwa, beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Klerasie en persoonlike besittings** | Beteken:<br>o Klere, uitgesluit pelse;<br>o Bagasiehouers, handsakke en aktetasse;<br>o Sporttoerusting, uitgesluit trapfietse, motorvoertuie, sleepwaens, sweeftuie, lugvaartuie, watervaartuie en skubaduiktoerusting;<br>o Horlosies, juweliersware, aandenkings en toiletware;<br>o Fotografiese toerusting, sakrekenaars en verkykers;<br>o Ander persoonlike besittings wat normaalweg deur 'n persoon gedra of gebruik word, uitgesluit kontaklense, radio's, klanktoerusting, vuurwapens, gehoortoestelle, selfone, skootrekenaars, draagbare rekenaars, notaboeke, globale posisionerings toestelle ('GPS'), tablette en radio-beheerde voertuie, onbemande vliegtuie en hommeltuie. |

## D6.2
## WATERVAARTUIG ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat jou eiendom vir die korrekte waarde gedek is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat jou eiendom voldoende gedek is. As jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) van toepassing wees. |
| **Awery** | Indien daar vasgestel word dat die bedrag wat ten tye van verlies of skade nodig is om jou versekerde watervaartuig te vervang, soos per Vergoedingsbasis D) hieronder, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, soos gemeld in die skedule, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D6.3

## WATERVAARTUIG BYBETALING

Die bedrag wat deur jou betaalbaar is.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Ons vergoeding is beperk tot die bedrag in die skedule aangedui, minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

# D6.4

## WATERVAARTUIG DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | **1. Versekerde gebeurtenisse**<br>Jy is gedek vir verlies van of skade aan die watervaartuig as gevolg van:<br>A) Ongeluk.<br>B) Brand, weerlig, ontploffing, aardbewing of vulkaanuitbarsting.<br>C) Kwaadwillige optrede.<br>D) Verlies of skade aan buiteboordmotor(e), met dien verstande dat dit behoorlik aan die watervaartuig vasgeheg is.<br>E) Diefstal of poging daartoe, insluitend masjinerie, buiteboordmotor(e), toebehore of toerusting, indien saam met die watervaartuig gesteel of na kragdadige en gewelddadige inbraak in of uitbraak uit die vaartuig of bergplek.<br>F) 'n Latente gebrek in die watervaartuig of die watervaartuig se masjinerie.<br>G) Nalatigheid van enige persoon.<br>H) Botsing met 'n voorwerp onder water. |

# D6.5

## WATERVAARTUIG UITBREIDINGS

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Verdwyning en blootstelling | **1. Verdwyning en blootstelling**<br>A) As jy verdwyn en vermoedelik dood is, sal ons jou begunstigde of jou boedel vergoed tot die kapitale versekerde bedrag soos uiteengesit in die skedule, onderworpe daaraan dat:<br>a) 'n afskrif van die Hofbevel aan ons verskaf word wat bevestig dat jy vermoedelik dood is;<br>b) ons tevrede is dat 'n gebeurtenis plaasgevind het wat veroorsaak het dat jy 'n liggaamlike besering opgedoen het (insluitende 'n besering wat veroorsaak word deur hongersnood, dors of blootstelling aan die elemente wat direk of indirek as gevolg van 'n ongeluk veroorsaak is) waar redelikerwys bepaal kan word dat dit jou dood gelei het.<br>B) Indien dit blyk dat jy lewendig is of lewendig gevind word ten enige tyd nadat ons die eis betaal het, moet jy alle vergoeding aan ons terugbetaal. |
| Elektroniese toerusting | **2. Elektroniese toerusting**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige verlies van of skade aan elektroniese toerusting terwyl dit binne of op die watervaartuig is.<br>B) Die vergoeding is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| Nood- en herwinningskoste | **3. Nood- en herwinningskoste**<br>Ons sal jou, tot en met die persentasie genoteer in Aanhangsel B, vergoed vir alle redelike en noodsaaklike kostes en uitgawes aangegaan ten einde 'n verlies wat gedek sal word in hierdie polis, te verminder of te voorkom. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Hengelgereedskap** | **4. Hengelgereedskap**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige verlies van of skade aan hengelgereedskap terwyl dit binne of op die watervaartuig is.<br>B) Die vergoeding is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Aanspreeklikheid teenoor derde partye** | **5. Aanspreeklikheid teenoor derde partye**<br>A) Ons sal jou vergoed / skadeloos stel vir alle bedrae (insluitend die eiser se kostes en uitgawes) waarvoor jy, of enige persoon wat die watervaartuig met jou toestemming gebruik, of enige waterskiër wat deur die watervaartuig gesleep / getrek word of voorberei om gesleep / getrek te word deur die watervaartuig, aanspreeklik gehou word ten opsigte van:<br>a) dood of liggaamlike besering aan enige persoon (behalwe jy en enige ander persoon soos gespesifiseer in Uitsluiting D6.9.4 Aanspreeklikheid teenoor derde partye A)a) tot A)g) soos hieronder uiteengesit);<br>b) verlies van of skade aan eiendom wat nie aan jou of die toegelate gebruiker behoort nie;<br>c) enige gepoogde of daadwerklike drywing, verwydering of vernietiging van die wrak van die watervaartuig of enige nalating of versuim om die wrak te laat dryf, te verwyder of te vernietig;<br>d) uitgawes aangegaan deur jou in verband met amptelike navrae en lykskouing, mits die uitgawes met ons toestemming aangegaan is;<br>e) regskostes en uitgawes in die verdediging van enige kriminele of siviele aksie of betwisting van aanspreeklikheid, mits sodanige regskostes en uitgawes met ons skriftelike toestemming aangegaan is.<br>B) Ten opsigte van enige enkele eis of reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis, is die maksimum vergoedingsbasis beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Mediese uitgawes** | **6. Mediese uitgawes**<br>A) Ons sal jou skadeloos stel vir liggaamlike besering(s) opgedoen deur enige persoon terwyl aanboord die watervaartuig en wat voortspruit uit 'n ongeluk, indien nie andersins verseker nie.<br>B) Die skadeloosstelling sal beperk word tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Persoonlike Ongevalle** | **7. Persoonlike Ongevalle**<br>A) Liggaamlike besering wat uitsluitlik deur gewelddadige, toevallige, eksterne en sigbare wyse veroorsaak word terwyl aan boord gaan of aan boord wees of afklim van die versekerde watervaartuig, en wat onafhanklik van enige ander oorsaak die uitsluitlike oorsaak van enige van die ondervermelde gebeurtenisse is:<br>a) dood;<br>b) totale en permanente verlies (insluitend totale en permanente verlies van gebruik) of ongeskiktheid soos gespesifiseer in die Tabel van Permanente Ongeskiktheid (Aanhangsel C).<br>B) In die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige persoon en onafhanklik van alle ander oorsake wat binne 24 (vier en twintig) kalender maande dood of ongeskiktheid teweegbring, sal ons die kapitale versekerde bedrag soos gespesifiseer in die skedule aan jou betaal, namens sodanige persoon of sy / haar boedel, beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.<br>C) Vergoeding sal nie betaalbaar wees:<br>a) vir beide dood (gebeurtenis a) en totale en permanente verlies of ongeskiktheid (gebeurtenis b) wat deur dieselfde voorval veroorsaak word nie. Hierdie is nie van toepassing in die geval van dood wat plaasvind nadat vergoeding reeds betaal is as gevolg van totale en permanente verlies of ongeskiktheid nie. In hierdie geval, sal die totale bedrag nie die vergoeding gespesifiseer vir dood (gebeurtenis a) oorskry nie;<br>b) vir gebeurtenis a) of b), tensy dit plaasvind binne 24 (vier en twintig) maande na die plaasvind van die voorval;<br>c) vir enige spesifieke voorval waar groter / verhoogde vergoeding betaalbaar is vir enige voorval wat die spesifieke voorval insluit nie;<br>d) kragtens hierdie polis en ten opsigte van enige van die voorgenoemde gebeurtenisse wat op enige manier (direk of indirek) veroorsaak word deur of voortspruit uit of as gevolg van of verband hou met, enige fisiese gebrek of swakheid wat voor enige gebeurtenis bestaan het nie;<br>e) selfdood of poging daartoe, of enige opsetlike selfbesering;<br>f) swangerskap of geboorteskenking. |
| **Besigtigingskoste** | **8. Besigtigingskoste**<br>Ons sal jou vergoed vir die uitgawe om die gedeelte van die romp wat onderwater is te besigtig na stranding, indien dit redelikerwys spesiaal vir daardie doel aangegaan is (selfs al word daar geen skade gevind nie). |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Vervoer risiko's** | **9. Vervoer risiko's**<br>A) Ons sal jou vergoed vir enige verlies of skade weens die vervoer op land (insluitend die oplaai en aflaai), maar skrape en duike word uitgesluit.<br>B) Hierdie afdeling word uitgebrei om ook eise deur derde partye vir dood, besering of skade voortspruitend uit sodanige oplaai of aflaai bedrywighede in te sluit.<br>C) Ons sal nie aanspreeklik wees terwyl die watervaartuig:<br>a) vervoer word deur 'n persoon wat geen geldige bestuurderslisensie het nie, tensy die betrokke persoon aangekla word van diefstal of onwettige gebruik van die voertuig wat gebruik word om die sleepwa te sleep;<br>b) onder die beheer van 'n persoon wat onder die invloed van sterk drank of dwelms is nie. |
| **Gebruik deur ander persone** | **10. Gebruik deur ander persone**<br>Enige persoon, behalwe 'n persoon wat 'n skeepswerf, herstelwerf, sleephelling, seiljagklub, marina of vaartuigverkoopsdiens of soortgelyke besigheid bedryf, of werksaam is by sodanige besigheid, wat die watervaartuig met jou toestemming gebruik, sal as die versekerde beskou word, met dien verstande dat daardie persoon die bepalings van die polis nakom en hom daaraan onderwerp. |
| **Klerasie** | **11. Klerasie en persoonlike besittings**<br>A) Ons sal jou vergoed vir toevallige verlies van of skade aan klerasie en persoonlike besittings terwyl in of op die watervaartuig.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrae genoteer in Aanhangsel B. |
| **Seiljagwedvaart risiko** | **12. Seiljagwedvaart risiko**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die koste om die seile, maste, sparre en stilstaande en lopende touwerk wat verloor word of deur 'n versekerde gebeurtenis beskadig word terwyl die watervaartuig aan 'n wedvaart deelneem, te herstel of te vervang. Die vergoeding sal beperk word tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B (en van toepassing tot sodanige items).<br>B) Indien die verlies of skade van die watervaartuig veroorsaak is deur stranding, sinking, verbranding, aan die brand slaan, botsing of kontak met enige eksterne voorwerp (ys ingesluit), behalwe water, sal ons jou vergoed vir die herstel of vervangingskoste tot en met die beperking van die versekerde bedrag na aftrekking van enige bybetaling.<br>C) Uitsluiting D6.9.11 Sleep op water A)b) (sleep of herwinning van 'n watervaartuig behalwe een in nood) soos uiteengesit hieronder, is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie. |

# D6.6

# WATERVAARTUIG OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreiding as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| **Krediettekort** | **1. Krediettekort**<br>A) Indien enige algehele skikking minder is as die bedrag wat betaalbaar is aan die bank / finansierder in terme van 'n huidige verkoop of huurkoopooreenkoms, sal ons jou vergoed vir 'n addisionele bedrag gelykstaande aan die bedrag wat tekort is, minus:<br>a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitend rente wat betaalbaar is op sodanige agterstallige paaiemente;<br>b) alle terugbetalings van premies vir kansellasie van enige versekeringsdekking met betrekking tot die watervaartuig;<br>c) die verhoogte paaiemente of huurgeld wat betaal sou gewees het indien daar geen oorblywende kapitaalwaarde was aan die einde van die finansieringstydperk, bereken na die maand waarin die eis geskik is nie;<br>d) enige afbetalingsboetes;<br>e) enige bybetaling.<br>B) Die bedrae betaalbaar sal nie die maksimum vergoeding minus die bybetaling oorskry nie.<br>C) Hierdie endossement sal nie van toepassing wees op enige ooreenkoms waarvolgens die bedrag van enige enkele paaiement, anders as die finale reswaarde na die aanvanklike betaling, met meer as 10% (tien persent) verskil nie;<br>D) Indien sodanige tekort as gevolg van 'n hervoorskot in terme van 'n verkoopsooreenkoms of herfinansiering ingevolge 'n huurkoopooreenkoms is, is die versekering deur hierdie uitbreiding ongeldig. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# D6.7

# WATERVAARTUIG VERGOEDINGSGRONDSLAG

| | |
|---|---|
| Vergoeding | **1. Vergoeding**<br>A) Indien die watervaartuig na 'n versekerde gebeurtenis verloor of beskadig word, sal ons jou as volg vergoed (uitsluitlik op ons diskresie):<br>a) deur te betaal vir die herstel van die watervaartuig deur 'n goedgekeurde hersteller; of<br>b) die vervanging van die watervaartuig; of<br>c) die bedrag van die verlies of skade, minus enige bybetaling, aan jou te betaal.<br>B) Herstel of vervanging sal so na as moontlik aan die oorspronklike spesifikasies wees, maar daar sal nie van ons verwag word om die presiese herstel te bereik nie.<br>C) Indien, volgens ons kennis, die watervaartuig die onderwerp is van 'n afbetalings- of huurkoopooreenkoms, sal ons eerste betaling maak aan die titelhouer soos omskryf in daardie ooreenkoms, waarna ons die balans (indien enige) aan jou sal betaal. Enige skadeloosstelling ingevolge hierdie bepaling sal 'n volledige en finale ontslag wees van enige en alle aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige verlies of skade.<br>D) Die maksimum bedrag betaalbaar sal die volgende wees:<br>a) die huidige koopprys van 'n nuwe watervaartuig (uitgesluit motore) van dieselfde of 'n soortgelyke model, indien die watervaartuig minder as 4 (vier) jaar oud is; of<br>b) die huidige markwaarde van die watervaartuig (uitgesluit motore), indien die watervaartuig ouer as 4 (vier) jaar is; en<br>c) met betrekking tot binne- en buiteboordmotore, die redelike huidige markwaarde; of<br>d) die skadeloosstellingsperk in die skedule vermeld, watter ookal die laagste is, minus die bybetaling. |

# D6.8

# WATERVAARTUIG VOORWAARDES

Spesifieke voorwaardes wat van toepassing is op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| | Algemene Voorwaarde 20. Ander versekering is nie van toepassing op hierdie afdeling nie. Die volgende spesifieke bepalings is egter ingesluit en van toepassing op jou: |
| Kruisafstand | **1. Kruisafstand**<br>Dekking vir watervaartuig op see is beperk tot 'n maksimum kruisafstand van 12 (twaalf) seemyl vanaf die kus van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië of Mosambiek, of die wettige afstand soos andersins van toepassing mag wees. |
| Gewoontes, aktiwiteite en gesondheid | **2. Gewoontes, aktiwiteite en gesondheid (van toepassing op die Persoonlike ongevalle uitbreiding)**<br>A) Jy moet ons onmiddellik skriftelik in kennis stel van enige verandering in jou besigheid of gewoontes of aktiwiteite en enige bykomende premie betaal wat deur ons vereis mag word.<br>B) Jy moet ons onmiddellik skriftelike kennis gee van enige siekte of fisiese gebrek of swakheid waarmee jy gediagnoseer is of jou mag affekteer.<br>C) Met die plaasvind van enige gebeurtenis waarvoor vergoeding betaalbaar is, moet jy van die dienste van 'n geregistreerde mediese praktisyn, wat deur ons goedgekeur is, gebruik maak en enige behandeling ondergaan wat die praktisyn nodig ag.<br>D) Jy moet so dikwels, as wat ons benodig en op ons koste, jou aan 'n mediese ondersoek onderwerp.<br>E) In die geval van jou dood, sal ons geregtig wees om 'n nadoodse ondersoek aan te vra (op ons onkoste).<br>F) Hierdie afdeling sal hersien word aan die einde van jou versekeringstydperk waarbinne jy die ouderdom van 70 (sewentig) jaar bereik. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Binneboordmotore** | **3. Binneboordmotore of masjinerie**<br>Dekking vir verlies van of skade van 'n watervaartuig met binneboordmasjinerie as gevolg van brand of ontploffing is onderhewig daaraan dat die watervaartuig met 'n outomatiese brandblussersisteem in die enjinkamer of motorruimte, tenkruimte en kombuis toegerus is, of een wat vanaf die stuurposisie beheer word. |
| **Seevaardigheid** | **4. Seevaardigheid en sorg**<br>Jy sal alle redelike stappe neem om die watervaartuig te beskerm en in stand te hou in 'n behoorlike toestand van herstel en seevaardigheid. |
| **Kapteinslisensie** | **5. Kapteinslisensie**<br>In geval van 'n eis, moet jy kan toon dat jy, of enige ander persoon wat ten tyde van die voorval in beheer van die vaartuig was, in besit van 'n kapteinslisensie of enige ander toepaslike lisensie is. |

# D6.9

# WATERVAARTUIG UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Verbruiksgoedere** | **1. Verbruiksgoedere of vasmeertoue**<br>Verlies van of skade aan verbruiksgoedere of vasmeertoue of kettings. |
| **Onbevoegde loods** | **2. Onbevoegde loods**<br>Verlies, skade, besering of aanspreeklikheid wat veroorsaak, opgedoen of aangegaan word terwyl die watervaartuig bestuur word deur enige persoon wat nie bevoeg is om so 'n watervaartuig te bestuur nie, tensy sodanige persoon die watervaartuig bestuur onder die onmiddellike toesig van 'n persoon wat so bevoeg is. |
| **Bedwelmende drank of dwelms** | **3. Bedwelmende drank of dwelms**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies of aanspreeklikheid gelei of veroorsaak terwyl die watervaartuig bestuur word deur:<br>a) jou terwyl jy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy toegedien of voorgeskryf deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep); of<br>b) enige ander persoon met jou toestemming en wie met jou medewete onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy toegedien of voorgeskryf deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep); |
| **Derde party aanspreeklikheid** | **4. Derde party aanspreeklikheid**<br>A) Ons sal jou of die toegelate gebruiker of waterskiër nie vergoed vir enige eise as gevolg van regsaanspreeklikheid vir:<br>a) dood of liggaamlike besering ten opsigte van enige persoon wat in enige hoedanigheid in jou diens is, of enige ander persoon wat in verband met die watervaartuig of op soortgelyke wyse in diens is van enige persoon wat die watervaartuig gebruik met jou toestemming, of soortgelyk in diens is van enige waterskiër;<br>b) ongelukke as gevolg van enige persoon se deelname aan sweef of ander lugsport terwyl daardie persoon deur die versekerde watervaartuig gesleep / getrek word of voorberei word om deur die versekerde watervaartuig gesleep / getrek te word of totdat daardie persoon weer veilig aan boord is op die watervaartuig;<br>c) ongelukke wat plaasvind terwyl die watervaartuig deur 'n meganies aangedrewe padvoertuig, perspoor, perskip of lugvaartuig vervoer word;<br>d) dood of liggaamlike besering ten opsigte van betalende passassiers en verlies van of skade aan hul eiendom;<br>e) skadevergoeding of boetes wat ontstaan in terme van 'n ooreenkoms;<br>f) boetes of ander strawwe opgelê ingevolge enige statutêre kode of gemenereg ten opsigte van 'n misdryf wat gepleeg is;<br>g) dood of liggaamlike besering aan enige persoon wat 'n skeepswerf, herstelwerf, sleephelling, seiljagklub, hawe, verkoopsagentskap of 'n soortgelyke organisasie bedryf, of die werknemer van sodanige persoon is. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Wegdrywing** | **5. Wegdrywing**<br>A) Verlies of skade aan die watervaartuig of vir enige aanspreeklikheid teenoor enige derde party of vir enige bergingsdienste wat veroorsaak word deur die watervaartuig wat gestrand, oorstroom, gesink of weggedryf het terwyl:<br>a) dit vasgemeer en onbewaak gelaat word vanaf / op 'n blootgestelde strand of kus; of<br>b) dit geanker en onbewaak gelaat word vanaf / op 'n blootgestelde strand of kus. |
| **Meganiese of elektriese onklaarraking** | **6. Meganiese of elektriese onklaarraking**<br>Verlies of skade as gevolg van meganiese of elektriese onklaarraking van masjinerie, enjins, motore, batterye en hul verbindings (behalwe die dryfas en skroef), tensy dit veroorsaak word deur eksterne oorsake wat nie andersins uitgesluit is nie. |
| **Wedvaarte** | **7. Wedvaarte**<br>Verlies of skade terwyl die watervaartuig deelneem aan 'n enjinaangedrewe wedvaart of snelheidstoets, of enige proewe in verband daarmee. |
| **Herstelwerk** | **8. Herstel- of veranderingswerk**<br>Verlies of skade as gevolg van enige gebrek wat voortspruit uit nalatigheid of kontrakbreuk ten opsigte van enige herstel- of veranderingswerk. |
| **Seile** | **9. Seile of beskermende skutmateriaal**<br>A) Verlies van of skade aan die seile of beskermende skutmateriaal wat deur die wind geskeur of weggewaai word terwyl dit gespan is, tensy die verlies of skade die gevolg is van:<br>a) skade aan die sparre waaraan die seile vasgemaak is; of<br>b) veroorsaak word deur die feit dat die watervaartuig strand, sink, brand, aan die brand slaan, bots; of<br>c) die watervaartuig in aanraking kom met enige eksterne voorwerp (ys ingesluit), behalwe water. |
| **Gebiedsbeperkings** | **10. Gebiedsbeperkings**<br>Verlies, skade, besering of aanspreeklikheid wat veroorsaak, opgedoen of aangegaan is buite die gebied van die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, eSwatini, en Zimbabwe. |
| **Sleep op water** | **11. Sleep op water**<br>A) Verlies of skade terwyl die watervaartuig:<br>a) gesleep word op water, behalwe:<br>1. wanneer in nood;<br>2. vir gebruiklike sleepwerk in verband met die optel, inpas of herstel van die watervaartuig;<br>b) 'n ander watervaartuig sleep of berg, behalwe in nood;<br>c) 'n ander watervaartuig sleep of berg (hetsy in nood of nie) in terme van 'n ooreenkoms aangegaan voor die sleep of berging van die watervaartuig. |
| **Gebruik** | **12. Gebruik van watervaartuig**<br>A) Verlies of skade terwyl die watervaartuig:<br>a) gebruik word vir enige doel wat nie vir privaat of plesier is nie;<br>b) uitverhuur word;<br>c) gebruik word óf as 'n woonboot óf as permanente verblyf aangewend word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# KOMMERSIËLE AFDELINGS

Bladsye 46 tot 155 detailleer die dekking wat met die nie-motor Kommersiële afdelings van hierdie polis verband hou.

| Afdelings | **Die afdelings is maklik uitkenbaar deur die** 'C' **voorvoegsel,** soos volg:<br>C01: Brand<br>C02: Geboue omvattend<br>C03: Kantoorinhoud<br>C04: Sake-onderbreking<br>C05: Rekenings ontvangbaar<br>C06: Diefstal<br>C07: Geld<br>C08: Glas<br>C09: Eerlikheidswaarborg<br>C10: Goedere in transito<br>C11: Sake alle risiko's<br>C12: Toevallige skade<br>C13: Elektroniese toerusting<br>C14: Masjinerie onklaarraking<br>C15: Masjinerie onklaarraking (verlies aan wins)<br>C16: Aangegewe voordele<br>C17: Groep persoonlike ongevalle<br>C18: Aanleg alle risiko's (toekomstige afdeling) |
|---|---|


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C01
# BRAND

## C1.1
## BRAND DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Versekerde eiendom | Geboue: geboue insluitend verhuurderse toebehore daarin of daaraan, mure (behalwe damwalle), hekke, pale en heinings.<br>Aanleg: aanleg, masjinerie, verhuurderse toebehore waarvoor jy aanspreeklik is en / of huurder se verbeterings en / of alle ander inhoud, uitgesluit eiendom wat meer spesifiek verseker is.<br>Voorraad: voorraad en handelsmateriaal. |
| Perseel | Die grond waarop die geboue geleë is. |
| Insakking en grond-verskuiwing | Insakking: die afwaartse beweging van grond wat die geboue ondersteun.<br>Grondverskuiwing: die afwaartse gly van 'n massa grond.<br>Opwelling: die opwaartse beweging van die grond wat die geboue ondersteun. |
| Huurder | Iemand, anders as jy, wie per mondelingse of skriftelike ooreenkoms, toestemming het om jou geboue vir langer as 30 (dertig) opeenvolgende dae te beset. Dit sluit egter nie 'n korttermyn betalende gas of loseerder wat die gebou vir minder as 30 (dertig) opeenvolgende dae beset, in nie. |
| Gebaalde voer | Definisies van toepassing op C1.7.17 Gebaalde voer in die ope:<br>Voer: veevoer in enige vorm;<br>Baal: veevoer wat in reghoekige of ronde bale gebind is of in sake geplaas is;<br>Mied: 'n aantal bale wat saam gegroepeer is;<br>Tros: 'n aantal miedens op dieselfde perseel;<br>Perseel: die fisiese plek waar 'n tros gestoor word. |

## C1.2
## BRAND ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| Onderversekering | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| Awery | Indien daar vasgestel word dat die versekerde eiendom ten tyde van die verlies of skade, gesamentlik meer werd is as die versekerde bedrag waarteen dit verseker is (soos vermeld in die skedule) word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as 1 (een) is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C1.3

## BRAND BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| **Bybetaling** | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na Aanhangsel A. |

# C1.4

## BRAND DEKKING

Jy is gedek vir die verlies van of skade aan eiendom, veroorsaak deur die volgende versekerde gebeurtenisse wat by die perseel ontstaan of plaasvind.

**Standaard gevare**

### 1. Standaard gevare

A) Skade aan die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik), wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, insluitende enige verbeterings / verbouings aan die geboue en strukture wat deur jou aangebring is, welke skade veroorsaak is deur:

- a) brand;
- b) weerlig of donderslag;
- c) ontploffing.

**Addisionele gevare**

### 2. Addisionele gevare

A) Aardbewing

Skade aan die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik) wat veroorsaak is deur aardbewing, uitsluitend skade aan eiendom wat veroorsaak is deur die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

B) Spesiale gevare

Skade aan die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik) wat veroorsaak is deur:

- a) storm, wind, water, hael of sneeu, met uitsluiting van skade aan eiendom:
  1. wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
  2. wat veroorsaak deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;
  3. in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;
  4. in die ope (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope te wees of te werk);
  5. in enige struktuur wat nie heeltemal bedek of onder dak is nie;
  6. wat keermure is.
- b) lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;
- c) toevallige impak / botsing deur diere, vallende bome / takke, antennas / lugdrade, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van enige skade aan sodanige diere, bome, antennas / lugdrade, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

C) Ons dek nie verlies of skade wat veroorsaak of vererger word deur:

- a) lekkasie of ontlading van enige besproeingstelsel in die geboue wat hierkragtens verseker word of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker word;
- b) jou versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C1.5

# BRAND UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| **Alle ander inhoud** | **1. Alle ander inhoud**<br>A) Die uitdrukking 'Alle ander inhoud' waarna in die skedule verwys word, sluit in maar is nie beperk tot, persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat jou eiendom of dié van jou direkteure of werknemers is in die mate waarin sodanige eiendom nie andersins verseker is nie.<br>B) Die voordeel ingevolge hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag uiteengesit in Aanhangsel B vir enige individu ten opsigte van eiendom wat verloor of beskadig word terwyl dit op jou perseel is. |
| **Alternatiewe vervangings-voorwaarde** | **2. Alternatiewe vervangingsvoorwaarde (ontwerp vermoë)**<br>A) Indien die versekerde eiendom wat oor 'n meetbare werkingsvermoë of produksie beskik, deur 'n versekerbare gebeurtenis beskadig word en dit nie moontlik is om sodanige eiendom ingevolge die C1.7.12 Herstelwaarde voorwaarde te vervang of te herstel nie, betaal ons die koste van vervanging van sodanige eiendom met eiendom waarvan die gehalte van werkingsvermoë of produksie so na as moontlik, maar nie minderwaardig is nie, aan dié van die oorspronklike eiendom, met dien verstande dat:<br>a) voorbehoudsbepalings A), B) en C) van die Herstelwaarde voorwaardes gelykwaardig op hierdie klousule van toepassing is;<br>b) met die toepassing van die bepalings van voorbehoudsbepaling B) van die Herstelwaarde voorwaarde, die koste (soos voorsien in voorbehoudsbepaling B)) '*wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel indien die totale eiendom beskadig was*' verhoog word deur sodanige bedrag wat ingevolge die Alternatiewe Vervangingsvoorwaarde betaalbaar is en wat meer is as dit wat betaalbaar sou gewees het ingevolge die Herstelwaarde Voorwaarde sou dit moontlik gewees het om die eiendom daarkragtens te vervang of te herstel. |
| **Argitekte en ander professionele fooie** | **3. Argitekte en ander professionele fooie**<br>A) Die versekering ingevolge:<br>a) geboue; en<br>b) aanleg, masjinerie en alle ander inhoud;<br>wat in die skedule genoteer is, sluit professionele fooie in (vir beramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang ná skade weens 'n versekerde gebeurtenis, maar in geen geval oorskry dit 15% (vyftien present) van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade nie, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop.<br>B) Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige fooie sluit nie onkoste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van jou eis nie. |
| **Kapitaaltoevoegings** | **4. Kapitaaltoevoegings**<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom behalwe bedryfsvoorraad en –materiaal vir 'n bedrag van hoogstens 15% (vyftien present) van die bedrag waarteen dit verseker is.<br>B) Jy onderneem om ons elke kwartaal in kennis te stel van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings en die toepaslike addisionele premie daarop te betaal. Indien die versekeringsperiode nie kwartaaliks is nie, dan word die woorde 'elke kwartaal' gewysig na 'elke maand'. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Koste van sloping, opruiming en oprigting van afskortings

## 5. Koste van sloping, opruiming en die oprigting van afskortings

A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur jou aangegaan word ten opsigte van die sloping van geboue en masjinerie en / of die verwydering van puin (insluitende voorraadpuin) en die verskaffing, oprigting en instandhouding van afskortings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en / of boubedrywighede ná skade aan die versekerde eiendom weens 'n versekerde gebeurtenis.

B) Die totale bedrag wat verhaalbaar is sal nie die versekerde bedrag van die beskadigde eiendom oorskry nie.

C) Ons sal nie vir enige koste of uitgawes betaal wat:
- a) aangegaan is vir die verwydering van puin, behalwe die verwydering van puin vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;
- b) voortspruit uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis / afdeling verseker is nie.

Brandblussingsheffings

## 6. Brandblussingsheffings

A) Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van 'n brand is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor ons ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, mits:
- a) die brandblusdienste deur 'n totaal onverwante derde party, wat spesifiek spesialiseer in brandbestryding as deel van hulle normale sake teen vergoeding; en
- b) jy regtens verantwoordelik is vir die betaling van sodanige koste; en
- c) die versekerde eiendom gebrand het of die versekerde eiendom deur brand bedreig was en dit redelik onder die omstandighede was om sodanige brandblusdienste in te span ten einde die brand te beheer en / of te blus.

B) Die dekking onder hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag genoteer in <u>Aanhangsel B</u>, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

C) Enige koste wat met water bombardering vanuit vliegtuie of opsporingsvliegtuie verband hou, is onder hierdie uitbreiding uitgesluit.

D) Indien jy, of enige verwante party, enige ander dekking by ons of Safire Crop Protection Co-operative Limited vir die gebeurtenis het, is dekking onder hierdie uitbreiding uitgesluit.

Kwaadwillige skade

## 7. Kwaadwillige skade

A) Dekking ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik), te dek vir skade wat direk veroorsaak is deur of as gevolg van die doelbewuste, opsetlike of baldadige aksie van enige persoon met die intensie om die skade aan te rig, uitgesluit skade aan:
- a) roerende eiendom wat:
  1. gesteel word;
  2. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur jou besit of geokkupeer word.
- b) roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige perseel(e) wat deur jou besit of geokkupeer word, in- of uitgebreek word of daar gepoog word om in of uit te breek;
- c) onroerende eiendom wat deur jou besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur middel van of as gevolg van:
  1. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
  2. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

  van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige daarvan te steel.

B) Hierdie uitbreiding dek nie:
- a) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing nie;
- b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
- c) skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
- d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;
- e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in <u>Algemene Uitsluiting 14. Oorlog, oproer en terrorisme A) tot F)</u> van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse waarvolgens so 'n gebeurtenis hanteer word.

C) Indien ons beweer dat die verlies of skade vanweë enige van die uitsluitings in B) hierbo nie gedek is nie, sal die onus om die teendeel te bewys by jou lê.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

D) Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word:
   a) word die versekering met betrekking tot die eiendom wat geraak word ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort vanaf die aanvang van die 30 (dertig) dae tydperk, tensy jy skriftelike toestemming vanaf ons verkry om hierdie uitbreiding voort te sit voor die plaasvind van enige skade; en
   b) gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning, word jy 'n mede-versekeraar saam met ons en dra jy 'n deel gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van die eerste bedrag betaalbaar.

**Munisipale plan ondersoek fooi**

## 8. Munisipale plan ondersoek fooi

Die versekering vir geboue wat in die skedule genoteer is, sluit die munisipale plan ondersoek fooi in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die bedrag wat geraak word, beloop.

**Kragstuwing**

## 9. Kragstuwing

A) Hierdie afdeling is uitgebrei om kragstuwing te dek vir enige elektriese toerusting terwyl dit in die gebou(e) is op die perseel vermeld in die skedule.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag uiteengesit in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Vereistes van openbare owerhede**

## 10. Vereistes van openbare owerhede

A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in, wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge wetgewing of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:
   a) die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie:
      1. die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies:
         a) ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule inwerking tree;
         b) ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
         c) ingevolge waarvan kennis aan jou gegee is voordat die skade plaasgevind het;
         d) ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word) van dié deel van die eiendom wat beskadig is.
      2. die addisionele koste wat nodig sou gewees het om die beskadgide eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan nuut, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;
      3. enige heffing, belasting of aanslag wat betaalbaar is ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar weens voldoening aan die bogenoemde regulasies en wat voortspruit uit waardevermeerdering.
   b) die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en kan in geheel of gedeeltelik op 'n ander perseel uitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule nie aldus verhoog word nie;
   c) indien ons aanspreeklikheid ingevolge enige item wat verseker is ingevolge hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, sal ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule ten opsigte van sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;
   d) die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item wat verseker is ingevolge hierdie afdeling, sal nie die versekerde bedrag soos vermeld in die skedule oorskry nie.

**Hooftoevoerverbindings**

## 11. Hooftoevoerverbindings

Hierdie afdeling word uitgebrei om toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings tussen die versekerde eiendom (jou eiendom waarvoor jy regtens verantwoordelik is) en die hooftoevoerverbindings te dek.

**Insakking en grondverskuiwing** (beperkte dekking)

## 12. Insakking en grondverskuiwing (beperkte dekking)

A) Ons dek vernietiging van of skade veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van die verspoeling van die grond wat die geboue ondersteun deur vloeiende oppervlakwater as 'n direkte gevolg van storm, vloed, hael of sneeu.

B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:
   a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, opritte, paadjies, patios, terrasse, tensy die gebou(e) gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
c) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, grensmure, keermure, tuinmure, hekke, hekpale en omheinings, tensy spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker;
d) werk benodig om verdere verlies of skade te verhoed;
e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of spruit uit:
   1. foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap; of
   2. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die perseel ondersteun;
   3. werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e);
   4. uitgrawings (bogronds of ondergronds), behalwe in die loop van mynboubedrywighede;
   5. invulkompaksie;
   6. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e);
f) gevolglike skade van watter aard ookal, behalwe vir verlies aan huurgeld wat spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker word.

C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

**Tydelike verwydering**

### 13. Tydelike verwydering

A) Tensy andersins verseker, is die versekerde eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word op die perseel vermeld in die skedule, of na enige ander perseel, insluitende vervoer per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini (voorheen Swaziland), Zimbabwe en Malawi, op voorwaarde dat:
   a) tensy die tydelike verwydering vir die doel van skoonmaak, opknapping, herstel of soortgelyke proses is, ons aanspreeklikheid nie die persentasie soos vermeld in Aanhangsel B sal oorskry nie;
   b) die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie klousule nie meer sal wees as die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien die skade plaasgevind het op die gedeelte van die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is nie.

# C1.6

# BRAND OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Verslegting van voorraad** (brand en gevare)

### 1. Verslegting van voorraad (brand en gevare basis)

A) Verslegting van verkoelde goedere is gedek indien direk voortspruitend uit skade aan die vrieseenheid of koeleenheidaanleg deur brand, weerlig, ontploffing of spesiale gevare soos omskryf in die spesiale gevare uitbreiding.

B) Ons aanspreeklikheid ten osigte van enige verlies sal nie die versekerde bedrag vermeld in die skedule oorskry nie.

**Wegdoen met herwinde goedere**

### 2. Wegdoen met herwinde goedere

A) Sonder om ons regte te verminder om staat te maak op die algemene voorwaardes in hierdie polis, stem ons toe om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis is, sonder jou toestemming te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, mits jy tot ons bevrediging kan bewys dat jou belange sodoende benadeel word in welke geval ons instem om jou die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ookal die grootste is.

B) Jy sal nie ingevolge hierdie bepalings geregtig wees om enige eiendom aan ons prys te gee nie, of ons daarvan besit geneem het of nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Prysaanpassings-klousule**

## 3. Prysaanpassingsklousule

A) Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e) van:
   a) geboue; en
   b) aanleg, masjinerie en alle anderinhoud;

   van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die skedule vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepaling slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

B) By elke hernuwingsdatum moet jy ons in kennis stel van die bedrag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. Indien jy versuim om ons in kennis te stel, word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

C) Die addisionele premie vir hierdie uitbreiding is 50% (vyftig persent) van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.

**Brandblussings-heffings** (lugbombardering)

## 4. Brandblussingsheffings (lugbombardering)

Lugbombarderingsdekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.

**Geisers**

## 5. Geisers, waterhouers, watertenks

A) Dekking onder hiedie afdeling is uitgebrei om skade aan die volgende in te sluit:
   a) geisers;
   b) waterhouers;
   c) watertenks; of
   d) water-apparaat;

   (hierna verwys as geisers) alles deel van die geboue wat in die skedule genoteer is en veroorsaak deur bars of ander toevallige skade.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die vervangingswaarde van die gespesifiseerde item of die versekerde waarde wat in die skedule genoteer is, watter ookal die laagste is.

C) Die voorwaardes wat op hierdie uitbreiding van toepassing is, is soos volg:
   a) dekking is slegs uitgebrei tot items wat verklaar is en in die skedule genoteer is;
   b) dekking is slegs uitgebrei tot waterpype wat binne 1 (een) meter aan die versekerde geiser, gekonnekteer is.

D) Vir die doel van hierdie uitbreiding alleenlik, word C1.2 Awery deur die volgende vervang:
   'Indien die werklike aantal geisers, ten tyde van die gebeurtenis wat tot die verlies of skade aanleiding gee, die aantal geisers wat op die skedule genoteer is, oorskry, dan sal ons onder hierdie uitbreiding slegs aanspreeklik wees vir daardie verhouding van die verlies of skade van die aantal op die skedule tot die werklike aantal. Jy sal geag jou eie versekeraar vir die verskil te wees, en sal gevolglik 'n proporsionele gedeelte van die verlies dra. Elke gebou wat geisers bevat wat volgens hierdie uitbreiding verseker is, indien meer as 1 (een), sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderhewig wees.'

**Lekkasie**

## 6. Lekkasie

A) Ons dek skade aan die eiendom (in geheel of gedeeltelik) soos vermeld in die skedule, wat veroorsaak is deur lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar-, drenkstelsel of besproeiing / brandblusserstelsel.

B) Indien 'n eerste verlies limiet in die skedule teenoor hierdie addisionele gevaar aangedui word, is die bedrag van sodanige limiet die maksimum aanspreeklikheid wat ons sal aanvaar ten opsigte van enige gebeurtenis.

C) Slegs vir doeleindes van hierdie uitbreiding, word C1.2 Awery in hierdie afdeling vervang met die volgende klousule:

   'Indien daar vasgestel word dat die versekerde eiendom ten tyde van verlies of skade, gesamentlik meer werd is as die versekerde bedrag daarvoor, soos vermeld in die skedule, is ons slegs aanspreeklik vir dié deel van die eerste verlies limiet wat die versekerde bedrag teen brand van die totale waarde van sodanige eiendom uitmaak en word jy beskou as jou eie versekeraar vir die verskil. Jy dra dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie uitbreiding van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe.'


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Huurgeld

## 7. Huurgeld

A) Ons sal die bedrag huurgeld ontvangbaar, huurgeld betaalbaar of huurwaarde (soos die geval mag wees) soos hieronder omskryf, in geval die perseel genoteer in die skedule onbewoonbaar gelaat word gedurende die termyn daarin gespesifiseer as gevolg van skade deur 'n versekerde gebeurtenis:

   a) Huurgeld ontvangbaar – die werklike huur ontvangbaar deur jou ten tyde van die gebeurtenis met betrekking tot die voormelde perseel of op sodanige gedeelte van die perseel wat verhuur mag wees;

   b) Huurgeld betaalbaar – die werklike huurgeld deur jou betaalbaar an die eienaar van die perseel;

   c) Huurwaarde – die werklike huurwaarde van die perseel.

B) Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie klousule sal in die verhouding wees wat die versekerde waarde tot die werklike huur ontvangbaar / huur betaalbaar of huurwaarde van die perseel dra (soos die geval mag wees) en as die perseel nie onbewoonbaar is gedurende die hele voormelde termyn nie, sal ons slegs aanspreeklik wees om sodanige gedeelte van die bedrag betaalbaar as wat die periode waartydens die perseel onbewoon bly dra tot die hele termyn hierbo vermeld, maar die periode sal nie die tyd wat nodig sou wees om die perseel in 'n bewoonbare toestand te kry, oorskry nie.

C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die aantal maande genoteer in die skedule.

## Oproer en staking

## 8. Oproer en staking

A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:

   a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

   b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

B) Hierdie uitbreiding dek nie:

   a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

   b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

   c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

   d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;

   e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in <u>Algemene Uitsluiting 1.5.14. Oorlog, oproer en terrorisme B) tot F)</u> van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.

C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê.

## Insakking, grondverskuiwing en opwelling
(volle dekking)

## 9. Insakking, grondverskuiwing en opwelling (volle dekking)

A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking of opwelling van die grond wat die gebou(e) ondersteun of grondverskuiwing.

B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:

   a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;

   b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, opritte, paadjies, patios, terrasse, tensy die gebou(e) gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;

   c) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, grensmure, keermure, tuinmure, hekke, hekpale en omheinings, tensy spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker;

   d) werk benodig om verdere verlies of skade te verhoed;

   e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of wat spruit uit:

      1. foutiewe ontwerp, materiale of vakmanskap; of
      2. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die perseel ondersteun;
      3. werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e);
      4. uitgrawings (bogronds of ondergronds), behalwe in die loop van mynboubedrywighede;
      5. invulkompaksie;
      6. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e);


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

f) gevolglike skade van watter aard ookal, behalwe vir verlies aan huurgeld wat spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker word.

C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.

| | |
|---|---|
| Lewende hawe verkluiming / uitermatige hitte | **10. Lewende hawe (wild uitgesluit) verkluiming / uitermatige hitte**<br>Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |

# C1.7

# BRAND KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

**Toewysing van eiendom**

## 1. Toewysing van eiendom

A) Ten einde te bepaal, waar nodig, of die versekerde eiendom:
   a) geboue;
   b) aanleg, masjinerie en alle ander inhoud; of
   c) voorraad of handelsmateriaal

is, stem ons in om die toewysing waaronder sodanige eiendom in ons boeke ingeskryf is, te aanvaar.

**Veranderings en wanbeskrywing**

## 2. Veranderings en wanbeskrywing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of uit hoofde van die aanskaffing van bykomende persele, strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting, met dien verstande dat ons sou gou moontlik daarna in kennis gestel word en jy instem om, indien so vereis, 'n addisionele premie daarvoor te betaal.

**Vlambare materiaal waarborg**

## 3. Vlambare materiaal waarborg (indien in die skedule genoteer)

Die hele perseel, insluitend alle gebiede rondom die geboue, sal ten alle tye skoon en vry van enige vlambare materiaal (buiten voorraad) gehou word.

**Warm werke waarborg**

## 4. Warm werke waarborg (indien in die skedule genoteer)

Enige werk of bewerking wat verhitting, sweis, soldering, sweissoldering, maal, smelting, blaasvlam, brandmerking of sny of enige soortgelyke aktiwiteite behels, is onderhewig aan die 'Warm werke' waarborg. Verwys asseblief na die Warm werke waarborg bewoording.

**Infrarooi termografie waarborg**

## 5. Infrarooi termografie waarborg (indien in die skedule genoteer)

A) Jy moet ten minste een maal gedurende elke 12 (twaalf) maande periode, bereken vanaf die hernuwingsdatum van die polis, 'n infrarooi termografiese ontleding van alle elektriese distribusieborde en masjinerie wat laers, wennings en soortgelyke hitte-opwekkende bewegende komponente bevat, laat uitvoer.

B) Indien sodanige ontleding enige potensiële brandpunte of enige ander veiligheidsrisiko's identifiseer, moet hierdie brandpunte of risiko's, sonder enige vertraging, aangespreek deur alle nodige regstellende, voorkomende en pro-aktiewe onderhoud uit te voer.

C) Sodra sodanige regstellende, voorkomende en pro-aktiewe onderhoud afgehandel is, moet 'n verdere infrarooi termografiese ontleding van sodanige installasies gedoen word, ten einde te bevestig dat alle potensiële gevare voldoende aangespreek is. Hierdie verdere infrarooi termografiese ontleding moet binne 30 (dertig) dae ná die afhandeling van die betrokke regstellende, voorkomende en pro-aktiewe onderhoud, uitgevoer word.

D) Al die bogenoemde aktiwiteite moet in 'n skriftelike verslag opgeneem word en 'n rekord daarvan moet op die perseel beskikbaar wees.

**Beperkings**

## 6. Beperkings (onder aanleg)

Ons aanspreeklikheid in terme van aanleg, masjinerie en alle ander inhoud wat in die skedule genoteer is, onder Kolom 3 van die skedule is beperk soos uiteengesit in Aanhangsel B.

**Lewende hawe eise waarborg**

## 7. Lewende hawe eise waarborg

Lewende hawe dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Bypassende boumateriaal | ## 8. Bypassende boumateriaal<br>A) Ons is nie verplig om jou gebou(e) na presies die vorige toestand te herstel nie en ons sal nie betaal vir bypassende boumateriaal ten einde 'n uniforme effek in jou gebou(e) te skep of te handhaaf nie. Ons sal egter poog om dit so ná as moontlik te herstel.<br>B) In omstandighede waar presiese bypassende materiale nie beskikbaar is nie, sal ons materiale gebruik wat, in ons opinie, so ná as moontlik by die beskadigde materiale pas.<br>C) Hierdie sal net gedoen word in die gedeelte van die struktuur of vertrek waar die verlies of skade plaasgevind het. |
| Verbandhouer | ## 9. Verbandhouer<br>A) Die belange van 'n verbandhouer ingevolge hierdie afdeling sal nie ongeldig of benadeel word deur enige optrede of versuim deur die verbandgewer of eienaar van die versekerde eiendom, wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie.<br>B) Die verbandhouer moet ons in kennis stel sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word. Die verbandhouer is ook verantwoordelik vir enige addisionele premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur ons aanvaar word. |
| Plastiek- en skadunetstrukture | ## 10. Plastiek- en skadunetstrukture waarborg<br>Plastiek bedekking<br>A) Indien die plastiek bedekking of skadunet van enige struktuur, met aanvang of hernuwing van die polis, ouer as 2 (twee) jaar vanaf die datum van eerste installering is, sal daar geen dekking van toepassing wees ten opsigte van sodanige items nie.<br>B) Met betrekking tot plastiek bedekking wat binne hierdie 2 (twee) jaar beperking val, word gewaarborg dat:<br>a) die plastiek bedekking van enige struktuur 'n dikte van ten minste 200 (twee honderd) mikrons het;<br>b) die tonnels en hul plastiek bedekkings volgens die vervaardiger se spesifikasies opgerig is;<br>c) jy in besit is van 'n geskrewe waarborg deur die vervaardiger of verskaffer van die plastiek bedekking.<br>Skadunet<br>C) Indien die skadunet bedekking van enige struktuur, met aanvang of hernuwing van die polis, ouer as 8 (agt) jaar vanaf die datum van eerste installering is, sal daar geen dekking van toepassing wees ten opsigte van sodanige items nie.<br>D) Met betrekking tot skadunet bedekking wat binne hierdie 8 (agt) jaar beperking val, word gewaarborg dat:<br>a) die totale persentasie wat betaalbaar is in geval van verlies of skade is beperk tot die persentasies in Aanhangsel B gedetailleer;<br>b) die tonnels en hul skadunet bedekkings volgens die vervaardiger se spesifikasies opgerig is;<br>c) jy in besit is van 'n geskrewe waarborg deur die vervaardiger of verskaffer van die skadunet bedekking. |
| Spoorweg en ander subrogasie | ## 11. Spoorweg en ander subrogasie<br>Jy sal nie benadeel word deur die ondertekening van die 'Transnet Cartage (Hazardous Premises) Indemnity' of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie. |
| Herstelwaarde-voorwaarde | ## 12. Herstelwaardevoorwaarde<br>A) Indien jou eiendom, behalwe voorraad, beskadig word deur enige van die versekerde gebeurtenisse, sal ons die eiendom vervang of herstel, op dieselfde perseel, met eiendom van dieselfde soort of tipe, maar nie beter of meer omvattend as die eiendom wanneer nuut nie, met dien verstande dat:<br>a) die herstelling / vervanging op dieselfde perseel moet plaasvind;<br>b) die herstelling / vervanging moet sonder onredelike vertraging uitgevoer word. Indien ons in ons opinie bepaal dat jy nie die herinstelling / vervanging sonder onredelike vertraging nagekom het nie, sal ons jou slegs vergoed tot die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaal sou gewees het indien hierdie herstelwaardevoorwaarde nie opgeneem is nie (welke op 'n skadeloosstellingsbasis is);<br>c) totdat jy die volle uitgawes aangegaan het om die beskadigde eiendom te herstel / vervang, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige betaling wat die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het, oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

B) Indien ten tye van die herinstelling / vervanging, die totale koste wat aangegaan sou word in die herinstelling / vervanging van die eiendom indien dit beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n versekerde gebeurtenis, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item van hierdie afdeling, indien daar meer as 1 (een) is, waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.

C) Jy sal nie gedek word onder hierdie klousule nie as:
   a) jy versuim om binne 90 (negentig) dae vanaf die datum van skade ons in kennis te stel van jou voorneme om die eiendom te vervang of te herstel; en
   b) jy nie in staat is of nie bereid is om die eiendom op dieselfde perseel waarop die gebou(e) geleë is, te vervang of te herstel nie.

**Voorraadverklarings-voorwaardes**

## 13. Voorraadverklaringsvoorwaardes (indien genoteer)

A) Ten opsigte van bedryfsvoorraad en –materiaal wat ingevolge hierdie afdeling verseker word en wat onderworpe is aan die voorraadverklaringsvoorwaardes, word die premie op 75% (vyf-en-sewentig persent) van die bedrag(e) waarteen dit verseker is, bereken.

B) Hierdie klousule is onderworpe aan die volgende spesifieke voorwaardes:
   a) jy moet die markwaarde van jou bedryfsvoorraad en –materiaal soos op die laaste dag van elke maand / kwartaal (soos vermeld in die skedule) skriftelik aan ons verklaar, welke verklaring binne 30 (dertig) dae gedoen moet word, anders word dit geag dat jy die versekerde bedrag ten opsigte van sodanige eiendom as die markwaarde daarvan verklaar het;
   b) ná elke versekeringstydperk word die premie bereken op die gemiddelde versekerde bedrag, naamlik die totaal van die waarde(s) wat verklaar is of geag word verklaar te wees, gedeel deur die getal verklarings wat afgelê moes word. Indien die premie só bereken verskil van die voorlopige premie, word die verskil aan of deur jou betaal (na gelang van die geval), maar die bedrag wat deur ons betaalbaar is, mag nie 50% (vyftig present) van die voorlopige premie oorskry nie;
   c) enige eis ingevolge hierdie afdeling sal op die basis van die markwaarde van die bedryfsvoorraad en –materiaal onmiddellik voor die plaasvind van die skade, geskik word;
   d) indien daar, ná die plaasvand van skade, gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, dan word die bedrag wat deur jou verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as dié wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ookal die kleinste bedrag is. Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die spesifieke voorwaarde wat betrekking het op Awery;
   e) met inagneming daarvan dat die versekerde bedrag nie deur die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet jy vanaf die datum van die verlies tot die verstryking van die versekeringstydperk addisionele premie op die bedrag van die verlies betaal en sodanige addisionele premie word nie by die finale aanpassingspremie in ag geneem nie en word daarvan onderskei;
   f) bogemelde spesifieke voorwaardes geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasie waarop hierdie voorraadverklaringsvoorwaardes van toepassing is.

C) Ons aanspreeklikheid sal nie die versekerde bedrag oorskry nie en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie.

**Huurders**

## 14. Huurders

A) Ons aanspreeklikheid teenoor jou word nie geraak deur enige optrede of versuim deur enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe jouself), wat sonder jou medewete geskied nie.

B) Jy moet ons in kennis stel sodra jy van enige sodanige optrede of versuim, wat strydig is met die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling, bewus word. Jy is ook verantwoordelik vir enige addisionele premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur ons aanvaar word.

**Gras / rietdak risiko's**

## 15. Gras / rietdak risiko's

A) Hierdie afdeling sluit spesifiek verlies of skade aan eiendom deur brand uit, wat direk veroorsaak is as gevolg van weerlig of weerligstraal, tensy die eiendom beskerm is deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerligafleier.

B) In die geval van 'n brand, rus die bewyslas op jou om te bewys dat die brand nie die gevolg van weerlig is nie. Die voorgemelde desnieteenstaande, as verlies of skade veroorsaak is deur 'n brand wat vanaf 'n naburige eiendom versprei, waarvan die onmiddellike oorsaak van sodanige brand aan weerlig of weerligstraal toegeskryf word, geld hierdie uitsluiting nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Landboukundige masjinerie en toerusting in die ope | **16. Landboukundige masjinerie en toerusting in die ope**<br>Dekking vir landboukundige masjinerie is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |
| Gebaalde voer | **17. Gebaalde voer in die ope (slegs brand en / of weerlig)**<br>Dekking vir gebaalde voer is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |

# C1.8

# BRAND UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Aardbewing | **1. Aardbewing, vulkaniese uitbarsting of ander natuurontwrigting**<br>A) Hierdie afdeling dek nie:<br>a) aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynboubedrywighede of andersins) tensy dit as 'n bykomende gevaar bygevoeg is;<br>b) vulkaniese uitbarsting of ander natuurontwrigting (behalwe onderaardse brande).<br>B) Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abrnomale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeggebring word deur of deur middel van of wat direk of indirek, veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse, word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin jy bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar ons beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die bewyslas op jou om die teendeel te bewys. |
| Verhitting of verdroging | **2. Verhitting of verdroging**<br>Tensy spesifiek ingesluit word, dek hierdie versekering nie skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of verdrogingsproses wat dit ondergaan nie. |
| Mariene | **3. Mariene polisse**<br>Tensy spesifiek ingesluit word, dek hierdie versekering nie skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker is, of as dit nie vir hierdie versekering was nie, verseker sou gewees het deur enige mariene polis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge die mariene polis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C02
# GEBOUE OMVATTEND

## C2.1
## GEBOUE OMVATTEND DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Geboue | Die geboue en / of die buite-geboue op die perseel (maw risiko adres vermeld in die skedule). Tensy anders vermeld in die skedule, moet die geboue opgerig wees uit steen, klip of sement met 'n leiklip, teël, metaal, sement of asbesdak, alles op die perseel. |
| Perseel | Die grond waarop die geboue geleë is. |

## C2.2
## GEBOUE OMVATTEND ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| Onderversekering | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| Awery | A) Indien daar vasgestel word dat die bedrag wat ten tyde van die verlies of skade nodig is om jou versekerde eiendom te vervang as nuut, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, soos vermeld in die skedule, word as jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as 1 (een) is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.<br>B) Hierdie spesifieke voorwaarde is nie van toepassing op C2.4.2 Onder-afdeling A: Eiendom G) hieronder nie. |

## C2.3
## GEBOUE OMVATTEND BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na <u>Aanhangsel A</u>. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C2.4

# GEBOUE OMVATTEND DEKKING

Jy is gedek vir verlies van of skade veroorsaak deur die volgende versekerde gebeurtenisse.

| | |
|---|---|
| **Versekerde gebeurtenisse** | **1. Versekerde gebeurtenisse**<br>A) Skade veroorsaak deur die versekerde gebeurtenisse onder:<br>a) onder-afdeling A: Eiendom<br>aan die geboue insluitend die buitegebou daartoe (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdak tensy anders vermeld in die skedule) en sport- en ontspanningstrukture, verhuurderse los en vaste toebehore daarin of daarop, mure (behalwe damwalle), hekke, pale, heinings en geteerde of plaveide paaie, opritte, weë of parkeerareas, wettig gebou.<br>b) onder-afdeling B: Openbare hooftoevoerverbindings<br>aan hooftoevoerverbindings soos vermeld in die skedule.<br>B) Verlies aan huurgeld soos voorsien in onder-afdeling C: Huur.<br>C) Regsaanspreeklikheid soos voorsien in onder-afdeling D: Aanspreeklikheid. |
| **Onder-afdeling A**<br>Eiendom | **2. Onder-afdeling A: Eiendom**<br>A) Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.<br>B) Storm, wind, water, hael of sneeu behalwe:<br>a) skade wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;<br>b) verlies of skade aan keermure;<br>c) verlies of skade veroorsaak of vererger deur jou versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk.<br>C) Aardbewing.<br>D) Lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.<br>E) Toevallige impak / botsing deur diere, vallende bome / takke, antennas / lugdrade, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van enige skade aan sodanige diere, bome, antennas / lugdrade, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.<br>F) Diefstal (of enige poging tot diefstal) wat gepaard met sigbare kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou. Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie klousule opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy jy voor die plaasvind van enige skade ons skriftelike toestemming verkry vir die voortsetting van hierdie klousule. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning word jy 'n mede-versekeraar saam met ons en dra jy 'n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 20% (twintig present) van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.<br>G) Toevallige skade aan sanitêre ware. |
| **Onder-afdeling B**<br>Hooftoevoerverbindings | **3. Onder-afdeling B: Hooftoevoerverbindings**<br>Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings wat jou eiendom is of waarvoor jy regtens aanspreeklik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindings. |
| **Onder-afdeling C**<br>Huur | **4. Onder-afdeling C: Huur**<br>A) Verlies aan huur weens die feit dat die versekerde eiendom sodanige beskadig word deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onverhuurbaar is (in geheel of gedeeltelik) maar slegs vir die tydperk wat vir herstelling nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25% (vyf-en-twintig present) van die versekerde bedrag waarteen die geraakte eiendom verseker is.<br>B) Die berekening van die verlies aan huur is gebaseer op die huurgeld wat betaalbaar is onmiddellik voor die skade of die gelykstaande huurwaarde daarvan. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Onder-afdeling D**
Regsaanspreeklikheid

## 5. Onder-afdeling D: Regsaanspreeklikheid

A) Skadevergoeding waarvoor jy regtens aanspreeklik gehou word as gevolg van:
   a) die toevallige dood of liggaamlike besering van of siekte van enige persoon (hierna verwys as die beseerde); of
   b) toevallige verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom (hierna verwys as skade);

   wat in, op of in die omgewing van die versekerde eiendom en gedurende die versekeringstydperk plaasvind, en wat voortspruit uit jou eienaarskap daarvan.

B) Die bedrag betaalbaar, met insluiting van enige regskoste, wat teen jou deur 'n eiser(s) verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die bedrag soos uiteengesit in Aanhangsel B oorskry nie.

C) Indien daar meer as een versekerde in die skedule vermeld word, stel ons elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die skedule nie.

D) Met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid nie verhoog word bo die skadeloosstellingsperk wat vermeld word nie, stel ons ook, asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is, die volgende skadeloos:
   a) in die geval van jou dood, enige persoonlike verteenwoordiger deur jou aangestel ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur jou opgeloop is;
   b) enige van jou vennote of direkteure of lede of werknemers (indien jy dit verlang) teen enige eis waarvoor jy op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is

E) Indien, ten tyde van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onder-afdeling, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra hierdie onder-afdeling nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bo die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

# C2.5

# GEBOUE OMVATTEND UITBREIDINGS

Jy is ook outomaties vir die volgende uitbreidings gedek.

**Argitek en ander professionele fooie**

## 1. Argitek en ander professionele fooie

A) Die versekering ingevolge onder-afdeling A sluit professionele fooie (vir beramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig), wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang ná skade weens 'n versekerde gebeurtenis, in.

B) Dekking is beperk tot die persentasie soos uiteengesit in Aanhangsel B, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop.

C) Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige fooie sluit nie onkoste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van jou eis nie.

**Kapitaaltoevoegings**

## 2. Kapitaaltoevoegings

A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 15% (vyftien present) van die bedrag waarteen dit verseker is.

B) Jy onderneem om ons elke kwartaal in kennis te stel van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings en die toepaslike addisionele premie daarop te betaal.

C) Indien die versekeringsperiode nie kwartaaliks is nie, dan word die woorde 'elke kwartaal' gewysig na 'elke maand'.

**Koste van sloping, opruiming en oprigting van afskortings**

## 3. Koste van sloping, opruiming en die oprigting van afskortings

A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur jou aangegaan word ten opsigte van die sloping van geboue en masjinerie en / of die verwydering van puin (insluitende voorraadpuin) en die verskaffing, oprigting en instandhouding van afskortings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en / of boubedrywighede ná skade aan die versekerde eiendom weens 'n versekerde gebeurtenis. Die totale bedrag wat verhaalbaar is sal nie die versekerde bedrag van die beskadigde eiendom oorskry nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

B) Ons sal nie vir enige koste of uitgawes betaal wat:
   a) aangegaan is vir die verwydering van puin, behalwe die verwydering van puin vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;
   b) voortspruit uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis / afdeling verseker is nie.

**Brandblussings-heffings**

## 4. Brandblussingsheffings

A) Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van 'n brand is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor ons ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, mits:
   a) die brandblusdienste deur 'n totaal onverwante derde party, wat spesifiek spesialiseer in brandbestryding as deel van hulle normale sake teen vergoeding; en
   b) jy regtens verantwoordelik is vir die betaling van sodanige koste; en
   c) die versekerde eiendom gebrand het of die versekerde eiendom deur brand bedreig was en dit redelik onder die omstandighede was om sodanige brandblusdienste in te span ten einde die brand te beheer en / of te blus.

B) Die dekking onder hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

C) Enige koste wat met water bombardering vanuit vliegtuie of opsporingsvliegtuie verband hou, is onder hierdie uitbreiding uitgesluit.

D) Indien jy, of enige verwante party, enige ander dekking by ons of Safire Crop Protection Co-operative Limited vir die gebeurtenis het, is dekking onder hierdie uitbreiding uitgesluit.

**Kwaadwillige skade**

## 5. Kwaadwillige skade

A) Dekking ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik), te dek vir skade wat direk veroorsaak is deur of as gevolg van die doelbewuste, opsetlike of balddadige aksie is van enige persoon met die intensie om die skade aan te rig, uitgesluit skade aan:
   a) roerende eiendom wat:
      1. gesteel word;
      2. Beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur jou besit of geokkupeer word;
   b) roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige perseel(le) wat deur jou besit of geokkupeer word, in- of uitgebreek word of daar gepoog word om in of uit te breek;
   c) onroerende eiendom wat deur jou besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur middel van of as gevolg van:
      1. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe; of
      2. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

      van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige daarvan te steel.

B) Hierdie uitbreiding dek nie:
   a) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing nie;
   b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huur indien dit spesifiek verseker is;
   c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
   d) verlies of skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;
   e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene Uitsluiting 14. Oorlog, oproer en terrorisme A) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.

C) Indien ons beweer dat die verlies of skade vanweë enige van die uitsluitings in B) hierbo nie gedek is nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê.

D) Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering met betrekking tot die eiendom wat geraak word ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort vanaf die aanvang van die 30 (dertig) dae tydperk, tensy jy skriftelike toestemming vanaf ons verkry om hierdie uitbreiding voort te sit voor die plaasvind van enige skade. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning, word jy 'n mede-versekeraar saam met ons en dra jy 'n deel gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van die eerste bedrag betaalbaar.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Munisipale plan ondersoek fooie**

## 6. Munisipale plan ondersoek fooie

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die munisipale plan ondersoek fooie in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die bedrag wat geraak word, beloop.

**Kragstuwing**

## 7. Kragstuwing

A) Hierdie afdeling is uitgebrei om kragstuwing te dek vir enige elektriese toerusting terwyl dit in die gebou(e) is op die perseel vermeld in die skedule.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Vereistes van openbare owerhede**

## 8. Vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in as wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge wetgewing of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:

A) Die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie:
   a) die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies:
      1. ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule in werking tree;
      2. ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
      3. ingevolge waarvan daar kennis aan jou gegee is voordat die skade plaasgevind het;
      4. ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word) van dié deel van die eiendom wat beskadig is;
   b) die addisionele koste wat nodig sou gewees het om die beskadgide eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan nuut, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;
   c) enige heffing, belasting of aanslag wat betaalbaar is ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar weens voldoening aan die bogenoemde regulasies en wat voortspruit uit kapitale waardevermeerdering.

B) Die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en kan in geheel of gedeeltelik op 'n ander perseel uitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule nie aldus verhoog word nie.

C) Indien ons aanspreeklikheid ingevolge enige item wat verseker is ingevolge hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, sal ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule ten opsigte van sodanige item in dieselfde verhouding verminder word.

D) Die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item wat verseker is ingevolge hierdie afdeling, sal nie die versekerde bedrag soos vermeld in die skedule oorskry nie.

**Sekuriteitsfirmas**

## 9. Sekuriteitsfirmas – van toepassing op onder-afdeling D

A) Nieteenstaande Algemene Uitsluiting 3. Kontraktuele aanspreeklikheid, indien jy (as eienaar van die perseel soos vermeld in die skedule) ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde eiendom in die loop van jou besigheid te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevogle heirdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak met jou, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule vir hierdie onder-afdeling.

B) Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is ons nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

**Insakking en grondverskuiwing**
(beperkte dekking)

## 10. Insakking en grondverskuiwing (beperkte dekking)

A) Ons dek vernietiging van of skade veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van die verspoeling van die grond wat die geboue ondersteun deur vloeiende oppervlakwater as 'n direkte gevolg van storm, vloed, hael of sneeu.

B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:
   a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
   b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, opritte, paadjies, patios, terrasse, tensy die gebou(e) gelyktydig en op dieselfde wyse beskadig word;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

c) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, grensmure, keermure, tuinmure, hekke, hekpale en omheinings, tensy spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker;
d) werk benodig om verdere verlies of skade te verhoed;
e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of toeskryfbaar aan:
   1. foutiewe ontwerp, konstruksie of vakmanskap van enige gebou by die versekerde perseel; of
   2. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die perseel ondersteun;
   3. werksmense wat besig is met toevoegings, verbougings of herstel van die gebou(e); ;
   4. uitgrawings (bogronds of ondergronds), behalwe in die loop van mynboubedrywighede;
   5. invulkompaksie;
   6. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e);
f) gevolglike skade van watter aard ookal, behalwe vir verlies aan huur wat spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker word.

C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou us om die teendeel te bewys.

**Tydelike verwydering**

## 11. Tydelike verwydering

Tensy andersins verseker, is die verhuurder se los en vaste eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word na enige ander perseel, insluitende vervoer per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini, Zimbabwe en Malawi, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie klousule nie meer sal wees as die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien die skade plaasgevind het op die gedeelte van die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is nie.

**Huurders**

## 12. Huurders

Ons aanspreeklikheid teenoor jou word nie geraak deur enige optrede of versuim deur enige huurder (tensy jy die huurder is) wat sonder jou medewete geskied nie. Jy moet ons in kennis stel sodra jy van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling, bewus word. Jy is ook verantwoordelik vir enige addisionele premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur ons aanvaar word

# C2.6

# GEBOUE OMVATTEND OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Prysaanpassings-klousule**

## 1. Prysaanpassingsklousule

A) Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e) ingevolge onder-afdeling A van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die skedule vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk.

B) Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepaling slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

C) By elke hernuwingsdatum moet jy ons in kennis stel van die bedrag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. Indien jy versuim om ons in kennis te stel, word die bepalings van hierdie klousule gestaak

D) Die addisionele premie vir hierdie uitbreiding is 50% (vyftig persent) van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Geisers

## 2. Geisers, waterhouers, watertenks

A) Dekking onder hierdie afdeling is uitgebrei om skade aan die volgende in te sluit:
   a) geisers;
   b) waterhouers;
   c) watertenks; of
   d) water-apparaat;

   (hierna verwys as geisers) alles deel van die geboue wat in die skedule genoteer is en veroorsaak deur bars of ander toevallige skade.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die vervangingswaarde van die gespesifiseerde item of die versekerde waarde wat in die skedule genoteer is, watter ookal die laagste is.

C) Die voorwaardes wat op hierdie uitbreiding van toepassing is, is soos volg:
   a) dekking is slegs uitgebrei tot items wat verklaar is en in die skedule genoteer is;
   b) dekking is slegs uitgebrei tot waterpype wat binne 1 (een) meter aan die versekerde geiser, gekonnekteer is

D) Vir die doel van hierdie uitbreiding alleenlik, word C1.2 Awery deur die volgende vervang:

   'Indien die werklike aantal geisers, ten tyde van die gebeurtenis wat tot die verlies of skade aanleiding gee, die aantal geisers wat op die skedule genoteer is, oorskry, dan sal ons onder hierdie uitbreiding slegs aanspreeklik wees vir daardie verhouding van die verlies of skade van die aantal op die skedule tot die werklike aantal. Jy sal geag jou eie versekeraar vir die verskil te wees, en sal gevolglik 'n proporsionele gedeelte van die verlies dra. Elke gebou wat geisers bevat wat volgens hierdie uitbreiding verseker is, indien meer as 1 (een), sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderhewig wees.'

Oproer en staking

## 3. Oproer en staking

A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is onder-afdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:
   a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
   b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

B) Hierdie uitbreiding dek nie:
   a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind nie;
   b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd nie, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
   c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid nie;
   d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid nie;
   e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in <u>Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme A) tot F)</u> van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige anderwyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.

C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê.

Insakking en grondverskuiwing (volle dekking)

## 4. Insakking en grondverskuiwing (volle dekking) – slegs onder-afdeling A

Indien jy hierdie opsionele uitbreiding gekies het en jy het die addisionele premie betaal, dan word Uitbreiding C2.5.10 Insakking en grondverskuiwing (beperkte dekking) vervang met hierdie opsionele uitbreiding:

A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking of opwelling van die grond wat die gebou(e) ondersteun of grondverskuiwing.

B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:
   a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;
   b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, opritte, paadjies, patios, terrasse, tensy die gebou(e) gelyktydig en op dieselfde wyse beskadig word;
   c) vernietiging van of skade aan septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, grens-, keer-, en tuinmure, hekke, hekpale en omheinings, tensy spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker;
   d) werk benodig om verdere verlies of skade te verhoed;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of toeskryfbaar aan:
   1. foutiewe ontwerp, konsktruksie of vakmanskap van enige gebou by die versekerde perseel; of
   2. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die perseel ondersteun;
   3. werksmense wat besig is met toevoegings, verbougings of herstel van die gebou(e);
   4. uitgrawings (bogronds of ondergronds), behalwe in die loop van mynboubedrywighede;
   5. invulkompaksie;
   6. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e);

f) gevolglike skade van watter aard ookal, behalwe vir verlies aan huurgeld wat spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker word.

C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys

**Verhindering van toegang**

### 5. Verhindering van toegang – slegs onder-afdeling C

A) Indien eiendom gedurende die versekeringstydperk binne 'n 10 (tien) km radius van die perseel soos vermeld in die skedule, verloor of beskadig word as gevolg van 'n gevaar soos gedefinieer in onder-afdeling A, en dit verhinder of belemmer die gebruik van of toegang tot die versekerde eiendom ingevolge hierdie afdeling, sal ons jou vergoed vir enige verlies aan huur tot hoogstens 'n bedrag van 25% (vyf-en-twintig present) van die versekerde bedrag van toepassing op die geraakte eiendom.

B) Die berekening van die verlies aan huur is gebaseer op die huur wat betaalbaar is onmiddellik voor die verlies of skade of die gelykstaande huurwaarde daarvan.

# C2.7

# GEBOUE OMVATTEND KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

**Vlambare materiaal waarborg**

### 1. Vlambare materiaal waarborg (indien in die skedule genoteer)

Die hele perseel, insluitend alle gebiede rondom die geboue, sal ten alle tye skoon en vry van enige vlambare materiaal (buiten voorraad) gehou word.

**Konstruksie risiko**

### 2. Konstruksie risiko

A) Ons sal slegs aanspreeklik wees vir enige verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit die ondergemelde versekerde voorvalle, terwyl die gebou strukturele veranderings en / of opknappings ondergaan en totdat sodanige werk finaal voltooi is en deur die kontrakteur oorhandig is:
   a) brand, weerlig, ontploffing en aardbewing.

B) Nieteenstaande die bogemelde, word dit ooreengekom dat met betrekking tot daardie gedeelte van die gebou wat nie veranderings of opknappings ondergaan nie, volle versekering soos van toepassing in die polis, van krag sal wees.

**Warm werke waarborg**

### 3. Warm werke waarborg (indien in die skedule genoteer)

Enige werk of bewerking wat verhitting, sweis, soldering, sweissoldering, maal, smelting, blaasvlam, brandmerking of sny of enige soortgelyke aktiwiteite behels, is onderhewig aan die 'Warm werke' waarborg. Verwys asseblief na die Warm werke waarborg bewoording.

**Infrarooi termografie waarborg**

### 4. Infrarooi termografie waarborg (indien in die skedule genoteer)

A) Jy moet ten minste een maal gedurende elke 12 (twaalf) maande periode, bereken vanaf die hernuwingsdatum van die polis, 'n infrarooi termografiese ontleding van alle elektriese distribusie-borde en masjinerie wat laers, wennings en soortgelyke hitte-opwekkende bewegende komponente bevat, laat uitvoer.

B) Indien sodanige ontleding enige potensiële brandpunte of enige ander veiligheidsrisiko's identifiseer, moet hierdie potensiële brandpunte of risiko's, sonder enige vertraging, aangespreek en reggestel word deur alle nodige regstellende, voorkomende en proaktiewe onderhoud uit te voer.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

C) Sodra sodanige regstellende, voorkomende en proaktiewe onderhoud afgehandel is, moet 'n verdere infrarooi termografiese ontleding van sodanige installasies gedoen word ten einde te bevestig dat alle potensiële gevare voldoende aangespreek is. Hierdie verdere infrarooi termografiese ontleding moet binne 30 (dertig) dae ná die afhandeling van die betrokke regstellende, voorkomende en proaktiewe onderhoud, uitgevoer word.

D) Al dié bogenoemde aktiwiteite moet in 'n skriftelike verslag opgeneem word en 'n rekord daarvan moet op die perseel beskikbaar wees.

**Verbandhouer**

## 5. Verbandhouer

A) Die belange van 'n verbandhouer ingevolge hierdie afdeling sal nie ongeldig of benadeel word deur enige optrede of versuim deur die verbandgewer of eienaar van die versekerde eiendom, wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie.

B) Die verbandhouer moet ons in kennis stel sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word. Die verbandhouer is ook verantwoordelik vir enige addisionele premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur ons aanvaar word.

**Spoorweg en ander subrogasie**

## 6. Spoorweg en ander subrogasie

Jy word nie benadeel deur die ondertekening van 'Transnet Cartage (Hazardous Perseel) Indemnity' (besteldiensvryOorloging insake gevaarlike perseel(le)) of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

**Herstelwaarde-voorwaarde**

## 7. Herstelwaardevoorwaarde

A) Indien jou eiendom, behalwe voorraad, beskadig word deur enige van die versekerde gebeurtenisse, sal ons die eiendom vervang óf herstel, op dieselfde perseel, met eiendom van dieselfde sort of tipe, maar nie beter of meer omvattend as die eiendom wanneer nuut nie, met dien verstande dat:

- a) die herinstelling / vervanging moet plaasvind op dieselfde perseel;
- b) die herinstelling / vervanging moet sonder onredelike vertraging uitgevoer word. Indien ons na goeddunke bepaal dat jy nie die herinstelling / vervanging sonder onredelike vertraging nagekom het nie, sal ons jou slegs vergoed tot die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaal sou gewees het indien hierdie herstelwaardevoorwaarde nie opgeneem is nie (welke op 'n skadeloosstellingsbasis is);
- c) totdat jy die volle uitgawes aangegaan het om die beskadigde eiendom te herstel / vervang, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige betaling wat die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het, oorskry nie (nl. op 'n skadeloosstellingsbasis).

B) Indien ten tye van die herinstelling / vervanging, die totale koste wat aangegaan sou word in die herinstelling / vervanging van die eiendom indien dit beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n versekerde gebeurtenis, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.

C) Jy sal nie gedek word onder hierdie klousule nie as:

- a) jy versuim om binne 90 (negentig) dae vanaf die datum van skade ons in kennis te stel van jou voorneme om die eiendom te vervang of te herstel; en
- b) jy nie in staat is of nie bereid is om die eiendom op dieselfde perseel waarop die gebou(e) geleë is, te vervang of te herstel nie.

**Gras / rietdak risiko's**

## 8. Gras / rietdak risiko's

A) Hierdie afdeling sluit spesifiek verlies of skade aan eiendom deur brand uit, wat direk veroorsaak is as gevolg van weerlig of weerligstraal, tensy die eiendom beskerm is deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerligafleier.

B) In die geval van 'n brand, rus die bewyslas op jou om te bewys dat die brand nie die gevolg van weerlig is nie. Nietemin, in die geval van verlies of skade deur 'n brand wat vanaf 'n naburige eiendom versprei, waarvan die onmiddellike oorsaak van sodanige brand aan weerlig of weerligstraal toegeskryf word, geld hierdie uitsluiting nie.

**Onbewoonde gebou(e)**

## 9. Onbewoonde gebou(e)

A) Waardevolle besittings, persoonlike eiendom en klerasie is nie gedek as die gebou(e) sonder toesig is vir meer as 48 (agt-en-veertig) opeenvolgende ure onbewoon gelaat word nie.

B) Tensy jy die gebou(e) bewoon, is verlies of skade as gevolg van diefstal wat nie gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige ingang / uitgang van die gebou, nie gedek nie.

C) Dit is 'n voorwaarde van hierdie versekering dat die gebou(e) ten minste elke twee weke deur 'n gemagtigde persoon geïnspekteer word.

D) Die bybetalinges wat van toepassing is, is uiteengesit in Aanhangsel A.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C2.8

# GEBOUE OMVATTEND UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

**Hierdie uitsluitings is spesifiek van toepassing op onder-afdeling D: Regsaanspreeklikheid.**

| | |
|---|---|
| Lede van jou huishouding | **1. Lede van jou huishouding**<br>A) Ons sal jou nie onder hierdie onderafdeling skadeloosstel ten opsigte van besering of skade aan:<br>a) Enige lid van jou huishouding;<br>b) Enige persoon in jou diens ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap en wat direk uit en in die loop van sodanige diens deur jou ontstaan;<br>c) Enige ander persoon wat voortspruit uit die eienaarskap of gebruik deur of namens jou van enige meganies aangedrewe voertuie nie (behalwe pedaalfietse en grassnyers). |
| Skade aan eiendom | **2. Skade aan eiendom**<br>A) Ons sal jou nie onder hierdie onderafdeling skadeloosstel ten opsigte van skade aan eiendom:<br>a) wat aan jou behoort / waarvan jy die eienaar is of wat in jou besit of beheer of in die besit of beheer van enige van jou werknemers is nie;<br>b) wat veroorsaak is deur vibrasie of deur die verwydering of verswakking of inmening met die ondersteuning van enige grond, gebou of ander struktuur. |
| Syfering, besoedeling of besmetting | **3. Syfering, besoedeling of besmetting**<br>Ons sal jou nie onder hierdie onderafdeling skadeloosstel ten opsigte van:<br>A) Aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade of verlies van gebruik van eiendom wat direk of indirek veroorsaak word deur syfering, besoedeling of besmetting, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing sal wees indien sodanige syfering, besoedeling of besmetting deur 'n skielike, onbedoelde of onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word nie.<br>B) Die koste van die verwydering, vernietiging of skoonmaak van syferende, besoedelende of besmettende stowwe, tensy die syfering, besoedeling of besmetting veroorsaak is deur 'n skielike, onbedoelde of onvoorsiene gebeurtenis.<br>C) A) en B) sal nie die polis uitbrei om enige aanspreeklikheid te dek wat nie onder hierdie polis verseker sou gewees het in die afwesigheid van hierdie uitsondering nie. |
| Jurisdiksie | **4. Jurisdiksie**<br>Ons sal jou nie onder hierdie onderafdeling skadeloosstel ten opsigte van:<br>A) Skadevergoeding ingevolge uitsprake wat binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en eSwatini (voorheen Swaziland) verkry of gelewer is in die eerste instansie, anders as deur 'n hof met bevoegde jurisdiksie,<br>B) Kostes en uitgawes van litigasie wat deur enige eiser teen jou aangevra word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied(e) uiteengesit in A) hierbo nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C03
# KANTOORINHOUD

## C3.1
## KANTOORINHOUD DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Dokumente | Die uitdrukking dokumente beteken films, bande, rekords, karate, planne, tekeninge, abstrakte, aktes, testament, verbande, ooreenkomste, manuskripte, briewe, sertifikate, dokumente en soortgelyke geskrewe dokumente, hetsy geskryf, geduk of andersins ingeskrewe vraestelle en dokumente gebruik deur jou in jou besigheid en deur jou besit of waarvoor jy verantwoordelik is.<br>Dit sluit uit:<br>1. Geld, huidige pos of inkomste seëls, koepons (gekanselleer en geldig), sekuriteite, draer verband, tjeks, konsepte en enige geskrewe bevel om 'n sekere bedrag geld te betaal en enige geskrewe bewyse van skuld of verpligtinge; en<br>2. Alle eiendom gedra of gehou as monsters of te koop of vir aflewering na verkope; en<br>3. Rekenaar sagteware en rekenaar data-draende media, tensy anders vermeld in die skedule. |
| Elektroniese data prosesserings-toerusting | Rekenaar toerusting en verwante hardeware en apparate (hetsy genetwerk of nie) insluitend drukkers, skandeerders, kopieëders asook sagteware en alle data gestoor daarop. |

## C3.2
## KANTOORINHOUD ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| Onderversekering | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| Awery | A) Indien daar vasgestel word dat die bedrag wat ten tyde van die verlies of skade nodig is om jou versekerde eiendom te vervang as nuut, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, soos vermeld in die skedule, word as jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.<br>B) Hierdie spesifieke voorwaarde is nie van toepassing op klousule C3.4.2 Onder-afdeling A: Inhoud F) hieronder nie. |

## C3.3
## KANTOORINHOUD BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C3.4

# KANTOORINHOUD DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

**Versekerde gebeurtenisse**

## 1. Versekerde gebeurtenisse

Ons sal jou vergoed vir:

A) Verlies van of skade aan:

   a) die inhoud (anders as dokumente soos gedefinieer en verseker onder onderafdeling C en elektroniese data-prosesseringstoerusting) insluitend verhuurder se los en vaste toebehore of jou eiendom of dit waarvoor jy verantwoordelik is; en

   b) tensy anders vermeld in die skedule, en tot die mate waarin die eiendom nie andersins verseker is nie, eiendom besit deur enige van jou vennote, direkteure of werknemers tot en met die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B, terwyl dit in die kantore en / of spreekkamers soos vermeld in die skedule vervat is (hierna verwys as die kantoorperseel);

   deur enige van die gevare gespesifiseer in onder-afdeling A: Inhoud;

B) Verlies van of skade aan die geheel of 'n gedeelte van die dokumente (soos gedefinieer) en verseker ingevolge onder-afdeling C: Dokumente en die gevolge daarvan soos verseker ingevolge onder-afdeling D: Aanspreeklikheid - dokumente;

C) Verlies en / of uitgawes soos omskryf in onder-afdelings B: Huur en E: Verhoging in bedryfskoste.

**Onder-afdeling A**
Inhoud

## 2. Onder-afdeling A: Inhoud

A) Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.

B) Storm, wind, water, hael of sneeu, met uitlsuiting van verlies van of skade aan eiendom wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.

C) Aardbewing, behalwe verlies of skade aan eiendom in die ondergrondse werke van enige myn.

D) Lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

E) Toevallige impak / botsing deur diere, vallende bome / takke, antennas / lugdrade, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van enige skade aan sodanige diere, bome, antennas / lugdrade, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie

F) Toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie van meubels, of vaste glas wat deel uitmaak van enige meubelstuk.

G) Diefstal (of enige poging daartoe), wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die perseel, of as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met geweld of dreigende geweld, met dien verstande dat:

   a) ons nie onder hierdie onder-afdeling aanspreeklik sal wees vir diefstal (of poging daartoe) deur enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers nie; en

   b) die maksimum betaalbare bedrag met betrekking tot diefstal nie die persentasie genoteer in Aanhangsel A, na die aftrekking van die bybetaling, sal oorskry nie.

Beperking:
Ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie onder-afdeling word ten opsigte van dokumente, manuskripte sakeboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan arbeid bestee is.

**Onder-afeling B**
Huurgeld

## 3. Onder-afdeling B: Huurgeld

Ons sal jou skadeloosstel vir:

A) Verlies aan huurgeld wat werklik deur jou gely is as gevolg daarvan dat die kantoorperseel of 'n deel daarvan sodanig beskadig word deur enige van die gevare in onder-afdeling A, dat dit onbewoonbaar is, maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is.

B) Die skadeloosstelling onder hierdie onder-afdeling sal nie die persentasie genoteer in Aanhangsel B oorskry nie.

C) Vir die doeleindes van hierdie onder-afdeling ward die woorde 'kantoor perseel' geag enige persele of deel daarvan in die nabyheid van die kantoor perseel in te sluit indien skade aan sodanige persele toegang tot die kantoor perseel verhinder of beperk.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Onderafdeling C**<br>Dokumente | **4. Onder-afdeling C: Dokumente**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van of skade aan dokumente gewoonweg gehou by die kantoorperseel, welke verlies of skade veroorsaak is deur enige gevaar nie spesifiek uitgesluit nie.<br>B) Ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling is beperk tot alle koste, fooie en uitgawes deur jou aangegaan in die vervanging of restorering van sodanige dokumente. |
| **Onderafdeling D**<br>Regsaanspreeklikheid - dokumente | **5. Onder-afdeling D: Regsaanspreeklikheid – dokumente**<br>Ons sal jou vergoed ten opsigte van regsaanspreeklikheid voortspruitend uit 'n direkte gevolg van die verlies van of skade aan dokumente, soos gedefinieer, en ten opsigte waarvan betaling, herinstelling of herstel gemaak is of aanspreeklik deur ons erken ingevolge onderafdeling C, tensy sodanige betaling, herinstelling, herstel of aanspreeklikheid nie gemaak of erken is slegs omrede daar van jou vereis word om die eerste deel van die verlies te dra. |
| **Onderafdeling E**<br>Verhoging in bedryfskoste | **6. Onder-afdeling E: Verhoging in bedryfskoste**<br>Ons sal jou vergoed vir:<br>A) Enige addisionele uitgawes (nie andersins voorsien in hierdie afdeling nie) wat redelikerwys deur jou aangegaan word vir die doel om die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou, welke uitgawes aangegaan is as gevolg van velies of skade ten opsigte waarvoor betaling, herinstelling of herstel gemaak is of aanspreeklik deur ons erken is ingevolge onderafdelings A of C.<br>B) Die vergoeding ingevolge hierdie onderafdeling sal nie die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B oorskry nie. |

# C3.5

# KANTOORINHOUD UITBREIDINGS

## Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Kapitaaltoevoegings** | **1. Kapitaaltoevoegings**<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom behalwe bedryfsvoorraad en –materiaal vir 'n bedrag van hoogstens 15% (vyftien present) van die bedrag waarteen dit verseker is.<br>B) Jy onderneem om ons elke kwartaal in kennis te stel van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings en die toepaslike addisionele premie daarop te betaal. Indien die versekeringsperiode nie kwartaaliks is nie, dan word die woorde 'elke kwartaal' gewysig na 'elke maand'. |
| **Brandweerheffings** | **2. Brandweerheffings**<br>A) Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van 'n brand is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor ons ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, mits:<br>a) die brandblusdienste deur 'n totaal onverwante derde party, wat spesifiek spesialiseer in brandbestryding as deel van hulle normale sake teen vergoeding; en<br>b) jy regtens verantwoordelik is vir die betaling van sodanige koste; en<br>c) die versekerde eiendom gebrand het of die versekerde eiendom deur brand bedreig was en dit redelik onder die omstandighede was om sodanige brandblusdienste in te span ten einde die brand te beheer en / of te blus.<br>B) Die dekking onder hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.<br>C) Enige koste wat met water bombardering vanuit vliegtuie of opsporingsvliegtuie verband hou, is onder hierdie uitbreiding uitgesluit.<br>D) Indien jy, of enige verwante party, enige ander dekking by ons of Safire Crop Protection Co-operative Limited vir die gebeurtenis het, is dekking onder hierdie uitbreiding uitgesluit. |
| **Slotte en sleutels** | **3. Slotte en sleutels**<br>A) Benewens die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule, sal ons jou vergoed vir ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels vir die versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige sleutel vir sodanige perseel of nadat jy rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutels mag wees.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Kwaadwillige skade | |

## 4. Kwaadwillige skade

A) Dekking ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde eiendom soos vermeld in die skedule (hetsy in geheel of gedeeltelik), te dek vir skade wat direk veroorsaak is deur of as gevolg van die doelbewuste, opsetlike of baldadige aksie is van enige persoon met die intensie om die skade aan te rig, uitgesluit skade aan:

a) roerende eiendom wat:
   1. gesteel word;
   2. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur jou besit of geokkupeer word;

b) roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige perseel(le) wat deur jou besit of geokkupeer word, in- of uitgebreek word of daar gepoog word om in of uit te breek;

c) onroerende eiendom wat deur jou besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur middel van of as gevolg van:
   1. Die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
   2. Die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige daarvan te steel.

B) Hierdie uitbreiding dek nie:

a) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing nie;

b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d) verlies of skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besit ontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;

e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene Uitsluiting 14. Oorlog, oproer en terrorisme A) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.

C) Indien ons beweer dat die verlies of skade vanweë enige van die uitsluitings in B) hierbo nie gedek is nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê.

D) Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering met betrekking tot die eiendom wat geraak word ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort vanaf die aanvang van die 30 (dertig) dae tydperk, tensy jy skriftelike toestemming vanaf ons verkry om hierdie uitbreiding voort te sit voor die plaasvind van enige skade. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning, word jy 'n mede-versekeraar saam met ons en dra jy 'n deel gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van die eerste bedrag betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Kragstuwing | |

## 5. Kragstuwing

A) Hierdie afdeling is uitgebrei om kragstuwing te dek vir enige elektriese toerusting terwyl dit in die gebou(e) is op die perseel vermeld in die skedule.

B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in jou skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| Puinverwydering | |

## 6. Puinverwydering

A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om sodanige redelike koste en uitgawes in te sluit as wat noodsaaklikerwys deur jou aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin ná verlies of skade aan jou versekerde eiendom deur enige gevaar hierkragtens verseker, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawes nie die gemiddelde bedrag uiteengesit in die skedule ten opsigte van die versekerde eiendom aangeraak, oorskry nie.

B) Ons betaal nie enige koste of uitgawes:

a) Aangegaan in die verwydering van puin nie, behalwe vanaf die perseel waarop sodanige eiendom vernietig of beskadig is en die area onmiddellik aangrensend aan sodanige perseel;

b) Voortspruitend uit besoedeling of besmetting van eiendom nie deur hierdie polis / afdeling verseker nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Tydelike verwydering | **7. Tydelike verwydering**<br>Tensy andersins verseker, is die verhuurder se vaste eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word na enige ander perseel, insluitende vervoer per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini (voorheen Swaziland), Zimbabwe en Malawi, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie klousule nie meer sal wees as die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien die skade plaasgevind het op die gedeelte van die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is. |
| Tydelike herstel en stappe na verlies | **8. Tydelike herstel en stappe na verlies**<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om alle redelike koste en uitgawes deur jou aangegaan in die tydelike herstel van en die neem van sodanige tydelike stappe as wat redelikerwys nodig is na verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar hierkragtens gedek.<br>B) Ons aanspreeklikheid vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawes sal nie die gemiddelde bedrag uiteengesit in die skedule ten opsigte van die versekerde eiendom dus aangeraak, oorskry nie. |

# C3.6

# KANTOORINHOUD OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| Oproer en staking | **1. Oproer en staking**<br>A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is onder-afdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:<br>a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;<br>b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.<br>B) Hierdie uitbreiding dek nie:<br>a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind nie;<br>b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd nie, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;<br>c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid nie;<br>d) Skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid nie;<br>e) Skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme A) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.<br>C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê. |
| Diefstal sonder sigbare kragdadige ingang / uitgang | **2. Diefstal sonder enige sigbare, kragdadige ingang / uitgang**<br>Indien hierdie opsionele uitbreiding gekies is, vervang die volgende gevaar G) van toepassing tot C3.4.2 Onder-afdeling A: Inhoud:<br>G) Diefstal of enige poging tot diefstal, behalwe deur enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers, met dien verstande dat:<br>a) Die bedrag betaalbaar verminder sal word deur die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die skedule onder hierdie uitbreiding;<br>b) Die maksimum bedrag betaalbaar nie die persentasie soos vermeld in Aanhangsel B sal oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C3.7

# KANTOORINHOUD KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Veranderings en wanbeskrywing** | **1. Veranderings en wanbeskrywing**<br>Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of uit hoofde van strukturele veranderings of herstelwerk aan gebou(e), masjinerie of toerusting, met dien verstande dat ons sou gou moontlik daarna in kennis gestel word en jy instem om, indien so vereis, 'n addisionele premie daarvoor te betaal. |
| **Alarm** | **2. Alarm waarborg (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)**<br>A) Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons slegs diefstal of poging tot diefstal dek, indien:<br>a) 'n alarmstelsel by die perseel geïnstallleer en in volle werkende toestand is; en<br>b) die alarmstelsel gekoppel is aan 'n maatskappy wat gewapende reaksie bied.<br>B) Dit is voorts gewaarborg dat<br>a) die alarmstelsel wat by die perseel geïnstalleer is, aangeskakel is wanneer die besigheid nie oop is vir besigheid nie, tensy enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers op die perseel is;<br>b) sodanige alarmstelsel in werkende toestand gehou word. Indien die alarmstelsel onderhou word volgens 'n kontrak met die verskaffers of onderhoudskontrakteurs, sal jy as ontslaan van jou aanspreeklikheid beskou word.<br>C) Ons sal jou ook vergoed indien die sleutel / kode van die alarmstelsel verkry is deur aanranding, geweld of dreigement van geweld aan jou of enige ander sleutel / kodehouer. |
| **Nuwe en bykomende perseel** | **3. Nuwe en bykomende perseel**<br>A) Indien jy ander kantore of spreekkamers bewoon as dié vermeld in die skedule, in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini (voorheen Swaziland), Zimbabwe of Malawi, sal die versekering verskaf in hierdie afdeling van toepassing wees en word sodanige kantore of spreekkamers geag as jou besigheidsperseel te wees soos omskryf in hierdie afdeling, met dien verstande dat:<br>a) jy binne 30 (dertig) dae na datum van besitneming / okkupasie van die kantore of spreekkamers, ons in kennis stel daarvan en 'n addisionele premie betaal bereken pro rata vanaf die tyd wanneer jy besit neem van of die kantore of spreekkamers okkupeer, tot en met die einde van die huidige versekeringstydperk; en<br>b) hierdie klousule nie van toepassing is op enige verlies indien en vir sover dit andersins verseker is nie. |
| **Herstelwaarde-voorwaarde** | **4. Herstelwaardevoorwaarde**<br>A) Die basis waarop die bedrag betaalbaar vir 'n eis ten opsigte van inhoud bereken word is:<br>a) die vervanging van die inhoud met soortgelyke eiendom in 'n toestand wat gelyk is aan, maar nie beter of omvangryker as die inhoud se toestand wanneer dit nuut is nie; of<br>b) die herinstelling van die inhoud na 'n toestand wat aansienlik dieselfde is, maar nie beter as die inhoud se toestand wanneer dit nuut is nie.<br>B) Indien ten tye van die herinstelling / vervanging, die totale koste wat aangegaan sou word in die herinstelling / vervanging van die eiendom indien die inhoud in geheel verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. |
| **Huurders** | **5. Huurders**<br>A) Ons aanspreeklikheid teenoor jou word nie geraak deur enige optrede of versuim deur enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder jou medewete geskied nie.<br>B) Jy moet ons in kennis stel sodra jy van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling, bewus word. Jy is ook verantwoordelik vir enige addisionele premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur ons aanvaar word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C3.8

# KANTOORINHOUD UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

**Hierdie spesifieke uitsluitings is van toepassing op Onder-afdeling A: Inhoud.**

| | |
|---|---|
| **Ontwerpe, patrone, modelle** | **1. Ontwerpe, patrone, modelle of gietvorms**<br>Hierdie onderafdeling dek nie ontwerpe, patrone, modelle of gietvorms (behalwe tot die mate waar genoemde artikels verseker is ingevolge onderafdeling A), handelsvoorraad, monsters, motorvoertuie en bykomstighede daarvoor, geld, sekuriteit, seëls, juweliersware of edelstene nie. |
| **Gebiedsperke** | **2. Gebiedsperke**<br>Hierdie onderafdeling dek nie eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini (voorheen Swaziland), Zimbabwe en Malawi nie. |

**Hierdie spesifieke uitsluitings is van toepassing op Onder-afdeling C: Dokumente.**

| | |
|---|---|
| **Oneerlikheid van enige prinsipaal of vennoot** | **3. Oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot of direkteur**<br>A) HIerdie onderafdeling dek nie verlies of skade weens oneerlikheid van enige van jou prinsipale, vennote of direkteure, hetsy alleen optree of in samewerking met ander.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op enige direkteur wie ook jou werknemer is nie en oor wie jy te alle tye die reg het om sy werksprestasie te reguleer, te beheer en te rig gedurende die loop van jou besigheid. |
| **Elektriese, elektroniese of magnetiese skade** | **4. Elektriese, elektroniese of magnetiese skade**<br>Hierdie onderafdeling dek nie verlies of skade veroorsaak deur elektriese of elektroniese of magneties skade, belemmering of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames nie, behalwe deur middel van weerlig. |
| **Prosessering en kopieëring** | **5. Prosessering en kopieëring**<br>Hierdie onderafdeling dek nie verlies of skade veroorsaak deur prosessering, kopieëring of ander werk aan dokumente nie. |
| **Heropname van films** | **6. Heropname van films**<br>Hierdie onderafdeling dek nie die koste verbonde aan die heropname van films, videos en klankbande nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C04

# SAKE-ONDERBREKING

## C4.1

## SAKE-ONDERBREKING DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Skade** | Daardie gevare verseker onder die Brand afdeling in hierdie polis. |
| **Skadeloosstellingstydperk** | Die tydperk wat met die aanvang van die skade begin en eindig nie later as die getal maande daarna in die skedule vermeld waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die skade geraak word. |
| **Omset** | Die geld aan jou betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van jou besigheid by die perseel. |
| **Inkomste** | Die geld aan jou betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van jou besigheid by die perseel. |
| **Bruto huurgeld** | Die geld aan jou betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van huurgeld vir die perseel en dienste gelewer. |
| **Bruto wins**<br>(verskilgrondslag) | Die bedrag waarmee:<br>a) die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as die<br>b) die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste.<br>Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word vasgestel volgens jou gewone rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir waardemindering. |
| **Bruto wins**<br>(byvoegingsgrondslag) | Die bedrag wat verkry word deur die netto wins te voeg by die bedrag van jou vaste koste of indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van jou vaste koste, minus sodanige deel van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van jou vaste koste tot alle vaste koste van jou besigheid staan. |
| **Netto wins** | Die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en –aanwasen alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit jou besigheid by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is. |
| **Onversekerde koste** | Soos in die skedule gespesifiseer (die waarde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in jou boeke en rekeninge). |
| **Versekerde vaste koste** | Soos in die skedule gespesifiseer (die waarde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in jou boeke en rekeninge). |
| **Standaard omset**<br>Standaard inkomste<br>Standaard bruto huur | Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende daardie tydperk in die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem; waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Jaarlikse omset**<br>Jaarlikse inkomste<br>Jaarlikse bruto huurgeld | Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die skade;<br>waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie. |
| **Bruto winskoers** | Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die skade; waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie. |
| **Nota**<br>(ten opsigte van Standaard omset, Jaarlikse omset en Bruto winskoers) | Indien die skade voor die voltooiing van die eerste jaarse handelsbedrywighede van jou besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items hierbo vermeld, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die skade. |
| **Memo** | Indien goedere of dienste óf deur jou óf deur ander namens jou gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel verkoop of gelewer word vir die voordeel van jou besigheid, word die geld betaal of betaalbaar vir sodanige verkope of dienste in berekening gebring om die omset, inkomste of bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal. |

# C4.2

## SAKE-ONDERBREKING ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery toegepas word. |

# C4.3

## SAKE-ONDERBREKING DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

| | |
|---|---|
| **Versekerde gebeurtenisse** | **1. Versekerde gebeurtenisse**<br>A) Verlies wat volg op 'n onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die skadeloosstellingstydperk by die besigheidsperseel plaasvind, ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge:<br>a) die Brand afdeling van hierdie polis;<br>b) die Geboue omvattend afdeling van hierdie polis;<br>c) die Kantoorinhoud afdeling van hierdie polis;<br>d) enige ander materiële skade versekering wat jou belange dek, maar slegs ten opsigte van skade.<br>B) Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied bloot omdat daar van jou vereis word om die eerste deel van die verlies te dra nie.<br>C) Ons sal jou vergoed in ooreenstemming met die bepalings van die spesifikasies hieronder uiteengesit. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C4.4

# SAKE-ONDERBREKING UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| **Uitbreidings na ander perseel(le)** | **1. Uitbreidings na ander perseel(le)**<br>A) Verlies, soos verseker deur hierdie afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade (soos hierin gedefinieer) by die ondergemelde perseel(le) / terreine of aan die eiendom soos hieronder aangedui, word geag verlies te wees wat voortspruit uit skade aan eiendom wat deur jou by die perseel(le) / terreine gebruik word.<br>a) Bykomende perseel<br>Indien jy gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling enige nuut toegevoegde perseel bewoon of eiendom daarop het vir die doeleindes van die besigheid, word sodanige nuut toegevoegde perseel geag ingesluit te wees by dié wat genoteer word in die skedule, mits jy aan ons kennis gee daarvan so gou dit redelikerwys moontlik is en 'n aanpassing van die premie, indien nodig.<br>b) Kontrakterreine<br>Enige terrein wat nie deur jou bewoon word nie en waar jy 'n kontrak uitvoer.<br>c) Verhindering van toegang<br>1. Eiendom wat binne 'n radius van 10 (tien) km van jou perseel is en waarvan die vernietiginig of beskadiging daaraan / daarvan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer, hetsy die perseel of jou eiendom daarin beskadig is of nie.<br>2. Dekking is beperk tot die persentasie en tydperk gespesifiseer in Aanhangsel B.<br>d) Berging, vervoer en voertuig<br>Jou eiendom terwyl dit geberg word of terwyl dit vervoer word per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg, of terwyl jou voertuie op 'n ander plek is as by die perseel wat deur jou bewoon word. |
| **Gebiedsgrensperke** | **2. Gebiedsgrensperke**<br>A) Die gebiedsgrense van:<br>a) C4.4.1 Uitbreidings na ander persele A)a) en A)b); en<br>b) die uitgebreide dekkings soos verskaf ingevolge:<br>1. C4.5.2 Uitbreidings na ander persele;<br>2. C4.5.3 Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking; en<br>3. C4.5.4 Openbare dienste – uitgebreide dekking;<br>is beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini (voorheen Swaziland), Zimbabwe en Malawi.<br>B) Die gebiedsgrense van C4.4.1 Uitbreidings na ander persele A)d) is beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C4.5

# SAKE-ONDERBREKING OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Toevallige skade**

## 1. Toevallige skade

Die volgende versekerde gebeurtenis is bygevoeg:

A) Verlies wat volg na die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge:

a) die Toevallige skade afdeling van hierdie polis, met dien verstande dat:
1. die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, gesprak word ten opsgite van hierdie versekerde gebeurtenis; en
2. ons nie meer sal betaal as die versekerde bedrag vermeld in die skedule van die toevallige skade uitbreiding vir beide hierdie afdeling en die Toevallige Skade afdeling nie.

**Uitbreidings na ander persele**

## 2. Uitbreidings na ander persele

A) Verlies, soos verseker deur hierdie afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade by die ondergemelde persele / terreine of aan die eiendom soos hieronder aangedui, word geag verlies te wees wat voortspruit uit skade aan eiendom wat deur jou by die persele / terreine gebruik word.

a) Kliënte (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)
Die perseel of die kliënte genoteer in die skedule, beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B.

b) Verhindering van toegang
1. Eiendom wat binne 'n radius van 10 (tien) km van jou perseel is en waarvan die vernietiginig of beskadiging daaraan / daarvan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer, hetsy die perseel of jou eiendom daarin beskadig is of nie.
2. Dekking is beperk tot die persentasie en tydperk gespesifiseer in Aanhangsel B.

c) Openbare telekommunikasie – versekerde gevare alleenlik (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)
1. Eiendom by die perseel of enige openbare owerheid watregtens gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan jou te verskaf;
2. Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid vermeld in 1.
3. Dekking is beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B.

d) Openbare dienste – versekerde gevare alleenlik (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)
1. Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwate gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot 'n toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by jou perseel.
2. Dekking is beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B.

e) Gespesifiseerde verskaffers / subkontrakteurs Gespesifiseerde verskaffers / subkontrakteurs (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)
1. Die perseel van die verskaffers en subkontrakteurs wat in die skedule gespesifiseer word, onderhewig aan die vermelde perke.
2. Dekking is beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B.

f) Ongespesifiseerde verskaffers (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)
1. Die perseel van enige van jou verskaffers, verwaardigers of verwerkers van komponente, goedere of material, uitsluitend die perseel van enige openbare verskaffingsonderneming waarvan daan jy water, gas of elektrisiteit verkry, onderhewig aan die limiet gespesifiseer in die skedule.
2. Dekking is beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking** | **3. Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking**<br>A) Verlies, soos verseker, wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na jou perseel, word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin gedefinieer), met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat direk of indirek deur die volgende veroorsaak is nie:<br>a) droogte;<br>b) 'n fout by enige deel van die perseel wat aan jou behoort;<br>c) 'n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van jou te weerhou, tensy sodanige besluit direk toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;<br>d) enige gebeurtenis soos uiteengesit in Algemene uitsluiting 10. Kern en Algemene uitsluiting 14. Oorlog, oproer en terrorisme, maar dekking verskaf onder die Kwaadwillige skade uitbreiding in die onderliggende polis is nie uitgesluit nie.<br>B) Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, sal daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding wees nie, tensy die onderbreking of belemmering van jou besigheid langer as 24 (vier-en-twintig) uur duur.<br>C) Dekking is beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B. |
| **Openbare dienste – uitgebreide dekking** | **4. Openbare dienste – uitgebreide dekking**<br>A) Verlies, soos verseker, wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na jou perseel, word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin gedefinieer), met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat direk of indirek deur die volgende veroorsaak is nie:<br>a) droogte;<br>b) besoedeling van water;<br>c) 'n te kort aan brandstof of water;<br>d) 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort;<br>e) 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit direk toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;<br>f) enige gebeurtenis soos uiteengesit in Algemene uitsluiting 10. Kern en Algemene uitsluiting 14. Oorlog, oproer en terrorisme, maar dekking verskaf onder die Kwaadwillige skade uitbreiding in die onderliggende polis is nie uitgesluit nie.<br>B) Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, sal daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding wees nie, tensy die onderbreking of belemmering van jou besigheid langer as 24 (vier-en-twintig) uur duur<br>C) Dekking is beperk tot die persentasie gespesifiseer in Aanhangsel B. |

# C4.6

# SAKE-ONDERBREKING KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Rekenmeesters** | **1. Rekenmeesters**<br>Enige gegewens of besonderhede wat in jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur ons benodig mag word ingevolge hierdie afdeling, met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur ons ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is *prima facie* bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het. |
| **Opgehoopte voorraad** | **2. Opgehoopte voorraad**<br>Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en 'n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in omset of inkomste te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset of inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Departemente**

## 3. Departemente

A) Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge items 1 (bruto wins), 2 (bruto huurgeld) of 3 (inkomste) wat verband hou met verlaging in omset / bruto huurgeld / inkomste en verhoging in bedryfskoste afsonderlik vir elke department of tak wat deur die skade geraak word.

B) Hierdie klousule sal nie van toepassing wees indien die versekerde bedrag van die betrokke item minder is as die totaal van die (jaarlikse bruto huurgeld) (jaarlikse inkomste) (bedrae verkry deur die Bruto winskoers) vir elke department of tak, hetsy deur skade geraak al dan nie, toe te pas op die (betrokke jaarlikse omset daarvan) of die (eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die aantal maande soos verwys in die skadeloosstellingstydperk definisie, 12 (twaalf) maande oorskry), en die bedrag betaalbaar sal na verhouding verminder word.

**Depositopremie**

## 4. Depositopremie

A) Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge items 1, 2 of 3 voorlopig is omrede dit bereken word op 75% (vyf-en-sewentig present) van versekerde bedrag, is die premie onderworpe aan aanpassing met die verstryking van elke versekeringstydperk van 12 (twaalf) opeenvolgende maande vanaf aanvang of hernuwingsdatum as volg:

'In die geval van die bruto wins / bruto huurgeld / inkomste wat verdien is (naverhouding verhoog indien die aantal maande waarna in die skadeloosstellingstydperk definisie verwys word, 12 (twaalf) maande oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk, minder of meer is as 75% (vyf-en-sewentig persent) van die versekerde bedrag daarvan, word 'n pro rata terugbetalings- of bykomende premie wat nie 33.33% (drie-en-dertig en een derde persent) oorskry van die voorlopige premie wat vir sodanige versekeringstydperk betaal is nie, ten opsigte van die verskil betaal.'

B) In geval van 'n eis ingevolge hierdie afdeling, word die bedrag wat daarop betaal of betaalbaar is, as werklik verdien beskou.

**Item 1 Bruto wins**
Verskilgrondslag

## 5. Item 1: Bruto wins (verskilgrondslag)

A) Die versekering ingevolge hierdie item is beperk tot die verlies aan bruto wins te wyte aan:
   a) vermindering in omset; en
   b) verhoging in bedryfskoste.

B) Die bedrag hierkragtens betaalbaar as vergoeding is:
   a) ten opsigte van 'n vermindering in, die bedrag verkry deur die bruto winskoers waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaard omset te kort skiet;
   b) ten opsigte van die verhoging in bedryfskoste, die addisionele uitgawes noodsaaklik er- en rederlikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy, minus:
      1. enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste; en
      2. uitgawes van die besigheid wat uit die bruo wins betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade;

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van die bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset, indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

**Item 1 Bruto wins**
Byvoegingsbasis

## 5. Item 1: Bruto wins (byvoegingsbasis)

A) Die versekering ingevolge hierdie item is beperk tot die verlies van bruto wins te wyte aan:
   a) vermindering in omset; en
   b) verhoging in bedryfskoste.

B) Die bedrag hierkragtens betaalbaar as vergoeding is:
   a) ten opsigte van 'n vermindering in, die bedrag verkry deur die bruto winskoers waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaard omset te kort skiet;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

b) ten opsigte van die verhoging in bedryfskoste, die addisionele uitgawes noodsaaklik er- en rederlikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy, minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige versekerde vaste koste as wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade;

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van die bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset, indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

**Memo**

Indien enige vaste koste van die besigheid nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie, word daar by die berekening van die bedrag wat hierkragtens as verhoging in bedryfskoste verhaalbaar is, slegs daardie deel van die addisionele uitgawes in berekening gebring as die verhouding waarin die som van die netto wins en die versekerde vaste koste staan tot die som van die netto wins en alle vaste koste.

**Item 2: Bruto huurgeld**

## 6. Item 2: Bruto huurgeld

A) Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

a) verlies aan bruto huurgeld; en

b) verhoging in bedryfskoste.

B) Die bedrag hierkragtens betaalbaar as vergoeding is:

a) ten opsigte van die verlies aan bruto huurgeld, die bedrag waarmee die bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standard bruto huurgeld te kort skiet;

b) ten opsigte van die verhoging in bedryfskoste, die addisionele uitgawes noodsaaklik er- en rederlikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan bruto huurgeld te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan bruto huurgeld daardeur vermy, minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto huurgeld betaalbaar mag wees en gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade;

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van die bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

**Item 3: Inkomste**

## 7. Item 3: Inkomste

A) Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

a) verlies aan inkomste; en

b) verhoging in bedryfskoste.

B) Die bedrag hierkragtens betaalbaar as vergoeding is:

a) ten opsigte van die verlies aan inkomste, die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaard inkomste te kort skiet;

b) ten opsigte van die verhoging in bedryfskoste, die addisionele uitgawes noodsaaklik er- en rederlikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan inkomste te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan inkomste daardeur vermy, minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit inkomste betaalbaar mag wees en gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade;

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van die inkomste minder is as die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Item 4: Addisionele verhoging in bedryfskoste** | ### 8. Item 4: Addisionele verhoging in bedryfskoste<br>Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot redelike addisionele uitgawes (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met ons toestemming aangegaan word gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade ten einde die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou. |
| **Item 5: Lone** | ### 9. Item 5: Lone (aantal weke grondslag)<br>A) Die versekering ingevolge hierdie item is beperk tot die verlies wat deur jou gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die skade en nie langer as die gespesifiseerde aantal weke daarna voortduur nie.<br>B) Die bedrag hierkragtens betaalbaar as vergoeding is:<br>a) die werklike bedrag wat jy vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade hoegenaamd nie deur die jou benut kan word nie; en<br>b) 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die skade nie ten volle deur jou benut kan word nie.<br>C) Indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik ná die skade aan lone betaal sou gewees het, word die bedrag betaalbaar na verhouding verminder. |
| **Item 6: Boetes en staftoekennings** | ### 10. Item 6: Boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk<br>A) Die versekering onder hierdie item is beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk, met dien verstande dat die kontrak skriftelik aangegaan is.<br>B) Die bedrag hierkragtens betaalbaar as vergoeding is die bedrag waarvoor jy regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van die skade vir nie voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word. |
| **Beëindiging van besigheid** | ### 11. Beëindiging van besigheid<br>Die versekering ingevolge hierdie afdeling sal ophou indien die besigheid deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder (voorlopig of finaal) gelikwideer of oorgedra word, of permanente gestaak word, behalwe met ons skriftelike toestemming. |
| **Goedere verkoop / dienste elders gelewer** | ### 12. Goedere verkoop / dienste elders gelewer<br>Indien gedurende die skadeloosstellingstydperk goedere verkoop of dienste elders gelewer word as wat jy ten behoewe van die besigheids deur jou of namens jou betaal het, sal die geld wat ten opsigte van sodanige verkope of dienste betaal of betaalbaar is, betaal word, in berekening gebring word by die omset, inkomste of bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk. |
| **Beperking van verlies** | ### 13. Beperking van verlies en formulering van eis<br>A) By die plaasvind van enige skade as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, moet jy, benewens om te voldoen aan <u>Algemene voorwaarde 6. Eise</u> en <u>Algemene voorwaarde 8. Ons **regte na 'n gebeurtenis**</u>, met die nodige ywer alles doen en meehelp en toelaat dat dit gedoen word wat redelikerwys moontlik is om enige onderbreking of belemmering met die besigheid tot die minimum te beperk of te stuit of om die verlies te voorkom / verhinder.<br>B) In geval van 'n eis ingevolge hierdie afdeling, moet jy nie later as 30 (dertig) dae na die verstryking van die skadeloosstellingstydperk, of binne sodanige verdere tyd as wat ons skriftelik mag toelaat, op jou eie onkoste aan ons 'n skriftelike verklaring gee, waarin besonderhede van jou eis vervat word tesame met die besonderhede van alle ander versekering wat die verlies, of enige deel daarvan of gevolglike verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek.<br>C) Geen eis is ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is en in geval van die nie-nakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds vanweë hierdie eis gedoen is, onmiddellik aan ons terugbetaal word. |
| **Produksie klousule**<br>Alternatiewe gondslag | ### 14. Produksie (alternatiewe grondslag) klousule<br>A) Na jou keuse, mag die word 'produksie' die word 'omset' vervang en, vir die doeleindes van hierdie afdeling, beteken 'produksie' die verkoop- of oordragwaarde, soos in jou boeke aangedui, van goedere wat deur jou by die perseel vervaardig of verwerk is, mits:<br>a) Die betekenis van produksie slegs of die betekenis van omset slegs geld in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het;<br>b) Indien die betekenis van produksie gebruik word:<br>1. die klousule insake opgehoopte voorraad sal onaktief wees;<br>2. die memo aan die einde van die omskrywing sal soos volg lees:<br>'indien goedere óf deur jou óf deur ander namens jou gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel vervaardig of verwerk word vir die voordeel van die besigheid, word die verkoop of oodrag van sodanige goedere in berekening gebring om die produksie gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal.' |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| Verkoop van geredde goedere | ## 15. Verkoop van geredde goedere<br>Indien jy gedurende die skadeloosstellingstydperk 'n bergingsverkoping hou, lees klousule C4.6.5 Item 1: Bruto wins B)a), vir die doeleindes van sodanige eis, as volg:<br>'a) ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk (minus die omset vir die tydperk van die verkoping van geredde goedere) as gevolg van die skade by die standaard omset te kort skiet, van welke totaal die werklike bruto wins wat gedurende die tydperk van die verkoping van geredde goedere verdien is, afgetrek word.' |
| --- | --- |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C05
# REKENINGE ONTVANGBAAR

## C5.1
## REKENINGE ONTVANGBAAR DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Uitstaande debietsaldo's | Die totaal wat verklaar word in die laaste verklaring wat ingevolge die bepalings van die volgende memorandum gegee en aangepas is vir:<br>1. slegte skuld;<br>2. bedrae gedebiteer (of gefaktureer maar nie gedebiteer nie) en gekrediteer (insluitende kredietnotas en kontant wat nie ten tyde van die skade in die boeke opgeneem is nie) teen kliënte se rekeninge in die tydperk tussen die datum van die vermelde laaste verklaring en die datum van die skade; en<br>3. enige abnormale handelstoestand wat 'n wesenlike invloed op die besigheid gehad het of kon gehad het;<br>sodat die aangepaste bedrag aldus verkry so na as wat rederlikerwys uitvoerbaar is, die bedrag verteenwoordig wat, as dit nie vir die skade was nie, verkry sou gewees het op die datum van die skade. |

## C5.2
## REKENINGE ONTVANGBAAR DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Verlies of skade weens 'n ongeval of teëspoed (hierna verwys as skade) aan jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of –rekords by die perseel of by die woning van enige direkteur, vennoot of werknemer of by die perseel van enige rekenmeester as gevolg waarvan jy nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat ten volle of gedeeltelik aan jou verskuldig is, na te spoor of vas te stel nie.<br>B) Indien sodanige rekeningeboeke of ander besigheidsboeke of –rekords na 'n plek van veiligheid verwyder word weens 'n dreigende gevaar van hulle vernietiging, geld die versekering hierkragtens indien sodanige goedere vernietig, beskadig of verlore raak, soos voorheen vermeld, gedurende die sodanige verwydering of terwyl dit aldus geleë is of terwyl dit na die perseel teruggebring word, met dien verstande dat jy ons binne 30 (dertig) dae van sodanige verwydering skriftelik in kennis stel.<br>C) Ons betaal ook alle redelike invorderingskoste en –uitgawes wat deur jou aangegaan word en wat die gewone invorderingskoste en –uitgawes oorskry wat deur sodanige skade genoodsaak word.<br>D) Ons aanspreeklikheid sal hoogstens die versekerde bedrae beloop soos vermeld in die skedule en die vergoedingsbasis is soos uiteengesit in die spesifikasie wat deel van hierdie afdeling, uitmaak. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Spesifikasie | **2. Spesifikasie**<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling is beperk tot die verlies wat deur jou gely word ten opsigte van die uitstaande debietsaldo's wat direk te wyte is aan die skade, en die bedrag wat betaalbaar is, beloop hoogstens:<br>a) die verskil tussen:<br>1. die uitstaande debietsaldo's; en<br>2. die totaal van die bedrae ontvang of nagespoor ten opsigte daarvan, plus<br>b) die addisionele uitgawe aangegaan om kliënte se debietsaldo's na te spoor en vas te stel ná die skade.<br>B) Indien die versekerde bedrag ingevolge hierdie klousule minder is as die uitstaande debietsaldo's, sal die bedrag na verhouding verminder word. |

# C5.3

# REKENINGE ONTVANGBAAR OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| Oproer en staking | **1. Oproer en staking**<br>A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:<br>a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;<br>b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.<br>B) Hierdie uitbreiding dek nie:<br>a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;<br>b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;<br>c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;<br>d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;<br>e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in <u>Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme B) tot F)</u> van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.<br>C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê. |
| Vervoer / transito | **2. Vervoer / transito**<br>Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit in verlies soos gedefinieer in jou besigheidsboeke of ander beisgheidsboeke of –rekords tewyl dit vervoer word vanaf of na die perseel of woning van enige van jou direkteure, vennote, werknemers of rekenmeesters. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C5.4

# REKENINGE ONTVANGBAAR KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Rekenmeesters** | **1. Rekenmeesters**<br>Enige gegewens of besonderhede wat in jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of –rekords vervat word en wat deur ons benodig mag word ingevolge hierdie afdeling, met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur ons ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is *prima facie* bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het. |
| **Aanpassing** | **2. Aanpassing**<br>A) Met inagneming van die premie wat onder hierdie voorlopig 75% (vyf-en-sewentig persent) van die versekerde bedrag bereken word, word die premie soos volg aangepas:<br>a) by die verstryking van elke versekeringstydperk word die werklike premie bereken teen die persentasietarief per jaar op die gemiddelde versekerde bedrag, dit wil sê die totaal van die bedrae wat verklaar is, gedeel deur die getal verklarings.<br>b) indien die werklike premie meer is as die voorlopige premie moet jy die verskil betaal.<br>c) indien dit minder is, word die verskil aan jou terugbetaal, maar sodanige terugbetaling beloop hoogstens 33,3 % (drie-en-dertig en 'n derde present) van die voorlopige premie wat betaal is.<br>B) Indien die bedrag van 'n verklaring die versekerde bedrag oorskry wat op die datum van sodanige verklaring van toepassing is, word dit slegs vir die doel van hierdie klousule geag dat jy sodanige versekerde bedrag verklaar het. |
| **Verklarings** | **3. Verklarings**<br>Jy moet binne 60 (sestig) dae ná die einde van elke maand, of 'n ander tydperk waarop ooreengekom word, by ons 'n ondertekende verklaring indien wat die totale bedrag aantoon wat uitstaande is in kliënte se rekeninge soos uiteengesit in jou rekeninge aan die einde van die betrokke maand. |
| **Duplikaatrekords** | **4. Duplikaatrekords**<br>Jy moet duplikate in stand hou van jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of –rekords waarin besonderhede van uitstaande saldo's vervat word en sodanige duplikate moet by ander persele as die oorspronklikes daarvan geberg word. |
| **Beskermings** | **5. Beskermingswaarborg (indien in die skedule genoteer is)**<br>Jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of –rekords wat besonderhede van uitstaande saldo's bevat, moet buite sake-ure in 'n brandvaste brandkas, kabinet of brandkluis gehou word, tensy daar aan hulle gewerk word of hulle vir onmiddellike verwysing benodig word. |

# C5.5

# REKENINGE ONTVANGBAAR UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Magnetise skade of uitwissing** | **1. Magnetiese skade of uitwissing**<br>Ons sal nie betaal vir verlies as gevolg van verlies aan of skade aan die rekeningboeke of ander besigheidsboeke of –rekords wat veroorsaak word deur elektriese of elektroniese of magnetiese skade, steuring of uitwissing nie, tensy jy die duplikaatrekords in stand hou waarna verwys word in die Duplikaatrekords klousule van hierdie afdeling. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C06
# DIEFSTAL

## C6.1
## DIEFSTAL DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |

## C6.2
## DIEFSTAL BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook naverwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## C6.3
## DIEFSTAL DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Verlies van of skade aan alle inhoud (welke jou eiendom of eiendom waarvoor jy verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel vermeld in die skedule, weens:<br>a) diefstal (of poging tot diefstal) gepaardgaande met sigbare, kragdadige en gewelddadige ingang in of uitgang uit die gebou; of<br>b) diefstal (of poging tot diefstal) ná geweld of dreigende geweld. |

## C6.4
## DIEFSTAL UITBREIDINGS

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Bykomende perseel | 1. Bykomende perseel<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om dekking te verskaf vir skade aan die versekerde eiendom terwyl dit in 'n gebou by enige bykomende perseel gebruik word, mits:<br>a) jy binne 30 (dertig) dae ons in kennis stel van sodanige bykomende perseel en vanaf die tydperk wat die risiko aan ons geheg word;<br>b) jy 'n addisionele premie, indien van toepassing, betaal;<br>c) ons aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding sal nie 50% (vyftig present) van die hoogste bedrag vermeld in die skedule ingevolge met betrekking tot enige enkele perseel, oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Verskuilde diewe** | **2. Verskuilde diewe**<br>Die versekering ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om dekking te verskaf vir skade aan die versekerde eiendom wat veroorsaak is of gepaard gaan met 'n dief of diewe wat voor sluitingstyd op die perseel skuil. |
| **Skade aan geboue** | **3. Skade aan geboue**<br>A) Benewens die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule:<br>a) sluit die versekering ingevolge hierdie afdeling die volgende in:<br>1. Skade aan gebou (insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore) op die versekerde perseel in die loop van diefstal of enige poging daartoe;<br>2. Verlies van geboue en verhuurder se los en vaste toebehore op die versekerde perseel in die loop vn diefstal of enige poging daartoe, gepaardgaande met sigbare, kragdadige en gewelddadige ingang in / uitgang uit die gebou, of ná geweld of dreigende geweld.<br>b) ons sal jou vergoed vir alle redelike koste en uitgawes wat aangegaan word om sodanige tydelike herstelwerk uit te voer en sodanige tydelike maatreëls te tref as wat redelikerwys nodig mag wees ná verlies of skade wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling; met dien vertande dat ons aanspreeklikheid nie die bedrag gespesifiseer in <u>Aanhangsel B</u> oorskry nie. |
| **Slotte en sleutels** | **4. Slotte en sleutels**<br>A) Benewens die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule, sal ons jou vergoed vir ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels vir die versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige sleutel vir sodanige perseel of nadat jy rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutels mag wees.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifiseer in <u>Aanhangsel B</u> oorskry nie. |
| **Persoonlike besittings** | **5. Persoonlike besittings**<br>A) Die uitdrukking 'alle inhoud' sluit in persoonlike besittings, gereedskap en pedaalfietse wat jou eiendom is, of eiendom van enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers tot die mate waartoe sodanige eiendom nie anders verseker is nie.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifiseer in <u>Aanhangsel B</u> oorskry nie. |
| **Lopersleutels** | **6. Lopersleutels**<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om dekking te verskaf vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur of gepaardgaan met ingang in / uitgang uit die perseel deur middel van die gebruik van 'n lopersleutellopersleutel of ander soortgelyke toestel (uitgesluit 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat jy, tot ons bevrediging, sal vasstel dat so 'n lopersleutel of toestel gebruik is.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifiseer in <u>Aanhangsel B</u> oorskry nie. |

# C6.5

# DIEFSTAL KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Alarm waarborg** | **1. Alarm waarborg (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)**<br>A) Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons slegs diefstal of poging tot diefstal dek, indien:<br>a) 'n alarmstelsel by die perseel geïnstallleer en in volle werkende toestand is; en<br>b) die alarmstelsel gekoppel is aan 'n maatskappy wat gewapende reaksie bied.<br>B) Dit is verder gewaarborg dat:<br>a) die alarmstelsel wat by die perseel geïnstalleer is, aangeskakel is wanneer die besigheid nie oop is vir besigheid nie, tensy enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers op die perseel is;<br>b) sodanige alarmstelsel in werkende toestand gehou word. Indien die alarmstelsel onderhou word volgens 'n kontrak met die verskaffers of onderhoudskontrakteurs, sal jy as ontslaan van jou aanspreeklikheid beskou word.<br>C) Ons sal jou ook vergoed indien die sleutel / kode van die alarmstelsel verkry is deur aanranding, geweld of dreigement van geweld aan jou of enige ander sleutel / kodehouer. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Dokumente | 2. Dokumente, manuskripte, planne en gietvorms<br>Ons aanspreeklikheid ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelselrekords en media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms, is beperk tot die waarde van die material en kostes aangegaan vir arbeid. |
| Aard van risiko | 3. Aard van risiko<br>Hierdie afdeling sal nietig verklaar word indien die aard van die risiko wesenlik verander sonder dat ons skriftelike toestemming vooraf verkry is. |

# C6.6

# DIEFSTAL UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Brand afdeling | 1. Brand afdeling<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade wat ingevolge die Brand afdeling van hierdie polis verseker kan word nie, behalwe in die geval van ontploffing wat veroorsaak word in 'n poging om toegang te verkry. |
| Glas en Motor afdelings | 2. Glas en Motor afdelings<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade wat onder die Glas en Motor afdelings van hierdie polis verseker kan word nie. |
| Verhandelbare instrumente | 3. Verhandelbare instrumente<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan kontant, banknote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare seëls en dokumente of sertifikate van 'n verhandelbare aard nie, tensy genoteer in die skedule. |
| Water- of lugvaartuig | 4. Water- of lugvaartuig<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan enige water- of lugvaartuig nie. |
| Eiendom meer spesifiek verseker | 5. Eiendom meer spesifiek verseker<br>Ons is nie aanspreeklik vir eiendom wat meer spesifiek verseker is nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C07
# GELD

## C7.1
## GELD DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Geld | Kontant, banknote (uitgesluit alle crypto-geldeenhede), tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare pos, inkomste en vakansiebetalingseëls, nie-elektroniese bewysstukke en dokumente, sertifikate of ander instrumente van 'n verhandelbare aard, wat deel uitmaak van jou eiendom of waarvoor jy verantwoordelik is. |
| Houer | Enige kluis, trommel, geldlaai, kasregister, geldkis of ander houer vir geld of enige frankeermasjien. |
| Klerasie | Klerasie en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie, wat aan jou behoort of aan enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers. |

## C7.2
## GELD BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## C7.3
## GELD DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Verlies van of skade aan geld wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, eSwatini, Zimbabwe en Malawi, tensy anders gespesifiseer.<br>B) Ons aanspreeklikheid vir alle verlies of skade wat uit alle gebeurtenisse of 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak, sal hoogstens die spesifieke perke vermeld in die skedule beloop. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C7.4

## GELD UITBREIDINGS

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Slotte en sleutels** | 1. Slotte en sleutels<br>A) Benewens enige betaling ten opsigte van 'n versekerde gebeurtenis, sal ons jou vergoed vir die vervangskoste van slotte en sleutels van enige houer op / by die versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige sleutel vir sodanige houer of nadat jy rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodnaige sleutel mag wees.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifseer in Aanhangsel B oorskry nie. |
| **Houers en klerasie** | 2. Houers en klerasie<br>A) Benewens enige betaling ten opsigte van 'n versekerde gebeurtenis, sal ons jou vergoed vir die houers en klerasie wat verloor of beskadig is weens diefstal van geld of 'n poging daartoe.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifseer in Aanhangsel B oorskry nie. |
| **Lopersleutels** | 3. Lopersleutels<br>A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om dekking te verskaf vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur of gepaardgaan met toegang tot die houer deur middel van 'n lopersleutel of ander soortgelyke toestel (uitgesluit 'n dulpikaat sleutel) met dien verstande dat jy, tot ons bevrediging, sal vasstel dat so 'n lopersleutel of toestel gebruik is.<br>B) Ons aanspreeklikheid sal nie die bedrag gespesifseer in Aanhangsel B oorskry nie. |

# C7.5

## GELD OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Kollekteerders of rondbrengers**

### 1. Kollekteerders of rondbrengers

Dekking is uitgebrei om verlies van of skade aan geld in die bewaring of beheer van 1 (een) of meer kollekteerders of rondbrengers, in te sluit.

**Persoonlike ongevalle**

### 2. Persoonlike ongevalle (aanranding)

A) Die term 'versekerde gebeurtenisse' in hierdie afdeling word geag om liggaamlike besering in te sluit wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) aan jou of enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem) terwyl sodanige persoon optree in die loop van hulle pligte in jou diens.

B) Ons betaal ten behoewe van sodanige persoon of hul boedel aan jou die versekerde bedrag of bedrae genoteer in die skedule in die geval van liggaamlike besering van enige sodanige persoon wat binne 24 (vier-en-twintig) kalender maande lei tot:

| | |
|---|---|
| a) dood | die kapitale bedrag |
| b) permanente ongeskiktheid | die persentasie van die kapitale bedrag gespesifiseer in Aanhangsel C |
| c) totale en absolute ongeskiktheid om gewone besigheid of beroep te volg | die weeklikse bedrag genoteer in die skedule, is betaalbaar |
| d) mediese, chirurgiese, tandheelkundi-ge, verpleeginrigting of hospitaalbe-handeling (insluitend die koste van kunsmatige hulpmiddels en prostese en die kostes aangegaan vir noodver-voer of bevryding van sodanige persoon as hul vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) | die redelike onkostes aangegaan, beperk tot die bedrag genoteer in die skedule, is betaalbaar |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

C) Memoranda (van toepassing op permanente ongeskiktheidsvoordele)

a) waar die besering nie gespesifiseer word nie, sal ons sodanige bedrag betaal as wat na ons mening nie strydig is met voormelde bepalings nie;

b) permanente algehele verlies van gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou;

c) 100% (eenhonderd persent) is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeluk of reeks ongelukke wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon, met dien verstande dat:

1. ons nie aanspreeklik is om meer as die kapitale bedrag plus die bedrae gespesifiseer in terme van items B)c) en B)d) te betaal nie;
2. die bedrag gespesifiseer ingevolge item B)c) slegs betaalbaar is vir die duur van die ongeskiktheid van sodanige persoon en nie vir langer as 104 (eenhonderd-en-vier_ weke nie en sodanige betaling gestaak word sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak, sover redelikerwys moontlik, geheel het, nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid mag voortduur;
3. vergoeding betaalbaar ingevolge item B)d) word verminder met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige ongevallewetgewing ten opsigte van enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge item B)d) betaalbaar is;
4. hierdie uitbreiding nie van toepassing is op enige sodanige persoon onder 18 (agtien) of bo 70 (sewentig) jarige ouderdom nie;
5. sodanige persoon nadat hul 'n liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan. Ons is nie aanspreeklik om enige betaling te maak tensy hierdie voorbehoudsbepaling na ons bevrediging nagekom is nie;
6. Algemene voorwaarde 20. Ander versekering en Algemene voorwaarde 22. Herinstelling van dekking na verlies is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie; en
7. Algemene uitsluiting 10. Kern is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie.

D) Uitbreidings op Persoonlike ongevalle (aanranding)

a) Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en / of blootstelling aan die elemente en wat regstreeks of onregstreeks voortspruit daaruit dat sodanige persoon die slagoffer van diefstal (of enige poging daartoe) is;

b) In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat ons tevrede stel dat hul besering opgedoen het waarop hierdie uitbreiding van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel ons vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie uitbreiding verleen word, hul dood, met dien verstande dat indien daar, nadat ons 'n betaling hieronder gemaak het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld aan ons terugbetaal word.

**Oproer en staking**

## 3. Oproer en staking

A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:

a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

B) Hierdie uitbreiding dek nie:

a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;

e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme B) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.

C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C7.6

# GELD KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

## Tjeks

### 1. Spesiale voorwaardes van toepassing op tjeks

Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike gebeurtenis wat ingevolge hierdie polis betaalbaar is en wat voortspruit uit diefstal van enige tjek of tjeks word met 'n eerste bedrag betaalbaar verminder, soos vermeld in Aanhangsel A, tensy:

A) Tjeks getrek deur jou:
   a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande Aanbevole Suid-Afrikaanse Versekering-assosiasie (SAIA) prosedure vir die trekking en kruising van tjeks of enige ander metode wat beter is en goedgekeur is deur SAIA en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo; of
   b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos.

B) Tjeks getrek deur enige persoon anders as jy en wat deur jou deur die pos of direk by die kassier ontvang word:
   a) sodanige tjek onmiddellik ná ontvangs daarvan deur jou gekruis en nie verhandelbaar en nie oordraagbaar gemerk is; en
   b) jy in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek uit jou rekords te identifiseer.

C) Tjeks waarvan jy die ware eienaar is en wat getrek is deur enige persoon anders as jy en wat aan jou gepos is maar wat nie ontvang is nie:
   a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande Aanbevole SAIA prosedure vir die trekking en kruising van tjeks of enige ander metode wat beter is en goedgekeur is deur SAIA; of
   b) die tjek is gestuur per gesertifiseerde pos aan jou of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos; of
   c) jou faktuur (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap daarop bevat (soos deur ons goedgekeur of deur SAIA) wat aanbeveel of vereis dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die Aanbevole SAIA prosedure vir die trekking en kruising van tjeks.

Aanbevole SAIA prosedure vir die trekking en kruising van tjeks en drukking van blanko tjeks

A) Trekking en kruising van tjeks:
   Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is, word hieronder uiteengesit:
   a) skrap die voorafgedrukte woorde 'of toonder'. Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan 'n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie;
   b) indien die woorde 'of order' in plaas van 'of toonder' op jou tjek gedruk is, moet hierdie woorde ook geskrap word;
   c) skryf die woorde 'nie oordraagbaar nie' op die voorkant van die tjek;
   d) kruis die tjek deur twee parallelle lyne deur die tjek te trek;
   e) skryf die woorde 'nie verhandelbaar nie' tussen die twee parallelle lyne waarna hierbo in d) verwys is;
   f) maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is (*bv. RH Jones (Edms) Bpk nie net RH Jones nie).* Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word (*bv. RH Jones (Edms) Bpk, BK nr: 69/ 123456 of RH Jones (Edms) Bpk ABC Bankrekeningnommer: 123456789)*.
      Alhoewel dit sterk aangeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie;
   g) met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie;
   h) maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente;
   i) al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of aner weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde 'nie verhandelb' en 'n cruising deur middel van 'n stempel met 'n reghoek in plaas van twee parallelle lyne is nutteloos;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

j) die metode waarop tjeks voltooi word moet 'n inkafdruk op die papier laat soos handskrif, 'n tikmasjien of 'n matriksdrukker. Die ink wat in die drukker / tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:
   1. ou linte;
   2. laserdrukkers wat nie 'n afdruk op die papier laat nie;
   3. die 'omgekeerde druktegniek';
   4. wysigbare tiklinte.

B) Druk van blanko tjeks:
Blanko tjeks moet net deur die bank self of 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruik maak van goedgekeurde:
   a) sekuriteitspapier (CBS1 of beter);
   b) sekuritietsontwerpe;
   c) spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp;
   d) metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om 'n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer.

**Kontant vervoer waarborg**

## 2. Kontant vervoer waarborg

A) Terwyl die geld in transito is na en van die bank, moet die volgende voorsorgmaatreëls geneem word:
   a) geld tot en met R15 000 (vyftien duisend rand) moet deur een senior werknemer of prinsipaal gedra word;
   b) geld bo R15 000 (vyftien duisend rand) moet deur twee senior werknemers of prinsipale in 'n voertuig vervoer word;
   c) geld bo R25 000 (vyf-en-twintig duisend rand) moet deur professionele gewapende reaksie sekuriteitsdienste vervoer word.

**Gekruisde tjeks**

## 3. Gekruisde tjeks of gekruisde posorders

Dekking vir verlies van gekruisde tjeks of gekruisde posorders (betaalbaar benewens die maksimum limiet vermeld in die skedule, en enige limiete vermeld ingevolge C8.6.5 en C8.6.6) is beperk tot die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B.

**Geld in transito**

## 4. Geld in transito

A) Dit word hiermee verklaar dat ons nie aanspreeklik sal wees om jou skadeloos te stel ten opsigte van die verlies van geld:
   a) in transito, tensy sodanige transito ononderbroke is tussen die versekerde perseel en jou bank/bougenootskap;
   b) vanuit enige onbemande voertuig.

**Geld nie in 'n kluis gestoor nie**

## 5. **Geld nie in 'n kluis gestoor nie**

Dekking vir geld wat nie in 'n geslote kluis gestoor is nie, is beperk tot die bedrag soos gespesifiseer in Aanhangsel B.

**Geld buite kantoorure**

## 6. Geld buite kantoorure

A) Dekking vir geld wat in 'n geslote kluis gehou word in 'n gebou by die versekerde perseel buite die ure waartydens jou kommersiële aktiwiteite plaasvind, is beperk tot bedrag genoteer in Aanhangsel B.

B) Ons aanspreeklikheid sal nie die hooflimiet wat in die skedule vir die betrokke perseel genoteer is, oorskry nie.

**Aard van risiko**

## 7. Aard van risiko

Hierdie afdeling sal nietig verklaar word indien die aard van die risiko wesenlik verander sonder dat ons skriftelike toestemming vooraf verkry is.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C7.7

# GELD UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Elektroniese formaat | **1. Elektroniese formaat**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld wat verloor word terwyl dit in elektroniese format gestoor word nie. |
| Foute of nalate | **2. Foute of nalate**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld wat voortspruit uit 'n tekort as gevolg van foute of nalate nie. |
| Eerlikheidswaarborg | **3. Eise ingevolge die Eerlikheidswaarborg afdeling**<br>Ons is nie aanspreeklik ingevolge hierdie afdeling van die polis ten opsigte van verlies of skade voortspruitend uit enige gebeurtenis ingevolge waarvan 'n bedrag betaalbaar is of betaalbaar sou gewees het, as dit nie was vir die eerste bedrag betaalbaar of medeversekeringsklousule ingevolge die Eerlikheidswaarborg afdeling van die polis of enige ander eerlikheidswaarborg versekering nie. |
| Geld in 'n voertuig | **4. Geld terwyl dit in 'n voertuig is**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld wat in jou voertuig is nie, tensy enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers inderdaad in sodanige voertuig is, of indien nie in sodanige voertuig nie, binne 5 (vyf) meter daarvandaan in 'n posisie van waar die voertuig duidelik sigbaar is.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie ná 'n ongeluk, waarby sodanige voertuig betrokke is, wat die vermelde persoon onbevoeg laat. |
| Eie werknemers | **5. Eie werknemers**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld voortspruitend uit oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur of persoon(ne) in jou diens en sodanige verlies nie ontdek is binne 14 (veertien) werksdae na plaasvind van die verlies nie. |
| Onbewaakte geld | **6. Onbewaakte geld**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld wat nie in 'n geslote kluis gehou word terwyl die deel van die perseel wat sodanige kluis bevat, onbewaak is.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie indien jy tot ons bevrediging kan bewys dat die persoon(ne) verantwoordelik vir die geld dit doelbewus buite die kluis gelaat het met die doel om diefstal van die geld toe te laat. |
| Ongeslote kluis | **7. Ongeslote kluis**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld wat in ongeslote kluis gehou word terwyl die deel van die perseel wat sodanige kluis bevat, onbewaak is.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie indien jy tot ons bevrediging kan bewys dat die sleutelhouer van die kluis dit doelbewus ongesluit gelaat het met die doel om diefstal van die geld toe te laat. |
| Gebruik van kluissleutels | **8. Gebruik van kluissleutels**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan geld voortspruitend uit die gebruik van die sleutels tot die kluis nie, tensy die sleutels:<br>a) deur middel van geweld of 'n dreigement van geweld aan enige pesoon; of<br>b) deur die sleutelhouer of enige ander persoon wie met die sleutelhouer saamspan en jy tot ons bevrediging kan bewys dat die sleutelhouer of ander persoon die sleutels gebruik het om die kluis oop te maak. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C08
# GLAS

## C8.1
## GLAS DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Glas | Tensy spesifiek ooreengeokm, word aanvaar dat alle glas (behalwe spieëls) wat deur hierdie afdeling verseker is, gladde plaat / 'float' glas is wat nie dicker as 6 (ses) mm is nie, hetsy bedek deur 'n filmlaag of nie, of 6,5 (ses en 'n half) mm gelamineerde veiligheidsglas. |

## C8.2
## GLAS ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou glas vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| Onderversekering | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou glas vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| Awery | Indien daar vasgestel word dat die versekerde eiendom ten tyde van die verlies of skade, gesamentlik meer werd is as die versekerde bedrag daarvoor, soos vermeld in die skedule, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. |

## C8.3
## GLAS BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C8.4

## GLAS DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

| Versekerde gebeurtenisse | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Verlies van of skade aan interne of eksterne glas (insluitend spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op die versekerde perseel, soos vermeld in die skedule, wat jou eiendom is of waarvoor jy verantwoordelik is.<br>B) Met betrekking tot die vervanging van die glas, letterskilderwerk en die behandeling daarvan as gevolg van verlies of skade wat by die versekerde perseel plaasvind, sal ons aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag vermeld in die skedule, oorskry nie. |
|---|---|

# C8.5

## GLAS UITBREIDING

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| Aanbring van skuttings en ander koste | 1. Aanbring van skuttings en ander koste<br>A) Ná die verlies van of skade aan glas, sal ons jou ook vergoed vir:<br>a) die koste van die aanbring van sodanige skuttings as wat redelikerwys nodig mag wees;<br>b) skade aan winkeltoonvensters, rame, vensteruitstallings (insluitend los en vaste toebehore), alarmstroke, -drade en –vibrators as 'n direkte gevolg van sodanige verlies of skade;<br>c) die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore wat nodig is om die glas te vervang.<br>B) Met betrekking tot alle ander koste en uitgawes waarvoor voorsiening gemaak word deur hierdie afdeling en wat voortspruit uit een gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse wat aan een bron of oorspronklike oorsaak toeskryfbaar is, sal ons aanspreeklikheid nie die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B oorskry nie. |
|---|---|

# C8.6

## GLAS OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| Oproer en staking | 1. Oproer en staking<br>A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:<br>a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;<br>b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.<br>B) Hierdie uitbreiding dek nie:<br>a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;<br>b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;<br>c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;<br>d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid; |
|---|---|


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| | e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme B) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.<br>C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê. |
| Spesiale herstel / vervanging | 2. Spesiale herstel / vervanging<br>A) Indien, ná verlies of skade wat hierkragtens verseker is, jy verplig is ingevolge die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing, om die beskadigde glas te vervang met glas van 'n beter gehalte, is ons verantwoordelik vir die verhoogde koste van sodanige vervanging insluitende (maar nie daartoe beperk nie) rame daarvoor.<br>B) Indien die koste om die hele versekerde eiendom (insluitende ander versekerbare items) so te vervang, groter is as die bedrag waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. |

# C8.7

# GLAS UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Skade andersins verseker | 1. Skade andersins verseker<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat hierkragtens verseker is, of wat verseker sou wees ingevolge enige brandversekering nie, behalwe ten opsigte van enige bybetaling buite die bedrag wat betaalbaar is ingevolge sodanige brandversekering indien die versekering ingevolge hierdie afdeling nie in werking is nie. Hierdie spesifieke uitsluiting is nie van toepassing op verlies of skade waarvoor jy as huurder en nie as eienaar nie, verantwoordelik is. |
| Skending | 2. Skending<br>Ons is nie aanspreeklik vir skending of skade, behalwe 'n bars dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan nie. |
| Bestaande skade | 3. Bestaande skade<br>Ons is nie anspreeklik vir verlies van of skade aan glas wat by die aanvang van hierdie versekering, gekraak of gebreek is nie, tensy ons ooreenstem om dekkig te verskaf. |
| Handelsvoorraad | 4. Handelsvoorraad<br>Ons is nie aanspreeklik vir die verlies van of skade aan glas wat deel uitmaak van handelsvoorraad nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C09
# EERLIKHEIDSWAARBORG

## C9.1
## EERLIKHEIDSWAARBORG DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Werknemer** | Werknemer beteken:<br>1. enige persoon wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap by jou in diens is; of<br>2. enige pesoon wat van enige ander party aan jou gehuur of geleen word;<br>en wie jy te alle tye geregtig is om te beheer of te beveel in die loop van jou besigheid en in die uitvoering van sy / haar werk. Indien hierdie afdeling op 'n naam en / of posgrondslag is, moet die werknemer by wyse van hierdie naam en / of posgrondslag in die skedule beskryf word. |

## C9.2
## EERLIKHEIDSWAARBORG BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| **Bybetaling** | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## C9.3
## EERLIKHEIDSWAARBORG DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

**Versekerde gebeurtenisse**

1. Versekerde gebeurtenisse

A) Verlies van geld en / of ander eiendom wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is en wat deur 'n versekerde werknemer gedurende die geldigheid van hierdie afdeling gesteel word.

B) Direkte finansiële verlies wat jy ly weens bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheid van hierdie afdeling plaasvind en wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer, met dien verstande dat:

a) ons is nie aanspreeklik vir verliese wat plaasgevind het meer as 24 (vier-en-twintig) maande voor ontdekking van sodanige gebeurtenis wat aanleiding gee tot die verliese nie;

b) alle verliese ontdek word binne 12 (twaalf) maande ná die beëindiging van:
   1. hierdie afdeling; of
   2. hierdie afdeling ten opsigte van enige versekerde werknemer betrokke by 'n verlies; of
   3. die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by 'n velries na gelang van wat eerste plaasvind.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

c) dekking ingevolge hierdie afdeling kan op een van die volgende grondslae verskaf word:

1. Oordekkende grondslag:
Ons aanspreeklikheid vir alle verliese sal nie die versekerde bedrag gespesifiseer in die skedule oorskry nie, hetsy enige 1 (een) werknemer of enige aantal werknemers wat saamspan of onafhanklik van mekaar optree;

2. Naam- of posgrondslag:
Ons aanspreeklikheid vir alle verliese waarby enige werknemer betrokke is, sal nie die versekerde bedrag wat gespesifiseer is in die skedule teenoor sy / haar naam of teenoor sy / haar pos, oorskry nie.

d) Hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of enige verlenging van enige versekeringstydperk sal nie ons aanspreeklikheid ophoop of verhoog buite die versekerde bedrag vermeld in die skedule nie. Indien die versekeringstydperk minder as 12 (twaalf) maande is, is ons aanspreeklikheid beperk tot die bedrag vermeld in die skedule gedurende enige 12 (twaalf) maande verekeringstydperk bereken vanaf die aanvangs- of hernuwingsdatum;

e) die uitdrukking 'oneerlike persoonlike finansiële voordeel' sluit nie 'n werknemer se salaris, salarisverhogings, gelde, kommissies, bonusse, bevorderings of ander vergoeding in nie;

f) die bedrag betaalbaar gedurende enige enkele tydperk van 12 (twaalf) opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of hernuwingsdatum, mag nie hoër wees as die versekerde bedrag wat in die skedule as die betrokke aanvangs- of hernuwingsdatum, wat die geval ookal mag wees, vermeld word nie (of dubbel die versekerde bedrag indien die ' 'Vermindering / Herinstelling Reinstatement van die versekerde bedrag klousule' geld). Indien die versekerde bedrag verhoog word gedurende enige versekeringstydperk, sal die verhoging van toepassing wees vanaf die hernuwingsdatum. Enige herinstelling tussen die verhogingsdatum en die hernuwingsdatum mag nie hoër wees as dubbel die versekerde bedrag nie.

# C9.4

# EERLIKHEIDSWAARBORG UITBREIDING

**Voormalige werknemers**

## 1. Uitgebreide dekking vir voormalige werknemers

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie, word vir doeleindes van hierdie afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 (dertig) dae nadat sodanige persoon opgehou het om 'n werknemer te wees.

# C9.5

# EERLIKHEIDSWAARBORG OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Rekenaarverliese**

## 1. Rekenaarverliese

Indien jy 'n bevredigende vraelys voltooi het, is Uitsluiting 9.7.1 Rekenaarprogramme en die Rekenaarverliese: Eerste bedrag betaalbaar klousule nie van toepassing op hierdie afdeling nie.

**Verhalingskoste**

## 2. Verhalingskoste

A) Indien jy enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is en wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry, betaal ons, benewens die versekerde bedrag, hoogstens die bedrag vermeld in die skedule en die koste en uitgawes noodsaaklikerwys met ons toestemming (welke toestemming nie redelikerwys weerhou mag word nie), aangegaan word vir die verhaling of gepoogde verhaling vanaf die werknemer met betrekkign tot wie die eis ingestel is, van daardie deel van die verlies wat die versekerde bedrag hierkragten oorskry.

B) Alle bedrae bó die gemelde deel van die verlies wat deur jou verhaal word, is tot ons voordeel asook jou voordeel tot die mate van jou medeversekering ingevolge item (b) van die eerste bedrag betaalbaar soos gespesifiseer in Aanhangsel A.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Bevredigende stelseloudit**

## 3. Verlenging toegestaan by ontvangs van 'n bevredigende stelseloudit ten opsgite van verliese ontdek meer as 24 maande nadat dit gepleeg is

A) Met inagneming dat die ouditeursfirma vermeld in die skedule, 'n bevredigende oudit gedoen het van jou stelsels van:
- beheer;
- ontdekking van bedrog, oneerlikheid en diefstal;

en onderworpe daaraan dat jy al die aanbevelings vervat in sodanige oudit implementeer en in stand hou:

a) word voorbehoudsbepaling B)a) van die versekerde gebeurtenisse (wat dekking beperk tot daardie deel van verliese wat binne 24 (vier-en-twintig) maande ontdek word) en voorbehoudsbepaling f) van die vervangde uitbreidingsklousule (indien van toepassing) is nie van toepassing op hierdie afdeling nie;

b) die eerste bedrag betaalbaar klousule vir verlieste ontdek meer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, is nie van toepassing op hierdie afdeling nie.

**Verliese ontdek na 24 maande**

## 4. Verliese ontdek meer as 24 maande nadat dit gepleeg is

A) Met inagneming van die betaling van 'n addisionele premie, word voorbehoudsbepaling B)a) van die versekerde gebeurtenisse vervang met:
'B)a) Ons is nie aanspreeklik vir alle verliese wat plaasgevind het meer as 36 (ses-en-dertig) maande voor ontdekking van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis mag lei nie.'

B) Indien hierdie afdeling klousule C10.5.7 Vervangde versekering insluit, word die periode waarna in voorbehoudsbepaling f) verwys word, verleng vanaf 24 (vier-en-twintig) maande na 36 (ses-en-dertig) maande.

**Vermindering / herinstelling**

## 5. Vermindering / herinstelling van versekerde bedrag

A) Ons betaling van enige verlies waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is, verminder nie ons aanspreeklikheid ten opsigte van die res van die versekerde werknemers nie, met dien verstande dat:

a) die maksimum bedrag wat deur ons betaalbaar is vir alle versekerde werknemers hoogstens dubbel die versekerde bedrag vermeld in die skedule beloop;

b) jy 'n addisionele premie betaal op die bedrag van die versekerde verlies, bereken volgens die volgende formule:

$$\frac{\text{Jaarlikse premie van krag ten tyde van ontedekking van verlies x Bedrag van skkikking van eis}}{\text{Versekerde bedrag ten tyde van ontdekking van verlies}}$$

B) Die addisionele premie is ten volle betaalbaar en mag nie verminder word omrede die tydperk tussen die datum van ontdekking van die verlies en die verstrykingsdatum korter as 12 (twaalf) maande is nie.

**Terugwerkende dekking**

## 6. Terugwerkende dekking – geen vorige versekering van krag

Hierdie afdeling is van toepassing op versekerde gebeurtenisse soos hierkragtens verseker wat tot 12 (twaalf) maande voor aanvang van hierdie afdeling plaasvind, maar nie meer as 24 (vier-en-twintig) maande voordat dit ontdek is nie, met dien verstande dat die gebeurtenisse ontdek word binne 12 (twaalf) maande ná die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 (twaalf) maande ná die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind.

**Vervangde versekering**

## 7. Vervangde versekering

A) Hierdie afdeling is van toepassing op versekerde gebeurtenisse wat hierkragtens verseker is en wat plaasgevind het gedurende die geldigheid van enige versekering wat deur hierdie afdeling vervang word en in die skedule gespesifiseer word, met dien verstande dat:

a) hierdie uitbreiding beperk word tot verliese wat deur die vervangde versekering betaalbaar sou gewees het maar wat nie opeisbaar is nie weens die verstryking van die tydperk wat deur die vervangde versekering toegelaat word vir die ontdekking van die versekerde gebeurtenisse;

b) die versekerde gebeurtenisse ontdek word binne 12 (twaalf) maande ná die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 (twaalf) maande ná verstryking van hierdie afdeling, na gelang wat eerste plaasvind;

c) die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding sal nie die versekerde bedrag kragtens hierdie afdeling of die bedrag verseker ingevolge die vervangde versekering oorskry nie, wat ookal die minste is;

d) indien die versekerde gebeurtenisse waarby 1 (een) werknemer of enige aantal werknemers betrokke is, gedurende die geldigheid van hierdie afdeling sowel as die geldigheid van die vervangde polis plaasvind, sal die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling nie die versekerde bedrag ten tyde van die ontdekking van die versekerde gebeurtenisse, oorskry nie;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

e) hierdie uitbreiding is nie van toepassing op versekerde gebeurtenisse wat voor die tydperk gespesifiseer in die skedule voor die aanvang van hierdie afdeling, plaasgevind het nie;

f) ons is nie aanspreeklik vir enige verlies wat meer as 24 (vier-en-twintig) maande voor die ontdekking daarvan plaasgevind het nie.

**Vrywillige eerste bedrag betaalbaar**

### 8. Vrywillige eerste bedrag betaalbaar

Benewens die bedrag wat deur jou betaalbaar is ingevolge die verpligte eerste bedrag betaalbaar klousule, is jy verantwoordelik vir die verskil tussen sodanige bedrag en die bedrag vermeld in die skedule as die vrywillige eerste bedrag betaalbaar, met dien verstande dat sodanige vrywillige bedrag die verpligte bedrag oorskry.

# C9.6

# EERLIKHEIDSWAARBORG KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

**Rekenmeesters**

### 1. Rekenmeesters

Enige besonderhede wat in jou rekeningkundige of ander boeke of dokumente opgeneem is en wat deur ons onder hierdie afdeling benodig mag word ten einde enige eis hieronder te ondersoek of te bevestig, mag deur jou ouditeure of professionele boekhouers opgestel en gesertifiseer word, en hulle sertifikasie sal as *prima facie* bewys dien van die besonderhede waarmee dit verband hou.

**Beheer en kontrole**

### 2. Beheer en kontrole

A) Jy moet alle sodanige kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerklike prosedures en metodes vir die bedryf van jou besigheid en / of in stand hou en voortgaan om dit toe te pas soos wat deur jou aan ons voorgehou word. Jy mag egter:
   a) die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer verander;
   b) ten opsigte van enige werknemer wie se naam vermeld word in die skedule, se pligte en pos verander;
   c) ten opsigte van enige werknemer wie se pos alleenlik vermeld word in die skedule, sodanige werknemer verwyder en enige ander persoon wat binne die woordomskrywing van werknemer val, in sy plek aanstel;
   d) sodanige ander veranderings maak as wat vooraf skriftelik deur jou ouditeure goedgekeur word.

**Verhoging van versekerde bedrag**

### 3. Verhoging van versekerde bedrag

Indien die versekerde bedrag te eniger tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op versekerde gebeurtenisse wat ná die datum van sodanige verhoging gepleeg word.

**Verswyging**

### 4. Verswyging deur persoon wat aansoekvorm onderteken

Verswyging van sy eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy saamspan, deur enige persoon wat die aansoekvorm onderteken of hernuwing of enige ander instruksies gee, benadeel nie enige eis ingevolge hierdie afdeling nie.

**Ander versekering**

### 5. Ander versekering

A) Dit is 'n voorwaarde van hierdie afdeling dat behalwe:
   a) 'n geldpolis;
   b) 'n polis wat by aanvangs- of hernuwingsdatum daarvan of ten tyde van die instel van 'n eis aan ons verklaar is;
   c) 'n pensioenfondsgetrouheidspolis wat nie hierdie afdeling in waarde oorskry nie;
   d) hierdie polis;

   daar geen ander polis gedurende die geldigheid van hierdie afdeling van krag is om te verseker teen die risiko's wat hierkragtens verseker word nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Verhalings** | **6. Verhalings**<br>Indien jy enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is wat die bedrag wat hierkragtens betaalbaar is oorskry ten opsigte van sodanige verlies, is jy geregtig op alle verhalings (behalwe uit borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling deur ons geneem of aangegaan, of vir die bedrag van enige eerste bedrag betaalbaar) deur wie ookal gemaak as gevolg van sodanige verlies totdat dit ten volle vergoed is, minus die werklike koste om dit aan te gaan. Enige oorblywende deel word aangewend tot ons vergoeding asook jou vergoeding, tot die mate van jou medeversekering ingevolge item (b) van die verpligte eerste bedrag betaalbaar klousule gespesifiseer in Aanhangsel A. |
| **Aanmelding van verlies aan die polisie** | **7. Aanmelding van verlies aan die polisie**<br>In die geval van die ontdekking van enige verlies wat uit 'n versekerde gebeurtenis voortspruit, mag jy, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in Algemene voorwaarde 6. Eise A)a), nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, maar sal dit onmiddellik doen indien ons dit verlang. |

# C9.7

# EERLIKHEIDSWAARBORG UITSLUITINGS

## Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Rekenaarprogramme** | **1. Rekenaarprogramme**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir enige versekerde gebeurtenis as dit voortspruit uit die ooneerlike:<br>a) manipulasie van;<br>b) invoer in;<br>c) onderdrukking van invoering in;<br>d) vernietiging van; of<br>e) verandering van;<br>enige rekenaarprogram, -sisteem, -data of -sagteware deur enige van jou versekerde werknemers wie in jou elektroniese data-prosesseringsdepartement of -area in diens is. |
| **Regsentiteit verkry** | **2. Regsentiteit verkry**<br>Hierdie afdeling dek nie enige maatskappy of ander regsentiteit wat deur jou verkry is / word gedurende die versekeringstydperk nie. |
| **Vennote, prinsipale of direkteure** | **3. Vennote, prinsipale of direkteure**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir verlies voortspruitend uit enige van jou vennote, prinsipale, direkteure of lede se direkte betrokkenheid nie. Hierdie uitsluiting is slegs van toepassing op vennootskappe, eiendomsmaatskappye, gevestigde trusts of beslote korporasies.<br>B) Ons is nie aanspreeklik vir verlies voortspruitend uit of veroorsaak deur of as gevolg van of bygedra het tot enige versekerde gebeurtenis veroorsaak (direk of indirek) deur:<br>a) enige van jou vennote tot die mate wat so 'n vennoot sou baat by die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie polis toegestaan word;<br>b) enige van jou prinsipale, direkteure of lede, tensy so 'n prinsipaal, direkteur of lid ook 'n werknemer is;<br>c) enige werknemer vanaf die tyd wat jy bewus geword het dat sodanige werknemer enige bedrog of oneerlikheid gepleeg het. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C10
# GOEDERE IN TRANSITO

## C10.1
## GOEDERE IN TRANSITO DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Tydperk van vervoer | Vervoer neem 'n aanvang vanaf die tydstip waarop die eiendom gelaai word op enige vervoermiddel vermeld in die skedule, en word daarna voortgesit met die vervoer na die ontvanger (insluitend die tydelike berging van die eiendom en voertuig gedurende die verloop van die rit) en eindig met die aflaai en aflewering, insluitend die los van die eiendom, by die bestemming. |

## C10.2
## GOEDERE IN TRANSITO BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## C10.3
## GOEDERE IN TRANSITO DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

**Versekerde gebeurtenisse**

1. Dekkingtipes

A) Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling is onderhewig aan die skadeloosstellingsperk asook die tipe dekking wat jy gekies het, soos vermeld in die skedule.

B) Daar is 3 (drie) dekkingtipes ingevolge hierdie afdeling van die polis, naamlik:

a) **Dekking vir alle risiko's** (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)
Verlies van of skade aan die geheel of gedeelte van die eiendom vermeld in die skedule, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, in die verloop van vervoer van die eiendom deur die vervoermiddel soos vermeld in die skedule, of ander verwante wyse en veroorsaak deur enige ongeluk of teëspoed nie andersins uitgesluit nie, met dien verstande dat aanspreeklikheid vir alle verlies of skade voortspruitend uit enige enkele versekerde gebeurtenis nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule oorskry nie.

b) Brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan en diefstal (indien in die skedule genoteer)
Die versekering ingevolge hierdie dekking is beperk tot verlies of skade wat voortspruit uit:
1. brand of ontploffing; of
2. botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel vermeld in die skedule; en
3. Diefstal na aanleiding van enige van die voormelde gebeurtenisse.

c) Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan (indien in die skedule genoteer)
Die versekering ingevolge hierdie dekkingstipe is beperk tot verlies of skade wat voortspruit uit:
1. brand of ontploffing; of
2. botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel vermeld in die skedule.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C10.4

# GOEDERE IN TRANSITO UITBREIDING

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Brandweerheffings** | 1. Brandweerheffings<br>A) Indien die eiendom beskryf in die skedule tydens transito, soos deur hierdie afdeling verseker, deur brand beskadig word, sal ons die koste wat verband hou met die blus van die vuur, of poging daartoe, betaal.<br>B) Die maksimum bedrag betaalbaar onder hierdie uitbreiding sal nie die bedrag genoteer in Aanhangsel B oorskry nie. |

# C10.5

# GOEDERE IN TRANSITO OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| **Puinverwydering** | 1. Puinverwydering<br>Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit in die koste noodsaaklikerwys deur jou aangegaan ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin ná skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarin / daarop, onderworpe aan die beperkings gespesifiseer in Aanhangsel B. |
| **Oproer en staking** | 2. Oproer en staking<br>A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:<br>a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;<br>b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.<br>B) Hierdie uitbreiding dek nie:<br>a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;<br>b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;<br>c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;<br>d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;<br>e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme B) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelede owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.<br>C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê. |
| **Lewende hawe** | 3. Lewende hawe<br>A) Indien hierdie opsionele uitbreiding gekies is, is Uitsluiting C10.7.3. Lewende hawe nie van toepassing nie.<br>B) Met inagneming van die betaling van 'n addisionele premie, is hierdie afdeling uitgebrei om dood van of verlies van lewende hawe te dek wat veroorsaak is deur:<br>a) brand of ontploffing; of<br>b) botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel vermeld in die skedule; en<br>c) diefstal na aanleiding van enige van die voormelde gebeurtenisse;<br>terwyl vervoer word binne die gebiedsperke.<br>C) Ons aanspreeklikheid vir alle verlies of skade voortspruitend uit enige enkele gebeurtenis sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule, oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

D) Spesifieke uitsluitings van toepassing op hierdie uitbreiding:

a) brand, tensy tydens die werklike vervoer;
b) inenting, kastrasie, stertafkapping of snykundige operasie of bevalling of die gevolge daarvan of dragtigheid;
c) spronge;
d) dood van enige dier jonger as 3 (drie) maande;
e) doodtrap of versmoring vanweë die vervoer van die versekerde dier en wat die dood of vernietiging van die versekerde dier veroorsaak.

# C10.6

# GOEDERE IN TRANSITO KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Onklaarraking en voltooiing** | **1. Onklaarraking en voltooiing van transito**<br>In geval van die onklaarraking van die vervoermiddele tydens transito of indien, vir enige rede buite jou beheer, die eiendom bedreig word, sal niks wat hierin vervat is, die gebruik van enige ander vorm van vervoer belemmer om die transito te vergemaklik en die versekering hierdeur verskaf sal nie geaffekteer word nie. |
| **Aanvang** | **2. Aanvang van transito**<br>Transito word geag om 'n aanvang te neem vanaf die tyd waarop die eiendom wat in die skedule vermeld word, by die afsender se perseel (insluitende die dra / vervoer na enige vervoermiddel en laai daarvan) plaasvind, voortgaan met vervoer na die ontvanger (insluitende tydelike berging van nie meer as 96 (ses-en-negentig) ure in die verloop van die rit) en eindig wanneer dit afgelaai en afgelewer word by enige gebou of plek van berging by die ontvanger se perseel. |
| **Weiering om te aanvaar** | **3. Weiering om te aanvaar**<br>Indien enige ontvanger weier om die eiendom soos versend te aanvaar, word transito geag om voort te gaan en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom sal van krag bly totdat die eiendom op enige wyse van vervoer gelewer word terug op die perseel van die afsender, met dien verstande dat jy alle redelike stappe sal neem om te verseker dat die eiendom teruggestuur word sodra redelikerwys moontlik. |
| **Vervanging van voertuig** | **4. Vervanging van voertuig**<br>Waar die metode van vervoer 'n gespesifiseerde voertuig vereis, welke gespesifiseerde voertuig herstel of gediens word en daar dus 'n ander voertuig (wat nie jou eiendom is of nie deur jou gehuur word ingevolge 'n huurooreenkoms of huurverkoopsooreenkoms nie) tydelik gebruik word om eiendom te vervoer, sal die versekering ingevolge hierdie afdeling van toepassing wees op sodanige eiendom wat tydelik in / op die ander voertuig is wat gebruik word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C10.7

# GOEDERE IN TRANSITO UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Onklaarraking van verkoelingstoerusting** | **1. Onklaarraking van verkoelingstoerusting**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade voortspruitend uit of veroorsaak deur die onklaarraking van verkoelingstoerusting nie. |
| **Bedwelmende drank of dwelms** | **2. Bedwelmende drank of dwelms**<br>Ons is nie aanspreeklik vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of regsaanspreeklikheid gelei of veroorsaak terwyl enige voertuig bestuur word deur enige persoon onder die invloed van bedwelmende drank of dwelms nie, tensy jy onbewus was van hierdie feit. |
| **Lewende hawe** | **3. Lewende hawe**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan lewende hawe nie, tensy spesifiek ingesluit ingevolge C10.5.3. Lewende hawe. |
| **Verlies aan markte** | **4. Verlies aan markte**<br>Ons is nie aanspreeklik vir die oponthoud, verlies van markte of veranderings wat teweeggebring word deur natuurlike oorsake nie. |
| **Verhandelbare instrumente** | **5. Verhandelbare instrumente**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan kontant, banknote, muntstukke, verbande, koepons, seëls, verhandelbare instrumente, titelaktes, manuskripte of effekte van enige aard nie. |
| **Eiendom andersins verseker** | **6. Eiendom andersins verseker**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat hierkragtens verseker is, of wat verseker sou wees ingevolge enige ander versekering nie, behalwe ten opsigte van enige bybetaling buite die bedrag wat betaalbaar is ingevolge sodanige ander versekering indien die versekering ingevolge hierdie afdeling nie in werking is nie. |
| **Gebiedsperke** | **7. Gebiedsperke**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini (voorheen Swaziland), Zimbabwe en Malawi nie. |
| **Diefstal van onbewaakte voertuie** | **8. Diefstal van onbewaakte voertuie**<br>A) Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade aan eiendom wat voortspruit uit of veroorsaak word deur diefstal uit enige onbewaakte voertuig onder jou toesig of in jou beheer of onder toesig of in beheer is van enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is, of die voertuig self in 'n beveiligde of geslote gebou gehuisves word nie en betreding of verlating van sodanige voertuig gepaard gaan met sigbare kragdadigheid en geweld. |
| **Vervoer per see** | **9. Vervoer per see**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit of ontstaan gedurende vervoer per see of gepaardgaande binnelandse transito nie. |
| **Ongelisensieerde bestuurder** | **10. Ongelisensieerde bestuurder**<br>Ons is nie aanspreeklik vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid wat veroorsaak word terwyl enige voertuig deur enige persoon bestuur word wat nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie, tensy jy onbewus was van die feit dat die bestuurder nie gelisensieerd was nie en jy bevredigend aan ons kan bewys dat, in die normale loop van jou besigheid, prosedures in plek is ten einde te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C11
# SAKE ALLE RISIKO'S

## C11.1
## SAKE ALLE RISIKO'S DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |

## C11.2
## SAKE ALLE RISIKO'S ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| **Awery** | Indien daar vasgestel word dat die versekerde eiendom ten tyde van die verlies of skade, gesamentlik meer werd is as die versekerde bedrag daarvoor, soos vermeld in die skedule, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. |

## C11.3
## SAKE ALLE RISIKO'S BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| **Bybetaling** | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## C11.4
## SAKE ALLE RISIKO'S DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

| | |
|---|---|
| **Versekerde gebeurtenisse** | **1. Versekerde gebeurtenisse**<br>A) Verlies van of skade aan die hele of 'n gedeelte van die eiendom vermeld in die skedule veroorsaak deur enige ongeluk of onvoorsiene oorsaak, terwyl dit in die Republiek van Suid-Afrika of in die wêreld in die loop van tydelike besoeke van hoogstens 6 (ses) agtereenvolgende maande is.<br>B) Jy is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in Aanhangsel A ten opsigte van ieder en elke voorval, behalwe 'n eis wat voortspruit uit brand, weerlig of ontploffing. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C11.5

# SAKE ALLE RISIKO'S OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| **Verslegting van voorraad** | **1. Verslegting van voorraad (alle risiko's basis)**<br>Verslegting van bevrore goedere is gedek indien direk voortspruitend uit skade aan die vrieseenheid of koeleenheidaanleg deur enige ongeluk of onvoorsiene oorsaak, nie andersins uitgesluit nie, is verseker, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele verlies nie die versekerde bedrag in die skedule vermeld sal oorskry nie. |
| **Verhoging in bedryfskoste** | **2. Verhoging in bedryfskoste**<br>Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot noodsaaklike en redelike uitgawes (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met ons toestemming aangegaan word gedurende die skadeloosstellingstydperk vir die doel om die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou, welke uitgawes aangegaan is as gevolg van verlies van of skade aan eiendom waarvoor betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge hierdie afdeling. |
| **Oproer en staking** | **3. Oproer en staking**<br>A) Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, is hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat direk veroorsaak word of die gevolg is van:<br>a) burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;<br>b) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.<br>B) Hierdie uitbreiding dek nie:<br>a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;<br>b) gevolglike of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;<br>c) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;<br>d) skade wat veroorsaak word deur die permanente of tydelike besitontneming as gevolg van die konfiskering, kommandering of aanvraag deur enige wettig ingestelde owerheid;<br>e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna verwys word in Algemene uitsluitings 14. Oorlog, oproer en terrorisme B) tot F) van hierdie polis, of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming, onderdrukking of op enige ander wyse wat met so 'n gebeurtenis hanteer word.<br>C) Indien ons beweer dat verlies of skade in terme van B) hierbo nie gedek word nie, sal die bewyslas om die teendeel te bewys by jou lê. |
| **Afstandbeheertoestel blokkering** | **4. Afstandbeheertoestel blokkering**<br>A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van eiendom as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, mits:<br>a) die gesteelde items in die skedule gespesifiseer was;<br>b) die items gestoor is in 'n geslote kattebak en gevolglik ten volle versteek is, of versteek is in 'n ingeslote kompartement wat deel van die voertuig uitmaak ten tyde van die diefstal;<br>c) jy gepoog het om die voertuig te sluit voor die diefstal; en<br>d) die gebeurtenis aan die polisie gerapporteer is en die saaknommer aan ons verskaf is in die eisvorm.<br>B) Die vergoeding sal beperk word tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Verslegting van melk** | **5. Verslegting van melk (alle risiko's basis)**<br>A) Onderhewig daaraan dat jy die nodige addisionele premie betaal het, is verslegting van jou melk onder hierdie afdeling slegs gedek indien aanspreeklikheid deur ons aanvaar word ingevolge die Gemeenregtelike aanspreeklikheid opsionele uitbreiding LC1.5.9. Verslegting / Besmetting van melk.<br>B) Ons aanspreeklikheid met betrekking tot enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die versekerde bedrag genoteer in die skedule oorskry nie.<br>C) In die geval dat ons beweer dat 'n reeks gebeurtenisse uit een oorspronklike oorsaak spruit, rus die onus op jou om te bewys dat sodanige reeks gebeurtenisse nie uit een oorspronklike oorsaak spruit nie.<br>D) Hierdie uitbreiding sluit spesifiek melk uit wat deur bakterië besmet is, welke bakteriële besmetting normaalweg tydens die pasteurisasie proses neutraliseer of vernietig sou word |

# C11.6

# SAKE ALLE RISIKO'S KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling

| | |
|---|---|
| **Kampeertoerusting** | **1. Kampeertoerusting**<br>A) Hierdie afdeling dek nie kampeertoerusing van enige beskrywing terwyl:<br>a) dit in 'n oop voertuig, voertuig wat nie gesluit is nie of nie in die kattebak versteek is nie;<br>b) dit in die ope en onbewaak is, tensy binne 'n gekontroleerde reservaat of karavaanpark . |
| **Vuurwapens** | **2. Vuurwapens**<br>A) Vuurwapens moet in 'n wapenkluis toegesluit wees indien dit nie gedra word nie, in ooreenstemming met wetlike en regulatoriese vereistes.<br>B) Dekking vir verlies van vuurwapens is beperk tot diefstal uit sodanige kluis en onderhewig aan:<br>a) sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in die kluis; of<br>b) die sigbare, gewelddadige verwydering van die hele kluis; of<br>c) dreigement van geweld.<br>C) Ons dek nie verlies of skade veroorsaak as gevolg van die bars, of die verkeerde gebruik van, of die gebruik van foutiewe of oorlading van ammunisie in vuurwapens nie. |
| **Musiekinstrumente** | **3. Musiekinstrumente**<br>A) Jy moet alle musiekinstrumente in hul houers of enige ander geskikte houers bêre wanneer dit nie gebruik word nie.<br>B) Ons dek nie die volgende nie:<br>a) breek van of skade aan snare of riete;<br>b) verlies of skade terwyl die instrumente uitgeleen word;<br>c) verlies of skade as gevolg van atmosferiese toestande;<br>d) verlies of skade terwyl die instrumente in enige gebou anders as jou privaat woning gestoor word, tensy die instrumente aan die eienaar / bestuurder van die gebou oorhandig was vir veilige bewaring.<br>C) Diefstal sal slegs gedek wees indien dit gepaardgaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou, of as die sleutels van die gebou vanaf die gemagtigde sleutelhouer verkry is deur aanranding, geweld of 'n dreigement van geweld. |
| **Pare en stelle** | **4. Pare en stelle**<br>Ons sal jou nie vergoed vir enige addisionele of spesiale waarde wat 'n item mag hê op grond van die feit dat dit deel vorm van 'n paar of stel nie. Ons sal jou net vir die proporsionele, intrinsieke waarde van daardie gedeelte van die paar of stel wat verlore, gesteel of beskadig is, vergoed. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Vervangingswaarde voorwaarde** | **5. Vervangingswaarde voorwaarde**<br>A) Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken sal word sal óf die vervanging van die eiendom deur soortgelyke eiendom in 'n soortgelyke toestand, maar nie beter of meer omvattend as die toestand wanneer dit nuut is nie, óf die herstel van die eiendom tot 'n toestand substantief dieselfde, maar nie beter nie, as die eiendom se toestand wanneer nuut.<br>B) Indien, ten tyde van vervanging of herstel, die som wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou word vir die vervanging indien die eiendom in geheel verlore, vernietig of onherstelbaar beskadig sou word, meer is as die versekerde waarde daarop met die aanvang van die verlies of skade, dan sal jy geag jou eie versekeraar vir die verskil te wees en sal jy 'n proporsionele gedeelte van die verlies dra. |
| **Diefstal uit voertuie** | **6. Diefstal uit voertuie**<br>A) Verlies van of skade aan eiendom wat in die skedule genoteer is (buiten vaste radios en vaste klanktoerusting) as gevolg van diefstal vanuit 'n onbewaakte voertuig onder jou toesig of beheer of onder die toesig of beheer van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer, sal slegs ten volle gedek wees indien:<br>a) die eiendom gestoor was in 'n geslote kattebak en gevolglik ten volle versteek is, of versteek is in 'n ingeslote kompartement binne 'n geslote voertuig; of<br>b) die voertuig self in 'n veilige geslote gebou of in 'n geslote parkering gehuisves is.<br>B) Indien jy nalaat om aan enige voorwaardes onder A) hierbo te voldoen, sal dekking beperk word tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.<br>C) Toegang tot of uitgang vanuit die voertuig of gebou moet vergesel word deur sigbare kragdadigheid en geweld. |
| **Landboukundige aanleg in die ope** | **7. Landboukundige aanleg in die ope waarborg**<br>Dekking vir landboukundige aanleg is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |

# C11.7

# SAKE ALLE RISIKO'S UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Vragbrief** | **1. Vragbrief**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies van of skade aan goedere versend in terme van 'n vragbrief nie. |
| **Verhandelbare instrumente** | **2. Verhandelbare instrumente**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies van of skade aan kontant, bank of geldeenheid note, aktes, tjeks, posorders, geldwissels, huidig verhandelbare posseëls koeponne, seëls, titelaktes, manuskripte, sekuriteite of verhandelbare instrumente van enige aard nie. |
| **Radiobeheerde voertuie** | **3. Radiobeheerde voertuie**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies van of skade aan radiobeheerde voertuie, onbemande lugvaartuie of hommeltuie nie, behalwe vir brand of diefstal volgens die bepalings van hierdie polis. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C12
# TOEVALLIGE SKADE

## C12.1

## TOEVALLIGE SKADE DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Versekerde eiendom** | Enige tasbare eiendom wat aan jou behoort of deur jou in trust of in kommissie gehou word of waarvoor jy verantwoordelik is, behalwe:<br>1. gangbare munt (insluitende Krugerrande en soortgelyke munte), bank- en valutanote, kripto-geldeenheid, reisigers- en ander tjeks, poswissels en –orders, geldige ongebruikte pos-inkomste en vakansieseëls, bewyse en ander sertifikate, dokumente of verhandelbare instrumente;<br>2. pelse, juweliersware, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en –stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;<br>3. eiendom wat vervoer word per lug, binnelandse waterweg of see;<br>4. spoorweglokomotiewe, rollende material en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganies- of elektriesaangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;<br>5. staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (insluitend bo-grond, opvulling, dreinering en duikslote), opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel), sweefspore, brûe, dokke, kaaie, seehoofde, piere, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;<br>6. elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia en inligting wat daarin vervat word;<br>7. eiendom in die loop van konstruksie, oprigting of aftakeling, insluitende die materiale of voorrade wat daarmee verband hou;<br>8. eiendom in die besit van kliënte ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet of opskortende verkoopsooreenkomste;<br>9. glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels tensy in die skedule vermeld as ingesluit;<br>10. radio beheerde voertuie, onbemande voertuie of hommeltuie. |

## C12.2

## TOEVALLIGE SKADE ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| **Awery (indien spesifiek ingesluit)** | Indien daar vasgestel word dat die versekerde eiendom ten tyde van die verlies of skade, gesamentlik meer werd is as die versekerde bedrag daarvoor, soos vermeld in die skedule, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C12.3

## TOEVALLIGE SKADE BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as eerste bedrag betaalbaar. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

# C12.4

## TOEVALLIGE SKADE DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | **1. Versekerde gebeurtenisse**<br>A) Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is nie, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf al dan nie) ingevolge enige ander afdeling (behalwe Sake Alle Risiko's) wat in die inhoudsopgawe van die polis uiteengesit is.<br>B) Die bedrag betaalbaar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die versekerde bedrag vermeld in die skedule oorskry nie, en nieteenstaande Algemene voorwaarde 20. Ander versekering, dra hierdie afdeling nie by tot enige versekerde gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie. |

# C12.5

## TOEVALLIGE SKADE UITBREIDINGS

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Addisionele kostes | **1. Addisionele kostes**<br>A) Ten opsigte van die versekerde geboue, toerusting en masjinerie, sluit die versekerde bedrag die volgende in:<br>a) enige herstel- of vervangingskoste wat noodsaaklikerwys aangegaan word om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid ná die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis, met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie:<br>1. enigiets waarvan kennis reeds aan jou gegee is voor die versekerde gebeurtenis;<br>2. enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom;<br>3. eiendoms- of ander belasting, ontwikkelings- en ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;<br>b) ondersoekgelde van munisipale of ander planne;<br>c) koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitende onbeskadigde inhoud) en die oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping of herbouing;<br>d) die professionele fooie van argitekte, bestekopnemers en ander konsultante;<br>e) gemagtigde brandweerheffings.<br>B) Ons is nie aanspreeklik ingevolge klousules A)a), A)b) of A)d) nie, tensy die verlore of beskadigde eiendom vervang of herstel word sonder onnodige oponthoud, en ook nie ingevolge klousule A)d) vir enige eisevoorbereidingskoste nie.<br>C) Ons is ook nie aanspreeklik ingevolge klousule A)c) vir enige koste of uitgawes:<br>a) wat aangegaan word vir die verwydering van puin nie, behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;<br>b) voortspruit uit besoedeling of besmetting van eiendom wat nie deur hierdie polis / afdeling verseker word nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C12.6

## TOEVALLIGE SKADE OPSIONELE UITBREIDING

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreiding as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| **Ontlading of lekkasie** | **1. Ontlading of lekkasie**<br>Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur die ontlading of lekkasie vanuit tenks, pype of apparate of chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe (insulitend die verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe) anders as verlies of skade as gevolg van slytasie of ander geleidelike bedryfsoorsake van die tenks, pype of apparate. |

# C12.7

## TOEVALLIGE SKADE KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Uitgeslote eiendom** | **1. Uitgeslote eiendom (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)**<br>Die eiendom wat in die skedule uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die omskrywing van versekerdie eiendom. |
| **Awery op eerste verlies** | **2. Awery op eerste verlies (indien in die skedule genoteer om ingesluit te wees)**<br>Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis, meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy dienooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. |
| **Verbandhouer** | **3. Verbandhouer**<br>Vanaf die datum van kennisgewing, aanvaar ons die belange van 'n verbandhouer of ander met 'n versekerbare belang in die versekerde eiendom en sal ons nie die regte van sodanige belange benadeel op grond van die dade of weglating van die verbandnemer sonder die verbandhouer se kennis nie, met dien verstande dat die verbandhouer ons dadelik in kennis sal stel sodra hulle bewus raak van sodanige daad of weglating, en hulle instem om die addisionele premie wat mag spruit uit die verhoogde risiko wat deur ons aangeneem word, te betaal. |
| **Musiekinstrumente** | **4. Musiekinstrumente**<br>A) Jy moet alle musiekinstrumente in hul houers of enige ander geskikte houers bêre wanneer dit nie gebruik word nie.<br>B) Ons dek nie die volgende nie:<br>a) breek van of skade aan snare of riete;<br>b) verlies of skade terwyl die instrumente uitgeleen word;<br>c) verlies of skade as gevolg van atmosferiese toestande;<br>d) verlies of skade terwyl die instrumente in enige gebou anders as jou privaat woning gestoor word, tensy die instrumente aan die eienaar / bestuurder van die gebou oorhandig was vir veilige bewaring.<br>C) Diefstal sal slegs gedek wees indien dit gepaardgaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou, of as die sleutels van die gebou vanaf die gemagtigde sleutelhouer verkry is deur aanranding, geweld of 'n dreigement van geweld. |
| **Pare en stelle** | **5. Pare en stelle**<br>Ons sal jou nie vergoed vir enige addisionele of spesiale waarde wat 'n item mag hê op grond van die feit dat dit deel vorm van 'n paar of stel nie. Ons sal jou net vir die proporsionele, intrinsieke waarde van daardie gedeelte van die paar of stel wat verlore, gesteel of beskadig is, vergoed. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Spoorweg en ander subrogasie** | **6. Spoorweg en ander subrogasie**<br>Jy word nie benadeel deur die ondertekening van 'Transnet Cartage (Hazardous Perseel) Indemnity' (besteldiensvrywaring insake gevaarlike perseel(le)) of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrastie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie. |
| **Herstelwaarde-voorwaarde** | **7. Herstelwaardevoorwaarde (indien in die skedule genoteer)**<br>A) Indien jou eiendom, behalwe voorraad, beskadig word deur enige van die versekerde gebeurtenisse, sal ons die eiendom vervang of herstel, op dieselfde perseel, met eiendom van dieselfde soort of tipe, maar nie beter of meer omvattend as die eiendom wanneer nuut nie, met dien verstande dat:<br>a) die herstelling / vervanging op dieselfde perseel moet plaasvind;<br>b) die herstelling / vervanging moet sonder onredelike vertraging uitgevoer word. Indien ons in ons opinie bepaal dat jy nie die herinstelling / vervanging sonder onredelike vertraging nagekom het nie, sal ons jou slegs vergoed tot die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaal sou gewees het indien hierdie herstelwaardevoorwaarde nie opgeneem is nie (welke op 'n skadeloosstellingsbasis is);<br>c) totdat jy die volle uitgawes aangegaan het om die beskadigde eiendom te herstel / vervang, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige betaling wat die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het, oorskry nie.<br>B) Indien ten tye van die herinstelling / vervanging, die totale koste wat aangegaan sou word in die herinstelling / vervanging van die eiendom indien dit beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n versekerde gebeurtenis, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item van hierdie afdeling, indien daar meer as 1 (een) is, waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.<br>C) Jy sal nie gedek word onder hierdie klousule nie as:<br>a) jy versuim om binne 90 (negentig) dae vanaf die datum van skade ons in kennis te stel van jou voorneme om die eiendom te vervang of te herstel; en<br>b) jy nie in staat is of nie bereid is om die eiendom op dieselfde perseel waarop die gebou(e) geleë is, te vervang of te herstel nie. |
| **Vervangingswaarde voorwaarde** | **8. Vervangingswaarde voorwaarde**<br>C) Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken sal word sal óf die vervanging van die eiendom deur soortgelyke eiendom in 'n soortgelyke toestand, maar nie beter of meer omvattend as die toestand wanneer dit nuut is nie, óf die herstel van die eiendom tot 'n toestand substantief dieselfde, maar nie beter nie, as die eiendom se toestand wanneer nuut.<br>D) Indien, ten tyde van vervanging of herstel, die som wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou word vir die vervanging indien die eiendom in geheel verlore, vernietig of onherstelbaar beskadig sou word, meer is as die versekerde waarde daarop met die aanvang van die verlies of skade, dan sal jy geag jou eie versekeraar vir die verskil te wees en sal jy 'n proporsionele gedeelte van die verlies dra. |
| **Beperkte dekking – dokumente** | **9. Beperkte dekking - dokumente**<br>Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die material en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes uit in verband met die lewering van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting aan die versekerde. |
| **Huurders** | **10. Huurders**<br>Ons aanspreeklikheid teenoor jou word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou (waar jou die gebou huur) of huurder (waar jy die gebou besit) wat sonder jou medewete geskied nie. Jy moet ons egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra jy daarvan bewus word en is jy verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur ons aanvaar word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C12.8

# TOEVALLIGE SKADE UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Ineenstorting | **1. Ineenstorting**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit uit die ineenstorting van toerusting of masjinerie, geboue of strukture nie (behalwe rakwerk of stoorplatforms). |
| Foute of gebrekke | **2. Foute of gebrekke**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit uit foute of gebrekke in formule, tekeninge, planne, materiale, vakmanskap of professionele advies, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, droogheid, nat of droëe verrotting, crimping, verdamping, gewigsverlies, besmetting, besoedlin, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking nie. |
| Lekkasie of ontlading | **3. Lekkasie of ontlading**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade weens lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe nie. |
| Verlies van vloeistof | **4. Verlies van vloeistof**<br>Ons is nie aanspreeklik vir die verlies van of skade aan chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word. |
| Versakking | **5. Versakking**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit uit die versakking, vasstamp, grond deining of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom nie. |
| Onverklaarbare verdwyning | **6. Onverklaarbare verdwyning**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit uit die onverklaarbare verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of ná 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies, betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of rverlegging van inligting nie. |
| Toevoer | **7. Toevoer**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit uit die onderbreking en / of doelbewuste weerhouding van en / of gebrek van toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel nie. |
| Houers, pype en buise | **8. Houers, pype en buise**<br>Ons is nie aanspreeklik vir verlies of skade wat voortspruit uit die oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek nie. Hierdie uitsluiting is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C13

# ELEKTRONIESE TOERUSTING

## C13.1

## ELEKTRONIESE TOERUSTING DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Ongeluk** | 1. (Slegs van toepassing op verhoging in bedryfskoste) Fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom omskryf in die skedule deur enige oorsaak en waarvoor ingevolge onder-afdeling A van hierdie afdeling voorsiening gemaak is en waarvoor aanspreeklikheid aanvaar is, behalwe vir daardie voorsienings wat verband hou met die bybetaling of die onderhoud- en / of huurooreenkomste.<br>2. Faling van die openbare elektrisiteitsvoorsiening by die terminale eindpunte van die diensvoer in die perseel deur enige toevallige oorsaak, behalwe:<br>a) jou doelbewuste aksie of die doelbewuste aksie van enige voorsieningsinstansie;<br>b) droogte of tekort and brandstof by enige elektrisiteit-opwekkingsfasilitieit. |
| **Rekenaartoerusting** | Elektroniese toestelle of masjiene wat data volgens 'n stel instruksies manipuleer en wat die vermoeë het om data te stoor en programme uit te voer, bestaande uit hardeware (insluitend sleutelbord, skerm, sentrale prosesseringseenheid) en ondersteun deur sagteware, soos genoteer in die skedule. |
| **Rand-toerusting** | Elektroniese toestelle of masjiene wat aan rekenaartoerusting gekoppel is (hetsy deur 'n kabel of draadloos) en wat inligting na / van die rekenaartoerusting vir prosessering stuur / onvang, soos genoteer in die skedule *(bv kopieerder / drukker)* |
| **Skadeloosstellings-periode**<br>(onder-afdeling B) | Die periode waartydens die resultate van die besigheid affekteer is ag gevolg van ongeluk, beginnende met die aantal ure / dae in die skedule omskryf as die 'tyd-bybetaling' na die plaasvind van die ongeluk en eindigend nie later as die verstrykingsperiode in die skedule omskryf as die skadeloosstelingsperiode na sodanige gebeurtenis. Die tyd-bybetaling sal nie van toepassing wees op verlies of skade wat direk deur brand, storm (uigesluit weerlig), insakking, wind of die inmekaarsak van geboue veroorsaak is nie. |
| **Markwaarde** | Die huidige koopprys van tweedehandse / gebruikte toerusting met gelykstaande werkverrigting en / of kapasiteit en substansieel in dieselfde kondisie as die verlore of beskadigde toerusting. Indien geen soortgelyke toerusting beskikbaar is nie, sal die markwaarde bereken word deur van af die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste soortgelyke toerusting die volgende af te trek:<br>a) 20% (twintig persent) vir die eerste jaar na die aankoopdatum; en<br>b) 10% (tien persent) per jaar vir elke daaropvolgende jaar onderhewig altyd aan 'n minimum skadeloosstelling van 40% (veertig persent) van die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste soortgelyke toerusting. |
| **Nuwe versekerde eiendom**<br>Buiten rekenaartoerusting | Nuwe eiendom beteken rand-toerusting wat nie meer as 5 (vyf) jaar (of sodanige verlenge periode wat skriftelik deur ons goedgekeur is) voor die gebeurtenis aangekoop is nie, met dien verstande dat by die toepassing van hierdie definisie, opgraderings en verbeterings in ag geneem sal word met die berekening van 'n skadeloosstellingsbedrag sowel as die ouderdom van die versekerde eiendom. |
| **Nuwe vervangingswaarde**<br>Rekenaartoerusting | Nuwe vervangingswaarde is die koste waarteen ons goedgekeurde rekenaartoerusting verskaffer, of in ons diskresie sodanige ander verskaffer, sodanige toerusting in die normale loop van hul sake sou verkoop. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C13.2

## ELEKTRONIESE TOERUSTING ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| **Awery** | Met betrekking tot 1. Gedeeltelike verlies en 2. Algehele verlies (soos beskryf in C13.7. Skadeloosstellingsgrondslag), indien, ten tyde van herstel, vervanging of herinstelling, die waarde wat die koste verteenwoordig wat vir sodanige herstel, vervanging of herinstelling aangegaan sou word as die hele versekerde eiendom verlore of beskadig sou word, die versekerde waarde daarvan ten tyde van enige verlies of skade aan sodanige eiendom, sou oorskry, dan sal jy as jou eie versekeraar geag wees vir die verskil en sal jy 'n proporsionele gedeelte van die verlies of skade dra. Elke item van hierdie afdeling, indiem meer as 1 (een), waarop hierdie voorwaardes van toepassing is sal apart aan hierdie vereiste onderwerp wees. |

# C13.3

## ELEKTRONIESE TOERUSTING BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| **Bybetaling** | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as eerste bedrag betaalbaar. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A<br><br>Indien meer as 1 (een) item van die versekerde eiendom fisiese verlies of skade in enige enkele gebeurtnis ly, sal die bybetaling die hoogste enkele bedrag wat op sodanige versekerde eiendom van toepassing, wees. |

# C13.4

## ELEKTRONIESE TOERUSTING DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

**Onder-afdeling A**
Materiële skade

### 1. Onder-afdeling A: Materiële skade

A) Fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die skedule beskryf is uit enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit is nie, terwyl:

- a) in gebruik of nie op enige plek binne daardie gedeelte van die gebou by die versekerde perseel, genoteer in die skedule, wat deur jou beset is;
- b) in transito, insluitend laai en aflaai of terwyl tydelik by enige perseel onderweg gestoor is;
- c) tydelik verwyder vanuit daardie gedeelte van die gebou by die versekerde perseel, genoteer in die skedule, wat deur jou beset is na enige ander gebou. In hierdie geval sal tydelik 'n periode wat nie 90 (negentig) dae oorskry nie, beteken.

B) Met betrekking tot skootrekenaars, tablette, sellulêre telefone, GPS toestelle en slim horlosies wat in die skedule genoteer is, word A) hierbo met die volgende vervang:

'Fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die skedule beskryf is uit enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit is nie, terwyl in die Republiek van Suid-Afrika of wat jou enige plek in die wêreld vergesel tydens tydelike besoeke wat nie 6 (ses) opeenvolgende maande oorskry nie.'


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Onder-afdeling B**
Gevolglike verlies

## 2. Onder-afdeling B: Gevolglike verlies (indien in die skedule genoteer)

Die versekering wat ingevolge hierdie onder-afdeling verskaf word is onderhwig aan die perke genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër perk wat in die skedule genoteer is en waarvoor addisionele premie betaal is en sal die volgende inlsuit:

A) Verhoogde bedryfskoste:
   a) Die versekering onder hierdie item is beperk tot die addisionele uitgawe redeliker- en noodsaaklikerwys deur jou aangegaan gedurende die skadeloosstellingsperiode en veroorsaak deur ongeluk, met die uitsluitlike doel om die onderbreking van jou normale besigheid te voorkom of te verminder, minus enige besparing gedurende die skadeloosstelingsperiode met betrekking tot sodanige uitgawes van die besigheid wat sou staak of verminder sou word as gevolg van die ongeluk;
   b) Die skadelloosstelling van hierdie item sal nie direk of indirek van toepassing wees op:
      1. die dekking verskaf ingevolge item B) van hierdie onder-afdeling;
      2. die intrinsieke waarde (insluitend herinstellingswaarde) van die eiendom verseker ingevolge onder-afdeling A van hierdie afdeling.

B) Herinstelling van data/programme:
Kostes en uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys deur jou aangegaan vir die hersamestelling of herkompilasie van data en / of programme opgeneem op of gestoor in data-draende media wat verlore is as gevolg van toevallige uitwissing (wat die gebeurtenisse gedefinieer ingevolge die skadeloosstellingsklousule tot onder-afdeling A sal insluit) of deur diefstal of deur doelbewuste intensie om kansellasie of korrupsie van data of programme te veroorsaak soos voorsiening gemaak in onder-afdeling A van hierdie afdeling met dien verstande dat:
   a) die skadeloosstelling nie uitgebrei sal word na sodanige kostes, of sodanige kostes sal inlsuit, aangegaan om programfoute en foutiewe invoere reg te stel nie of die per abuis kansellasie of korrupsie van data en / of programme nie;
   b) met betrekking to ieder en elke gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspuit uit of in verband met een oorspronklike oorsaak of bron betaalbaar ingevolge hierdie item, sal jy die bybetaling genoteer in die skedule self dra;
   c) waar jy selekteer om programmatuur (sagteware) te verseker, sal 'n skedule van sodanige programmatuur met die aanvang van elke versekeringsperiode aan ons voorsien word.

# C13.5

# ELEKTRONIESE TOERUSTING UITBREIDINGS

Jy is ook vir die volgende gedek.

Die aanspreeklikheidsperk met betrekking tot enige van die items wat in die skedule genoteer is, sal nie die versekerde bedrag daarteenoor aangeteken oorskry nie, en addisioneel daartoe die volgende:

**Opruimingskoste**

## 1. Opruimingskoste

A) Koste noodsaakliker- en redelikerwys deur jou aangegaan met betekking tot sloping of afbreek van eiendom en / of puinverwydering en vir die voorsiening, oprigting en onderhoud van afskortings en ander soortgelyke strukture wat tydens sloping, afbreek, puinverwydering en herkonstruksie benodig mag word na versekerde verlies van of skade aan sodanige eiendom.

B) Die totale bedrag betaalbaar is beperk tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B.

**Spoed aflewering en oortyd**

## 2. Spoed aflewering en oortyd

A) Addisionele heffings vir spoed aflewering, lugpos, oortyd, Sondag of vakansie loontariewe betaalbaar met betrekking tot die noodsaaklike en redelike addisionele kostes deur jou aangegaan ten einde herstelwerk of vervanging, soos deur ons goedgekeur, te bewerkstellig.

B) Die totale bedrag betaalbaar met betrekking tot sodanige heffings is beperk tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B.

**Brandweerheffings**

## 3. Brandweerheffings

Indien enige openbare owerheid wat sodanig bemagtig is, fooie teen jou hef wat spruit uit hulle aktiwiteite om met die gevolge van enige versekerde gevaar te handel, sal sodanige kostes bykomend betaalbaar wees tot enige ander betaling waarvoor ons ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| Professionele fooie | 4. Professionele fooie<br>A) Professionele fooie noodsaakliker- en redelikerwys deur jou aangegaan vir die herstel of herinstelling van eiendom na die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis.<br>B) Die bedrag betaalbaar met betrekking tot sodanige fooie is beperk tot die persentasie genoteer in Aanhangsel B, en sal nie uitgawes insluit wat verband hou met die voorbereiding van jou eis nie. |
|---|---|

# C13.6

# ELEKTRONIESE TOERUSTING OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreiding as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

## Onder-afdelings A en B

**Onversoenbaarheids-dekking**

### 1. Onversoenbaarheidsdekking

A) Nieteenstaande enige teenstrydige in die polis vervat, stel die skadeloosstelling verleen ingevolge onder-afdelings A en B van hierdie afdeling jou skadeloos teen onkoste aangegaan ten opsigte van:
   a) modifikasies of veranderings aan die versekerde eiendom wat regstreeks volg op skadeloosstelbare verlies of skade om die bedryfsintegriteit van die elektroniese sisteem te verseker;
   b) vervanging of opgradering van wettige programmatuur om versoenbaarheid met die gemodifiseerde of veranderde elektroniese sisteem te bereik;
   c) die herstel van voorheen vasgelegde data wat ontoeganklik geword het weens die modifikasie van of verandering aan die elektroniese sisteem of as gevolg van die vervanging of opgradering van wettige programmatuur.

B) Altyd met dien verstande dat:
   a) die koste waarvoor in A) hierbo voorsiening gemaak word noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word ten einde normale werksomstandighede in stand te hou;
   b) sodanige bykomende koste aangegaan word as regstreekse gevolg van skadeloosstelbare verlies of skade ingevolge C13.4.1. Onder-afdeling A of C13.4.2. Onder-afdeling B B) van hierdie afdeling;
   c) die dekking hieronder verskaf beperk word tot:
      1. parte of onderdele van die elektroniese sisteem wat nie ingevolge C13.4.1. Onder-afdeling A hiervan skadeloosstelbaar is nie;
      2. programmatuur of data heringestel wat nie ingevolge C13.4.2. Onder-afdeling B B) hiervan skadeloosstelbaar is nie.

C) Die skadeloosstelling met betrekking tot enige enkele gebeurtenis, sal beperk word in die somtotaal tot die bedrag genoteer in Aanhangsel A.

## Slegs onder-afdeling A

**Afstandbeheertoestel-blokkering**

### 2. Afstandbeheertoestel blokkering

A) Ons sal jou vergoed vir die verlies van elektroniese toerusting as gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig, mits:
   a) die gesteelde items in die skedule gespesifiseer was;
   b) die items gestoor is in 'n geslote kattebak en gevolglik ten volle versteek is, of versteek is in 'n ingeslote kompartement wat deel van die voertuig uitmaak ten tyde van die diefstal;
   c) jy gepoog het om die voertuig te sluit voor die diefstal; en
   d) die gebeurtenis aan die polisie gerapporteer is en die saaknommer aan ons verskaf is in die eisvorm.

B) Die vergoeding sal beperk word tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Slegs onder-afdeling B

**Telkom verbindingslyne**

### 3. Telkom verbindingslyne

A) Onderworpe aan die perke wat in die skedule genoteer is, word gevolglike verlies soos voorsien in C13.4.2 Onder-afdeling A) en B) wat ontstaan uit die toevallige onderbreking van die Telkom verbindingslyne, ingesluit, altyd met dien verstande dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding onderworpe is aan die spesiale voorwaardes hieronder.

B) Spesiale voorwaardes:
- a) Ons aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag ingevolge hierdie onder-afdeling;
- b) die skadeloosstellingstydperk begin 12 (twaalf) ure na die onderbreking en eindig nie later nie as 30 (dertig) dae na sodanige onderbreking;
- c) die versekering verskaf dek nie verlies veroorsaak deur opsetlike optrede van enige Telkom owerheid of deur die uitoefening van sy reg om toegang tot sy verbindingslyne te beperk of te weerhou nie.

# C13.7

# ELEKTRONIESE TOERUSTING SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

## Onder-afdeling A: Materiële skade

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onder-afdeling, altyd onderhewig aan die versekerde bedrae vermeld in die skedule of enige spesifieke aanspreeklikheidsperk wat in hierdie onder-afdeling vermeld word, is soos hierna vermeld word en soos van toepassing met inbegrip van demontering, heroprigting, vervoer, verwydering van beskadigde versekerde eiendom (maar minus die waarde van die oorblywende eiendom) en, waar van toepassing, invoerbelasting en belasting op toegevoegde waarde.

**Gedeeltelike verlies**

### 1. Gedeeltelike verlies

A) Indien die versekerde eiendom herstelbare skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die hersteluitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy werkende toestand te herstel, met dien verstande dat:
- a) die waarde van beskadigde dele wat gebruik kan word, afgetrek word;
- b) die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat tydens die herstelwerk uitgevoer word, nie kragtens hierdie onder-afdeling verhaalbaar is nie;
- c) indien tydelike herstelwerk sonder ons toestemming deur jou uitgevoer is in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, sal die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur ons gedra word. Ingeval die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat so opgeloop word, of die gevolge daarvan, deur jou betaal word;
- d) indien die skade beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item, sal ons nie aanspreeklik wees vir 'n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag voorsiening gemaak is nie.

**Totale verlies**
Rekenaartoerusting

### 2. Totale verlies (rekenaartoerusting)

In geval van die algehele verlies of vernietiging van die rekenaartoerusting, sal die skadeloosstellingsgrondslag die vervangings- of herinstellingskoste, op dieselfde perseel, van nuwe eiendom van gelyke werkverrigting en / of kapasiteit wees, of, indien dit nie moontlik is nie, vervanging daarvan met met nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en / of kapasiteit as dié van die verlore of beskadigde eiendom.

**Totale verlies**
Buiten rekenaar-toerusting

### 3. Totale verlies (rand-toerusting)

A) In geval van die algehele verlies of vernietiging van die nuwe versekerde eiendom, sal die skadeloosstellingsgrondslag die vervangings- of herinstellingskoste, op dieselfde perseel, van nuwe eiendom van gelyke werkverrigting en / of kapasiteit wees, of, indien dit nie moontlik is nie, vervanging daarvan met met nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en / of kapasiteit as dié van die verlore of beskadigde eiendom, altyd met dien verstande dat:
- a) die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir jou vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen benewens die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die skade nie;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

b) totdat uitgawe deur jou aangegaan is ter vervanging of herstel van die verlore of beskadigde eiendom, ons nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

c) hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien:

1. jy versuim om binne 6 (ses) maande vanaf die datum van die verlies of skade, of sodanige verdere tydperk wat ons skriftelik mag toelaat, ons skriftelik in kennis te stel van jou voorneme om die verlore of beskadigde eiendom te vervang of te herstel;
2. jy nie in staat is of onwillig is om die verlore of beskadigde eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel nie;

d) na kommersiële en tegniese waardering deur ons verteenwoordiger en na ons uitsluitlike goeddunke, die tydperk waarna in die omskrywing van nuwe eindom verwys word, verleng mag word (op 'n jaarlikse basis vanaf die hernuwingsdatum) altyd onderworpe daaraan dat sodanige verlenging van tydperk deur die memorandum tot hierdie afdeling toegelaat word.

B) Met betrekking tot versekerde eiendom waarvoor nie in A) hierbo voorsiening gemaak is nie, sal die skadeloosstellingsgrondslag die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade wees

C) Na ons goeddunke, word die versekerde eiendom as geheel vernietig beskou indien die herstelkoste omskryf in 1. Gedeeltelike verlies hierbo gelykstaande aan of groter is as die markwaarde daarvan onmiddellik voor die skade.

## Onder-afdeling B: Gevolglike skade

**Aanspreeklikheids-perk**

### 4. Aanspreeklikheidsperk

A) Ons aanspreeklikheid, met betrekking tot enige enkele ongeluk of reeks ongelukke wat voortspruit uit of in verband met enige enkele gebeurtenis, sal nie die bedrae genoteer in Aanhangsel B oorskry nie.

B) In geval van die betaling van enige bedrag of bedrae deur ons ter kwytskelding van ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie onder-afdeling, word die versekerde bedrae outomaties herstel vir die oorblywende deel van die versekeringstydperk.

C) Jy sal aan ons die bykomende premie vereis deur ons, pro-rata bereken vanaf die datum van die ongeluk tot die einde van die versekeringstydperk, betaal.

# C13.8

# ELEKTRONIESE TOERUSTING KLOUSULES, VOORWAARDES EN WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

## Onder-afdeling A: Materiële skade

**Huurkoop / finansierings-ooreenkomste**

### 1. Huurkoop / finansieringsooreenkomste

Indien ons kennis dra dat die versekerde eiendom of enige individuele item daarvan die onderwerp is van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms, word betaling hieronder gedoen aan die eienaar wat daarin beskryf word, wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van ons ten opsigte van verlies of skade wat ingevolge hierdie onder-afdeling van die afdeling skadeloos gestel word.

**Huurders**

### 2. Huurders

Ons aanspreeklikheid teenoor jou word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou (waar jou die gebou huur) of huurder (waar jy die gebou besit) wat sonder jou medewete geskied nie. Jy moet ons egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra jy daarvan bewus word en is jy verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur ons aanvaar word.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Diefstal uit voertuie** | **3. Diefstal uit voertuie**<br>A) Verlies van of skade aan elektroniese toerusting wat in die skedule genoteer is as gevolg van diefstal vanuit 'n onbewaakte voertuig sal slegs ten volle gedek wees indien:<br>a) die elektroniese toerusting in 'n geslote kattebak is, en derhalwe ten volle versteek is; of<br>b) die elektroniese toerusting versteek is in 'n ingeslote kompartement binne 'n geslote voertuig; of<br>c) die voertuig in 'n ten volle geslote gebou of in 'n toegeboude en geslote parkering gehuisves word.<br>B) Indien jy nalaat om aan enige voorwaardes onder A) hierbo te voldoen, sal dekking beperk word tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.<br>C) Toegang tot of uitgang uit die voertuig of gebou moet met sigbare kragdadigheid en geweld of dreigement van geweld gepaard gaan |

## Onder-afdeling B: Gevolglike skade

| | |
|---|---|
| **Faling van elektriseit** | **4. Faling van die openbare voorsiening van elektrisiteit**<br>A) Ons aanspreeklikheid sal nie die versekerde waarde ingevolge C13.4.2 Onder-afdeling B) oorskry nie.<br>B) Die skadeloosstellingstydperk sal begin 12 (twaalf) ure na die faling en eindig nie later nie as 30 (dertig) dae na sodanige faling. |
| **Herinstelling** | **5. Herinstelling**<br>A) Ondanks enige-iets teenstrydigs wat in hierdie afdeling vervat word, word hiermee verklaar en ooreengekom dat in geval van enige onderbreking wat volg op verlies of skade en wat vererger word deur:<br>a) jou onvermoë of onwilligheid om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel, of jou versuim om sodanige vervanging of herstel binne 'n redelike tyd uit te voer; of<br>b) verbouings, toevoegings of verbeterings aan die versekerde eiendom wat tydens die herstel aangebring word;<br>hou ons aanspreekliheid ingevolge hierdie afdeling slegs verband met sake-onderbreking wat in die afwesigheid van a) en b) sou ontstaan. |

## Onder-afdelings A en B: Materiële skade en gevolglike verlies

| | |
|---|---|
| **Kapitale toevoegings en geldeenheid-skommelings** | **6. Kapitale toevoegings en geldeenheidskommelings**<br>A) Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling sluit in:<br>a) bykomende toerusting of programmatuur van 'n soortgelyke aard as dié in die skedule gespesifiseer wat deur jou aangekoop word, met dien verstande dat, ten opsigte van verlies of skade weens elektriese, meganiese of elektroniese onklaarraking of ontploffing, die versekering slegs in werking tree na bevredigende voltooing of installering of opdraggewing / toetsing en inwerkingstelling by die versekerde perseel;<br>b) voorsiening vir die waardevermindering of herwaardasie van die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika teen dié van die land van oorsprong van die versekerde eiendom en ander inflasie-tendense wat mag lei tot 'n verhoging in de versekerde bedrag (wat die geinstalleerde nuwe vervangingswaarde verteenwoordig) van die versekerde eiendom.<br>B) Die verhoging sal nie 25% (vyf-en-twintig persent) van die totale versekerde waarde in die skedule gespesifiseer vir onder-afdeling A oorskry nie, en dit word ooreengekom dat jy ons sal verwittig van sodanige veranderinge na die verstryking van elke versekeringstydperk en die toepaslike premie daarop betaal, tot hoogstens 50% (vyftig persent) van die verskil. |
| **Verhindering van toegang** | **7. Verhindering van toegang**<br>A) Indien die besigheid by die perseel gedurende die skadeloosstellingstydperk onderbreek of belemmer word as gevolg daarvan dat jy toegang tot die versekerde eiendom op die perseel verhoed word weens skade aan eiendom binne 'n radius van 10 (tien) km vanaf die versekerde perseel vermeld in die skedule, deur brand, weerlig, ontploffing, storm, stormwind, oorstroming, vloed, aarbewing of botsing deur voertuie, stel ons jou skadeloos teen verlies voortspruitend uit sodanige onderbreking of belemmering met die voorbehoude wat hierin vervat word, met dien verstande dat:<br>a) jy nie ingevolge enige ander polis of ander afdeling van hierdie polis geregtig is op skadeloosstelling soos in hierdie uitbreiding voorsiening gemaak word nie; en<br>b) hierdie afdeling nie bydra saam met enige ander polis of afdeling van hierdie polis wat 'n soortgelyke uitbreiding bevat nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C13.9

# ELEKTRONIESE TOERUSTING UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

## Onder-afdeling A: Materiële skade

| | |
|---|---|
| Verwronging | **1. Verwronging**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel vir verwronging nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, tensy dit met fisiese skade wat ingevolge hierdie afdeling gedek is, gepaard gaan. |
| Verlies aan gebruik | **2. Verlies aan gebruik**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel vir verlies aan gebruik van die eiendom of ander gevolglike skade, verlies of aanspreeklikheid van enige aard nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, buiten verliese waarvoor spesifiek in terme van hierdie afdeling voorsiening gemaak is. |
| Onderhoud- / huurooreenkoms | **3. Onderhoud- en / of huurooreenkoms**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel vir verlies of skade verhaalbaar is ingevolge die bepalings van enige onderhoud- en / of huurooreenkoms wat deur of namens jou aangegaan is en wat die versekerde eiendom dek nie, ongeag die oorspronklike oorsaak. |
| Onderdele met 'n kort lewensduur | **4. Onderdele met 'n kort lewensduur**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel met betrekking tot onderdele of komponente met 'n kort lewensduur, soos (maar nie beperk tot) gloeilampe, kontakpunte en sekerings nie, ongeag die oorspronklike oorsaak.<br>B) Indien sulke onderdele beskadig is as gevolg van fisiese verlies of skade soos voorsien in hierdie afdeling aan ander dele van jou versekerde eiendom, sal ons jou skadeloos stel vir die reswaarde van sodanige vervangbare onderdele voor die verlies. |
| Reproduksie van data | **5. Reproduksie van data**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel met betrekking tot die koste van die reproduksie van data en/ of programmatuur, hetsy opgeneem op kaarte, bande, diskette of andersins nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, tensy spesifiek daarvoor ingevolge onder-afdeling B van hierdie afdeling voorsiening gemaak is. |
| Diefstal | **6. Diefstal**<br>A) Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel met betrekking tot verlies van die versekerde eiendom:<br>a) as gevolg van diefstal of verdwyning nie, tensy dit gepaard gaan met sigbare kragdadige en gewelddagie ingang in of uitgang (of poging daartoe) uit daardie gedeelte van die gebou wat by die versekerde perseel genoteer in die skedule deur jou okkupeer word of as gevolg van diefstal (of poging daartoe), wat gepaard gaan met geweld of dreigement van geweld;<br>b) as gevolg van diefstal tydens transito of terwyl tydelik vanaf die versekerde perseel verwyder nie, tensy dit met 'n spesifieke insident identifiseer kan word wat onmiddellik aan ons en die polisie rapporteer is. |
| Vermorsing van materiaal | **7. Vermorsing van materiaal**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel met betrekking tot vermorsing van materiaal of dies meer of slytasie of uitslyt van enige deel van die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur of natuurlik ontstaan uit die gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang, die ontwikkeling van swak kontakte of krap van geverfde of poleerde oppervlaktes van kosmetiese aard. |

## Onder-afdeling B: Gevolglike verlies

| | |
|---|---|
| Boetes en straftoekennings | **8. Boetes en straftoekennings**<br>Tensy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak word, sal ons nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel met betrekking tot boetes of straftoekennings vir kontrakbreuk vir laat uitvoering van bestellings of vir enige bestraffing van welke aard ook al nie. |
| Verlies aan wins | **9. Verlies aan wins**<br>Tensy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak word, sal ons nie aanspreeklik wees om jou skadeloos te stel met betrekking tot verlies aan wins of gevolglike skade van welke aard ook al nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C14

# MASJINERIE ONKLAARRAKING

## C14.1

## MASJINERIE ONKLAARRAKING DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |

## C14.2

## MASJINERIE ONKLAARRAKING ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| Onderversekering | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery (soos gedefinieer) toegepas word. |
| Awery | Indien ten tyde van die skade vie versekerde waarde laer is as die installeerde nuwe vervangingswaarde sal jy geag jou eie versekeraar vir die verskil te wees en sal jy dienooreenkomstig 'n pro-rata gedeelte van die verlies dra. Elke item masjinerie, indien meer as 1 (een), sal apart aan hierdie vereiste onderwerp wees. |

## C14.3

## MASJINERIE ONKLAARRAKING BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as eerste bedrag betaalbaar. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A. |

## C14.4

## MASJINERIE ONKLAARRAKING DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Enige onvoorsiene en skielike fisiese skade aan die masjinerie wat in die skedule gespesifiseer is deur enige oorsaak terwyl dit:<br>a) in gebruik of rustend is;<br>b) demonteer word vir die doel van skoonmaak, inspeksie en hersiening of verwydering na 'n ander posisie in die loop van bedrywighede of gevolglike hermontering binne jou perseel. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C14.5

## MASJINERIE ONKLAARRAKING SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

| | |
|---|---|
| | Ons mag, na ons goeddunke, enige beskadigde masjinerie herstel, herinstel of vervang of die skade bedrag in kontant betaal. |
| **Gedeeltelike verlies** | **1. Gedeeltelike verlies**<br>Indien die skade herstel kan word, sal ons die koste betaal om ide masjinerie tot 'n werkende toestand te restoureer, gebaseer op die gebruiklike loontarief in die distrik en normale vrag, oprigting en doeane heffings. |
| **Totale verlies** | **2. Totale verlies**<br>Indien die versekerde item totaal vernietig word, sal ons die nuwe vervangingwaarde van die item onmiddellik voor die ongeluk, en die koste vir die verwydering van die beskadigde masjinerie, minus die waarde van die wrak, betaal. Die versekerde item sal as totaal vernietig geag word indien die herstelkoste, soos per C14.5.1 Gedeeltelike verlies hierbo gelykstaande of meer is as die nuwe vervangingswaarde van die item onmiddellik voor die ongeluk. |

# C14.6

## MASJINERIE ONKLAARRAKING KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Verandering in werksomstanidghede** | **1. Verandering in werksomstanidghede**<br>Kennisgewing van enige verandering in die werksomstandighede of afwyking van die normale werksomstandighede wat die risiko van skade aan die masjinerie wat in die skedule gespesifieer is, sou affekteer, moet skriftelik aan ons gegee word. Indien ons nie die verandering of afwyking kan goedkeur nie, mag ons die versekering met betrekking tot die betrokke masjinerie kanselleer. Enige pro-rata premie sal aan jou terugbetaal word. |
| **Toegang** | **2. Toegang**<br>Jy sal ons goedgekeurde verteenwordigers toelaat om die versekerde masjinerie op enige redelike tyd te inspekteer. Indien enige nuwe feite gedurende die inspeksie na vore kom wat die risiko verhoog, moet jy, op ons versoek, die risiko binne 'n redelike tydperk na die normale vlak herstel. Indien jy versuim om die relevante maatreëls te tref, is ons geregtig om dekking gedeeltelik of in geheel op te skort totdat die risiko na normale vlakke herstel is. |
| **Eise** | **3. Eise**<br>A) Met die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis lei of daartoe mag lei:<br>a) moet jy alle maatreëls in jou vermoë inspan om die versekerde items te herwin en hulle bewaring te verseker;<br>b) mag jy voortgaan met die herstel van die masjinerie, met dien verstande dat:<br>1. daaraan A)a) hierbo voldoen is;<br>2. die uitvoer van die herstel sonder benadeling van regte met betrekking tot die kwessie van aanspreeklikheid geskied; en<br>3. beskadigde onderdele wat vervang moet word, vir inspeksie deur ons gehou word. |
| **Versekerde waarde** | **4. Versekerde waarde**<br>Die versekerde waarde vir elke item masjinerie wat in die skedule gespesifiseer is, moet ten alle tye gelykstaande aan die geinstalleerde nuwe vervangingswaarde van daardie item wees. |
| **Herinstelling van versekerde waarde** | **5. Herinstelling van versekerde waarde**<br>In geval van betaling deur ons van enige bedrag of bedrae ten kwytskelding van ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie versekering, sal die versekerde bedrag outomaties heringestel word vir die oorblywende gedeelte van die versekeringsperiode, met dien verstande dat jy enige bykomende premie wat deur ons vereis word, bereken pro-rata vanaf die datum waarop die herstelde item weer in werking gestel word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C14.7

## MASJINERIE ONKLAARRAKING UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Koste van veranderings | **1. Koste van veranderings en byvoegings**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir die koste van veranderings, byvoegings, verbeterings en hersienings wat ten tyde van 'n herstel aangegaan word nie. |
| Beskadigde onderdele | **2. Beskadigde onderdele**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir die waarde van beskadigde onderdele wat op enige manier gebruik kan word nie. |
| Ontsnapping van water | **3. Ontsnapping van water**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir skade as gevolg van water wat uit 'n waterhoudende apparaat ontsnap nie, insluitend lekkasie of ontlading uit enige sproeier-stelsel. |
| Vervangbare onderdele | **4. Vervangbare onderdele**<br>A) Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir vervangbare onderdele en gereedskap nie, soos (maar nie beperk tot) punte, snyers, messe, saaglemme, gietvorms, patrone, rollers, siwwe, kettings, belde, toue, voerbande en verpakkingsmateriaal.<br>B) Indien hierdie onderdele of gereedskap beskadig word as gevolg van 'n ongeluk aan ander dele van versekerde masjinerie soos voorsien deur hierdie versekering, sal ons jou skadeloos stel vir die reswaarde van sodanige onderdele of gereedskap. |
| Eksperimente of toetse | **5. Eksperimente of toetse**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir skade wat spruit uit eksperimente, oorladings of toetse wat die toepassing van abnormale omstandighede vereis nie. |
| Spoedpos en oortyd | **6. Spoedpos en oortyd**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir bykomende heffings vir spoed aflewerings, oortyd, Sondag- en vakansie loontariewe nie, tensy spesifiek ingevolge hierdie afdeling daarvoor voorsiening gemaak is. |
| Brand afdeling | **7. Brand afdeling**<br>A) Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir skade wat versekerbaar is ingevolge die brand en diefstal afdelings van hierdie polis nie, insluitend maar nie beperk tot nie:<br>a) brand, brandblussing, direkte weerlig, ontploffing;<br>b) diefstal, ineenstorting van geboue, impak deur diere, voertuie, lugvaartuie of voorwerpe wat daaruit laat val word, soniese skokgolwe;<br>c) insakking, storm, vloede, hael, sneeu, aardbewing, volkaniese uitbarsting, of ander natuurkonvulsies of enige daaropvolgende demontering. |
| Fondasies, messelwerk | **8. Fondasies, messelwerk**<br>Die masjinerie wat in die skedule gespesifiseer is sluit nie enige fondasies of messelwerk in nie, tensy spesifiek ingevolge hierdie afdeling daarvoor voorsiening gemaak is. |
| Wanaanwending van gereedskap | **9. Wanaanwending van gereedskap**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir skade veroorsaak deur die wanaanwending van gereedskap nie. |
| Gedeeltelike skade | **10. Gedeeltelike skade**<br>Waar skade tot 'n deel of dele van 'n versekerde item beperk is, sal ons nie aanspreeklik wees om 'n groter bedrag as die waarde van die deel of dele waarvoor voorsiening in die versekerde bedrag, plus demontering en vragkostes, gemaak is, te betaal nie. |
| Tydelike herstel | **11. Tydelike herstel**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir tydelike herstelkoste en enige gevolge wat daaruit spruit nie, tensy ons die tydelike herstelkostes skriftelik goedgekeur het. |
| Vermorsing van materiaal | **12. Vermorsing van materiaal**<br>Ongeag die oorspronklike oorsaak, sal ons nie betaal vir vermorsing van materiaal of dies meer of slytasie of uitslyt van enige deel van die masjinerie wat veroorsaak word deur of natuurlik ontstaan uit die gewone gebruik of werking of andergeleidelike agteruitgang nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C15

# MASJINERIE ONKLAARRAKING (VERLIES AAN WINS)

## C15.1

## VERLIES AAN WINS DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Ongeluk** | Onvoorsiene en skielike fisiese skade aan die masjinerie wat in die skedule omskryf is deur enige oorsaak waarvoor in die masjienerie breekskade afdeling voorsiening gemaak is. |
| **Bruto wins** Verskilgrondslag | Die bedrag waarmee: a) die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as die b) die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste. |
| **Bruto wins** Spesifiseerde vaste koste | Die som verkry deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te tel, of indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste minus sodanige gedeelte van enige netto handelsverlies as wat die bedrag van die versekerde vaste koste teenoor alle vaste koste van die besigheid dra. |
| **Netto wins** | Die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en –aanwasen alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit jou besigheid by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is. |
| **Inkomste** | Die geld aan jou betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van jou besigheid by die perseel. |
| **Skadeloosstellings-tydperk** | Die tydperk waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die ongeluk geraak word, beginnende met die aantal ure / dae genoteer in item C van die skedule na die plaasvind van die gebeurtenis en eindigend nie later as die verval van die periode in item D van die skedule na die gebeurtenis. |
| **Omset** | Die geld aan jou betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van jou besigheid by die perseel. |
| **Bruto winskoers** | Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk; waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die ongeluk raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeluk nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die ongeluk was nie. |
| **Loonkoers** | Die skoers van lone teenoor die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk; waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die ongeluk raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeluk nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die ongeluk was nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Jaarlikse omset**<br>Jaarlikse inkomste | Die omset (inkomste) gedurende die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk;<br>waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die ongeluk raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die ongeluk was nie. |
| **Standaard omset**<br>Standaard inkomste | Die omset (inkomste) gedurende daardie tydperk in die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem; waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die ongeluk raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeluk nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die ongeluk was nie. |
| **Tekort in omset** | Die bedrag waarmee die omset tydens die spesifiseerde gedeelte van die skadeloosstellingsperiode, as gevolg van die ongeluk, laer is as daardie gedeelte van die standaard omset waarmee dit verband hou. |
| **Die perseel** | Alle persele besit, gebruik of beset deur jou vir die doel van die besigheid. |

# C15.2

# VERLIES AAN WINS ONDERVERSEKERING

Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is.

| | |
|---|---|
| **Onderversekering** | Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou eiendom vir die korrekte waarde verseker is. Indien jy onderverseker is, mag Awery toegepas word. |

# C15.3

# VERLIES AAN WINS DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Versekerde gebeurtenisse** | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Verlies wat volg op 'n onderbreking of belemmering met die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die skadeloosstellingstydperk by die besigheidsperseel plaasvind, ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge die Masjinerie onklaarraking afdeling van hierdie polis.<br>B) Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied bloot omdat daar van jou vereis word om die eerste deel van die verlies te dra nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C15.4

# VERLIES AAN WINS SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

**Bruto wins**
Verskilgrondslag

## 1. Bruto wins (verskilgrondslag)

Die versekering ingevolge item 1 van die skedule is beperk tot verlies van bruto wins as gevolg van die vermindering in omset en verhoogde bedryfskostes en die bedrag betaalbaar sal die volgende wees:

A) Vir vermindering in omset:
Die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarteen die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk, as gevolg van die ongeluk, laer sal wees as die standaard omset.

B) Vir verhoging in bedryfskoste:
Die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan vir die alleenlike doel om die vermindering in omset, wat in die afwesigheid van sodanige uitgawe sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingsperiode as gevolg van die ongeluk, te vermy of te verlaag. Sodanige bykomende uitgawe is beperk tot die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarmee die vermindering vermy is;
minus enige bedrag gespaar gedurende die skadeloosstellingsperiode vir sodanige fooie en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit die bruto wins wat sou staak of wat verminder sou word as gevolg van die ongeluk, met dien verstande dat indien die waarde verseker deur hierdie item minder is as die som verkry deur die bruto wins persentasie op die jaarlikse omset toe te pas (proporsioneel verhoog waar die skadeloosstellingsperk 12 (twaalf) maande oorskry), die betaalbare bedrag proporsioneel verminder sal word.

**Bruto wins**
Gespesifiseerde vaste koste grondslag

## 2. Bruto wins (gespesifiseerde vaste koste grondslag)

Die versekering ingevolge item 2 van die skedule is beperk tot verlies van bruto wins as gevolg van die vermindering in omset en verhoogde bedryfskostes en die bedrag betaalbaar sal die volgende wees:

A) Vir vermindering in omset:
Die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarteen die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk, as gevolg van die ongeluk, laer sal wees as die standaard omset.

B) Vir verhoging in bedryfskoste:
Die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan vir die alleenlike doel om die vermindering in omset, wat in die afwesigheid van sodanige uitgawe sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingsperiode as gevolg van die ongeluk, te vermy of te verlaag. Sodanige bykomende uitgawe is beperk tot die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarmee die vermindering vermy is, met dien verstande dat:

a) indien die waarde verseker deur hierdie item minder is as die som verkry deur die bruto wins persentasie op die jaarlikse omset toe te pas (proporsioneel verhoog waar die skadeloosstellingsperk 12 (twaalf) maande oorskry), die betaalbare bedrag proporsioneel verminder sal word;
b) indien enige vaste kostes van die besigheid nie verseker is nie, sal slegs sodanige verhouding van die bykomende uitgawe in berekening gebring word as wat die som van die netto wins en die versekerde vaste kostes teenoor die som van die netto wins en alle vaste kostes dra, en sal alle vaste kostes in berekening gebring word wanneer die bedrag wat ingevolge hiervan verhaalbaar, bereken word.

**Bruto wins**
Alle vaste koste grondslag

## 3. Bruto wins (alle vaste koste grondslag)

Die versekering ingevolge item 3 van die skedule is beperk tot verlies van bruto wins as gevolg van die vermindering in omset en verhoogde bedryfskostes en die bedrag betaalbaar sal die volgende wees:

A) Vir vermindering in omset:
Die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarteen die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk, as gevolg van die ongeluk, laer sal wees as die standaard omset.

B) Vir verhoging in bedryfskoste:
Die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan vir die alleenlike doel om die vermindering in omset, wat in die afwesigheid van sodanige uitgawe sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingsperiode as gevolg van die ongeluk, te vermy of te verlaag.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Sodanige bykomende uitgawe is beperk tot die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarmee die vermindering vermy is;
minus enige bedrag gespaar gedurende die skadeloosstellingsperiode met betrekking tot enige vaste kostes wat mag staak of mag verminder as gevolg van die ongeluk, met dien verstande dat indien die waarde verseker deur hierdie item minder is as die som verkry deur die bruto wins persentasie op die jaarlikse omset toe te pas (proporsioneel verhoog waar die skadeloosstellingsperk 12 (twaalf) maande oorskry), die betaalbare bedrag proporsioneel verminder sal word.

**Inkomste**

## 4. Inkomste

Die versekering ingevolge item 4 van die skedule is beperk tot verlies van bruto wins as gevolg van die vermindering in omset en verhoogde bedryfskostes en die bedrag betaalbaar sal die volgende wees:

A) Vir vermindering in omset:
Die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarteen die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk, as gevolg van die ongeluk, laer sal wees as die standaard omset.

B) Vir verhoging in bedryfskoste:
Die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan vir die alleenlike doel om die vermindering in inkomste, wat in die afwesigheid van sodanige uitgawe sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingsperiode as gevolg van die ongeluk, te vermy of te verlaag.
Sodanige bykomende uitgawe is beperk tot die som bereken deur die bruto wins persentasie toe te pas op die bedrag waarmee die vermindering vermy is;
minus enige bedrag gespaar gedurende die skadeloosstellingsperiode vir sodanige fooie en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit inkomste wat mag staak of mag verminder as gevolg van die ongeluk, met dien verstande dat indien die waarde verseker deur hierdie item minder is as die som verkry deur die bruto wins persentasie op die jaarlikse inkomste toe te pas (proporsioneel verhoog waar die skadeloosstellingsperk 12 (twaalf) maande oorskry), die betaalbare bedrag proporsioneel verminder sal word.

**Lone**
Tweeledige grondslag

## 5. Lone (tweeledige grondslag)

Die versekering ingevolge item 5 van die skedule is beperk tot verlies met betrekking tot lone en die bedrag betaalbaar hieronder sal die volgende wees:

A) Vir vermindering in omset:
- a) gedurende die gedeelte van die skadeloosstellingsperiode, beginnende met die aantal ure / dae genoteer in die skedule na die plaasvind van die ongeluk en eindigend nie later daarna as die gespesifiseerde aantal weke in die skedule nie. – die som verkry deur die lone persentasie op die tekort in omset toe te pas, minus enige besparing verkry deur die vermindering in die hoeveelheid lone betaal as gevolg van die ongeluk;
- b) gedurende die oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingsperiode - die som verkry deur die lone persentasie op die tekort in omset toe te pas maar beperk tot die som verkry deur die gespesifiseerde persentasie van die lone koers op die tekort in omset toe te pas, verhoog met sodanige bedrag soos wat vir besparing ingevolge 5A)a) hierbo afgetrek is

Nota: Op jou diskresie mag die voorsienings van 5A)a) op die gespesifiseerde verlengde periode toegepas word, met dien verstande dat die bedrag bereken ingevolge die voorsienings van 5B) dan nie die bedrag wat ingevolge 5A)b) afgetrek word vir besparings verkry gedurende die genoemde verlenge periode sal oorskry nie.

B) Vir verhoging in bedryfskoste:
Soveel van die bykomende uitgawes beskryf ingevolge 1B) of 2B) of 3B) van items 1 of 2 of 3 van die skedule wat die bedrag ingevolge hiervan oorskry, maar nie meer as die bykomende bedrag wat betaalbaar sou wees vir vermindering in omset ingevolge die voorsienings van 5A)b) van hierdie item as sodanige uitgawe nie aangegaan is nie, met dien verstande dat indien die waarde verseker ingevolge hierdie item minder is as die som verkry deur die loon tarief op die jaarlikse omset toe te pas (proporsioneel verhoog waar die skadeloosstellingsperk 12 (twaalf) maande oorskry), die betaalbare bedrag proporsioneel verminder sal word.

**Lone**
Aantal weke grondslag

## 6. Lone (aantal weke grondslag)

A) Die versekering ingevolge item 6 van die skedule is beperk tot die verlies gely deur die betaling van lone vir 'n periode beginnende met die aantal dae / weke genoteer in die skedule na die plaasvind van die gebeurtenis en eindigend nie later as die aantal weke genoteer in die skedule daarna nie.

B) Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling ingevolge hierdie item sal die werklike bedrag wees wat jy sal betaal as lone vir sodanige periode aan werknemers wie se dienste hoegenaamd nie as gevolg van die ongeluk deur jou aangewend kan word nie en 'n billike deel van dioe lone wat betaal is ingevolge sodanige periode aan werknemers wie se dienste nie ten volle as gevolg van die ongeluk deur jou aangewned kan word nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| | C) Indien die waarde verseker ingevolge hierdie item minder is as die somtotaal van lone wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik na die ongeluk betaal sou word as die ongeluk nie plaasgevind het nie, sal die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word. |
| **Bykomende uitgawes** | **7. Bykomende uitgawes**<br>Die versekering ingevolge item 6 van die skedule is beperk tot bykomende uitgawes (bykomend tot wat ingevolge ander items verhaalbaar is) noodsaakliker- en redelikerwys deur jou aangegaan as gevolg van die ongeluk ten einde die onderbreking van of inmenging in die besigheid tydens die skadeloosstellingstydperk tot 'n minimum te beperk. |
| **Ander persele** | **8. Ander persele**<br>Indien, gedurende die skadeloosstellingsperiode, goedere verkoop word of dienste verskaf word of inkomste verdien word op 'n ander plek as by die perseel, ten voordeel van die besigheid, hetsy deur jou of deur ander namens jou, sal die geld betaal of betaalbare inkomste wat verdien is met betrekking tot sodanige verkope of dienste, in berekening gebring word tydens die bepaling van die omset of inkomste tydens die skadeloosstellingsperiode. |

# C15.5

# VERLIES AAN WINS KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Rekenmeesters** | **1. Rekenmeesters (indien in die skedule genoteer)**<br>Enige gegewens of besonderhede wat in jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur ons benodig mag word ingevolge hierdie afdeling, met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur ons ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is *prima facie* bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het. |
| **Opgehoopte voorraad** | **2. Opgehoopte voorraad (indien in die skedule genoteer)**<br>Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en 'n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in omset of inkomste te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset of inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word. |
| **Aksie in geval van ongeluk** | **3. Aksie in geval van ongeluk**<br>A) Wanneer 'n ongeluk plaasvind as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie versekering ingestel mag word, moet jy, bo-en-behalwe voldoening aan die algemene voorwaardes, met die nodige sorg alles doen of toegelaat om gedoen te word wat redelikerwys practise is om enige onderbreking van of inmenging in die besigheid te halt of te beperk ten einde die verlies te vermy of te verminder.<br>B) Indien 'n eis ingevolge hierdie versekering ingestel word, moet jy binne 30 (dertig) dae na die verval van die skadeloosstellingstydperk, of binne sodanige verdere tydperk wat ons mag goedkeur, op jou onkoste, 'n skriftelike verklaring aan ons voorsien waarin besonderhede van jou eis uiteengesit is, tesame met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies, of enige gedeelte daarvan, of enige gevolglike verlies as gevolg daarvan, dek. Geen eis sal ingevolge hierdie afdeling betaalbaar wees tensy aan hierdie spesifieke voorwaarde voldoen is nie, en in die geval van nie-nakoming hiermee, sal enige bedrae wat reeds deur ons aan ou betaal is, aan ons terugbetaal word. |
| **Alternatiewe vergoedings-grondslag** | **4. Alternatiewe vergoedings-grondslag (indien in die skedule genoteer)**<br>A) Die term 'uitset' mag met die term 'omset' vervang word, en vir die doel van hierdie afdeling sal 'uitset' die volgende beteken: 'die verkoopswaarde van goedere in die loop van sake by die perseel deur jou vervaardig', met dien verstande dat:<br>a) slegs een sodanige betekenis sal in werking wees in verband met enige ongeluk;<br>b) indien die betekenis hierbo uiteengesit aangeneem word:<br>1. sal klousule C15.5.2. Opgehoopte voorraad nie van krag wees nie;<br>2. sal klousule C15.4.8. Andre persele soos volg lees:<br>'indien, gedurende die skadeloosstellingstydperk, goedere vervaardig sal word of dienste verskaf sal word, hetsy deur jou of deur ander namens jou, ten voordeel van die besigheid, elders as by die perseel, sal die waarde van goedere sodanig vervaardig of dienste verskaf in berekening gebring word in die bepaling van uitset gedurende die skadeloosstellingstydperk.' |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Departemente / takke | |

## 5. Departemente / takke (indien in die skedule genoteer)

A) Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge paragrawe C15.4 Skadeloosstellingsgrondslag 1. tot 5. afsonderlik vir elke department of tak wat deur die skade geraak word.

B) Indien die onderskeie versekerde waardes minder is as die somtotaal verkry deur die bruto wins koers of the loonkoers (soos die geval mag wees) vir elke department of tak, hetsy deur skade geraak al dan nie, toe te pas op die betrokke jaarlikse omset daarvan (proporsioneel verhoog indien die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry), sal die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word.

**Depositopremie klousule**

## 6. Depositopremie (indien in die skedule genoteer)

Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge items 1, 2, 3, 4 en / of 5 voorlopig is omrede dit bereken word op 75% (vyf-en-sewentig present) van versekerde bedrag, is die premie onderworpe aan aanpassing met die verstryking van elke versekeringstydperk van 12 (twaalf) opeenvolgende maande vanaf aanvang of hernuwingsdatum as volg:

'In die geval van die bruto wins of inkomste wat verdien is of lone betaal (na verhouding verhoog indien die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk, minder of meer is as 75% (vyf-en-sewentig persent) van die versekerde bedrag daarvan, word 'n pro rata terugbetalings- of bykomende premie wat nie 33.33% (drie-en-dertig en een derde persent) oorskry van die voorlopige premie wat vir sodanige versekeringstydperk betaal is nie, ten opsigte van die verskil betaal.'

**Nuwe Besigheid**

## 7. Nuwe Besigheid (indien in die skedule genoteer)

A) Vir die doel om enige verlies te assesseer wat gelys is as gevolg van ongeluk wat plaasvind voor die afhandeling van die eerste jaar se handel, sal die terme 'bruto wins koers', 'loonkoers', 'jaarlikse omset', 'standaard omset', 'jaarlikse inkomste' and 'standaard inkomste' die volgende beteknisse dra:

a) Bruto wins koers
Die bruto wins koers verdien op die omset gedurende die 3 (drie) maande wat die ongeluk onmiddellik voorafgaan.

b) Loonkoers
Die koers van lone teenoor omset gedurende die 3 (drie) maande wat die ongeluk onmiddellik voorafgaan.

c) Jaarlikse omset
12 (twaalf) keer die gemiddelde maandelikse omset vir die 3 (drie) maande wat die ongeluk onmiddellik voorafgaan.

d) Standaard omset
Die omset wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bereik sou word indien die gemiddelde omset gedurende die 3 (drie) maande wat die ongeluk onmiddellik voorafgaan, gehandhaaf sou word.

e) Jaarlikse inkomste
Die gemiddelde inkomste verdien gedurende die 3 (drie) maande wat die ongeluk onmiddellik voorafgaan.

f) Standaard inkomste
Die inkomste wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bereik sou word indien die gemiddelde inkomste gedurende die 3 (drie) maande wat die ongeluk onmiddellik voorafgaan, gehandhaaf sou word.

**Premie rabat**

## 8. Premie rabat (indien in die skedule genoteer)

A) Indien die bruto wins en / of inkomste verdien en / of lone betaal, soos verseker ingevolge item 5 van die skedule (amal proporsioneel verhoog indien die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste met enige versekeringsperiode ooreenstem, minder is as die onderskeie versekerde waardes daarop, sal 'n pro-rata terugbetaling van premie, wat nie 50% (vyftig persent) van die premie wat op sodanige versekerde waardes betaal is, oorskry nie, vir die verskil gemaak word, met dien verstande dat as enige eis ingevolge hierdie items sou voortspruit, sal sodanige terugbetaling slegs gemaak word op daardie gedeelte van die verskil wat nie verband hou met sodanige eis nie.

B) Indien die sesifiseerde aantal van 52ste dele van die lone betaal, soos verseker ingevolge item 6 van die skedule gedurende die finansiële jaar wat die naaste met enige versekeringsperiode ooreenstem, minder is as die versekerde waarde daarop, sal 'n pro-rata terugbetaling van premie, wat nie 50% (vyftig persent) van die premie wat op sodanige versekerde waardes betaal is, oorskry nie, vir die verskil gemaak word, met dien verstande dat as enige eis ingevolge hierdie items sou voortspruit, sal geen terugbetling van premie gemaak word nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Herinstelling van versekerde waarde** | **9. Herinstelling van versekerde waarde (indien in die skedule genoteer)**<br>Die plaasvind van 'n verlies desnieteenstaande, hierdie versekering sal ten volle gehandhaaf word vir die volle bedrag, met dien verstande dat jy instem om bykomdende premie te betaal op die bedrag van sodanige verlies, pro-rata bereken vanaf die datum van verlies tot die vervaldatum van die versekeringstydperk. |
| **Bystand masjinerie** | **10. Bystand masjinerie**<br>A) Enige item masjinerie wat ingevolge die Masjinerie onklaaraking afdeling verseker is waarby die woord 'Bystand' in die skedule verskyn, moet as bystand onderhou word, en moet beskikbaar wees vir onmiddellike gebruik in geval van die onklaaraking van die masjinerie waartoe dit op bystand is.<br>B) Indien die bystands-posisie sou verander, moet jy ons so spoedig moontlik skriftelik daarvan in kennis stele en die bykomdende premie, bereken vanaf die datum waarop die masjinerie nie meer op bystand is nie, betaal. |

# C15.6

# VERLIES AAN WINS UITSLUITING

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Byvoegings, veranderings** | **1. Byvoegings, veranderings en vebeterings**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies wat spruit uit onderbreking of inmenging met die besigheid as gevolg van veranderings, byvoegings, verbeterings en hersienings watten tyde van herstel van die beskadigde item aangebring word nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C16
# AANGEGEWE VOORDELE

## C16.1
## AANGEGEWE VOORDELE DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| Jaarlikse verdienste | Die jaarlikse koers van die loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur jou aan sodanige persoon betaal of toegelaat word ten tyde van die toevallige liggaamlike besering, plus die oortyd betaling, huurgeld, voeseltoelaes, kommissie en ander vergoeding van 'n deurlopende aard wat deur jou aan sodanige persoon betaal of toegelaat word gedurende die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die toevallige liggaamlike besering. |
| Gemiddelde weeklikste verdienste | 1/52 (een twee-en-vyftigste) deel van die jaarlikse verdienste. |
| Permanente ongeskiktheid | Verlies of besering soos gespesifiseer in Aanhangsel C. |
| Tydelike algehele ongeskiktheid | Algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen op 'n tydelike basis. |

## C16.2
## AANGEGEWE VOORDELE DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | **1. Versekerde gebeurtenisse**<br>A) Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers (hierna in hierdie afdeling verwys as sodanige persoon) gespesifiseer in die skedule.<br>B) Ons betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel, aan jou die vergoeding wat in die skedule vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 (vier-en-twintig) kalender maande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die skedule onder die opskrif omstandighede. |
| Skadeloosstellingsperk | **2. Skadeloosstellingsperk**<br>A) Ons is nie aanspreeklik om meer as die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die skedule, te betaal as vergoeding vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit nie.<br>B) In elk geval sal die skadeloosstelingsperk vermeld in die skedule nie die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C16.3

# AANGEGEWE VOORDELE OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| **Skending weens brandwonde** | **1. Skending weens brandwonde**<br>A) Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die definieise van 'permanente ongeskiktheid':<br>Permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die:<br><br>Persentasie van vergoeding<br>a) gesig en nek<br>• 100% oppervlak geskend — • 50%<br>• minder as 100% oppervlak geskend — • die deel van 50% waarin die werklik geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlak<br>b) oorblywende dele van die liggaam<br>• 100% oppervlak geskend — • 25%<br>• minder as 100% oppervlak geskend — • die deel van 25% waarin die werklik geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlak<br><br>B) Ons betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie, tensy die skending 10% (tien persent) ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word, oorskry. |

# C16.4

# AANGEGEWE VOORDELE KLOUSULES & VOORWAARDES

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Ouderdoms perke** | **1. Ouderdoms perke**<br>Tensy andersins hierin voorsiening gemaak is, sal hierdie afdeling nie van toepassing wees op enige sodanige persoon onder 18 (agtien) of oor 70 (sewentig) jarige ouderdom nie. |
| **Besigheids-beperking** | **2. Besigheidsbeperking (indien genoteer om ingesluit te wees)**<br>Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid. |
| **Verdwyning** | **3. Verdwyning**<br>In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat ons tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel ons sy dood vir die doeleindes van die vesekering wat deur hierdie afdeling verleen word, met dien verstande dat indien daar, nada tons 'n betaling hierkragtens gemaak het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur jou aan ons terugbetaal word. |
| **Blootstelling** | **4. Blootstelling**<br>Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en / of blootstelling aan die elemente wat direk of indirek weens teenspoed ontstaan. |
| **Algemene voorwaardes** | **5. Algemene voorwaardes**<br><u>Algemene voorwaarde 20. Ander versekering</u> en <u>Algemene voorwaarde 22 Herinstelling van dekking na verlies</u> is nie van toepassing op hierdie afdeling nie. |
| **Lewenshulp-masjinerie** | **6. Lewenshulp masjinerie**<br>Nieteenstaande enigiets in die versekerde gebeurtenisse vervat, sluit die 24 (vier-en-twintig) maande tydperk daarin vermeld enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, -toerusting of –apparaat vir tydperke van minstens 3 (drie) opeenvolgende dae. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Mediese ondersoek | **7. Mediese ondersoek**<br>Sodanige persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, moet 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur ons vereis word. Ons is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot ons bevrediging nagekom is nie. |
| Tydelike algehele ongeskiktheid | **8. Tydelike algehele ongeskiktheid**<br>Die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die skedule vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak, sover redelikerwys moontlik herstel het nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur. |
| Ongevallewetgewing | **9. Ongevallewetgewing**<br>Enige vergoeding wat deur ons betaalbaar is vir enige tydperk van tydelike algehele ongeskiktheid sal verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is deur of ten behoewe van sodanige persoon ingevolge enige ongevallewetgewing vir tydelike ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk. |

# C16.5

# AANGEGEWE VOORDELE UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Alkohol, verdowingsmiddels of dwelms | **1. Alkohol, verdowingsmiddels of dwelms**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon weens die direkte of indirekte invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon, tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe homself). |
| Bestaande fisieke gebrek | **2. Bestaande fisieke gebrek**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van sodanige persoon nie. |
| Swangerskap | **3. Swangerskap**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon in die geval van vroue, wat direk of indirek, voortspruit uit of verleng of verhaas word deur of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedure of enige gevolge daarvan nie. |
| Professionele sport | **4. Professionele sport**<br>A) Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan:<br>a) professionele sport van enige aard;<br>b) sport van enige aard op sneeu of ys of te perd;<br>c) grootwild jag;<br>d) bergklim wat die gebruik van toue vereis;<br>e) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passassier) behalwe vir jou besigheid;<br>f) wedrenne van enige aard wat die gebruik van kragaangedrewe voertuig of vaartuig behels;<br>g) valskermspring, rekspring, skubaduik of sportsoorte of soortgelyke ondernemings waar jy doelbewus aan die risiko van dood of besering blootgestel word. |
| Selfdood | **5. Selfdood**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon deur sy selfdood of moedswillige besering. |
| Reis per lug | **6. Reis per lug**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passassier nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C17

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE

## C17.1

## GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **Permanente ongeskiktheid** | Verlies of besering soos uiteengesit in Aanhangsel C. |
| **Tydelike algehele ongeskiktheid** | Algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen op 'n tydelike basis. |

## C17.2

## GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE DEKKING

Jy is vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| **Versekerde gebeurtenisse** | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>A) Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige van jou prinsipale, vennote, direkteure of werknemers (hierna in hierdie afdeling verwys as sodanige persoon) gespesifiseer in die skedule.<br>B) Ons betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel, aan jou die vergoeding wat in die skedule vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 (vier-en-twintig) kalender maande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die skedule onder die opskrif omstandighede. |
| **Skadeloosstellingsperk** | 2. Skadeloosstellingsperk<br>A) Ons is nie aanspreeklik om meer as die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die skedule, te betaal as vergoeding vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit nie.<br>B) In elk geval sal die skadeloosstelingsperk vermeld in die skedule nie die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B oorskry nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# C17.3

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Skending weens brandwonde**

## 1. Skending weens brandwonde

A) Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die definieise van 'permanente ongeskiktheid':

Permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die:

| | Persentasie van vergoeding |
|---|---|
| a) gesig en nek | |
| • 100% oppervlak geskend | • 50% |
| • minder as 100% oppervlak geskend | • die deel van 50% waarin die werklik geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlak |
| b) oorblywende dele van die liggaam | |
| • 100% oppervlak geskend | • 25% |
| • minder as 100% oppervlak geskend | • die deel van 25% waarin die werklik geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlak |

B) Ons betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie, tensy die skending 10% (tien persent) ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word, oorskry.

# C17.4

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE KLOUSULES & VOORWAARDES

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

**Ouderdoms perke**

## 1. Ouderdoms perke

Tensy andersins hierin voorsiening gemaak is, sal hierdie afdeling nie van toepassing wees op enige sodanige persoon onder 18 (agtien) of oor 70 (sewentig) jarige ouderdom nie.

**Besigheids-beperking**

## 2. Besigheidsbeperking (indien genoteer om ingesluit te wees)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

**Verdwyning**

## 3. Verdwyning

In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat ons tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel ons sy dood vir die doeleindes van die vesekering wat deur hierdie afdeling verleen word, met dien verstande dat indien daar, nada tons 'n betaling hierkragtens gemaak het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur jou aan ons terugbetaal word.

**Blootstelling**

## 4. Blootstelling

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en / of blootstelling aan die elemente wat direk of indirek weens teenspoed ontstaan.

**Algemene voorwaardes**

## 5. Algemene voorwaardes

Algemene voorwaarde 20. Ander versekering en Algemene voorwaarde 22 Herinstelling van dekking na verlies is nie van toepassing op hierdie afdeling nie.

**Lewenshulp-masjinerie**

## 6. Lewenshulp masjinerie

Nieteenstaande enigiets in die versekerde gebeurtenisse vervat, sluit die 24 (vier-en-twintig) maande tydperk daarin vermeld enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, -toerusting of –apparaat vir tydperke van minstens 3 (drie) opeenvolgende dae.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Mediese ondersoek | **7. Mediese ondersoek**<br>Sodanige persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, moet 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur ons vereis word. Ons is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot ons bevrediging nagekom is nie. |
| Tydelike algehele ongeskiktheid | **8. Tydelike algehele ongeskiktheid**<br>Die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die skedule vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak, sover redelikerwys moontlik herstel het nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur. |
| Ongevallewetgewing | **9. Ongevallewetgewing**<br>Enige vergoeding wat deur ons betaalbaar is vir enige tydperk van tydelike algehele ongeskiktheid sal verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is deur of ten behoewe van sodanige persoon ingevolge enige ongevallewetgewing vir tydelike ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk. |

# C17.5

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE UITSLUITINGS

## Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| Alkohol, verdowingsmiddels of dwelms | **1. Alkohol, verdowingsmiddels of dwelms**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon weens die direkte of indirekte invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon, tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe homself). |
| Bestaande fisieke gebrek | **2. Bestaande fisieke gebrek**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van sodanige persoon nie. |
| Swangerskap | **3. Swangerskap**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon in die geval van vroue, wat direk of indirek, voortspruit uit of verleng of verhaas word deur of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedure of enige gevolge daarvan nie. |
| Professionele sport | **4. Professionele sport**<br>A) Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan:<br>a) professionele sport van enige aard;<br>b) sport van enige aard op sneeu of ys of te perd;<br>c) grootwild jag;<br>d) bergklim wat die gebruik van toue vereis;<br>e) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passassier) behalwe vir jou besigheid;<br>f) wedrenne van enige aard wat die gebruik van kragaangedrewe voertuig of vaartuig behels;<br>g) valskermspring, rekspring, skubaduik of sportsoorte of soortgelyke ondernemings waar jy doelbewus aan die risiko van dood of besering blootgestel word. |
| Selfdood | **5. Selfdood**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon deur sy selfdood of moedswillige besering. |
| Reis per lug | **6. Reis per lug**<br>Ons is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood of ongeskiktheid ten opsigte van sodanige persoon terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passassier nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING C18
# AANLEG ALLE RISIKO'S

Toekomstige afdeling

# AFDELING F19
# LANDBOU BESPROEIING

Dekking vir landbou besproeiing is slegs onder ons **Boerdery polis** beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.

# AFDELING F20
# STAMBOEK DIERE

Dekking vir stamboek diere is slegs onder ons **Boerdery polis** beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANSPREEKLIKHEIDS-AFDELINGS

Bladsye 144 to 157 hieronder detailleer die dekking wat verband hou met die aanspreeklikheids-afdelings van hierdie polis.

| | |
|---|---|
| Afdelings | **Die afdelings is maklik uitkenbaar deur die 'L'** voorvoegsel, soos volg:<br>LD01: Persoonlike aanspreeklikheid<br>LC01: Gemeenregtelike aanspreeklikheid (Kommersieel) |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING LD01

# PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID

## LD1.1

## PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die versekerde | Die polishouer wat in die skedule genoem word en sy / haar onmiddellike familie wat normaalweg by hom / haar woon (insluitend sy / haar kinders wat finansieel van hom / haar afhanklik is). Hierna verwys as 'jy/jou'. |

## LD1.2

## PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID DEKKING

Jy is gedek vir die volgende, mits jy dekking het onder die Huiseienaars- en/of Huisbewonersafdelings.

| | |
|---|---|
| Alle bedrae | 1. Alle bedrae wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal as gevolg van:<br>A) Die dood of liggaamlike besering of siekte van enige derde party.<br>B) Fisiese verlies of skade aan tasbare eiendom gedurende jou versekeringstydperk as gevolg van enige gebeurtenis wat in die Republiek van Suid-Afrika plaasvind. |
| Alle koste | 2. Alle koste en uitgawes van litigasie:<br>A) Wat wettiglik en redelikerwys deur enige derde party verhaal word teen jou.<br>B) Aangegaan met ons skriftelike toestemming en wat verband hou met 'n eis wat teen jou ingestel is en wat gedek is onder hierdie afdeling van die polis. |
| Beperking van vergoeding | 3. Beperking van vergoeding<br>Die bedrag betaalbaar ten opsigte van enige insident of reeks insidente wat voortspruit uit een gebeurtenis, sal nie die versekerde bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B oorskry nie, en sal alle vergoeding, regskostes en alle ander kostes en uitgawes insluit. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# LD1.3

## PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID UITBREIDING

Jy is ook outomaties vir die volgende gedek.

| | |
|---|---|
| Huishoudelike werknemers | **1. Huishoudelike werknemers**<br>A) Nieteenstaande uitsluiting 5.5.1, sal ons jou vergoed vir jou regsaanspreeklikheid met betrekking tot die dood of liggaamlik besering of siekte van enige huishoudelike werknemer opgedoen in die normale uitvoering van hulle pligte ten tyde van die gebeurtenis.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Addendum B. |
| Onregmatige arrestasie / inhegtenisneming | **2. Onregmatige arrestasie / inhegtenisneming**<br>A) Alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is om te betaal as gevolg van die onregmatige arrestasie / inhegtenisneming of beweerde onregmatige arrestasie / inhegtenisneming van enige persoon behalwe:<br>a) 'n persoon wat vir jou werk in terme van 'n diens- of leerlingkontrak; of<br>b) 'n lid van jou familie of huishouding.<br>B) Hierdie dekking is uitgebrei om aanspreeklikheid wat mag ontstaan vanweë jou aktiwiteite as lid van 'n buurtwag of soortgelyke vrywillige instelling sonder winsbejag, in te sluit.<br>C) Die bedrag betaalbaar vir alle vergoeding, skade, kostes en uitgawes ten opsigte van die dood, besering, siekte, verlies of skade opgedoen is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |

# LD1.4

## PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VOORWAARDES

Spesifieke voorwaardes van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| Voorwaardes | **1. Voorwaardes**<br>A) In die geval van enige gebeurtenis, mag ons jou vergoed tot en met die maksimum versekerde bedrag betaalbaar onder hierdie afdeling (minus enige bedrag / bedrae wat reeds betaal is), of enige ander bedrag waarvoor die eis(e) geskik kan word en afstand doen van enige verdediging, skikking of geregtelike stappe.<br>B) Indien ons van sodanige verdediging afstand doen, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige skade na bewering deur jou gelei as gevolg van enige beweerde daad of versuim in die afstanddoening van die verdediging, skikking of geregtelike stappe aan jou nie.<br>C) Indien ons kies om enige verdediging, skikking of geregtelike stappe namens jou te behartig, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige skade, na bewering deur jou gelei, as gevolg van enige beweerde daad of versuim deur ons wat verband hou met die die verdediging, skikking of geregtelike stappe nie.<br>D) Ten opsigte van jou verantwoordelikheid en in die geval van jou dood, sal ons jou persoonlike verteenwoordigers vergoed in terme van hierdie polis onderhewig aan die beperkings hierin vervat, mits jou persoonlike verteenwoordigers (as of hulle die versekerde onder hierdie polis is) die bepalings, voorwaardes en uitsluitings in hierdie polis onderhou en nakom. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# LD1.5

# PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Werknemers** | **1. Werknemers**<br>Aanspreeklikheid ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige werknemer (behalwe enige huishoudelike werknemer) wat in die loop van sy of haar diens optree ten tyde van die gebeurtenis. |
| **Familie of huishouding** | **2. Lede van jou familie of huishouding**<br>Aanspreeklikheid ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat 'n lid van jou familie is wat normaalweg by jou woon. |
| **Jurisdiksie** | **3. Jurisdiksie**<br>A) Vergoeding vir skade ten opsigte van uitsprake gelewer of verkry in die eerste instansie, behalwe deur 'n Hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika.<br>B) Litigasiekostes en uitgawes wat aangegaan en verhaal word deur enige derde party teen jou buite die Republiek van Suid-Afrika. |
| **Eiendom in jou beheer** | **4. Eiendom in jou beheer**<br>Aanspreeklikheid ten opsigte van verlies of skade aan enige eiendom in jou beheer, of enige eiendom waarvan jy die eienaar is en wat in besit of in beheer is van jou werknemer / agent. |
| **Besoedeling of besmetting** | **5. Besoedeling of besmetting**<br>A) Aanspreeklikheid ten opsigte van:<br>a) dood, besering, siekte, verlies of skade wat veroorsaak is deur of verband hou met, of voortspruit uit besmetting of besoedeling;<br>b) die koste van die verwydering, vernietiging of skoonmaak van syferende, besoedelende of besmettende stowwe, tensy die syfering, besoedeling of besmetting veroorsaak is deur 'n skielike, onbedoelde en onverwagte gebeurtenis. |
| **Professie of besigheid** | **6. Professie of besigheid**<br>Aanspreeklikheid ten opsigte van dood, liggaamlike besering, siekte, verlies of skade of verlies wat voortspruit uit jou besigheid of beroep. |
| **Bestraffende skadevergoeding** | **7. Bestraffende skadevergoeding**<br>Aanspreeklikheid vir strawwe, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding, boetes of strawwe wat teen jou in enige Hof toegestaan word. |
| **Daaropvolgende kostes** | **8. Daaropvolgende kostes**<br>Kostes en uitgawes aangegaan ná die datum waarop ons vergoeding betaal het, of aangebied het om die volle eisbedrag of 'n gedeelte daarvan te betaal, ten opsigte van enige gebeurtenis. |
| **Voertuie** | **9. Hysbakke en voertuie**<br>Aanspreeklikheid ten opsigte van dood, liggaamlike besering, siekte, verlies of skade of verlies wat voortspruit uit die eienaarskap of besit of gebruik van hysbakke of meganiese aangedrewe voertuie of sleepwaens (behalwe gemotoriseerde tuinbou-toerusting), voertuie deur diere getrek, vliegtuie, radiobeheerde voertuie, onbemande vliegtuie, hommeltuie of watervaartuie (behalwe 'n roeiboot, branderplank, roeiski, seilplank of kanoe / kajak), deur jou of namens jou. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING LC01

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID (KOMMERSIEEL)

## LC1.1

## GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

| | |
|---|---|
| Die Versekerde | Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |

## LC1.2

## GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

| | |
|---|---|
| Bybetaling | Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'.<br>Jy is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar soos uiteengesit in die skedule en Aanhangsel A, ten opsigte van enige eis of aantal eise voortspruitend uit 'n reeks gebeurtenisse wat die gevolg is of toeskryfbaar is aan enige bron of oorspronklike oorsaak. Die voorwaardes van hierdie klousule sal van toepassing wees op alle eise om skadevergoeding en kostes en uitgawes deur jou aangegaan. |

## LC1.3

## GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID DEKKING

Jy is gedek vir die volgende versekerde gebeurtenisse.

| | |
|---|---|
| Versekerde gebeurtenisse | 1. Versekerde gebeurtenisse<br>Dekking ingevolge hierdie afdeling kan op die volgende basisse verleen word, soos deur jou gekies en in die skedule aangedui:<br><br>Gebeurtenis grondslag (indien genoteer in die skedule om van toepassing te wees)<br>Skadevergoeding wat jy regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna verwys as besering), of toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna verwys as skade) wat binne die gebiedsperke gedurende die versekeringstydperk in die loop van of in verband met die besigheid plaasvind. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Eiste ingestel grondslag (indien genoteer in die skedule om van toepassing te wees)

Skadevergoeindg wat jy regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna verwys as besering), of toevallige skade van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna verwys as skade) wat op of ná die terugwerkende datum wat in die skedule vermeld word en in die loop van of in verband met die besigheid plaasvind binne die gebiedsperke, wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen jou ingestel word.

**Skadeloosstellings-perk**

## 2. Skadeloosstellingsperk

Die bedrag wat betaalbaar is, insluitende enige regskoste wat teen jou deur enige eiser(s) verhaal mag word en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule oorskry nie.

**Gebiedsperke**

## 3. Gebiedsperke

A) Enige plek in die wêreld maar nie in verband met:

a) enige besigheid wat deur jou beoefen of bedryf word op of vanaf 'n perseel geleë buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini, Zimbabwe en Malawi; of

b) enige kontrak vir werkverrigtinge buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, eSwatini, Zimbabwe en Malawi.

# LC1.4

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID UITBREIDINGS

**Bykomende versekerdes**

## 1. Bykomende versekerdes

A) Ons stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

a) in die geval van jou dood, enige van jou persoonlike verteenwoordigers ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur jou opgeloop is;

b) enige vennoot, direkteur of werknemers (indien deur jou versoek) teen enige eis waarvoor jy op skadeloosstelling geregtig is ingevolge hierdie versekering;

c) in die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en nieteenstaande Algemene uitsluiting 3. Kontraktuele aanspreeklikheid), en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werknemer wat vermeld word in enige kontrak wat jy vir besigheidsdoeleindes aangaan;

d) ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer- of ambulansdiens, cafeteria en dies meer wat aan jou behoort of deur jou tot stand gebring is tot voordeel van jou werknemers:

1. enige beampte of lid daarvan;
2. enige besoekende sportspan of lid daarvan.

B) Met dien verstande dat:

a) ons totale aanspreeklikheid nie die skadeloosstellingsperke vermeld in die skedule, oorskry nie;

b) enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

c) die skadeloosstelling ingevolge A)a), A)b) en A)c) slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor jy op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen jou ingestel was.

C) Vir die doel van hierdie uitbreiding, doen ons afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat ons mag hê of wat ons mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees insoverre dit van toepassing mag wees.

**Parkeerterreine**

## 2. Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van Uitsluiting LC1.7.14. Jou eiendom A)b), stel ons jou skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, kliënte, besoekers of werknemers wat die parkeergeriewe gebruik wat deur jou voorsien word.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Eisevoorbereidings-koste | **3. Eisevoorbereidingskoste**<br>A) Die versekering wat ingevolge hierdie afdeling voorsien word, is uitgebrei om die kostes wat jy redelikergewys aangaan ten einde enige besonderhede te produseer en te sertifiseer en wat ons in terme van Algemene voorwaarde 6. Eise mag benodig of die bedrag van enige eis te bekragtig, in te sluit.<br>B) Dekking is beperk tot die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B. |
| Kruis-aanspreeklikhede | **4. Kruisaanspreeklikhede**<br>Indien meer as een versekerde in die skedule vermeld word, stel ons elke versekerde afsonderlik en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule, oorskry nie. |
| Nood-mediese koste | **5. Nood-mediese koste**<br>Ons stel jou skadeloos vir alle billike onkoste wat deur jou aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen jou mag wees. |
| Eiendom van werknemers en besoekers | **6. Eiendom van werknemers en besoekers**<br>Uitsluiting LC1.7.14 Jou eiendom A)b) is nie van toepassing op eiendom wat behoort aan enige van jou vennote, direkteure of werknemers of enige besoekder aan jou perseel nie. |
| Werkgewers-aanspreeklikheid | **7. Werkgewersaanspreeklikheid**<br>A) Ons sal jou skadeloos stel vir skadevergoeding wat jy wettiglik aanspreeklik raak om te betaal na dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon wat volgens 'n indiensnemingskontrak in jou diens is, en wat plaasgevind het in die loop en in verband met sodanige persoon se indiensname by jou binne die gebiedsperke en gedurende die versekringstydperk.<br>B) Die bedrag betaalbaar, insluitend enige regsonkostes vanaf jou verhaalbaar deur 'n eiser of enige aantal eisers, en alle anderkostes en uitgawes wat met ons toestemmign aangegaan is vir enige enkele gebeurtnies of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die perk genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is, oorskry nie.<br>C) In gevalle waar jy en 'n prinsipaal aanspreeklik is vir dieselfde skadevergoeding en waar 'n ooreenkoms tussen jou en die prinsipaal so vereis, sal ons, nieteenstaande Algemene uitsluiting 3. Kontraktuele aanspreeklikheid, die prinsipaal skadeloos stel op dieselfde wyse as vir jou, maar net met betrekking tot die aanspreeklikheid van die prinsipaal teenoor 'n werknemer, soos tevore vermeld, vir dood of liggaamlike besering of siekte van sodanige persoon wat voortspruit uit jou nalatigheid of die nalatigheid van jou werknemers, met dien verstande dat:<br>a) in geval van 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding, sal jy poog om met die prinsipaal reëlings te tref dat die hantering en beheer van alle eise by ons sal berus;<br>b) die prinsipaal sal, asof hy jy was, voldoen en onderworpe wees aan die bepalings, uitsluitings en voorwaardes (beide algemeen en spesifiek) van hierdie polis insover hulle van toepassing sal wees; en<br>c) ons aanspreeklikheid nie hierdeur verhoog word nie. |
| Brandblussings-heffings | **8. Brandblussingsheffings**<br>A) Ons sal jou skadeloos stel vir alle redelike brandblussingsheffings wat deur jou aangegaan is ten einde brand te blus of te bestry om die verspreiding van sodanige brand oor die grens van jou perseel te verhoed, met dien verstande dat:<br>a) die brandblusdienste deur 'n totaal onverwante derde party, wat spesifiek spesialiseer in brandbestryding as deel van hulle normale sake teen vergoeding; en<br>b) jy regtens verantwoordelik is vir die betaling van sodanige koste; en<br>c) dit redelik onder die omstandighede was om sodanige brandblusdienste in te span ten einde die brand te beheer en / of te blus.<br>B) Die dekking onder hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in die skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.<br>C) Enige koste wat met water bombardering vanuit vliegtuie of opsporingsvliegtuie verband hou, is onder hierdie uitbreiding uitgesluit.<br>D) Indien jy, of enige verwante party, enige ander dekking by ons of Safire Crop Protection Co-operative Limited vir die gebeurtenis het, is dekking onder hierdie uitbreiding uitgesluit. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Ooreengekome aanspreeklikheid**

## 9. Ooreengekome aanspreeklikheid

A) Nieteenstaande die voorsienings van Algemene uitsluiting 3. Kontraktuele aanspreeklikheid, Uitsluiting LC1.7.9 Meganies aangedrwe voertuie and Uitsluiting LC1.7.14 Jou eiendom A)b), is hierdie afdeling uitgebrei om jou skadeloos te stel:

a) teen aanspreeklikheid deur jou aangeneem ingevolge enige kontrak aangegaan met of skadeloosstelling gegee aan Transnet, regering of semi-regering departemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en / of soortgelyke instansies wat die gebruik van treinspoor-sylyne bestuur of met betrekking tot gevaarlike persele vervoer ooreenkomste en / of soortgelyke ooreenkomste

b) teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transet behoort terwyl in jou besit en beheer;

c) met betrekking tot aanspreeklikheid veroorsaak deur of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of treinwaens wat aan Transnet behoort, terwyl deur jou gebruik of namens jou gebruik, by enige treinspoorsylyn.

**Regsverdegingskoste**

## 10. Regsverdedigingskoste

A) Indien jy dit versoek, sal ons enige van jou werknemers, vennote of direkteure skadeloos stel teen kostes en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word deur of namens sodanige persoon in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by jou en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van die Wette soos hierin omskryf, gedurende die versekeringstydperk. Met dien verstande dat:

a) in die geval 'n appèl, sal ons nie sodanige persoon skadeloos stel tensy 'n senior advokaat wat deur ons goedgekeur is, adviseer dat hy van mening is dat sodanige appèl behoort te slaag;

b) ons sal nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestraffing wat deur enige landdros of regter opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie;

c) sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie afdeling nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is insoverre dit van toepassing mag wees.

B) Die Wette:

a) Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid Nr. 85 van 1993 (soos gewysig);

b) Die Myn, Gesondheid en Veiligheidswet Nr. 29 van 1996 (soos gewysig);

c) Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Wet Nr. 101 van 1998 (soos gewysig);

d) Die Verbruikersbeskermingswet (soos gewysig);

e) Die Elektrisiteitswet Nr. 41 van 1987 (soos gewysig);
en / of enige ander Wet of Ordonnansie wat met die verskaffing van elektrisiteit verband hou;

almal saam gelees met die Strafproseswet Nr. 51 van 1977 (soos gewysig).

C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag gespesifiseer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag vermeld in die skedule en waarvoor 'n addisionele premie betaal word.

**Sekuriteitsfirmas**

## 11. Sekuriteitsfirmas

A) Nieteenstaande Algemene uitsluiting 3. Kontraktuele aanspreeklikheid, indien jy ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om jou eiendom in die loop van jou besigheid vermeld in die skedule, of om persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by jou, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule.

B) Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is ons nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

**Huurders-aanspreeklikheid**

## 12. Huurdersaanspreeklikheid

Uitsluiting LC1.7.9. Meganies aangedrewe voertuie en Uitsluiting LC1.7.14. Jou eiendom A)b) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat wat deur jou as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| Handelswerktuig | **13. Handelswerktuig**<br>Uitsluiting LC1.7.9. Meganies aangedrewe voertuie is nie van toepassing op die werkverrigtinge, as 'n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat ons nie hierkragtens aanspreeklik is ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyeversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Ons is ook nie aanspreeklik indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur jou aangegaan is nie. |
| Los sleepwaens | **14. Los sleepwaens**<br>A) Uitsluiting LC1.7.9. Meganies aangedrewe voertuie is nie van toepassing ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganies aangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat ons nie hierkragtens aanspreeklik is vir die deel van enige verlies wat:<br>a) deur enige ander polis of polisse wat deur jou aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het nie; of<br>b) binne die bestek van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyeversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie. |
| Onregmatige arrestasie / inhegtenisneming en laster | **15. Onregmatige arrestasie / inhegtenisneming en laster**<br>A) Die versekerde gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:<br>a) wat voortspruit uit onregmatige arrestasie / inhegtenisneming (insluitinge aanranding in verband met sodanige onregmatige arrestasie / inhegtenisneming);<br>b) ten opsigte van laster.<br>B) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrae gespesifiseer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag vermeld in die skedule en waarvoor 'n addisionele premie betaal word. |
| Betreding van diere | **16. Betreding van diere**<br>Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |
| Aanjaag van diere | **17. Aanjaag van diere**<br>Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |
| Afdwaal van diere | **18. Afdwaal van diere**<br>Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |
| Oesbespuiting | **19. Oesbespuiting**<br>Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar. |

# LC1.5

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs geregtig wees op hierdie opsionele uitbreidings as dit in jou skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

| | |
|---|---|
| Kontrakteurs-aanspreeklikheid | **1. Kontrakteursaanspreeklikheid**<br>A) Ons onderneem om die skadeloosstelling vervat in hierdie polis uit te brei om dekking te verleen om jou regsaanspreeklikheid in te sluit wat voortspruit uit skade wat 'n gespesifiseerde kontrakteur aan 'n derdepartye veroorsaak terwyl sodanige kontrakteur deur jou gehuur word om op die versekerde perseel en / of plantasies te werk, onderworpe daaraan dat enige reg om die bedrag te eis vanaf die kontrakteur gehandhaaf sal word.<br>B) Die skadeloosstelling is beperk tot slegs jou aanspreeklikheid vir skade aan die derde party en word nie uitgebrei om aanspreeklikheid deur die kontrakteur of sy werknemers te dek nie.<br>C) Hierdie dekking word uitgebrei tot 'n gespesifiseerde kontrakteur wie aan ons geïdentifiseer is soos aangeteken in die skedule en tot die perke wat daarin gespesifiseer word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Defektiewe vakmanskap

## 2. Defektiewe vakmanskap

Uitsluiting LC1.7.3. Defek, fout en weglating en Uitsluiting LC1.7.14 Jou eiendom A)b) is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie.

A) Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend enige regskoste wat deur 'n eiser of aantal eisers van jou verhaalbaar mag word, en enige ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, of tydens enige tydperk van 12 (twaalf) opeenvolgende maande vanaf die aanvangs- of hernuwingsdatum, mag nie die totale skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die skedule, oorskry nie.

B) Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid:
   a) vir die koste om defektiewe werk te herstel of te herroep nie;
   b) wat voortspruit uit ondoelmatigheid van sodanige werk of omdat die werk nie die resultaat gelewer het wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;
   c) wat ontstaan het voor die oorhandiging van sodanige werk nie;
   d) wat voortspruit uit defektiewe ontwerp nie;
   e) wat voortspruit uit enige werk aan 'n lugvaartuig of deel daarvan nie.

EG aanspreeklikheid

## 3. EG aanspreeklikheid

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en beperkings, word die volgende veranderinge aan hierdie afdeling van die polis aangebring ten opsigte van 'besering' of 'skade' (soos verseker deur die produkaanspreeklikheid uitbreiding) wat ontstaan uit goedere of produkte wat na enige lidland van die Europese Gemeenskap (EG) of enige lidland van die Europese Vryehandelsvereniging (EVHV) uitgevoer word:

A) Uitsluiting LC1.7.8. Jurisdiksie is nie van toepassing op skadevergoeding of regskoste of -uitgawes wat deur enige eiser verhaal word ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word in howe in die gebied van die EG of EVHV.

B) Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (behalwe grondstowwe), moet jy:
   a) 'n stelsel implementeer en onderhou ingevolge waarvan die goedere of produkte duidelik geïdentifiseer kan word deur 'n besending- of reeksnommer, of datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse;
   b) eie datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, aanteken en handhaaf.

   Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir 'n tydperk van minstens 10 (tien) jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.

C) Die inligting genoem in B) hierbo, tesame met alle stawende dokumentasie, moet te eniger tyd en op aanvraag, aan ons beskikbaar gestel word.

D) Ten opsigte van hierdie skadeloosstelling, is jy verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die skedule ingevolge hierdie uitbreiding.

Brandblussings-heffings (lugbombardering)

## 4. Brandblussingsheffings (lugbombardering)

Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.

Gastehuis-aanspreeklikheid

## 5. Gastehuisaanspreeklikheid

A) Uitsluiting LC1.7.14 Jou eiendom A)b) is nie van toepassing op eiendom wat aan enige betalende gas behoort en op jou perseel is nie.

B) Ons sal jou skadeloos stel vir skadevergoeding wat jy wettiglik aanspreeklik raak om te betaal rakende dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige betalende gas.

C) Bykomend sal ons jou skadeloos stel vir verlies of skade aan eiendom van gaste, insluitende enige regskoste wat teen jou verhaal mag word deur 'n eiser of aantal eisers, en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word.

D) Ons aanspreeklikheid sal beperk word tot die bedrag uiteengesit in Aanhangsel B.

Produk-aanspreeklikheid

## 6. Produkaanspreeklikheid

A) Nieteenstaande enigiets teenstrydig in Uitsluiting LC1.7.6. Goedere of produkte verkoop, stel ons jou skadeloos ten opsigte van versekerde gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede wat in die skedule vermeld word, elders as op 'n perseel wat deur jou bewoon word en wat veroorsaak word deur goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat deur jou verkoop of verskaf word in verband met die besigheid (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere).


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

B) Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, insluitende enige regskoste wat deur 'n eiser of aantal eisers teen jou verhaal mag word en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige tydperk van 12 (twaalf) opeenvolgende maande bereken vanaf die aanvangs- of hernuwingsdatum, sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule, oorskry nie.

C) Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid:
   a) wat voortspruit uit die verslegting of besmetting van melk nie;
   b) vir die herstel, verandering-, herroeping- of vervangingskoste van goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat besering of skade veroorsaak;
   c) vir die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die goedere of produkte beskadig is;
   d) wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie, maar indien jy 'n kleinhandelaar is, is hierdie spesifieke uitsluiting c) nie van toepassing nie indien jou aktiwiteite in geheel beperk is tot verkope, verspreiding en / of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en jou aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysigings voor die verkoop aan jou oorspronklike kliënte e nook nie enige opknapping, aanpassing of wysiging aan die produk nie;
   e) wat voortspruit uit ondoeltreffendheid of die versuim om aan die spesifikasie te voldoen, tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie;
   f) wat voortspruit uit goedere of produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak end eel daarvan uitmaak;
   g) ten opsigte van besering of skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada, en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur jou of volgens jou opdrag verkoop of verskaf is, indien sodanige goedere of produkte na jou wete deur of namens jou na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

**Besoedeling**

## 7. Besoedeling

A) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel, word jy ingevolge hierdie uitbreiding skadeloos gestel teen aanspreeklikheid vir en / of voortspruitend uit besering en / of skade wat tydens die versekeringstydperk ontstaan en uit besoedeling voortspruit, maar slegs tot die mate wat jy kan aantoon dat sodanige besoedeling:
   a) 'n direkte gevolg van 'n skielike, spesifieke en identifiseerbare gebeurtenis was wat gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het,
   b) nie die direkte gevolg was van jou versuim om redelike voorsorgmaatreëls te tref om sodanige besoedeling te voorkom nie.

**Verslegting / besmetting van melk**

## 8. Verslegting / besmetting van melk

Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.

**Aanspreeklikheid agv jag of wildbesigtigings-aktiwiteite**

## 9. Aanspreeklikheid agv jag / wildbesigtigingsaktiwiteite

Uitsluiting LC1.7.7 Jag of wildbesigtiging is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie.

A) Ons sal jou skadeloos stel vir bedrae wat jy retens aanspreeklik is om te betaal as gevolg van enige jag- en / of wildbesigtigingsaktiwiteite wat deur jou gereël is en op jou perseel plaasvind.

B) Dit is 'n voorwaarde dat skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling met betrekking tot enige vorm van kommersiële jag- en / of wildbesigtigingsaktiwiteite onderhewig is aan die volgende:
   a) geen alkohol tydens die jagaktiwiteite verbruik word nie;
   b) alle persone wat aan enige wildbesigtigings- of jagaktiwiteite deelneem, moet te alle tye deur jou, 'n geskikte gekwalifiseerde gids, 'n werknemer en enige persoon wat deur jou gedelegeer word, vergesel word;
   c) voor die aanvang van enige jagaktiwiteite, moet vuur sones ten opsigte van individuele jaggroep(e), jagter(s) en kliënt(e) duidelik afgebaken word en verduidelik word aan alle deelnemers;
   d) voor deelname aan enige jagaktiwiteit moet alle persone wat aan die jag deelneem, 'n dokument onderteken wat deur 'n gekwalifiseerde prokureur opgestel is, wat jou en enige van jou vennote, direkteure of werknemers kwytskel van aanspreeklikheid as gevolg van jagaktiwiteite;
   e) alle persone wat aan die jag deelneem moet voldoen aan alle wette of wetgewing wat van toepassing is op jagaktiwiteite.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# LC1.6

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge van toepassing op hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **Datum van aanmelding** | **1. Datum van aanmelding (van toepassing op Eise ingestel grondslag)**<br>Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen jou ingestel word as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis wat ingevolge Algemene voorwaarde 6. Eise (hierna verwys as aangemelde gebeurtenis) word hanteer asof dit aanvanklik teen jou ingestel is op dieselfde dag waarop jy die gebeurtenis by ons aangemeld het. |
| **Kansellasie of nie-hernuwing** | **2. Kansellasie of nie-hernuwing (van toepassing op Eise ingestel grondslag)**<br>A) In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis:<br>a) word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen jou ingestel word gedurende die 36 (ses-en-dertig) maande onmiddellik ná kansellasie of nie-hernuwing van die polis, word hanteer asof dit teen jou ingestel is op dieselfde dag waarop jy die gebeurtenis by ons aangemeld het. Indien die eiser 'n minderjarige is, word die tydperk van 36 (ses-en-dertig) maande verleng tot ná verstryking van 12 (twaalf) maande nadat die eiser meerderjarig word;<br>b) mag jy 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6. Eise by ons aanmeld tot en met 15 (vyftien) dae na kansellasie of nie-hernuwing, met dien verstande dat:<br>1. sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;<br>2. enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen jou ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 36 (ses-en-dertig) maande wat in B) a) hierbo gespesifiseer word. |
| **Reeks eise** | **3. Reeks eise (van toepassing op Eise ingestel grondslag)**<br>A) Enige reeks eise wat teen jou ingestel word deur enige eiser(s) gedurende enige versekeringstydperk as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal hanteer word asof almal aanvanklik teen jou ingestel is:<br>a) op die datum waarop jy die gebeurtenis aan ons aangemeld het ingevolge Algemene voorwaarde 6. Eise; of<br>b) indien jy onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee, op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen jou ingestel word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# LC1.7

## GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| | |
|---|---|
| **Lugvaartuig** | **1. Lugvaartuig**<br>A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word of verband hou met:<br>a) die brandstofinname en brandstofuitname van lugvaartuie;<br>b) die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery;<br>c) die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek. |
| **Kansellasie of nie-hernuwing** | **2. Kansellasie of nie-hernuwing (van toepassing op Eise ingestel grondslag)**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie eers skriftelik teen jou ingestel is binne 36 (ses-en-dertig) maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) soos gespesifiseer in LC1.6.2. Kansellasie of nie-hernuwing. |
| **Defekte, foute of versuim** | **3. Defekte, foute of versuim**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade wat plaasvind na die voltooiing en oorhandiging van enige werk en wat voortspruit uit of veroorsaak word of verband hou met enige defek, fout of versuim in sodanige werk. |
| **Siekte** | **4. Siekte**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van enige eis van welke aard ookal wat voortspruit uit of verband hou met enige siekte van enige dier of mens en, sonder om die algemeenheid van die voormelde te beperk, die verspreiding, oordrag of kommunikasie van sodanige siekte. |
| **Gebeurtenisse voor aanvang** | **5. Gebeurtenisse voor aanvang**<br>A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan jou bekend is:<br>a) wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 6. Eise by ons aangemeld is nie;<br>b) voor die aanvang van hierdie afdeling. |
| **Goedere of produkte verkoop** | **6. Goedere of produkte verkoop**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word of verband hou met goedere of produkte (insluitende houers en etikette) verkoop of verskaf en verbruik word elders as op die perseel wat deur jou bewoon word, behalwe voedsel en drank wat verskaf word vir verbruik op die perseel. |
| **Jag- of wildbesigtigings-aktiwiteite** | **7. Jag- of wildbesigtigingsaktiwiteite**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur enige jag- / wildbesigtigingsaktiwiteite nie. |
| **Jurisdiksie** | **8. Jurisdiksie**<br>A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van:<br>a) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake gelewer of gemaak in die eerste instansie anders as deur 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en eSwatini (voorheen Swaziland);<br>b) regskostes en -uitgawes wat teen jou verhaal mag word deur enige eiser wat nie aangegaan en verhaal word binne die area soos omskryf in a) hierbo nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Meganies aangedrewe voertuie** | **9. Meganies aangedrewe voertuie**<br>A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word of verband hou met jou eienaarskap, besit of gebruik van enige meganies aangedrewe voertuig (behalwe 'n trapfiets of grassnyer of enige voetgangerbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig, lokomotief of rollende materiaal.<br>B) Hierdie uitsluiting onthef ons nie van die verpligting om jou skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige besering of skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie. |
| **Professionele advies** | **10. Professionele advies**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word of verband hou met enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat jy of ingevolge jou instruksie toegedien is. |
| **Syfering, besoedeling of besmetting** | **11. Syfering, besoedeling of besmetting**<br>A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van:<br>a) aanspreeklikheid as gevolg van besering, skade of verlies van gebruik van eiendom direk of indirek veroorsaak deur syfering, besoedeling of besmetting, met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie van toepassing sal wees waar sodanige syfering, besoedeling of besmetting deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak is nie;<br>b) die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van stowwe wat uit syfering, besoedeling of besmetting voortspruit, tensy die syfering, besoedeling of besmetting deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak is.<br>B) Hierdie uitsluiting brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsluiting nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie. |
| **Vibrasie of verswakking** | **12. Vibrasie of verswakking**<br>Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid as gevolg van skade veroorsaak deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steering van enige grond, gebou of ander struktuur. |
| **Eie werknemers** | **13. Eie werknemers**<br>Ons stel jou nie skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid voortspruitend uit besering aan enige persoon in jou diens ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap en wat direk uit en in die loop van sodanige diens ontstaan. |
| **Eie eiendom** | **14. Eie eiendom**<br>A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van skade aan:<br>a) Eiendom wat aan jou behoort nie;<br>b) Eiendom wat in jou bewaring of in die bewaring of beheer van enige van jou werknemers is nie;<br>c) Daardie deel van enige eiendom waaraan jy werk of gewerk het en die skade direk voortspruit uit sodanige werk. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AFDELING MC01

# MOTOR (KOMMERSIEEL)

## MC1.1

## MOTOR DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebuik word

| | |
|---|---|
| **Die Versekerde** | o Die polishouer of enige van sy prinsipale, vennote, direkteure of lede, of enige persoon wat deel van die besigheid se besluitnemingsmeganisme is;<br>o die gereelde bestuurder;<br>o die genomineerde bestuurder(s) genoem in die skedule.<br>Hierna verwys as 'jy' / 'jou'. |
| **'Vroeë waarskuwing' satelietopsporing** | 'n Satelietopsporingstoestel wat die opsporingsmaatskappy outomaties in kennis stel wanneer 'n ongemagtigde of problematiese aksie waargeneem word (*byvoorbeeld: voertuigbeweging indien die toestel gestel is, poging om die toestel te verwyder of toestel wanfunksionering*). |
| **Noodnommer**<br>Safire Assist | Die amptelike Safire Assist noodnommer is 0861 723 473 (0861 SAFIRE). Indien jy insleepdienste, of ander ondersteuning wat verband hou met 'n pad-noodgeval, sou verlang, kontak asseblief die inbelsentrum om die nodige bystanddiens te reël. (Verwys na ons Safire Assist bewoording vir verdere inligting, bepalings en voorwaardes.) |
| **Voorval** | Enige voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word. |
| **Voertuig** | 1. Die versekerde voertuig soos gelys in die skedule en wat deur jou besit, gehuur of gebruikhuur word; of<br>2. 'n Vervangings kategorie A voertuig wat jy huur, gebruikhuur of tydelik gebruik terwyl jou voertuig in onbruik vir doeleindes van versiening, instandhouding, en/of meganiese of elektriese herstelwerk (uitgesluit herstelkoste na 'n ongeluk), met dien verstande dat ons maksimum aanspreeklikheid nie die volgende sal oorskry nie:<br>a) die markwaarde van die vervangingsvoertuig; of<br>b) die skadeloosstellingsperk van die vervangde voertuig soos in die skedule vermeld;<br>watter ook die laagste is.<br>3. Tipes voertuie wat ons onder hierdie polis verseker: |

| Voertuigkategorie | Beskrywing |
|---|---|
| A | Privaattipe motorvoertuie, insluitende sedans, stasiewaens, safari voertuie, minibuses, ligte afleweringsvoertuie of soortgelyke voertuie wat nie 3 500 (drie duisend vyfhonderd) kg in bruto massa oorskry nie, en wat ontwerp is om nie meer as 12 (twaalf) insittendes, insluitend die bestuurder, te vervoer nie. |
| B | Kommersiële voertuie, insluitend busse (enige voertuig gebruik vir besigheids-doeleindes en ontwerp om meer as 12 (twaalf) insittendes, insluitend die bestuurder, te vervoer). |
| C | Spesiale tipe voertuie, insluitend trekkers en stropers. |
| D | Motorfietse, inlsuitend bromponies, driewielvoertuie en vierwielmotorfietse. |
| E | Sleepwaens en karavane, m.a.w. enige voertuig wat ontwerp is om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word, maar uitgesluit enige onderdele of toebehore wat nie permanent daarop aangebring is nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MC1.2

# MOTOR BYBETALING

Die bedrag deur jou betaalbaar.

**Bybetaling**

Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot the bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'. Verwys asseblief na die skedule en Aanhangsel A.

# MC1.3

# MOTOR DEKKING

Jy is gedek in terme van die tipe dekking wat jy gekies het.

**Tipes dekking**

## 1. Tipes dekking

A) Vergoeding onder die Motorafdeling van hierdie polis is onderhewig aan die vergoedingsperk asook die tipe dekking wat jy gekies het, soos genoteer in die skedule.

B) Daar bestaan 4 (vier) tipes dekking onder hierdie afdeling, naamlik:

| Tipe dekking (soos in die skedule genoteer) | Versekerde gebeurtenis: Materiële verlies of skade | Versekerde gebeurtenis: Mediese uitgawes | Versekerde gebeurtenis: Derde party aanspreeklikheid |
|---|---|---|---|
| 1. Omvattend | Ja | Ja | Ja |
| 2. Derde party, brand en diefstal | Ja – beperk soos per a) hieronder | Nee | Ja |
| 3. Derde party en brand | Ja – beperk soos per b) hieronder | Nee | Ja |
| 4. Slegs derde party | Nee | Nee | Ja |

a) Derde party, brand en diefstal: materiële verlies of skade dekking is beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, self-ontbranding, weerlig of ontploffing of deur diefstal / kaping of enige poging daartoe;

b) Derde party en brand: materiële verlies of skade dekking is beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing.

**Verlies of skade**

## 2. Materiële verlies of skade

A) Hierdie dekking is van toepassing op die volgende tipes dekking:
   a) Omvattend;
   b) Derde party, brand en diefstal;
   c) Derde party en brand.

B) Ons dek verlies of skade:
   a) aan enige voertuig beskryf in die skedule, insluitend sy toebehore en onderdele terwyl dit in / op die voertuig is;
   b) verseker in terme van die polis en wat veroorsaak dat die voertuig onbruikbaar is, in welke geval ons die redelike kostes om die voertuig te beskerm en na die naaste herstellers te vervoer, sal betaal.

C) Ons sal ook die redelike afleweringskoste na herstel van die skade dra, onderhewig daaraan dat die koste nie die redelike vervoerkoste na jou permanente adres genoteer in die skedule, oorskry nie.

D) Die skadeloosstelling hierin veskaf, is onderhewig aan die volgende:
   a) die skadeloosstellingsperk vir elke voertuigtipe is soos genoteer in die skedule en sal dít die maksimum bedrag deur ons betaalbaar wees in geval van verlies of skade, beperk tot die handelwaarde van die voertuig (insluitend toebehore en onderdele);
   b) indien enige voertuig in die skedule as 'Erkende of Ooreengekome Waarde' verklaar is, sal die ooreengekome waarde geag die handelswaarde te wees. Die Ooreengekome Waarde sluit alle bybehore en onderdele in;


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

c) indien die handelswaarde nie vasgestel kan word nie, en indien die voertuig nie op 'n Ooreengekome Waarde basis verseker is nie, sal vergoeding tot die markwaarde beperk word;

d) ons is by regte, in ons diskresie, om die voertuig, of enige deel daarvan of toebehore of onderdele daarvan, te herstel of te vervang, of die bedrag van die verlies of skade in kontant te betaal, tot hoogstens die handelwaarde van sodanige voertuig, toebehore of onderdele ten tyde van die verlies of skade;

e) ons is by regte, in ons diskresie, om goedgekeurde oorspronklike gebruikte onderdele en / of goedgekeurde alternatiewe onderdele te benut om jou voertuig te herstel;

f) indien ons bewus is van die feit dat die voertuig die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sal die betaling gemaak word aan die eienaar daarin beskryf, waarna die balans (indien enige) aan jou betaal sal word. Die eienaar se kwitansie sal dien as ons volle en finale ontslag ten opsigte van sodanige verlies of skade;

g) vir elke voorval wat lei tot 'n eis in terme van hierdie klousule, sal jy verantwoordelik wees vir die bybetaling soos per Aanhangsel A, of soos genoteer in die skedule (watter ook die hoogste is) van alle bedrae wat ons betaal, tensy spesifiek anders in die skedule vermeld.

**3rde party aanspreeklikheid**

## 3. Aanspreeklikheid teenoor derde partye

A) Hierdie dekking is van toepassing op alle tipes dekking.

B) Ons dek verlies of skade as gevolg van enige ongeluk veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige voertuig wat in die skedule beskryf word, of in verband met die laai en / of aflaai van sodanige voertuig, ten opsigte waarvan jy en / of enige passasier regtens aanspreeklik word om 'n derde party te betaal, insluitend die derde party se kostes en uitgawes in verband met:

   a) dood van of liggaamlike besering aan enige persoon, maar met uitsluiting van dood van of liggaamlike besering van enige persoon in jou diens wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat 'n lid van dieselfde huishouding as jy is;

   b) skade aan eiendom wat nie aan jou behoort, of deur jou in trust of onder bewaring gehou word of deur jou beheer word nie, of eiendom wat deur sodanige voertuig vervoer word of daarop of daarvan gelaai word.

C) Ons sal ook, ingevolge van en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie klousule:

   a) alle kostes en uitgawes betaal wat met ons skriftelike goedkeuring aangegaan is. Ons sal ook, in ons diskresie, geregtig wees om te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek, of navraag ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir verdediging in enige bevoegde hof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou;

   b) enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op jou bevel of met jou toestemming bestuur of gebruik, met dien verstande dat:

      1. sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is, namate dit van toepassing mag wees;
      2. sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur, deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie;
      3. skadeloosstelling nie van toepassing is ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie;
      4. sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie, behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarvolgens verhaalbaar is nie;

   c) jou skadeloos stel terwyl jy persoonlik enige privaattipe motorvoertuig bestuur of gebruik wat nie aan jou behoort nie en nie ingevolge 'n huurkontrak of opskortende verkoopsooreenkoms aan jou gebruikhuur of verhuur word nie, met dien verstande dat jy 'n individu is en dat jy 'n voertuig, soos omskryf onder Voertuigkategorie A (sedans en LAVe), hierkragtens verseker het. In hierdie verband sal ons nie aanspreeklik wees vir skade aan die voertuig wat bestuur of gebruik word nie;

   d) jou skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander voertuig of sleepwa (behalwe teen vergoeding), insluitend aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa, met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa of vir die eiendom daarin of daarop nie.

D) Tensy anders vermeld, sal ons algehele aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling nie die skadeloosstellingsperk soos vermeld in Aanhangsel B oorskry nie.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

Mediese uitgawes

## 4. Mediese uitgawes

A) Hierdie dekking is slegs beskikbaar vir voertuie wat omvattend verseker is.

B) Indien enige insittende in die gespesifiseerde deel van 'n voertuig hieronder beskryf regstreeks in verband met sodanige voertuig op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse liggaamlike besering opdoen, betaal ons die mediese onkoste in verband met sodanige besering.

C) Die skadeloosstelling vir insittendes beseer as gevolg van 'n voorval of reeks voorvalle voortspruitend uit 'n enkele gebeurtenis is beperk tot die bedrae genoteer in Aanhangsel B.

D) Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie onderafdeling word verminder met enige bedrag wat ingevolge enige Ongevalle en / of Padongelukke Fonds of enige soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

E) Die uitdrukking 'mediese uitgawes' sluit enige koste in wat aangegaan word in verband met sodanige insittende se bevryding uit sodanige voertuig of sy vervoer na 'n plek waar mediese behandeling toegedien kan word.

| Omskrewe voertuig | Spesifieke gedeelte van die voertuig waar besering opgedoen moet word |
|---|---|
| 1. Enige privaattipe motorvoertuig of selfaangedrewe karavaan. | 1. Enige plek binne die voertuig. |
| 2. Enige ander tipe versekerde voertuig, behalwe 'n bus of huurmotor. | 2. Die ingeslote kajuit |

# MC1.4

# MOTOR UITBREIDINGS

Jy is, onderhewig aan die tipe dekking wat in jou skedule aangedui is, outomaties gedek vir die volgende uitbreidings.

## Materiële verlies of skade uitbreidings: Slegs van toepassing op dekkingstipe OMVATTEND

Noodverblyf

### 1. Noodverblyf

A) Ons sal die redelike onkostes aangegaan vir noodverblyf, vir jou en enige passasier wat saam met jou reis, dra.

B) Hierdie uitbreiding is ook geldig vir 2 (twee) nagte weg van die huis af, indien jy nie in staat is om jou reis, as gevolg van verlies of skade aan die voertuig, te voltooi nie en met dien verstande dat verlies of skade nie minder as 250 kilometer van jou privaatwoning plaasvind nie.

C) Hierdie dekking is slegs van toepassing op voertuie omskryf onder Voertuigkategorie A (sedan of LAV) en dekking vir noodverblyf sal nie voorsien word in geval van meganiese of elektriese onklaarraking nie.

D) Die dekking is beperk tot die bedrae genoteer in Aanhangsel B.

Verlies van sleutels

### 2. Verlies van of skade aan slotte en sleutels

A) Ons sal jou skadeloos stel ten opsigte van die koste vir die vervanging van slotte en sleutels, insluitende die afstandbeheer toestel en indien nodig die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig:
   a) ná die verdwyning van enige sleutels of afstandbeheer toestel van sodanige voertuig; of
   b) indien jy rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of afstandbeheer toestel.

B) Byvoeglik sal ons jou skadeloos stel ten opsigte van die koste vir:
   a) die vervanging of herstel van die sleutel of die afstandbeheer toestel, en indien nodig die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig, veroorsaak deur toevallige skade aan sodanige sleutel of afstandbeheer toestel; of:
   b) die vervanging of herstel van slotte en sleutels, en indien nodig die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel as gevolg van skade aan sodanige slotte veroorsaak deur poging tot diefstal.

C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër perk genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

**Vervanging van 'n nuwe voertuig**

### 3. Vervanging van 'n nuwe voertuig

A) Ons sal 'n voertuig, soos omskryf onder Voertuigkategorie A (sedan of LAV), met 'n soortgelyke nuwe voertuig vervang, indien die voertuig:

   a) nie ouer as 12 (twaalf) maande is na datum van eerste registrasie nie; en
   b) nie meer as 30,000 (dertig duisend) kilometer op die odometer het nie; en
   c) beskadig is en, in ons opinie, nie ekonomies herstelbaar is nie, of gesteel is en nie binne 'n redelike tydperk gevind kon word nie (minimum 14 dae).

B) Let asseblief dat hierdie dekking net van toepassing sal wees indien die versekerde bedrag van die voertuig gelyk of groter as die handelswaarde (soos per die 'Trans Union Auto Dealers Guide') van die voertuig is, en die voertuig sal slegs vervang word indien 'n soortgelyke nuwe voertuig op die plaaslike mark beskikbaar is.

**Insleepkoste**

### 4. Insleepkoste en bewaring na meganiese onklaarraking

A) Indien die voertuig meganies of elektries onklaar raak, sal ons tot die kostes vir die verwydering en bewaring van die voertuig bydra.

B) Hierdie dekking is slegs van toepassing op voertuie omskryf onder Voertuigkategorie A.

C) Die skadeloosstelling is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.

**Bande dekking**

### 5. Bande dekking – slegs trekkers en stropers gebruik vir boerdery

Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.

**Kwytskelding van die bybetaling indien ouer as 55 jaar**

### 6. Kwytskelding van die bybetaling as jy ouer as 55 jaar is

A) Die basiese eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van voertuie omskryf onder Voertuigkategorie A, word hiermee geskrap, onderhewig daaraan dat:

   a) die voertuig ten tyde van die voorval in die sorg, toesig en beheer van 'n prinsipaal van jou besigheid of hulle gade is; en
   b) sodanige persoon minstens 55 (vyf-en-vyftig) jaar oud is; en
   c) die beskrywing van gebruik as Privaat of Boerdery genoteer is.

B) Hierdie kwytskelding sluit Uitbreiding MC1.4.6 Windskerm / Glas in.

C) Hierdie kwytskelding geld nie indien die voertuig gesteel of gekaap word, en nie teruggevind word nie.

**Windskerm / glas**

### 7. Windskerm / glas

A) Ons sal jou vergoed vir skade aan windskermglas, kopligte, remligte, misligte, kant- of agterruitglas wat deel van enige voertuig uitmaak, op voorwaarde dat geen ander skade aan die voertuig aangerig is wat lei tot 'n eis onder die polis nie.

B) Ons dek nie die vervanging van enige gloeilampe nie.

**Wrakverwydering**

### 8. Wrakverwydering

A) Die dekking is uitgebrei om kostes en uitgawes, deur jou aangegaan, bykomend tot die normale insleepkostes, ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig na skade aan sodanige voertuig deur 'n versekerde gebeurtenis, in te sluit.

B) Hierdie dekking is slegs van toepassing op voertuie omskryf onder Voertuigkategorie A (sedan of LAV).

C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, of sodanige hoër bedrag in die skedule genoteer en waarvoor addisionele premie betaal is.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Materiële verlies of skade uitbreidings: Van toepassing op alle dekkingstipes, BEHALWE DERDE PARTY ALLEENLIK

| Brandblussingskoste | |
|---|---|

### 9. Brandblussingskoste

A) Ons sal jou vergoed vir enige kostes wat verband hou met die blus van 'n brand, welke kostes as skade aan jou voertuig geag sal wees.

B) Hierdie kostes is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor ons ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik vir die kostes is, en dat die versekerde eiendom deur brand bedreig was.

C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.

**Opsporingseenheid**

### 10. Opsporingseenheid

A) Indien daar 'n werkende satelietopsoringseenheid in die voertuig is, en die voertuig word onherstelbaar beskadig of nie na 'n diefstal teruggevind nie, sal ons die werklike koste aan 'n goedgekeurde opsporingsmaatskappy betaal om 'n nuwe eenheid met die naaste moontlike kapasiteit in die nuwe voertuig te installer. Die installasie moet deur ons goedgekeur word.

B) Hierdie dekking is slegs van toepassing op voertuie gedefinieer onder Voertuigkategorie A (sedan en LAV).

C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.

**Trauma behandeling**

### 11. Trauma behandeling

A) Ons sal vir die redelike mediese onkostes betaal indien 'n prinsipaal van jou besigheid of hulle gade, kinders of stiefkinders trauma-behandeling na 'n kaping of poging tot kaping benodig.

B) Die skadeloosstelling is beperk tot mediese onkostes nie elders gedek nie en tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.

## Materiële verlies of skade uitbreiding: slegs van toepassing op dekkingstipes OMVATTEND en DERDE PARTY, BRAND & DIEFSTAL

**Diefstal van radio's**

### 12. Diefstal van radio's

A) Ons sal jou vergoed vir verlies of skade veroorsaak deur diefstal of poging daartoe van radio's, CD- en kassetspelers, en / of soortgelyke toerusting.

B) Dekking is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B (na aftrekking van die betrokke bybetalings). Indien die toerusting tydens vervaardiging geinstalleer is, geld hierdie perk nie.

## Derde party aanspreeklikheid uitbreidings: Op ALLE tipes dekking van toepassing

**Gebeurlikheids-aanspreeklikheid**

### 13. Gebeurlikheidsaanspreeklikheid

A) Die skadeloossteling voorsien in terme van MC1.3.3 Aanspreeklikheid teenoor derde partye sluit eise in teen:

a) jou in geval van 'n ongeluk wat voortspruit in die loop van jou besigheid en veroorsaak deur of in verband met enige motorvoertuig wat nie deur jou besit word nie, of wat nie deur jou voorsien is nie, terwyl dit gerbuik word deur enige vennoot, direkteur of werknemer (hierna verwys as sodanige persoon);

b) enige sodanige persoon in geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg aan hom of aan jou behoort nóg deur enige van hulle gebruikhuur of gehuur word, maar slegs tot die mate wat sodanige persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar geweier is, met dien verstande dat:

1. uitsluiting MC1.7.10 Kategorie B, C, D of E voertuie hieronder geskrap word;
2. ons nie aanspreeklik sal wees vir verlies van of skade aan enige motorvoertuig wat gebruik word vir die doeleindes en op die wyse wat in a) en b) hierbo beskryf word nie;

c) die betaling van reistoelaes of subsidies deur jou aan enige sodanige persoon vir die gebruik van sy eie voertuig vir amptelike doeleindes vir jou besigheid, insluitend die vervoer van persone vir sodanige doeleindes, toegelaat word sonder dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding daardeur benadeel word;

d) indien jy of sodanige persoon, ten tye van die plaasvind van enige ongeluk wat tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding lei, ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, ons nie aanspreeklik is om enige betaling hierkragtens te maak nie, behalwe ten opsigte van enige oorskryding bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

B) Die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van die polis sal andersins van toepassing wees.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Kruis-aanspreeklikhede** | ## 14. Kruisaanspreeklikhede<br>A) Waar meer as een versekerde in die skedule vermeld word:<br>a) stel ons elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos; en<br>b) enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik.<br>B) Ons totale aanspreeklikheid sal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die skedule vermeld word, beloop. |
| **Passasiers-aanspreeklikheid**<br>Kategorie A voertuie | ## 15. Passasiersaanspreeklikheid - slegs kategorie A voertuie<br>A) Vrywaring onder MC1.3.3 Aanspreeklikheid teenoor derde partye is uitgebrei om jou te dek vir enige bedrag wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal as gevolg van dood of besering aan enige persoon wat in of op die voertuig vervoer word of terwyl hy / sy in of op die versekerde voertuig of daaruit klim.<br>B) Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op voertuie omskryf onder Voertuigkategorie A (sedan en LAV).<br>C) Die skadeloosstellingsperk is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Prinsipale** | ## 16. Prinsipale<br>Nieteenstaande Algemene uitsluiting 3. Kontraktuele aanspreeklikheid, is aanspreeklikhied onder MC1.3.3 Aanspreeklikheid teenoor derde partye uitgebrei om, in die mate wat dit deur voorwaardes van enige kontrak van die Bou-Industrieë-Federasie van Suid-Afrika vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van sodanige kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak wat deur jou aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid, skadeloos te stel, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid beperk word tot die bedrag genoteer in die skedule. |
| **Ongemagtigde passasiers** | ## 17. Ongemagtigde passasiersaanspreeklikheid<br>A) Nieteenstaande Uitsluiting MC1.7.10 Kategorie B, C, D of E voertuie, is die skadeloosstelling onder MC1.3.3 Aanspreeklikheid teenoor derde partye uitgebrei om enige bedrag te dek waarvoor jy regtens aanspreeklik mag raak as gevolg van die dood van of liggaamlike besering aan persone terwyl hulle in die voertuig vervoer word, of terwyl sodanige persoon in/op die voertuig of daaruit/daaraf klim, in weerwil van jou instruksies aan jou bestuurder dat geen passasiers vervoer mag word nie.<br>B) Die skadeloosstellingsperk is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B. |
| **Afstanddoening van subrogasieregte** | ## 18. Afstanddoening van subrogasieregte<br>A) Vir die doelwitte van die Motor Afdeling:<br>a) doen ons afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat ons mag hê of wat ons mag verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is; en<br>b) elke sodanige persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer of daaraan onderworpe wees namate dit van toepassing mag wees. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MC1.5

# MOTOR OPSIONELE UITBREIDINGS

Jy sal slegs op hierdie opsionele uitbreidings geregtig wees indien dit in die skedule genoteer is, en waarvoor addisionele premie betaal is.

**Slegs beskikbaar aan dekkingstipe OMVATTEND**

**Krediettekort**

## 1. Krediettekort

A) Indien enige skikking ten opsigte van 'n algehele verlies ingevolge MC1.3.2 Materiële verlies of skade minder is as die bedrag wat aan die finansierder verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal ons jou 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus:

a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstalige bedrae;
b) alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorvoertuig verband hou;
c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen kapitale reswaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word;
d) enige aflosboetes;
e) die bybetaling.

B) Dekking is onderhewig ten alle tye daaraan dat:

a) die bedrae betaalbaar hoogstens die maksimum skadeloosstelling minus die bybetaling beloop;
b) die endossement nie van toepassing is op enige ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaarde bedrag na die oorspronklike paaiement, met meer as 10% (tien persent) van enige ander paaiement verskil nie;
c) indien sodanige tekort die resultaat van 'n hervoorskot ingevolge 'n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge 'n bruikhuurooreenkoms is, sal die versekering ingevolge hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

**Uitgebreide bande-dekking**

## 2. Uitgebreide bandedekking – slegs trekkers en stropers gebruik vir boerdery

Hierdie dekking is slegs onder ons Boerdery polis beskikbaar. Indien jy verdere inligting in hierdie verband benodig, kontak asseblief jou makelaar.

**Parkeerfasiliteite**

## 3. Parkeerfasiliteite en verskuiwing van derde partye se voertuie

A) Hierdie afdeling word uitgebrei om jou skadeloos te stel ten opsigte van ongelukke wat veroorsaak word of deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige voertuig (wat nie aan jou behoort of aan jou geleen, gehuur of gebruikhuur word nie), deur enige persoon in jou diens of wat namens jou optree, altyd, met dien verstande dat sodanige voertuig geskuif is:

a) met die magtiging van enige van jou huurders, klante of besoekers; of
b) in verband met jou parkeerreëlings; of
c) om die uitvoering van jou besigheid te bewerkstellig.

B) Hierdie uitbreiding is nie van toepassing op voertuie wat teen vergoeding geparkeer is nie.

C) Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding sal sodanige voertuig (en die inhoud daarvan), nie geag deur jou in trust gehou te word of in jou bewaring of onder jou beheer te wees nie.

**Wrakverwydering**
Uitgebreide dekking

## 4. Wrakverwydering (uitgebreide dekking)

Indien geselekteer, vervang hierdie opsionele uitbreiding MC1.4.8 Wrakverwydering.

A) Die dekking is uitgebrei om kostes en uitgawes deur jou aangegaan, bykomend tot die normale insleepkostes, ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige voertuig verseker onder Kategorie A, B, C of E na skade aan sodanige voertuig deur 'n versekerde gebeurtenis, in te sluit.

B) Ons aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding is beperk tot die bedrag genoteer in die skedule per voorval.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Beskikbaar vir dekkings tipes OMVATTEND en DERDE PARTY, BRAND & DIEFSTAL

### Motorhuur

### 5. Motorhuur - slegs Kategorie A voertuie

A) Indien die versekerde voertuig na verlies of skade veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis nie bestuur kan word nie, of terywl die versekerde voertuig na 'n diefstal nie teruggevind is nie, sal ons vir jou 'n gehuurde motor beskikbaar stel volgens die gekose opsie in die skedule genoteer.

B) Die voordeel sluit die volgende in:
   a) 'n gehuurde motor volgens die opsie in die skedule genoteer. (Die tipe voertuig verskaf is onderhewig aan beskikbaarheid):
      1. Opsie A: Sedans (bv Ford Fiesta, VW Polo TSI, Toyota Corolla Quest of soortgelyk);
      2. Opsie B: Sedans Platinum (bv Toyota Corolla Outo, Audi A3, BMW 320i, Mercedes Benz C-klas, Toyota Fortuner D-4D tof soortgelyk);
      3. Opsie C: LAV (bv Corsa Utility 1.4, Toyota Hilux 1 ton of soortgelyk);
   b) onbeperkte kilometers;
   c) aflewering- en afhaalfooie tot 50 (vyftig) kilometer van die naaste gekontrakteerde motorhuurmaatskappy.

C) Die gehuurde motor sal verskaf word vir 'n periode wat nie die aantal opeenvolgende dae, wat deur jou gekies en in die skedule genoteer is (30, 60 of 90 dae), oorskry nie, en die periode waarvoor die voertuig verskaf word sal eindig op die dag wat:
   a) die versekerde voertuig aan jou terugbesorg word; of
   b) ons ons aanspreeklikheid vir die algehele verlies van die voertuig ontslaan,

   watter ookal eerste plaasvind.

   *(Nota: indien motorhuur geselekteer is sonder dat daar 'n periode in the skedule genoteer is, dan sal 'n voordeel van 30 (dertig) opeenvolgende dae van toepassing wees.)*

D) Ons sal jou slegs volgens hierdie uitbreiding skadeloos stel indien:
   a) jy aan al die bepalings en voorwaardes en addisionele kostes (waarvan toepassing) van die motorhuurmaatskappy voldoen;
   b) jy die versekeringsdekking wat deur die motorhuurmaatskappy aangebied is, uitneem;
   c) jy 'n geldige kredietkaart in jou naam het om die nodige deposito en/of addisionele heffings aan die motorhuurfirma te betaal as jy ontvangs van die gehuurde motor neem.

E) Indien die gehuurde motor gesteel of beskadig is, sal jy onderhewig wees aan die standaard versekerings- en bybetalings bepalings en voorwaardes van die relevante motorhuurmaatskappy. Sou die bybetaling betaalbaar aan die motorhuurmaatskappy hoër wees as die bybetaling wat in terme van hierdie polis van toepassing is, sal ons jou vir die verskil skadeloos stel.

F) Ons sal nie vir die volgende betaal nie:
   a) brandstof en smeermiddels, insluitend enige brandstofdeposito's;
   b) verkeersboetes en enige verwante administrasiefooie;
   c) tolgelde;
   d) aflewerings- en afhaalfooie vir meer as 50 (vyftig) kilometer van die naaste gekontrakteerde motorhuurmaatskappy.

### Afkoop van basiese bybetaling

### 6. Afkoop van die basiese eerste bedrag betaalbaar

Indien geselekteer, vervang hierdie opsionele uitbreiding MC1.4.5 Kwytskelding van die bybetaling indien ouer as 55 jaar.

A) Die basiese eerste bedrag betaalbaar vir iedere en elke eis ten opsigte van voertuie soos omskryf in Voertuigkategorie A (sedan en LAV), word hiermee geskrap, onderhewig daaraan dat die voertuig in die sorg, toesig en beheer van 'n persoon is wat 25 (vyf-en-twintig) jaar of ouer is.

B) Hierdie dekking sluit Uibreiding MC1.4.1 Verlies van sleutels en MC1.4.6 Windskerm / glas in.

## Beskikbaar aan ALLE dekkingstipes

### Passasiers-aanspreeklikheid
Uitgebreide dekking

### 7. Passasiersaanspreeklikheid (uitgebreide dekking)

A) Nieteenstaande die voorsienings van Uitsluiting MC1.7.10 Kategorie B, C, D of E voertuie, indien hierdie uitbreiding geselekteer en in die skedule genoteer is, sal die dekking voorsien in terme van Uitbreiding MC1.4.13 Passasiersaanspreeklikheid verder uitgebrei word om enige bedrag wat jy regtens aanspreeklik raak om te betaal as gevolg van die dood van of ligaamlike besering aan enige persoon wat in / op die volgende voertuig vervoer word of enige persoon wat in die volgende voertuig in / daarop of daaruit / daarvan afklim, in te sluit:
   a) 'n kategorie B, D of E voertuig.

B) Die skadeloosstellingsperk is beperk tot die bedrag genoteer in <u>Aanhangsel B</u>.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MC1.6

# MOTOR KLOUSULES, VOORWAARDES EN WAARBORGE

Hierdie spesifieke voorwaardes is van toepassing op alle tipes dekking onder hierdie afdeling. (Hulle geld ook tov enige persoon wat die voertuig met jou toestemming bestuur).

**Gebruik van voertuig**

## 1. Beskrywing van gebruik van voertuig

A) Wanneer jy jou voertuig verseker, kies jy die beskrywing van gebruik van jou voertuig. Jy mag die voertuig slegs gebruik vir die beskrywing wat jy gekies het. Indien die beskrywing van die gebruik van jou voertuig verander, moet jy ons onmiddellik inlig.

Ons dek die volgende 3 (drie) beskrywings van gebruik, naamlik:

a) *Privaat:*
Die voertuig word gebruik vir sosiale-, huishoudelike- ontspanningsdoeleindes, asook pendel na en van jou werksplek.

b) *Besigheid:*
Die voertuig word gebruik vir sake- en beroepsdoeleindes. Die voertuig mag ook vir sosiale-, huishoudelike- ontspanningsdoeleindes, asook pendel na en van jou werksplek, gebruik word.

B) Ons dek nie die volgende gebruikstipes nie:

a) verhuring;
b) vervoer van passasiers teen vergoeding of die vervoer van reisgeld betalende passasiers;
c) wedrenne of spoedtoetse;
d) tydrenne of kompetisies;
e) vervoer van plofstowwe, gevaarlike materiale, of materiale wat toestemming of permitte van owerhede vereis.

**Bestuurderslisensie**

## 2. Bestuurderslisensie of leerlingisensie

A) In geval van 'n eis, moet jy bewys kan lewer dat die bestuurder ten tyde van die voorval in besit was van òf 'n geldige bestuurderslisensie òf 'n geldige leerlinglisensie.

B) Indien die bestuurder in besit van 'n leerlinglisensie is, moet hulle deur 'n gelisensieerde bestuurder vergesel wees.

C) Jy moet ons onmiddellik skriftelik in kennis stel indien jy van enige van die volgende bewus raak:

a) as jou bestuurderslisensie ge-endosseer, opgeskort of gekanselleer is;
b) jy skuldig bevind is aan, of daar voorneme is om jou te vervolg vir:
   1. bestuur onder die invloed van sterk drank of dwelmmiddels;
   2. roekelose en nalatige of onbehoorlike bestuur; of
   3. enige oortreding wat verband hou met die bestuur van 'n motorvoertuig;
c) jy 'n alkoholiese blaastoets gedruip het.

**Noodherstel**

## 3. Noodherstel

A) Jy mag, sonder ons toestemming, instruksies gee om noodherstelwerk aan die voertuig te laat doen, mits:

a) jy dekking in terme van die polis het; en
b) die herstelkoste nie die bedrag genoteer in Aanhangsel B oorksry nie; en
a) 'n gedetailleerde beraming vooraf aangevra en binne 5 (vyf) werksdae aan ons voorsien is.

**Geslote motorhuis / hekke**

## 4. Geslote motorhuis/hekke waarborg (indien genoteer as ingesluit)

A) Verlies of skade deur diefstal is uitgesluit, tensy die voertuig oornag in 'n geslote motorhuis of agter geslote hekke by jou woning gehou word.

B) Indien die voertuig slegs agter geslote hekke is, word diefstal van 'n gedeelte van die voertuig of sy toebehore uitgesluit, tensy die hele voertuig gesteel is.

**Geen-eis korting**

## 5. Geen-eis korting

A) Indien 'n betaling ten opsigte van 'n eis op 'n voertuig genoteer in die skedule gemaak is en waarvoor 'n geen-eis korting toegepas is, sal die betrokke korting vanaf die vergoedingsdatum aangepas word.

B) Enige toepaslike geen-eis korting sal na ieder en elke eis aangepas word.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Beperkte bestuur** | **6. Beperkte bestuur (indien genoteer as ingesluit)**<br>Dekking is beperk tot jou prinsipale en lede van hulle gesin, tensy andersins skriftelik deur ons ooreengekom. |
| **Padwaardigheid** | **7. Padwaardigheid**<br>Jy moet alle redelike maatreëls neem om jou voertuig voldoende te beskerm en te onderhou. Jy moet ook verseker dat jou voertuig ten alle tye padwaardig is. |
| **Satelietopsporing** | **8. Satelietopsporings waarborg (indien genoteer as ingesluit)**<br>A) Verlies of skade deur diefstal is uitgesluit, tensy die voertuig met 'n 'vroeë waarskuwing' satelietopsporingstoestel toegerus is. Satelietopsporingstoestelle sonder 'vroeë waarskuwing' funksionaliteit is aanvaarbaar, indien die betrokke voertuig voor 1 April 2018 by ons verseker was en die eenheid op daardie stadium reeds geïnstalleer was, en in volle werkende toestand ten tyde van verlies is.<br>B) Dit word verder gewaarborg dat:<br>a) jy 'n inskrywingskontrak met jou diensverskaffer rakende enige voertuigopsporings-toestel sal onderhou;<br>b) jy bewys sal lewer dat die kontrak aktief was ten tyde van kaping of diefstal.<br>C) Indien daar gevind word dat die kontrak gekanselleer / onaktief was ten tyde van die diefstal of kaping, sal daar geen dekking wees nie.<br>D) Indien jou voertuig met 'n satelietopsporingstelsel toegerus is en 'n gebeurtenis vind plaas:<br>a) onderneem jy om ons met toegang tot en kopieë van enige satelietopsporingsrekords wat in verband met die voertuig beskikbaar is so spoedig moontlik na die gebeurtenis te voorsien;<br>b) gee jy hiermee toestemming aan ons / ons genomineerde agente om toegang te verkry tot en alle inligting te bekom van enige satelietopsoringsmaatskappy wat met die voertuig verband mag hou. In hierdie verband verteenwoordig hierdie mandaat 'n onherroeplike mandaat, ten einde ons en / of ons genomineerde agente (wie namens ons as ons gevolmagtigde agent optree) instaat te stel om sodanige rekords direk van die satelietopsporingsmaatskappy te bekom. |
| **Onderdele** | **9. Onderdele**<br>A) Ons aanspreeklikheid ten opsigte van enige onderdele of toebehore wat benodig word vir die herstel van voertuie:<br>a) wat nie in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar is nie;<br>b) of wat in onbruik geraak het;<br>is beperk tot die waarde van die onderdele soos vermeld in die vervaardiger of verspreider se laaste pryslys.<br>B) Ons behou die reg voor om onder die omstandighede 'n kontantskikking te maak. |
| **Insleep ná 'n ongeluk** | **10. Insleep ná 'n ongeluk – Kategorie A voertuie**<br>A) Insleepdienste vir Kategorie A voertuie (sedan en LAV) ná 'n ongeluk, moet deur ons amptelike Safire Assist inbelsentrum, 0861 723 473 (0861 SAFIRE) gereël word. Indien jy nie 'n poging aanwend om die inbelsentrum te kontak nie, sal vergoeding vir insleep- en bergingskostes beperk word tot die bedrag genoteer in <u>Aanhangsel B</u>. Hierdie sal nie geld indien die inbelsentrum nie instaat is om jou by te staan nie.<br>B) Hierdie insleepdienste is beskikbaar vir ongelukke wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho en eSwartini (voorheen Swaziland). |
| **Insleep buite RSA** | **11. Insleep buite die Republiek van Suid-Afrika**<br>A) In die geval van enige voorval wat lei tot 'n eis terwyl die voertuig in Botswana, Malawi, Mosambiek, Namibië of Zimbabwe is, word insleepkoste tot die naaste goedgekeurde hersteller beperk tot die bedrag genoteer in <u>Aanhangsel B</u>.<br>B) Alvorens die voertuig suksesvol na die naaste goedgekeurde hersteller gesleep is, sal ons geen aanspreeklikheid erken of enige betaling in terme van die polis maak nie. |
| **Ongemagtigde gebruik** | **12. Ongemagtigde gebruik van jou voertuig**<br>A) Indien enige persoon jou voertuig sonder jou kennis of toestemming gebruik, moet jy dit by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanmeld en 'n kriminele klag, binne 48 (agt-en-veertig) uur nadat jy van die ongemagtigde gebruik bewus raak, teen die persoon aanhangig maak.<br>B) Jy mag nie die klag terugtrek nie, selfs al word die voertuig later aan jou terugbesorg, tensy jy die eis terugtrek. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MC1.7

## MOTOR UITSLUITINGS

Jy is nie vir die volgende gedek nie.

| Spesifieke uitsluitings van toepassing op ALLE EISE onder hierdie afdeling | |
|---|---|
| **Dra-kapasiteit** | **1. Dra-kapasiteit**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies of aanspreeklikheid terwyl die voertuig:<br>a) meer passasiers vervoer as waarvoor die voertuig gelisensieer of ontwerp is;<br>b) enige vrag vervoer wat die dravermoë waarvoor die voertuig gelisensieer of ontwerp is, oorskry. |
| **Beskrywing van gebruik** | **2. Beskrywing van gebruik**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies of aanspreeklikheid terwyl die voertuig met jou medewete en toestemming gebruik word vir enige ander doel as genoteer in die beskrywing van gebruik klousule nie. |
| **Bestuurslisensie** | **3. Bestuurslisensie**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies of aanspreeklikheid terwyl die voertuig deur jou of enige ander persoon bestuur word terwyl jy of hy / sy nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie, met dien verstande dat:<br>a) enige bestuurder as gelisensieerd geag sal wees as hy / sy voldoen aan die lisensiewette van enige van die grondgebiede waarna in Uitsluiting MC1.7.6 Gebiedsbeperkings verwys word; of<br>b) indien nie-voldoening voortspruit bloot vanweë die versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing; of<br>c) indien 'n lisensie nie vereis word nie; of<br>d) terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking to leerlingbestuurders.<br>A) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing as jy nie bewus was dat die bestuurder ongelisensieerd was nie en as jy kan bewys dat, in die normale loop van sake, prosedures in plek is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur. |
| **Bedwelmende drank of dwelms** | **4. Bedwelmende drank of verdowingsmiddels**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:<br>a) jou terwyl jy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy toegedien of voorgeskryf deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep); of<br>b) enige ander persoon met jou toestemming en wie met jou medewete onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy toegedien of voorgeskryf deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep). |
| **Motorhandel uitsluiting** | **5. Motorhandel uitsluiting**<br>A) Ons dek nie die voertuig terwyl dit onder die beheer of bewaring van 'n lid van die motorhandelbedryf is vir enige doel nie. Dit sluit die doel om die voertuig te verkoop of te bemark, in.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing as die voertuig onder die beheer of bewaring van 'n lid van die motorhandelbedryf vir die spesifieke doel om dit te versien, instand te hou of te herstel, nie. |
| **Gebiedsperke** | **6. Gebiedsbeperkings**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid opgedoen buite the Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, eSwatini en Zimbabwe.<br>B) Ons sal jou egter skadeloos stel teen verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is op see of per lug tussen hawens of plekke in hierdie grondgebiede, insluitend die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Spesifieke uitsluitings slegs van toepassing op eise vir MATERIëLE VERLIES OF SKADE

| | |
|---|---|
| **Oop / sagte kap** | **7. Oop of afslaankap voertuie**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir verlies van of skade aan 'n oop of afslaankap voertuig veroorsaak deur diefstal, tensy:<br>a) die voertuig met 'n goedgekeurde anti-diefstal immobiliseringstoestel en / of opsporings-toestel toegerus is; of<br>b) die voertuig uit 'n geslote motorhuis / gebou gesteel is. |
| **Vere of skokbrekers** | **8. Vere of skokbrekers**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir skade aan veerstelsels of skokbrekers veroorsaak deur impak met padoppervlakongelykhede of ander oppervlaktes (insluitend slaggate en spoedhobbels) nie. |
| **Bande** | **9. Bande**<br>A) Ons sal nie aanspreeklik wees vir skade aan buitebande deur die gebruik van remme, of lekkasies, snye of barste veroorsaak deur die padoppervlak nie.<br>B) Ons sal nie aanspreeklik wees vir die vervanging van enige onbeskadigde bande of vellings nie, tensy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak is in terme van MC1.5.2 Uitgebreide bande dekking. |

## Spesifieke uitsluitings slegs van toepassing op eise vir AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE

| | |
|---|---|
| **Kategorie B, C, D of E voertuie** | **10. Kategorie B, C, D of E voertuie**<br>A) Ons sal nie onder MC1.3.3 Aanspreeklikheid teenoor derde partye, aanspreeklik wees vir dood of liggaamlike besering aan enige persoon wat in of op 'n voertuig beskryf in Kategorie B, C, D of E vervoer word of daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan nie.<br>B) Hierdie uitsluiting is nie van toepassing in geval van dood van of besering aan enige persoon wat in of op 'n permanente, toe passasierskajuit van 'n Kategorie B voertuig met 'n drakapasiteit van minder as 1 500 (eenduisendvyfhonderd) kilogram vervoer word, of terwyl die passasier daarin of daaruit klim nie. |
| **Verpligte dekking** | **11. Verpligte motorvoertuigversekering**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige bedrag of eis wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val nie, nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie. |
| **Demonstrasie van gereedskap** | **12. Demonstrasie van gereedskap of toerusting**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes as die instandhouding of herstel van 'n voertuig) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enige-iets vervaardig deur of gehou in enige sodanige gereedskap of toerusting. |
| **Oop / sagte kap** | **13. Oop of afslaankap voertuie**<br>Ons sal nie aanspreeklik wees vir toevallige liggaamlike besering, insluitend dood of siekte, aan enige passasier in die proses om in 'n afslaankap voertuig in / op of daaruit / daarvan af te klim nie. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANHANGSEL A

# BYBETALINGS

Hierdie polisbybetalingsdokument moet saam met die polisskedule en die polisbewoording gelees word

Tensy spesifiek andersins in die polisskedule vermeld word, sal die volgende bybetalings van toepassing wees.

## NIE-MOTOR BYBETALINGS

| Algemeen | |
|---|---|
| 1. Enige eis ontvang binne 3 (drie) maande vanaf aanvang van die polis indien geen vorige versekering in plek was nie | *addisionele R500* |
| 2. Bybetalings van toepassing op weerlig (tensy andersins vermeld)<br>a) weerlig skade aan eiendom wat nie deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerlig-beskermingstoestel beskerm is nie<br>b) weerlig skade aan eiendom wat deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerlig-beskermingstoestel beskerm is | *a) 15% van bruto eis, minimum R750 tot 'n maksimum van R25 000*<br>*b) 10% van bruto eis, minimum R500 tot 'n maksimum van R25 000* |
| 3. Bybetaling van toepassing op kragstuwing (tensy andersins vermeld)<br>a) kragstuwing skade aan eiendom wat nie deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerlig-beskermingstoestel beskerm is nie<br>b) kragtstuwing skade aan eiendom wat deur 'n SABS of ander goedgekeurde weerlig-beskermingstoestel beskerm is | *a) 15% van bruto eis, minimum R1 000 tot 'n maksimum van R25 000*<br>*b) 10% van bruto eis, minimum R1 000 tot 'n maksimum van R25 000* |
| 4. Bybetaling – Vaal- en Oranje (Gariep) riviere:<br>Alle vloedskade as gevolg van oorstroming van die Vaal- en Oranjeriviere se rivieroewers | *25% van eis* |

## PERSOONLIKE AFDELINGS

| Afdeling D01: Huiseienaars | |
|---|---|
| 1. Ieder en elke eis, behalwe gebarste geisers, watertenks, -pype of -apparaat | *R1 000* |
| 2. Gebarste geisers, watertenks, -pype of -apparaat | *R1 000 per eis* |
| 3. Verlies van of skade aan sonpanele | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 4. Gebou wat vir meer as 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon is | *R1 500 per eis* |
| 5. Insakking, opwelling of grondverskuiwing | *5% van versekerde waarde, minimum R5 000, maksimum R25 000* |
| 6. Toevallige skade aan geboue | *R1 000 per eis* |
| 7. Weerlig / kragstuwing | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 8. Strand-, naweek-, vakansiehuis, of enige soortgelyke woning wat gereeld onbewoon is | *R1 500 per eis* |
| 9. Strand-, naweek-, vakansiehuis, of enige soortgelyke woning wat gereeld onbewoon is: Gevolglike skade aan versekerde eiendom voortspuitend uit die bars of oorloop van geisers, watertanks, -apparaat, -pype of toerusting | *R5 000 per eis* |
| Nota: Die bybetalings is nie kumulatief nie | |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling D02: Huisbewoners

| | |
|---|---|
| 1. Ieder en elke eis (behalwe kolhou en perfekte agt) | *R1 000* |
| 2. Insakking, opwelling of grondverskuiwing | *5% van versekerde waarde, minimum R5 000* |
| 3. Meganiese / elektriese onklaarraking | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 4. Weerlig / kragstuwing | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 5. Strand-, naweek-, vakansiehuis, of enige soortgelyke woning wat gereeld onbewoon is | *R1 000 per eis* |
| 6. Strand-, naweek-, vakansiehuis, of enige soortgelyke woning wat gereeld onbewoon is: Gevolglike skade aan versekerde eiendom voortspuitend uit die bars of oorloop van geisers, watertanks, -apparaat, -pype of toerusting | *R5 000 per eis* |
| 7. Diefstal of poging tot diefstal van juweliersware en horlosies:<br>a) nie gedra en nie in 'n kluis toegesluit ten tyde van die verlies nie<br>b) gedra of in kluis toegesluit ten tyde van die verlies | <br>*a) 25% van bruto eis*<br>*b) R1 000 per eis* |
| Nota: Die bybetalings is nie kumulatief nie | |

## Afdeling D03: Persoonlike alle risiko's

| | |
|---|---|
| 1. Versekerde gebeurtenisse (van toepassing op ongespesifiseerde items) | *R500 per eis* |
| 2. Gehoortoestelle | *25% van bruto eis* |
| 3. Voorskrif brille en voorskrif sonbrille | *10% van bruto eis, minimum R500 per noteerde item* |
| 4. Trapfietse | *10% van bruto eis, minimum R500 per noteerde item* |
| 5. a) Verlies van of skade aan juweliersware en horlosies terwyl nie in 'n kluis toegesluit nie<br>b) Verlies van of skade aan juweliersware en horlosies terwyl in 'n kluis toegesluit | *a)10% van bruto eis, minimum R500 per noteerde item*<br>*b)R500 per eis* |
| 6. Voertuig klanktoerusting (nie-fabriek installasie) | *10% van bruto eis, minimum R1 000 per noteerde item* |
| 7. Diefstal uit onbewaakte voertuie | *10% van bruto eis, minimum R1 000 per noteerde item* |
| 8. Weerlig / kragstuwing | *10% van bruto eis, minimum R500 per noteerde item* |

## Afdeling D06: Watervaartuig

| | |
|---|---|
| 1. Bote, jet skis en motors (minder as 10 jaar oud) | *5% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 2. Bote, jet skis en motors (10 jaar en ouer) | *10% van bruto eis, minimum R2 000* |
| 3. Diefstal of poging daartoe van bote, jet skis en motors | *10% van bruto eis, minimum R2 000* |
| 4. Klerasie en persoonlike besittings | *5% van bruto eis, minimum R500* |
| 5. Hengeltoerusting | *5% van bruto eis, minimum R500* |
| 6. Elektroniese toerusting | *20% van bruto eis, minimum R500* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# KOMMERSIËLE AFDELINGS

## Afdeling C01: Brand

| | |
|---|---|
| 1. Ieder en elke eis | *R1 000* |
| 2. Gebarste geisers, watertenks of waterhouers | *10% van die bruto eis, minimum R1 000* |
| 3. Grondverskuiwing, insakking en opwelling | *1% van die versekerde waarde, minimum R5 000* |
| 4. Radio sub-stasies | *10% van die bruto eis, minimum R5 000 per item* |
| 5. Tonnelstrukture met plastiek bedekking | *20% van die bruto eis, minimum R5 000 per item* |

Nota: Die bybetalings is nie kumulatief nie

## Afdeling C02: Geboue omvattend

| | |
|---|---|
| 1. Ieder en elke eis<br>a) bewoonde geboue<br>b) onbewoonde geboue (onbewoon vir meer as 48 uur) | <br>*a) R1 000*<br>*b) R2 000* |
| 2. Grondverskuiwing, insakking en opwelling | *5% van versekerde waarde, minimum R5 000* |
| 3. Gebarste watertenks, pype of water apparaat | *10% van bruto eis, minimum R1 000*<br>*die minimum is verhoog na R5 000 indien vir meer as 48 uur onbewoon* |

Nota: Die bybetalings is nie kumulatief nie

## Afdeling C03: Kantoorinhoud

| | |
|---|---|
| 1. Diefstal | *R1 000 ieder en elke verlies* |
| 2. Slotte en sleutels | *R500 ieder en elke verlies* |

## Afdeling C04: Sake-onderbreking

Geen van toepassing, tensy anders vermeld in daardie afdeling van die skedule

## Afdeling C05: Rekeninge ontvangbaar

| | |
|---|---|
| Magnetiese skade of uitwissing (onderhewig aan die Duplikaatrekords klousule) | *R500 ieder en elke verlies* |

## Afdeling C06: Diefstal

| | |
|---|---|
| Ieder en elke eis | *R1 000* |

## Afdeling C07: Geld

| | |
|---|---|
| 1. Slotte en sleutels | *R500* |
| 2. Diefstal van tjeks | *25% van die verlies* |
| 3. Oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer | *a) 2% van die versekerde waarde plus*<br>*b) 'n verdere 10% van die netto bedrag betaalbaar na die aftekking van die 2% vermeld in a)* |

## Afdeling C08: Glas

| | |
|---|---|
| Ieder en elke eis | *R1 000* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling C09: Eerlikheidswaarborg

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Ieder en elke gebeurtenis | a) 2% van die versekerde waarde plus<br>b) 'n verdere 10% van die netto bedrag betaalbaar na die aftekking van die 2% vermeld in a) |
| 2. | Rekenaarverliese<br>Die persentasie in b) hierbo van die verpligte bybetaling klousule word soos volg verhoog as die gebeurtenis ontstaan uit die oneerlike manipulasie van, inset tot, onderdrukking van inset tot, vernietiging van, alterasie van enige nie-netwerk persoonlike rekenaarprogram, stelsel, data of sagteware deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, oorsig, ontwerp, skep of alterasie van rekenaarprogramme of stelsels is | b) van 10% tot 20% van die netto bedrag betaalbaar na die aftekking van die 2% vermeld in a |
| 3. | Bybetaling vir verliese wat ontdek word meer as 12 (twaalf) maande nadat hulle gepleeg is of die eerste gebeurtenis in 'n reeks gebeurtenisse gepleeg deur een persoon of aantal persone in sameswering dan sal die persentasies in 1. hierbo soos volg verhoog word:<br>a) Indien verliese meer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, ontdek word, maar nie meer as 24 (vier-en-twintig) maande daarna nie<br>b) Indien die polis uitgebrei is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word meer as 24 (vier-en-twintig) maande nadat dit gepleeg is, maar nie meer as 36 (ses-en-dertig) maande daarna nie | 1.a) van 2% na 4%<br>1.b) van 10% na 15%<br>2. van 20% na 30%<br>1.a) van 2% na 5%<br>1.b) van 10% na 20%<br>2. van 20% na to 35% |
| 4. | Indien enige gebeurtenis ontdek word meer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, sal die persentasie in 1. hierbo soos volg verhoog word: (van toepassing op Uitbreiding 10.4.3) | a) 3% van die versekerde waarde plus<br>b) n verdere 12.5% van die netto bedrag betaalbaar na die aftekking van die 3% vermeld in a) |

Nota: 3. en 4. hierbo desnieteenstaande, mag jy kies om slegs vir daardie gedeelte van **die verlies tee is wat in 'n korter periode ontdek is, en in daardie geval sal die** bybetaling van die ooreenstemmende korter periode van toepassing wees.

## Afdeling C10: Goedere in transito

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Ieder en elke eis (buiten kaping en / of diefstal) | 5% van bruto eis, minimum R500 |
| 2. | Eise wat voortspruit uit kaping en / of diefstal | 20% van bruto eis, minimum R2 000 |

Nota: die bybetaling onder 1. is nie van toepassing op eise wat veroorsaak is deur brand, weerlig of ontploffing nie

## Afdeling C11: **Sake alle risiko's**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Ieder en elke eis (buiten items wat spesifiek hieronder gelys is) | R1 000 per item |
| 2. | Kragopwekkers | 10% van bruto eis,<br>minimum R500 per spesifiseerde item |
| 3. | Sellulêre telefone / iPods / tablette | 10% van bruto eis,<br>minimum R500 per spesifiseerde item |
| 4. | Tweerigting radio's / basis stasis | 10% van bruto eis,<br>minimum R500 per spesifiseerde item |
| 5. | Skootrekenaars | 10% van bruto eis,<br>minimum R1 000 per spesifiseerde item |
| 6. | Gereedskap en toerusting | 10% van bruto eis,<br>minimum R500 per spesifiseerde item |
| 7. | Pompe en & motore | 10% van bruto eis,<br>minimum R500 per spesifiseerde item |
| 8. | Trapfietse | 10% van bruto eis,<br>minimum R1 000 spesifiseerde item |
| 9. | Diefstal uit onbewaakte voertuie | 10% van bruto eis,<br>minimum R1 000 spesifiseerde item |

## Afdeling C12: Toevallige skade

| | |
|---|---|
| Ieder en elke eis | 10% van bruto eis, minimum R1 000 |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling C13: Elektroniese toerusting

| | |
|---|---|
| 1. Ieder en elke eis (buiten rekenaartoerusting, skootrekenaars, tablette, sellulêre telefone en GPS) | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 2. Ieder en elke eis met betrekking tot rekenaar toerusting:<br>a) minder as 3 (drie) jaar vanaf die vervaardiger se waarborg begindatum<br>b) meer as 3 (drie) maar minder as 5 (vyf) jaar vanaf die vervaardiger se waarborg begindatum<br>c) meer as 5 (vyf) jaar vanaf die vervaardiger se waarborg begindatum | *a) 10% van bruto eis, minimum R1 000 per item*<br>*b) 20% van bruto eis, minimum R1 000 per item*<br>*c) 30% van bruto eis, minimum R1 000 per item* |
| 3. Ieder en elke eis met betrekking tot skootrekenaars | *10% van bruto eis, minimum R1 000 per spesifiseerde item* |
| 4. Ieder en elke eis met betrekking tot tablette, sellulêre telefone en GPS | *10% van bruto eis, minimum R500 per spesifiseerde item* |
| 5. Kragstuwing of weerlig (buiten skootrekenaars, tablette, sellulêre telefone en GPS)<br>(Hierdie sal nie van toepassing wees indien die eiendom voldoende deur toepaslike voorkoming teen fluktuasies in die elektriese voorsiening beskerm is nie) | *addisionele 10% van die bruto eis, minimum R1 000* |
| 6. Diefstal uit onbewaakte voertuie | *10% van bruto eis, minimum R1 000 spesifiseerde item* |

## Afdeling C14: Masjinerie onklaarraking

| | |
|---|---|
| Ieder en elke eis | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |

## Afdeling C15: Masjinerie onklaarraking (verlies aan wins)

| | |
|---|---|
| Tyd bybetaling | *daar sal geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling wees tensy die onderbreking van jou besigheid 24 uur oorskry nie* |

## Afdeling C16: Aangegewe voordele

Geen van toepassing, tensy andersins vermeld in daardie afdeling van die skedule

## Afdeling C17: Groep persoonlike ongevalle

Geen van toepassing, tensy andersins vermeld in daardie afdeling van die skedule

# AANSPREEKLIKHEID BYBETALINGS

## Afdeling LD01 Persoonlike aanspreeklikheid

Geen van toepassing, tensy andersins vermeld in daardie afdeling van die skedule

## Afdeling LC01: Gemeenregtelike aanspreeklikheid

| | |
|---|---|
| 1. Gastehuis aanspreeklikheid – ieder en elke eis | *R1 000* |
| 2. Produkaanspreeklikheid – defektiewe vakmanskap | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 3. Verspreiding van brand | *10% van bruto eis, minimum R1 000 en maksimum R25 000* |
| 4. Werk weg | *10% van bruto eis, minimum R1 000* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MOTOR BYBETALINGS

| Kategorie A: Sedans / LAVe | |
|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar (beskrywing van gebruik - privaat of boerdery):<br>a) bruto eis minder as R200 000<br>b) bruto eis meer as R200 000 | <br><br>*a) R3 850 per eis*<br>*b) 2.5% van bruto eis* |
| 2. Basiese eerste bedrag betaalbaar (beskrywing van gebruik – besigheid):<br>a) bruto eis minder as R200 000<br>b) bruto eis meer as R200 000 | <br>*a) R3 850 per eis*<br>*b) 5% van bruto eis* |
| 3. Windskerm en / of vensterglasvervanging | *25% van bruto eis* |
| 4. Windskermherstel | *nul* |

| Kategorie B: Kommersiële voertuie | |
|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar:<br>a) versekerde waarde minder as R250 000<br>b) versekerde waarde bo R250 000<br>c) versekerde waarde bo R500 000<br>a) versekerde waarde bo R800 000 | <br>*a) 5% van bruto eis, minimum R3 850*<br>*b) 5% van bruto eis, minimum R4 500*<br>*c) 5% van bruto eis, minimum R5 000*<br>*d) 10% van bruto eis, minimum R5 000* |
| 2. Windskerm en / of venster-glasvervanging | *25% van bruto eis* |
| 3. Windskermherstel | *nul* |

| Kategorie C: Spesiale tipes | |
|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar:<br>a) versekerde waarde minder as R800 000<br>b) versekerde waarde bo R800 000 | <br>*a) 5% van bruto eis, minimum R2 000*<br>*b) 10% van bruto eis, minimum R2 000* |
| 2. Addisionele bybetaling van toepassing op omkering | *addisionele 5% van bruto eis, minimum R2 000* |
| 3. Windskerm en / of venster-glasvervanging | *25% van bruto eis* |
| 4. Windskermherstel | *nul* |

| Kategorie D: Motorfietse | |
|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar | *5% van bruto eis, minimum R1 000* |
| 2. Vierwiel motorfietse | *5% van bruto eis, minimum R1 500* |

| Kategorie E: Sleepwaens, karavane en implemente | |
|---|---|
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar | *5% van bruto eis, minimum R1 500* |
| 2. Windskerm en / of venster-glasvervanging | *25% van bruto eis* |
| 3. Windskermherstel | *nul* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Motor algemeen

*A) Algemene bybetalings wat kumulatief is, m.a.w. bo-en-behalwe die basiese eerste bedrag betaalbaar hierbo genoteer*

| | |
|---|---|
| 1. Enige eis wat binne 3 (drie) maande van die aanvangs van die polis ontvang is indien geen vorige versekering in plek was nie | *addisionele R500* |
| 2. Wanneer die voertuig bestuur word deur, of in beheer is met die doel om te bestuur deur 'n persoon:<br>a) onder 25 jarige ouderdom of wie 'n bestuurslisensie om sodanige voertuig te bestuur vir minder as 3 (drie) jaar het, of wie 'n leerlinglisensie het<br>b) wie aan 'n oortreding skuldig bevind is en waar die bestuurlisensie vir watter rede ookal gedurende die voorafgaande 3 (drie) jaar ge-endosseer is | <br><br>*a) addisionele R2 000*<br><br>*b) addisionele R1 000* |

*B) Algemene bybetalings wat nie kumulatief is nie en wat die basiese eerste bedrag betaalbaar, vervang*

| | |
|---|---|
| 1. Diefstal of kaping van voertuig (voertuig nie teruggevind nie):<br>a) kategorie B – kommersiële voertuie<br>b) kategorie E – sleepwaens | <br>*a) 10% van bruto eis, minimum R5 000*<br>*c) 10% van bruto eis, minimum R1 500* |
| 2. Diefstal of kaping (voertuig teruggevind) | *basiese bybetaling betaalbaar* |
| 3. Verlies van of skade aan slotte en sleutels | *10% van bruto eis, minimum R500* |
| 4. Enige ander omstandighede | *die bedrag in die skedule genoteer* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANHANGSEL B
# PERKE

Hierdie polis perke dokument moet saam met die polisskedule en polisbewoording gelees word.

Tensy spesifiek andersins vermeld in die polisskedule, sal die volgende perke van toepassing wees.

## NIE-MOTOR PERKE

### Afdeling: Algemeen

#### 1.4 ALGEMENE BEPALINGS EN VOORWAARDES

| | |
|---|---|
| 1.4.7 Eisevoorbereidingskoste | *R30 000 per eis* |

## PERSOONLIKE AFDELINGS

### Afdeling D01: Huiseienaars

#### D1.5 HUISEIENAARS UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D1.5.2 Toevallige skade aan geboue | *R10 000 per eis* |
| D1.5.3 Toevallige skade aan tuine | *R10 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| D1.5.5 Kapitaaltoevoegings | *'n maksimum van 15% van die versekerde waarde* |
| D1.5.6 Slopingskoste en professionele fooie | *'n maksimum van 20% van die versekerde waarde* |
| D1.5.8 Verlies aan huurgeld | *'n maksimum van 25% van die versekerde waarde* |
| D1.5.9 Verlies van water deur lekkasie | *R5 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| D1.5.10 Ape en bobbejane | *R10 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| D1.5.11 Kragstuwing | *R10 000 per eis* |
| D1.5.12 Beskerming van die gebou teen verdere skade | *R10 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |
| D1.5.13 Verwydering van omgevalle bome | *R5 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| D1.5.15 Rolstoel-vriendelike ombouings | *R20 000 eenmalig* |

### Afdeling D02: Huisbewoners

#### D2.4 HUISBEWONERS DEKKING

| | |
|---|---|
| D2.4.1 I) a) Diefstal van wasgoed, buite-meubels en toerusting | *R15 000 per eis* |
| D2.4.1 I) b) Diefstal van inhoud terwyl vervoer van plek van aankoop | *R10 000 per eis* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# Afdeling D02: Huisbewoners (vervolg)

## D2.5 HUISBEWONERS UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D2.5.2 Toevallige skade aan inhoud | *R10 000 per eis* |
| D2.5.3 Besigheidsgoedere | *R50 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| D2.5.4 Debiet- en kredietkaarte | *R1 000 per eis* |
| D2.5.5 Vergoeding vir dood | *R10 000* |
| D2.5.6 Dokumente | *R10 000 per eis* |
| D2.5.8 Voedsel | *R5 000 per eis* |
| D2.5.9 Kolhou of Perfekte Agt | *R5 000 per eis* |
| D2.5.10 Slotte en sleutels | *R15 000 per eis* |
| D2.5.11 Verlies aan geld | *R10 000 per eis* |
| D2.5.12 Huurgeld | *'n maksimum van 25% van die versekerde waarde* |
| D2.5.13 Mediese uitgawes | *R10 000 per persoon per eis* |
| D2.5.14 Ape en bobbejane | *R10 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| D2.5.15 Kragstuwing | *R10 000 per eis* |
| D2.5.16 Huishoudelike werknemers se eiendom | *R10 000 per eis* |
| D2.5.17 Gaste se eiendom | *R10 000 per eis* |
| D2.5.18 Beskerming van inhoud teen verdere skade | *R10 000 per eis* |
| D2.5.19 Studente behuising | *R20 000 per eis,<br>beperk tot 2 eise in jou 12 maande versekeringstydperk* |
| D2.5.23 Traumadekking | *R5 000 per eis* |
| D2.5.24 Veearts onkostes | *R10 000 per eis* |
| D2.5.25 Rolstoel | *R10 000 eenmalig* |

## D2.6 HUISBEWONERS OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D2.6.1 Meganiese en elektriese onklaarraking | *R25 000 per eis* |

## D2.7 HUISBEWONERS KLOUSULES, VOORWAARDES EN WAARBORGE

| | |
|---|---|
| D2.7.3 Rekenaars en skootrekenaars | *R8 000 per rekenaar<br>R14 000 per skootrekenaar of draagbare rekenaar* |
| D2.7.5 Goud, platinum, silwer en ander waardevolle en versamelbare items | *'n maksimum van 33.3% van die versekerde waarde* |
| D2.7.6 Juweliersware en horlosies | *R5 000 per item in die afwesigheid van 'n waardasiesertifikaat* |

# Afdeling D03: Persoonlike alle risiko's

## D3.3 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S DEKKING

| | |
|---|---|
| D3.3.1 B) Klerasie en persoonlike besittings | *25% van die versekerde waarde of R5 000, watter ook al die laagste is* |

## D3.4 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D3.4.1 Kruideniersware en huishoudelike goedere | *R5 000 per eis* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling D03: Persoonlike alle risiko's (vervolg)

### D3.5 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S OPSIONELE UITBREIDING

| | |
|---|---|
| D3.5.1 Afstandbeheertoestel blokkering | *R10 000 per gespesifiseerde item of die versekerde waarde genoteer in die skedule, watter ookal die laagste is* |

### D3.6 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S VOORWAARDES

| | |
|---|---|
| D3.6.5 Juweliersware en horlosies | *R5 000 per gespesifiseerde item in die afwesigheid van 'n waardasiesertifikaat* |
| D3.6.9 Diefstal uit voertuie | |
| • Diefstal van onspesifiseerde items wat nie in 'n kattebak of ingeslote komparte-ment versteek is nie | *Nul* |
| • Diefstal van spesifiseerde items wat nie in 'n kattebak of ingeslote kompartement versteek is nie | *R5 000 per eis* |

## Afdeling D06: Watervaartuig

### D6.1 WATERVAARTUIG DEFINISIES

| | |
|---|---|
| D6.1 Watervaartuig (sleepwa uitgesluit) | *maksimum versekerde waarde van R1 000 000* |

### D6.5 WATERVAARTUIG UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D6.5.2 Elektroniese toerusting | *R10 000 per eis* |
| D6.5.3 Nood- en herwinningskoste | *50% van die versekerde waarde van die betrokke item* |
| D6.5.4 Hengelgereedskap | *R2 500 per eis* |
| D6.5.5 Aanspreeklikheid teenoor derde partye | *R1 000 000 per gebeurtenis* |
| D6.5.6 Mediese uitgawes | *R15 000 per eis* |
| D6.5.7 Persoonlike ongevalle | *R100 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |
| D6.5.11 Klerasie en persoonlike besittings | *R2 500 per eis, beperk tot R1 000 per enkele artikel of stel (buiten klerasie)* |
| D6.5.12 Seiljagwedvaart risiko | *'n maksimum van twee-derdes van die versekerde waarde genoteer in die skedule* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# KOMMERSIËLE AFDELINGS

## Afdeling C01: Brand

### C1.5 BRAND UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C1.5.1 Alle ander inhoud | *R10 000 per eis* |
| C1.5.6 Brandblussingsheffings | *R150 000 vir enige enkele gebeurtenis of gedurende jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die relevante aanvangs- of hernuwingsdatum* |
| C1.5.9 Kragstuwing | *R50 000 per gebeurtenis* |
| C1.5.13 Tydelike verwydering<br>(tensy sodanige tydelike verwydering skoonmaak, herstel of soortgelyke proses ten doel het) | 15% van die versekerde waarde van toepassing op enige item |
| Nota: die totale limiet vir alle brandblussingskoste onder alle afdelings van hierdie polis (insluitend vliegtuig bombarderings dekking) vir enige enkele gebeurtenis of gedurende jou 12 maande periode sal nie die volgende oorskry nie:<br>a) indien verhoogde dekking nie geselekteer is nie<br>b) indien verhoogde dekking geselekteer is | *a) R150 000 (of R250 000 indien hierdie lugbombarderings-perk selekteer is ingevolge LC1.5.4)*<br>*b) die bedrag in die skedule genoteer* |

### C1.7 BRAND KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

| | |
|---|---|
| C1.7.6 Beperkings (aanleg) met betrekking tot:<br>a) geld en seëls<br>b) dokumente, manuskripte, sake boeke, planne, rekenaarstelsel rekords en media, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms | *a) R5 000*<br>*b) tot die waarde van materiale en die som spandeer aan arbeid* |
| C1.7.10 Plastiek tonnels en skadunet<br>Ouderdom van skadunet<br>a) tot 1 jaar<br>b) tussen 1 en 2 jaar<br>c) tussen 2 en 3 jaar<br>d) tussen 3 en 4 jaar<br>e) tussen 4 en 5 jaar<br>f) tussen 5 en 6 jaar<br>g) tussen 6 en 7 jaar<br>h) tussen 7 en 8 jaar | *Vrystellingsperk*<br>*a) 90% van eis / versekerde waarde*<br>*b) 80% van eis / versekerde waarde*<br>*c) 70% van eis / versekerde waarde*<br>*d) 60% van eis / versekerde waarde*<br>*e) 50% van eis / versekerde waarde*<br>*f) 40% van eis / versekerde waarde*<br>*g) 30% van eis / versekerde waarde*<br>*h) 20% van eis / versekerde waarde*<br>*welke van die eis / versekerde waarde ook al die laagste is* |

## Afdeling C02: Geboue omvattend

### C2.4 GEBOUE OMVATTEND DEKKING

| | |
|---|---|
| C2.4.5 Onder-afdeling D: Regsaanspreeklikheid | *R1 000 000 per gebeurtenis* |

### C2.5 GEBOUE OMVATTEND UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C2.5.1 Argitek en ander professionele fooie | *15% van die bedrag betaalbaar met betrekking tot sodanige skade* |
| C2.5.4 Brandblussingskoste | *R150 000 vir enige enkele gebeurtenis of gedurende jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die relevante aanvangs- of hernuwingsdatum* |
| C2.5.7 Kragstuwing | *R50 000 per gebeurtenis* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling C03: Kantoorinhoud

### C3.4 KANTOORINHOUD DEKKING

| | |
|---|---|
| C3.4.1 Versekerde gebeurtenisse:<br>Eiendom besit deur enige van jou vennote, direkteure of werknemers | *R5 000 per persoon* |
| C3.4.2 Onder-afdeling A: Inhoud<br>G) Diefstal | *25% van die versekerde waarde genoteer in die skedule* |
| C3.4.3 Onder-afdeling B: Huurgeld | *25% van die versekerde waarde of 25% van die waarde van al die inhoud van die affekteerde kantoor perseel, watter ook al die laagste is* |
| C3.4.6 Onder-afdeling E: Verhoging in bedryfskoste | *25% van die versekerde waarde van al die inhoud van die affekteerde kantoor perseel* |

### C3.5 KANTOORINHOUD UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C3.5.2 Brandblussingskoste | *R150 000 vir enige enkele gebeurtenis of gedurende enige 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die relevante aanvangs- of hernuwingsdatum* |
| C3.5.3 Slotte en sleutels | *R10 000 per gebeurtenis* |
| C3.5.5 Kragstuwing | *R50 000 per gebeurtenis* |

### C3.6 KANTOORINHOUD OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C3.6.3 Diefstal sonder sigbare, gewelddadige in / uitbraak | *25% van die versekerde waarde genoteer in die skedule* |

## Afdeling C04: Sake onderbreking

### C4.4 SAKE ONDERBREKING UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C4.4.1 Uitbreidings na ander persele<br>c) Verhindering van toegang | *c) 10% van die versekerde waarde genoteer in die skedule met 'n maksimum van 30 (dertig) opeenvolgende dae* |

### C4.5 SAKE ONDERBREKING OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C4.5.2 Uitbreidings na ander persele<br>a) Kliënte<br>b) Verhindering van toegang – uitgebreide dekking<br>c) Openbare telekommunikasies – slegs versekerde gevare<br>d) Openbare dienste - slegs versekerde gevare<br>e) Gespesifiseerde verskaffers / sub-kontrakteurs<br>f) Ongespesifiseerde verskaffers | *a) 20% van die versekerde waarde genoteer in die skedule*<br>*b) 10% van die versekerde waarde genoteer in die skedule met 'n maksimum van 30 (dertig) opeenvolgende dae*<br>*c) 15% van die versekerde waarde genoteer in die skedule*<br>*d) 15% van die versekerde waarde genoteer in die skedule*<br>*e) 20% van die versekerde waarde genoteer in die skedule*<br>*f) 10% van die versekerde waarde genoteer in die skedule* |
| C4.5.3 Openbare telekommunikasies – uitgebreide dekking | *15% van die versekerde waarde genoteer in die skedule* |
| C4.5.4 Openbare dienste – uitgebreide dekking | *15% van die versekerde waarde genoteer in die skedule* |

## Afdeling C06: Diefstal

### C6.4 DIEFSTAL UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C6.4.3 Skade aan geboue: tydelike herstel na verlies | *R10 000 of sodanige hoër bedrag wat in die skedule genoteer is met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |
| C6.4.4 Slotte en sleutels | *R10 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |
| C6.4.5 Persoonlike besittings | *R5 000 met betrekking tot enige persoon* |
| C6.4.6 Loper sleutels | *R10 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling C07: Geld

### C7.4 GELD UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C7.4.1 Slotte en sleutels | *R10 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |
| C7.4.2 Houers en klerasie | *R2 500 met betrekking tot klerasie*<br>*R5 000 of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule met betrekking tot houers* |
| C7.4.3 Lopersleutels | *R10 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |

### C7.6 GELD KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

| | |
|---|---|
| C7.6.3 Gekruisde tjeks<br>Ieder en elke eis | *R100 000* |
| C7.6.5. Geld wat nie in 'n geslote kluis gehou is nie<br>a) terwyl op die versekerde perseel buite die normale kantoorure<br>b) terwyl in jou woning of die woning van enige vennoot, direkteur of werknemer<br>c) terwyl op die versekerde perseel in die besit van een of meer petroljoggies<br>d) terwyl in die besit van een of meer kollekteerder of rondbrenger<br>e) terwyl in die besit van enige van jou vennote, direkteure of werknemers terwyl weg van die versekerde perseel op 'n sakereis enige plek in die wêreld | *a) R1 500*<br>*b) R1 500*<br>*c) nil*<br>*d) nil*<br>*e) R1 500* |
| C7.6.6 Geld in 'n geslote kluis in 'n gebou by die versekerde perseel buite normale kantoorure<br>Beskrywing van kluis:<br>a) Geen SABS gradering<br>b) SABS kategorie 1 gradering<br>c) SABS kategorie 2 gradering<br>d) SABS kategorie 2 HD gradering<br>e) SABS kategorie 2 ADM gradering<br>f) SABS kategorie 2 ADM gradering D3<br>g) SABS kategorie 3 gradering<br>h) SABS kategorie 4 gradering<br>i) SABS kategorie 5 gradering<br>ten alle tye beperk tot die hooflimiet wat in die skedule genoteer is met betrekking tot die perseel | *a) R10 000*<br>*b) R20 000*<br>*c) R30 000*<br>*d) R40 000*<br>*e) R100 000*<br>*f) R125 000*<br>*g) R175 000*<br>*h) R350 000*<br>*i) R500 000* |

## Afdeling C08: Glas

### C8.5 GLAS UITBREIDING

| | |
|---|---|
| C8.5.1 Aanbring van skuttings en ander koste | *R5 000 per gebeurtenis* |

## Afdeling C10: Goedere in transito

### C10.4 GOEDERE IN TRANSITO UITBREIDING

| | |
|---|---|
| C10.4.1 Brandblussingskoste | *R20 000 of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |

### C10.5 GOEDERE IN TRANSITO OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C10.5.1 Puinverwydering | *R10 000 of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling C11: **Sake alle risiko's**

### C11.5 SAKE ALLE RISIKO'S OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C11.5.4 Afstandbeheertoestel blokkering | *R10 000 per eis spesifiseerde item* |

### C11.5 SAKE ALLE RISIKO'S KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

| | |
|---|---|
| C11.6.6 Diefstal uit voertuie<br>• Diefstal van spesifiseerde items wat nie in 'n kattebak of ingeslote kompartement versteek is nie | *R5 000 per eis* |

## Afdeling C13: Elektroniese toerusting

### C13.4 ELEKTRONIESE TOERUSTING DEKKING

| | |
|---|---|
| C13.4.2 Gevolglike verlies<br>a) Verhoging in bedryfskoste<br>b) Herinstelling van data / programme | *a) R10 000 per eis of sodanige hoër bedrag wat in die skedule genoteer is*<br>*b) R10 000 per eis of sodanige hoër bedrag wat in die skedule genoteer is* |

### C13.5 ELEKTRONIESE TOERUSTING UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C13.5.1 Opruimingskoste | *15% van die bruto eis* |
| C13.5.2 Spoed aflewering en oortyd | *50% van die bedrag wat die herstel of vervanging sou kos indien die bykomende kostes nie aangegaan is nie* |
| C13.5.4 Professionele fooie | *15% van die bruto eis* |

### C13.6 ELEKTRONIESE TOERUSTING OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| C13.6.1 Onversoenbaarheidsdekking | *20% van die toepaslike totale versekerde waarde ingevolge C13.4.1 Onder-afdeling A en C13.4.2 B) Onder-afdeling B of R25 000, watter ookal die laagste is* |
| F13.6.2 Afstandbeheertoestel blokkering | *R10 000 per spesifiseerde item* |

### C13.7 ELEKTRONIESE TOERUSTING SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

| | |
|---|---|
| C13.7.4 Aanspreeklikheidsperk: Gevolglike skade | *R10 000 of sodanige hoër bedrag in die skedule genoteer* |

### C13.8 ELEKTRONIESE TOERUSTING KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

| | |
|---|---|
| C13.8.3 Diefstal uit voertuie<br>• Diefstal van spesifiseerde items wat nie in 'n kattebak of ingeslote kompartement versteek is nie | *R5 000 per eis* |

## Afdeling C16: Aangegewe voordele

### C16.3 AANGEGEWE VOORDELE DEKKING

| | |
|---|---|
| C16.3.2 Skadeloosstellingsperk:<br>a) enige enkele lewe<br>b) enige bekende akkumulasie | *a) R1 000 000*<br>*b) R1 000 000* |

## Afdeling C17: Groep persoonlike ongevalle

### C17.3 GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE DEKKING

| | |
|---|---|
| C17.3.2 Skadeloosstellingsperk:<br>a) enige enkele lewe<br>b) enige bekende akkumulasie | *a) R1 000 000*<br>*b) R1 000 000* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANSPREEKLIKHEIDSPERKE

## Afdeling LD01: Persoonlike aanspreeklikheid

### LD1.2 PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID DEKKING

| | |
|---|---|
| LD1.2.3 Aanspreeklikheidsperk | *R1 000 000 met betrekking to enige enkele gebeurtenis of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule* |

### LD1.3 PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| LD1.3.1 Huishoudelike werknemers | *R10 000 per gebeurtenis* |
| LD1.3.2 Onregmatige arrestasie | *R15 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvangs- of toepaslike hernuwingsdatum* |

## Afdeling LC01: Gemeenregtelike aanspreeklikheid (Kommersieel)

### LC1.4 GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| LC1.4.3 Eise voorbereidingskoste | *R50 000 vir enige enkele gebeurtenis, beperk tot R100 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvangs- of toepaslike hernuwingsdatum* |
| LC1.4.7 Werkgewersaanspreeklikheid | *R1 000 000 per gebeurtenis* |
| LC1.4.8 Brandblussingsheffings | *R150 000 vir enige enkele gebeurtenis of gedurende jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvangs- of toepaslike hernuwingsdatum* |
| LC1.4.10 Regsverdedigingskoste | *R50 000 vir enige enkele gebeurtenis, beperk tot R100 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvangs- of toepaslike hernuwingsdatum* |
| LC1.4.15 Onregmatige arrestasie of laster | *R50 000 vir enige enkele gebeurtenis, beperk tot R100 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvangs- of toepaslike hernuwingsdatum* |
| Nota: die totale limiet vir alle brandblussingskoste onder alle afdelings van hierdie polis (insluitend vliegtuig bombarderings dekking) vir enige enkele gebeurtenis of gedurende jou 12 maande periode sal nie die volgende oorskry nie:<br>a) indien verhoogde dekking nie geselekteer is nie<br>b) indien verhoogde dekking geselekteer is | *a) R150 000 (of R250 000 indien hierdie lugbombarderings-perk selekteer is ingevolge C1.6.4 of LC1.5.4)*<br>*b) die bedrag in die skedule genoteer* |
| LC1.5.5 Gastehuis aanspreeklikheid<br>B) Dood van of liggaamlike besering aan gaste<br>C) Verlies van of skade aan gaste se eiendom | *B) R1 000 000 met betrekking tot enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron*<br>*C) R50 000 met betrekking tot enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MOTOR PERKE

## Afdeling MC01: Motor (Kommersieel)

### MC1.3 MOTOR DEKKING

| | |
|---|---|
| MC1.3.3 Aanspreeklikheid teenoor derde partye<br>a) rakende enige voorval direk of indirek as gevolg van of voortspruitend uit brand of ontploffing<br>b) enige ander voorval in die somtotaal van a), MC1.4.15 en MC1.4.17 | *a) R1 000 000*<br>*b) R5 000 000* |
| MC1.3.4 Mediese uitgawes | *'n maksimum van R10 000 per beseerde insittende, maar beperk tot R20 000 in geheel vir alle insittendes* |

### MC1.4 MOTOR UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| MC1.4.1 Noodverblyf | *'n maksimum van R400 per persoon, beperk tot R2 000 per eis* |
| MC1.4.2 Verlies van of skade aan sleutels | *R15 000 per eis* |
| MC1.4.4 Insleepkoste en veilige bewaring na meganiese onklaarraking | *R1 000 in jou 12 maande versekeringstydperk, bereken vanaf die aanvang of toepaslike hernuwingsdatum* |
| MC1.4.8 Wrakverwydering | *R20 000 per eis* |
| MC1.4.9 Brandblussingskoste | *R10 000 per eis* |
| MC1.4.10 Opsporingseenheid | *R5 000 per eis* |
| MC1.4.11 Traumabehandeling | *R5 000 per eis* |
| MC1.4.12 Diefstal van radio's | *R5 000 per eis* |
| MC1.4.15 Passasiersaanspreeklikheid (kategorie A) | *R2 500 000 met betrekking tot enige enkele voorval* |
| MC1.4.17 Ongemagtigde passasiersaanspreeklikheid | *R2 500 000 met betrekking tot enige enkele voorval* |

### MC1.5 MOTOR OPSIONELE UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| MC1.5.7 Passasiersaanspreeklikheid (kategorie B, D en E voertuie) | *R2 500 000 met betrekking tot enige enkele gebeurtenis* |

### MC1.6 MOTOR VOORWAARDES

| | |
|---|---|
| MC1.6.3 Noodherstel | *noodherstelkoste beperk tot R10 000* |
| MC1.6.10 Insleep ná 'n ongeluk (Kategorie A voertuie)<br>Indien insleep nie deur die die amptelike noodnommer gereël is nie (insleep en bergingsperk) | *R2 000 per eis* |
| MC1.6.11 Insleep buite die Republiek van Suid-Afrika | *R20 000 per eis* |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANHANGSEL C
# ONGESKIKTHEIDSTABEL

Hierdie tabel word na verwys in die Watervaartuig, Geld, Aangegewe voordele en Groep persoonlike ongevalle afdelings van hierdie polis.

| Tabel van permanente ongeskiktheid | | Persentasie (%) van kapitale waarde |
|---|---|---|
| 1 | Totale en permanente ongeskiktheid | 100 |
| | | |
| | Totale en permanente verlies van: | |
| 2 | albei hande of voete of een hand en een voet | 100 |
| 3 | alle sig in een oog en totale permanente verlies van een hand of een voet | 100 |
| 4 | alle sig in albei oë | 100 |
| 5 | alle sig in een oog | 50 |
| 6 | gehoor of spraak | 50 |
| 7 | gehoor in een oor | 15 |
| 8 | van een hand | 50 |
| 9 | 'n arm vanaf die skouer | 75 |
| 10 | 'n voorarm | 65 |
| 11 | een voet | 50 |
| 12 | bobeen | 75 |
| 13 | been by of onder die knieg | 65 |
| 14 | duim (beide litte) | 25 |
| 15 | duim (een lit) | 10 |
| 16 | wysvinger (drie litte) | 10 |
| 17 | wysvinger (twee litte) | 8 |
| 18 | wysfinger (een lit) | 4 |
| 19 | vinger buiten duim of wysvinger | 5 |
| 20 | groottoon | 5 |
| 21 | enige ander toon | 1 |

a) Indien die besering nie gespesifiseer word nie, sal ons sodanige bedrag betaal wat, in ons opinie, konsekwent met die bogenoemde voorsienings is en wat nie die vergoedingsperk wat in die skedule genoteer is, oorskry nie.

b) Permanente totale verlies van gebruik van 'n liggaamsdeel, sal as verlies van sodanige liggaamsdeel geag word.

c) 100% (een-honderd persent) is die maksimum kompensasie-persentasie betaalbaar vir permanente ongeskiktheid veroorsaak deur 'n ongeluk of reeks ongelukke wat voortspruit uit dieselfde enkele oorsaak met betrekking tot enige enkele sodanige persoon.


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# AANHANGSEL D
# VERSEKERINGSTERME

Hierdie terme is ter inligting en kan van hulp wees om sekere versekeringsbegrippe beter te verstaan.

| | |
|---|---|
| **Aanspreeklikheid**<br>sien ook 'Aanspreeklik hou' | Hierdie is die wettige verantwoordelikheid wat een persoon teenoor 'n ander het, en is regtens afdwingbaar. |
| **Aanspreeklik hou** | Jy word aanspreeklik (verantwoordelik) gehou indien iemand bewys dat jy hom / haar wederregtelik besering, hetsy opsetlik of toevallig, verlies of skade berokken het. |
| **Afskryf / afskrywing** | Wanneer 'n item of eiendom so erg beskadig is dat dit nie herstel kan word nie, óf dit onveilig óf onekonomies is om te herstel, word dit as 'n totale verlies / afskrywing beskou. |
| **Alle risiko's** | 'n 'Alle risiko' polis verskaf dekking vir verlies of skade wat voortspruit uit enige gebeurtenis, tensy die insident spesifiek in die polis uitgesluit is. 'n 'alle risiko' polis dek normaalweg jou persoonlike items in jou besit, enige plek in die wêreld, of eiendom wat jy uit jou woning sal neem. Hierdie mag klerasie insluit.<br><br>Die persoonlike besittings wat deur 'n 'alle risiko' polis gedek word, kan gespesifiseer of ongespesifiseer (algemeen) wees.<br><br>*Let asb dat indien jy vir verlies of skade vir enige van hierdie items wil eis, kan daar van jou verwag word om die bedrag van jou eis te bewys. In geval van juweliersware, soos bv diamantringe en horlosies bo 'n sekere waarde en ander spesiale items soos kunswerke of Persiese matte, kan daar van jou vereis word om 'n waardasiesertifikaat te voorsien.* |
| **Awery (of Eweredigheid)** | Awery (of 'onderworpe aan awery') is die berekening wat ons toepas wanneer daar 'n eis is en onderversekering ter sprake is.<br><br>Awery word toegepas deur die volgende formule te gebruik:<br><br>$\frac{\text{Versekerde waarde}}{\text{Waarde op risiko}}$ x Verlies of skade = Uitbetaling<br><br>Voorbeeld:<br>*'n Voorbeeld van die toepassing van awery:*<br>o *Jan het 'n huis en die huis is verseker vir R200 000 (versekerde waarde);*<br>o *Die koste om die huis te herbou indien dit ten volle vernietig word, is R300 000 (waarde op risiko);*<br>o *Daar is 'n brand, en die herstelkoste beloop R60 000 (verlies of skade);*<br>o *Die uitbetaling is dus:*<br><br>$\frac{R200\,000}{R300\,000}$ x *R60 000* = *R40 000* |
| **Begindatum** | Die datum waarop jou dekking in terme van 'n versekeringspolis in werking tree. Die begindatum en die datum van aanvang van die dekking kan verskillende datums wees. Verwys na jou polis om te bevestig wanneer dekking effektief is / in werking tree. (Dit kan ook na verwys word as die intreedatum / effektiewe datum / aanvangsdatum). |
| **Begunstigde** | Hierdie is 'n persoon of entiteit wat jy nomineer of wie wettiglik geregtig daarop is om 'n voordeel van jou polis te ontvang. Dit kan jy wees, of jou boedel of 'n ander persoon. |
| **Bepalings en voorwaardes** | Die bepalings en voorwaardes in 'n polis bevat die algemene en spesiale reëlings, bepalings, vereistes, wetlike reëls, spesifikasies en standaarde wat 'n belangrikke deel van die ooreenkoms of kontrak tussen ons vorm. Jou polis is 'n baie belangrike dokument en jy moet seker maak dat jy die inhoud van jou polis lees en verstaan.<br><br>a) Klousules<br>Klousules is sinne en paragrawe wat die verantwoordelikhede van beide partye beskryf en ander bepalings en voorwaardes uiteensit wat op jou polis van toepassing kan wees. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| | b) Voorwaardes<br>Hierdie is gedetaileerde voorwaardes in jou polis en is vereistes wat in plek moet wees of deur jou nagekom moet word sodat jy die voordele van die polis kan geniet.<br><br>c) Polisbepaling<br>'n Polisbepaling is 'n bepaling of klousule in 'n kontrak. Daar is verskillende soorte bepalings, soos voorwaardes, waarborge, uitsonderings en uitsluitings, uitbreidings en klousules.<br><br>d) Bepaling<br>'n Bepaling is 'n term wat vereis dat sekere dinge gedoen moet word of nie gedoen moet word nie. As jy nie aan 'n bepaling voldoen nie, kan dit jou dekking, premie of eis beïnvloed. |
| **Besigheidsgebruik** | Dit is waar jy jou eiendom (voertuig of ander toerusting of eiendom) vir besigheidsdoeleindes aanwend. |
| **Bybetaling**<br>ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar' | Hierdie is die eerste bedrag deur jou betaalbaar of deur ons afgetrek in geval van 'n geldige eis. Met ander woorde, die bybetaling is daardie gedeelte van die verlies of skade waarvoor ons nie betaal nie. Dit kan 'n vaste bedrag of persentasie van die eis wees, afhangende van die polisbewoording.<br><br>Bybetalingstipes:<br>a) Basiese bybetaling<br>Hierdie verwys na die minimum betaalbare bybetaling in terme van alle eise wat onder die polis ingestel is. Dit sal die vereiste bybetaling wees wat betaal moet word alvorens ons die eis kan betaal.<br><br>b) Addisionele bybetaling<br>Indien daar meer as een bybetaling op dieselfde eis, bo-en-behalwe die basiese bybetaling, van toepassing is, word daar na addisionele bybetalings verwys. Die bedrae word normaalweg bymekaargetel (akkumuleer) en word dan by die basiese bybetaling bygevoeg.<br><br>In sommige gevalle kan jy addisionele bybetalings kies, en vorm hierdie dan deel van jou polis. (sien vrywillige bybetaling hieronder).<br><br>c) Vrywillige bybetaling<br>'n Vrywillige bybetaling is 'n addisionele bybetaling waartoe jy vooraf ingestem het en waarvoor jy 'n korting op jou premie ontvang het. Dit word by die basiese bybetaling bygevoeg.<br><br>Voorbeeld:<br>*Indien jy 'n basiese bybetaling van R100 het, en 'n vrywillige bybetaling van R250: As jy 'n eis van R1 000 indien, sal jy R350 moet betaal, en sal ons dan die oorblywende R650 betaal.*<br><br>d) Kumulatiewe bybetaling<br>Hierdie word gebruik wanneer addisionele bybetalings bymekaar getel word, indien hulle op dieselfde eis van toepassing is. |
| **Dekkingsperiode**<br>of 'Versekeringstydperk' | Nieteenstaande die feit dat jy 'n maandelikse of kwartaallikse polis mag hê, is hierdie die 12 (twaalf) maande tydperk waarvoor jy dekking het. Dit begin met die aanvangsdatum of jaarlikse hernuwingsdatum, soos in jou skedule uiteengesit, en waarvoor premie deur ons ontvang is. |
| **Derde party** | Iemand anders as jy en wie betrokke is by 'n versekerde gebeurtenis / eis. |
| **Geen-eis bonus / Eisvrye groep** | Hierdie is 'n afslag op jou premie gebaseer op jou historiese eisegeskiedenis. Indien jy eis, mag dit jou toekomstige afslag beïnvloed. |
| **Genomineerde bestuurder / genoemde bestuurder alleenlik** | Die genomineerde bestuurder verskil van die gereelde bestuurder van die voertuig. Hierdie bestuurder is in jou polis aangewys en aangeteken as die enigste ooreengekome bestuurder van die versekerde voertuig. Daar mag meer as een genomineerde bestuurder wees. In so 'n polis en as enige ander persoon (behalwe die genomineerde bestuurder) die voertuig bestuur, is daar geen dekking nie. Dit is 'n baie beperkende tipe dekking en iets waarvan jy moet kennis neem. |
| **Gereelde bestuurder** | Dit is die genoemde persoon in die motor afdeling van die polis / 'n motor polis wie die voertuig die meeste gebruik en is ook bekend as die *gewone bestuurder*. |
| **Gevolglike skade** | Hierdie is skade wat nie direk deur die versekerde gebeurtenis veroorsaak word nie, maar is 'n indirekte gevolg van die gebeurtenis. Hierdie verlies of skade is nie deur ons of jou voorsien ten tyde van die uitneem van die polis nie.<br><br>Gevolglike skade is in meeste gevalle nie gedek nie, en dekking is afhanklik van die risiko deur die polis gedek. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Krediettekort** | Hierdie is 'n addisionele tipe versekeringsdekking, en dek die verskil tussen die bedrag wat deur ons uitbetaal is in geval van algehele verlies van jou eiendom (bv 'n voertuig) en die bedrag verskuldig aan die bank of finansiële instelling wat die aankoop van die eiendom in terme van 'n kredietooreenkoms finansier het.<br><br>Hierdie dekking vorm nie deel van omvattende versekeringsdekking nie. Dit kan 'n opsionele uitbreiding tot 'n bestaande polis wees, of jy kan dit as 'n aparte polis teen addisionele premie uitneem. Daar mag dekkingsbeperkings wees, of sekere bedrae word uitgesluit, soos byvoorbeeld agterstallige bedrae, sekere finansieringskostes en polis bybetalings. |
| **Materiële feit**<br>ook na verwys as 'Materiële inligting' | 'n Materiële feit of materiële inligting is enige inligting wat ons besluit:<br>**o** om jou te verseker of nie; of<br>**o** die bepalings en voorwaardes wat op jou toepassing van toepassing mag wees,<br>beïnvloed. |
| **Motorwaardes** | a) Handelswaarde (in motorversekering)<br>Is die waarskynlike verkoopsprys deur 'n motorhandelaar aan 'n koper.<br>Dit is die moontlike waarde waarteen 'n voertuig sal verhandel indien jy dit by 'n handelaar sou koop. Die handelswaarde is die naaste aan vervangingswaarde of koste van jou versekerde motor.<br><br>b) Inruilwaarde (in motorversekering)<br>Is die waarskynlike waarde wat 'n handelaar vir jou voertuig sou betaal wanneer jy dit inruil.<br><br>c) Boekwaarde (in motorversekering)<br>o Indien jy 'n motor koop, is die boekwaarde dieselfde as die handelswaarde.<br>o Indien jy jou voertuig inruil, is die boekwaarde dieselfde as die inruilwaarde.<br><br>d) Markwaarde (in motorversekering)<br>Die markwaarde is die gemiddeld tussen die waarskynlike handels en inruilwaardes van 'n voertuig. (inruilwaarde + handelswaarde) / 2 = markwaarde<br><br>Voorbeeld:<br>o *'n Motorhandelaar kan 'n voertuig aan 'n klant verkoop vir R300 000 (handelswaarde).*<br>o *Dieselfde voertuig is deur sy vorige eienaar vir R250 000 ingeruil (inruilwaarde).*<br>o *Die markwaarde van die voertuig sal dus R275 000 wees.*<br><br>$\frac{\text{R250 000 [inruilwaarde] + R300 000 (handelswaarde]}}{2} = \text{R275 000 [markwaarde]}$<br><br>e) Markwaarde (in eiendomsversekering)<br>Dieselfde berekening is nie van toepassing wanneer die markwaarde van ander vaste eiendom, soos meubels of elektroniese toerusting, bereken word nie. In eiendomsversekering is die markwaarde die bedrag wat 'n gewillige koper aan 'n gewillige verkoper sal aanbied om die betrokke eiendom te koop. |
| **Onbewaak** | 'n Onbewaakte voertuig is 'n voertuig sonder enige insittendes. |
| **Onbewoon** | Indien die perseel met gereelde tussenposes of vir 'n verlengde tydperk onbewoon is, is dit 'n hoër risiko vir diefstal en / of skade, en sal dit daartoe lei dat 'n hoër premie gehef word en / of 'n bybetaling van toepassing wees in die geval van 'n eis. 'n Eis kan selfs verwerp / afgewys word indien die feit dat die perseel onbewoon is, nie aan ons oorgedra is nie. |
| **Onekonomies om te herstel** | Dit verwys na 'n situasie waar beskadigde eiendom veilig herstel kan word, maar die koste van die herstelwerk is meer as die waarde van die eiendom, minus die verwagte herwinningswaarde. Ons kan in so 'n situasie dit nie finansieel die moeite werd vind om die betrokke eiendom te herstel nie en daarom sal die beskadigde eiendom 'n 'afskrywing' of 'afgeskryf' wees. |
| **Onderversekering**<br>sien ook 'Awery' | Onderversekering is wanneer eiendom verseker word vir minder as wat dit sou kos om die eiendom te vervang. Wanneer 'n situasie van onderversekering plaasvind, sal 'n geldige eis onderhewig wees aan Awery.<br><br>As die versekerde waarde te laag is, mag jy 'n foutiewe premie betaal en kan dit dus onderverseker word. Indien jy dan 'n eis het, sal die betaling bereken word in verhouding tot die werklike versekerde bedrag en die werklike waarde van die risiko ten tye van verlies of skade. Jou vergoeding sal dienooreenkomstig aangepas word. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Onmiddellike oorsaak** | Dit is 'n direkte oorsaak van 'n verlies wat nie deur enige ander gebeurtenis onderbreek is nie. Ons sal slegs aanspreeklik wees om jou te dek vir versekerde gebeurtenisse wat die verlies of skade direk veroorsaak.<br><br>Voorbeeld:<br>*'n Winkelier verseker sy winkelvensters teen verlies of skade van enige oorsaak, behalwe brand. 'n Brand ontstaan by 'n naburige winkel en menigte mense vergader op die toneel. Die omstanders breek per abuis die winkelier se vensters. Die skade aan die vensters is nie deur die brand veroorsaak nie, en daarom sal die eis betaal word.* |
| **Ooreengekome waarde** | Dit is die bedrag wat ons instem waarvoor ons 'n spesifieke item sal verseker indien 'n geldige eis vir algehele verlies van die item ingedien word. Hierdie mag van toepassing wees op skaars, klassieke motorvoertuie, kunswerke of ander waardevolle items deur ons aanvaar. Hierdie items sal normaalweg apart in jou polisskedule gespesifiseer wees en jy sal addisionele premie betaal om hulle te verseker. Awery is nie van toepassing op ooreengekome waarde items nie. |
| **Padwaardig** | 'n Voertuig wat aan die bestaande verkeerswette van die land voldoen en in 'n geskikte toestand is om op 'n openbare pad gebruik te kan word, word as padwaardig beskou. Dit is 'n voorwaarde onder die motor afdeling van jou polis dat jou motorvoertuig padwaardig moet wees. As jou voertuig nie padvaardig is nie, sal dit jou dekking en eise negatief beïnvloed. |
| **Permanent ongeskik vir gebruik** | Eiendom is permanent ongeskik vir gebruik wanneer dit strukturele skade het, en dit onmoontlik of onveilig sou wees om te herstel. |
| **Premie** | Dit is die bedrag geld wat jy moet betaal (soos uiteengesit in jou polisskedule), in ruil vir die versekeringsvoordele (dekking) soos uiteengesit in die polis. |
| **Pro rata premie** | Dit is 'n gedeelte van die volle premie wat jy moet betaal indien jy slegs vir 'n sekere tydperk gedek word vanaf die datum waarop die dekking op die polis begin / in werking tree. |
| **Rekenaar toerusting** | Sluit enige rekenaar, data-prosesseringstoerusting, mikroskyfie, integreerde stroombaan, of soortgelyke toestel in 'n rekenaar of nie-rekenaar toerusting in, of enige rekenaar sagteware, gereedskap, bedryfstelsel of enige rekenaar hardeware of bykomstighede en die inligting of data wat elektronies of andersins in of op enige van die bogenoemde gestoor word. |
| **Repudieer**<br>sien ook 'Verwerp' | Indien ons 'n eis repudieer beteken dit dat ons die eis verwerp / afgewys het, welke vir verskeie redes kan wees. |
| **Self-verseker** | Om self-versekerd te wees is wanneer jy jou eie geld opsy sit om jou te beskerm of te beskerm teen enige verlies of skade. Dit is 'n doelbewuste besluit wat jy maak om jou eie verliese te dra of te befonds. |
| **Skadeloosstelling**<br>ook na verwys as 'Vergoeding' | Hierdie is die voordeel wat jy ontvang wat jou, sover moontlik, in dieselfde finansiële posisie plaas waarin jy was voor die verlies plaasgevind het. Ons het die opsie om te herstel, her in te stel, te vervang of in kontant te betaal. |
| **Skedule** | 'n Skedule is 'n dokument wat al jou spesifieke versekeringsinligting opsom en ook as 'n 'versekeringsertifikaat' beskryf kan word. Dit vorm deel van jou vesekeringspolis en bevat al die besonderhede rakende die tipe versekering wat jy gekoop het, die premie wat jy moet betaal, die bybetalings en / of uitsluitings, die begin datum, die versekeringstydperk, hernuwingsdatum en ander besonderhede wat spesifiek is tot jou polis. |
| **Slytasie** | Beteken geleidelike verslegting as gevolg van normale gebruik óf die verloop van tyd óf gebrek aan instandhouding. Dit sluit die geleidelike invloed van lig en weerstoestande in.<br><br>Slytasie is normaalweg uitgesluit. |
| **Spesifieke voorwaardes** | Hierdie is addisionele voorwaardes wat in plek moet wees of deur jou nagekom moet word ten einde die voordele van 'n spesifieke afdeling van die polis te geniet. |
| **Subrogasie** | Voor of na betaling van enige eis, sal ons na ons keuse geregtig wees om al jou regte van verhaling teen enige persoon of entiteit (behalwe jouself) uit te oefen. Ons mag in jou naam sodanige regte van verhaling uitoefen of jou vervang as die eiser in enige verhalingsaksie. In hierdie verband is jy verplig om ons te voorsien van alle dokumente en inligting, asook om andersins te doen wat nodig is om ons regte in hierdie verband te verseker. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Totale verlies dekking** | Totale verlies dekking is versekering wat slegs betrekking het op 'n item of eiendom wanneer dit gesteel, verlore of heeltemal vernietig word. Hierdie tipe polis dek jou nie wanneer die items wat beskadig word, herstel kan word nie.<br><br>Totale verlies is 'n toestand van werklike of persoonlike eiendom wanneer dit verlore, beskadig of tot so 'n mate vernietig word dat dit nie ekonomies of veilig herbou of herstel kan word nie. |
| **Uitbreidings** | Hierdie is addisionele dekking wat in jou polis ingesluit mag wees. Sommige hiervan mag teen addisionele premie aangebied word. |
| **Uitsluitings** | Uitsluitings is spesifieke items, verliese of gebeurtenisse wat nie in terme van die polis gedek is nie. Hierdie sal in jou polis gespesifiseer wees en is dit dus belangrik dat jy die polis sorgvuldig deurlees. |
| **Vakant** | Wanneer 'n eiendom as vakant beskou word, beteken dit dat niemand in die gebou woon of dit gebruik nie, óf dat iemand die gebou sonder jou toestemming gebruik. In versekering is dit anders as die betekenis van die woord 'onbewoon'. |
| **Verbetering** | Hierdie beskryf 'n situasie waar jy beter af is na verlies of skade as wat jy daarvoor was, as gevolg van die eis wat aan jou uitbetaal is. Versekeringspolisse maak gewoonlik nie voorsiening vir verbetering nie.<br><br>*Byvoorbeeld, indien herstelwerk of vervanging sodanig gedoen moet word dat die item 'n hoër waarde as voor die verlies sal hê, mag ons jou versoek om die verskil in te betaal, siende dat jy in 'n 'beter' posisie is.* |
| **Versekerbare belang** | Jy het 'n versekerbare belang in eiendom indien jy 'n finansiële voordeel uit die beskerming van die eiendom sal bekom, of as jy finansieel sou ly indien die eiendom verlore of beskadig mag raak, of in die geval van persoonlike beseringsdekking, indien 'n versekerde persoon beseer word. In die algemeen word versekerbare belang vasgestel deur eienaarskap, wettige besit of direkte verwantskap.<br><br>Ons mag spesifieke polisvereistes stipuleer waarvolgens jy versekerbare belang moet bewys by die onderskrywings of eis stadium, soos byvoorbeeld om eienaarskap van 'n voertuig aan te dui. |
| **Versekerde bedrag** | Die versekerde bedrag is die maksimum bedrag wat ons ooreengekom het om te betaal vir jou versekerde eiendom in die geval van 'n geldige eis. |
| **Versekerde gebeurtenis** | Hierdie is 'n spesifieke gebeurtenis wat direk die verlies of skade veroorsaak waarvoor jy in terme van die polis gedek is. |
| **Vervangingskoste of -waarde** | Die vervangingskoste of -vervangingswaarde van 'n item is die koste om daardie spesifieke item of eiendom te vervang.<br><br>In die motor afdeling van die polis / 'n motor polis, sal die vervangingskoste óf die handelswaarde óf die markwaarde van die voertuig wees. |
| **Verwerp / afwys**<br>sien ook 'Repudieer' | Indien ons 'n eis verwerp / afwys beteken dit dat ons weier om die eis of enige deel van die eis ingevolge die polis te betaal. |
| **Wrak** | Wrak is wat oor is van 'n beskadigde item wat nie ekonomies herstelbaar is nie of wat afgeskryf is. Die beskadigde item word ons eiendom na jy vergoed is vir 'n eis. |


Kopiéreg © Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou